

**PRAKTIESE EKKLESIOLOGIE EN
BEDIENINGSPRAKTYK**

**MET VERWYSING NA DIE
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**

PROEFSKRIF VOORGELÊ TER VERVULLING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**PHILOSOPHIAE DOCTOR
(PRAKTIESE TEOLOGIE)**

AAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOVENDUS
WILLEM AKKERHUYS DREYER

PROMOTOR
PROF. TFJ DREYER

2011



***ECCLESIA REFORMATA,
SEMPER REFORMANDA!***

Duskant die rivier is die geboue vervalle,

oorkant die rivier lê wye, oop vlaktes.

Dáár skyn die son helder.

Wat ons nodig het, is 'n brug.

Opgedra aan Gerda en ons vier seuns.

Met dank aan Prof TFJ Dreyer vir sy leiding.

INHOUDSOPGAWE

1. ORIËNTASIE	5
1.1. DIE KRISIS	5
1.2. DIE VERLEENTHEID	8
1.3. DIE BELANG VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE	9
1.4. VERTREKPUNT	14
1.5. EKKLESIOLOGIE	15
1.6. PRAKTIESE EKKLESIOLOGIE	18
2. HISTORIES-VERGELYKENDE EKKLESIOLOGIE	23
2.1. INLEIDEND	23
2.2. INSTITUSIONELE BENADERING TOT KERKWEES	27
2.3. TRANSFORMERENDE BENADERING TOT KERKWEES	31
2.4. NIE-INSTITUSIONELE BENADERING TOT KERKWEES	38
2.5. HISTORIESE ESKURS: INSTITUSIONALISERING	47
2.6. SISTEEMVERHAAL VAN DIE NHKA	65
2.7. CORPUS CHRISTIANUM, VOLKSKERK EN DIE KERK AS INSTITUUT	71
2.8. ENKELE GEVOLGTREKKINGS	74
3. PRAKTIES-TEOLOGIESE EKKLESIOLOGIE	78
3.1. INLEIDEND	78
3.2. INSTITUSIONALISME	78
3.3. GEBOUE	81
3.4. STRUKTURE, BEHEER EN KONTROLE	83
3.5. ONDERSKEID TUSSEN AMP EN LIDMAAT	88
3.6. TEOLOGIESE OPLEIDING	90
3.7. STATISTIESE ANALISE	93
3.8. PREDIKANTE SE FUNKSIONERING	109
3.9. BEDIENING IN GEMEENTES	115
3.10. LEIERSKAP	121
3.11. ENKELE GEVOLGTREKKINGS	126
4. EKSEGETIES-SISTEMATIESE EKKLESIOLOGIE	128
4.1. INLEIDEND	128
4.2. PRESBITERIAAL-SINODALE KERKBEGRIP	130
4.3. ORGANIESE KERKBEGRIP	134
4.4. KRITIESE BEOORDELING	145
4.5. VERDERE ONTWIKKELING	148
4.6. METAFORIESE SPREKE OOR KERKWEES	151
4.7. 'N NUWE KERKBEGRIP EN NUWE KERKORDE	153
4.7.1. Die gemeente is die volk van God	155
4.7.2. Die gemeente is die huisgesin van die Vader	159
4.7.3. Die gemeente is die liggaam van Christus	163
4.7.4. Die gemeente is die tempel van die Heilige Gees	167
4.8. ENKELE GEVOLGTREKKINGS	169



5. MISSIONALE EKKLESIOLOGIE	170
5.1. INLEIDEND	170
5.2. TRANSFORMASIE	173
5.3. FASILITERENDE LEIERSKAP	185
5.4. NUWE GELOOFSTAAL	192
5.5. PASTORALE BEDIENINGSPRAKTYK	197
5.6. MISSIONALE BEDIENINGSPRAKTYK: WAT IS BESLUIT?	200
5.7. TIEN KENMERKE VAN 'N MISSIONALE BEDIENINGSPRAKTYK	205
5.7.1. Dit gaan om Jesus Christus	207
5.7.2. Dit gaan om God se wêreld	209
5.7.3. Gemeenskap van die gelowiges	210
5.7.4. Verwelkom die vreemdeling	212
5.7.5. Diensbaarheid	214
5.7.6. Dissipelskap	216
5.7.7. Kreatiwiteit	219
5.7.8. Leierskap	219
5.7.9. Spiritualiteit	220
5.7.10. Die Woord	222
5.8. GEVOLGTREKKING	223
BRONNELYS	225
OPSOMMING	244
KERNBEGRIPPE	245
SUMMARY	246
TERMINOLOGY	247

OPSOMMING

In hierdie proefskrif is 'n Praktiese Ekklesiologie ontwikkel op grond van vier perspektiewe:

- 'n Historiese perspektief wat na vore kom in 'n Histories-vergelykende Ekklesiologie.
- 'n Empiriese perspektief wat na vore kom in 'n Prakties-teologiese Ekklesiologie.
- 'n Hermeneutiese perspektief wat na vore kom in 'n Eksegeties-sistematiese Ekklesiologie.
- 'n Strategiese perspektief wat na vore kom in 'n Missionale Ekklesiologie.

In die proefskrif toon die promovendus aan dat die kerk 'n ernstige krisis beleef. Die krisis is grootliks te wyte aan 'n proses van institusionalisering wat deur eeue heen plaasgevind het. Empiriese navorsing het aangetoon dat institusionalisering destruktiewe gevolge vir die kerk inhou.

Die proefskrif toon verder aan dat 'n radikale en omvattende transformasie van die kerk van uiterste belang is. Transformasie impliseer 'n proses waarin die sisteemverhaal van die kerk verander, van 'n institusionele benadering tot kerkwees tot 'n meer organiese verstaan van kerkwees, gebou op Bybelse metafore.

'n Organiese kerkbegrip en Missionale Ekklesiologie dien as basis vir die transformasie van die gemeentelike bedieningspraktyk, van 'n pastorale bedieningspraktyk na 'n missionale bedieningspraktyk.

KERNBEGRIPE

Die volgende kernbegrippe is in die proefskrif benut:

- Ekklesiologie
- Kerkbegrip
- Kerkwees
- Praktiese Ekklesiologie
- Histories-vergelykende Ekklesiologie
- Prakties-teologiese ekklesiologie
- Eksegeties-sistematiese Ekklesiologie
- Missionale Ekklesiologie
- Institutionalisering (Kerk as instituut)
- Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip
- Organiese kerkbegrip (Kerk as organisme)
- Die kerk as volk van God
- Die kerk as huisgesin van die Vader
- Die kerk as liggaam van Christus
- Die kerk as tempel van die Heilige Gees
- Sisteemverhaal
- Pastorale bedieningspraktyk
- Missionale bedieningspraktyk

SUMMARY

In this dissertation a Practical Ecclesiology is developed based on four perspectives:

- The historical perspective is reflected in an Historical-comparative Ecclesiology.
- The empirical perspective is reflected in a Practical-theological Ecclesiology.
- The hermeneutical perspective is reflected in an Exegetical-systematic Ecclesiology.
- The strategic perspective is reflected in a Missional Ecclesiology.

The promovendus argues that the church is experiencing a severe crisis. This crisis is mainly due to a process of institutionalisation which had taken place over centuries. Empirical research had shown the destructive effects this process had on the church.

The dissertation indicates that a radical and global transformation of the church is essential. Transformation implies a process in which the system story of the church need to change. This transformation could be regarded as a change from an institutional to a more organic functioning of the church, based on Biblical metaphors relating to the church.

An organic understanding of the church will lead to a transformation of the congregational ministry, from a pastoral ministry to a missional ministry.

TERMINOLOGY

The following terminology was utilised:

- Ecclesiology
- Practical Ecclesiology
- Historical-comparative Ecclesiology
- Practical-theological Ecclesiology
- Exegetical-systematic Ecclesiology
- Missional Ecclesiology
- Institutionalisation
- Presbyterian-synodal system of governance
- The church as God's people
- The church as the family of the Father
- The church as the body of Christ
- The church as the temple of the Holy Spirit
- System story
- Church as institution
- Church as organism
- Pastoral model of ministry
- Missional model of ministry

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Willem Akkerhuys Dreyer, dat hierdie proefskrif berus op oorspronklike navorsing en dat alle bronne wat geraadpleeg en aangehaal is, in die bronnelys erken word.

Geteken te Pretoria op 1 Mei 2011.

1. ORIËNTASIE

1.1. DIE KRISIS

Die **20e eeu** het in 'n gees van optimisme en hubris aangebreek. Wonderwerke is deur wetenskaplikes verrig. Motors, vliegtuie, fabriek en moderne medisyne het mense se asem weggeslaan.

In 1910 vind die groot Sendingkonferensie in Edinburg plaas. Met die uitbreiding van die Sending- en Ekumeniese Beweging in die 20e eeu is groot verwagtinge van die kerk¹ gekoester. Groei en vooruitgang was vanselfsprekend.

Hierdie optimisme is algaande deur twee Wêreldoorloë en die ontkerkliking van Wes-Europa en die VSA vernietig. Kerkverlating en kerklike verval het 'n algemene verskynsel geword (Van't Spijker 1990:507-508).

Die **21e eeu** het in 'n gees van groter beskeidenheid en selfs pessimisme aangebreek. Nie net word die wêreld kort-kort deur massiewe politieke-, ekonomiese- en natuurrampe geruk nie, daar word ook algemeen aanvaar dat die era van die Christendom verby is en dat kerke wêreldwyd 'n eksistensiële krisis ervaar, 'n krisis waarvan ons die omvang nog nie ten volle begryp nie.

H Kraemer meen dat die kerk nie aan die krisis kan ontkom nie. Elke geslag Christene besef opnuut dat die kerk *ecclesia militans* is. Die kerk is altyd onderweg, altyd strydend, altyd onder bedreiging. Dit is eie aan die aard van die kerk. Vir Kraemer is die grootste oorsaak van die krisis nie in eksterne

¹ In hierdie proefskrif word terminologie soos volg gebruik (De Groot 2007:240-241):

- Wanneer die term %kerk+ gebruik word verwys dit na kerke in die algemeen, soos hulle in tyd en ruimte in verskillende vorme en strukture manifesteer.
- Wanneer die term %kerk+ met \mathfrak{n} hoofletter gespел word, verwys dit na die Liggaam van Christus wat een, heilig en algemeen is, wat met Christus één is en deur Christus ook met die Vader en die Gees één is.
- Wanneer die term %kerkwees+ gebruik word, dui dit op \mathfrak{n} gebeure wat gelowiges beleef, in teenstelling met die kerk soos dit as instituut manifesteer.
- Wanneer die term %gemeente+ gebruik word, verwys dit na \mathfrak{n} plaaslike geloofsgemeenskap.

faktore te vind nie, maar in die inherente spanning wat in die kerk opgesluit is. Die spanning en diskrepans tussen dit wat die *kerk is* en hoe die *kerk empiries manifesteer* lei noodwendig tot krisis (Kraemer 1947:24).

Met die opkoms van die **Dialektiese Teologie** voor en na die Tweede Wêreldoorlog, was die kerk hoog op die agenda. Moes die kerk volkskerk, vrye kerk of belydende kerk wees? Watter verband bestaan tussen die kerklike belydenis, orde en praktyk? Die verhouding tussen kerk, staat, kultuur en politiek het toenemend problematies geword en gelei tot skerp meningsverskil, byvoorbeeld tussen K Barth en E Brunner (Van't Spijker 1990:508).

In dieselfde tyd, tydens die Duitse kerkstryd, was kerkopbou en kerkherstel op almal se lippe.

H Küng wys daarop dat die kerk deur al die eeue, selfs in tye van krisis, voortgegaan het om die wêreld met die evangelie te konfronteer. Ook in die huidige krisis wil die kerk getrou aan sy wese en roeping voortgaan met die verkondiging van die evangelie. Maar hy vra tog huiwerend: *Does the Church have a future?* (Küng 1976:481).

D Bosch wys daarop dat die kerklike krisis 'n wydlopende verskynsel is. Hy meen dat dit primêr 'n krisis ten opsigte van die sending is. Daar is baie (binne en buite die kerk) wat meen dat sendingwerk onnodig is. Die kerk vind dit al moeiliker om in 'n laat- en postmoderne samelewing missionaal te leef en te werk. En tog: Die rede vir die kerk se bestaan is in Jesus se groot opdrag te vind (Matteus 28:18-20). Dit is dus vanselfsprekend dat enige krisis ten opsigte van die apostolaat, 'n krisis ten opsigte van die kerk self is (Bosch 1991:3-5).

G Heitink skryf dat *de bemiddeling van het christelijk geloof is in de moderne samenleving problematisch geworden. De praktische theologie, verstaan als handelingswetenschap, is ten diepste een crisiswetenschap. Zij weerspiegelt, gezien vanuit het perspectief van kerk en geloof, de crisis van de moderne tijd, in een woord de vraagstuk van de moderniteit..... grijpt terug op de crisis die vanaf de Verlichting als een zuurdesem de Europese cultuur doortrekt* (Heitink 1993 [2000]:27).

Veertien jaar later stel hy dit nog skerper : *Het gaat niet goed met de kerk. Als in onze tijd niet een ingrijpende heroriëntatie plaatsvindt, is het met de kerk als instituut in ons land menselijkerwijs gesproken binnen enkele generaties voorbij* (Heitink 2007:Voorwoord).

En verder: *Ook zelf beoordeel ik de huidige toestand van die kerk als ernstig. Het gaat hier om wellicht de zwaarste crisis in de geschiedenis van die kerk in West-Europa sinds sy ontstaan* (Heitink 2007:21).

N Niemandt meen dat die kerk self die krisis veroorsaak. Die kerk, in sy sigbare gestalte, is die oorsaak van toenemende ongeloof en kerkverlating. Tradisionele kerke en denominasies *het nie enige kans in die postmoderne wêreld nie en ry selfs die koninkryk van God in die wêreld* (Niemandt 2007:38).

Ook **P Ward** meen dat die kerk die oorsaak van die krisis is: *The question is whether our churches are part of the problem or part of the solution* (Ward 2002:13).

DL Guder maak die volgende stelling, wat uiters relevant is:

The reformed tradition emphasizes that 'the church once reformed is always in the process of being reformed according to the Word of God'. The phrase, 'ecclesia reformata secundum verbi Dei semper reformanda', is used a great deal in North Atlantic Reformed circles these days, probably because of the crisis in which most of these churches find themselves.

(Guder 2000:150)

Die agteruitgang van die kerk is 'n wêreldwye fenomeen, veral in die geval van die tradisionele Protestantse kerke in Wes-Europa en die VSA. Ook reformatoriese kerke in Suid-Afrika, met wortels wat histories en teologies in Nederland, Duitsland en Engeland te vind is, beleef 'n ernstige bestaanskrisis. Terwyl die inheemse, onafhanklike kerke in Afrika vinnig groei, vertoon reformatoriese kerke met oorwegend Swart lidmate 'n gebrek aan groei.

Krisis is egter nie net negatief nie. 'n Krisis kan ook dui op 'n *kairos* moment, 'n oomblik van waarheid. Die woord *krisis* dui op die erns en dringendheid van die

situasie, maar tegelykertyd op moontlikhede van vernuwing en 'n keerpunt in die geskiedenis (Heitink 2007:332).

1.2. DIE VERLEENTHEID

Kerke wêreldwyd staan verleë oor die kerklike verval en die kerk se onvermoë om dit te stuit. In baie lande het die getal lidmate en Christene dramaties afgeneem. Sending het feitlik tot stilstand gekom. Dit lyk asof die kerk faal in sy roeping en opdrag wat hy van die Here Jesus ontvang het (Mt 28,18ev):

Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle tot die voleinding van die wêreld.

In hierdie opdrag vind kerke die rede vir hulle bestaan. Die belofte van Christus dat Hy in sy almag by die kerk is tot aan die einde van die tyd, bied troos en sekerheid. Die verval van die kerk plaas egter 'n vraagteken agter beide.

K De Groot wys daarop dat teoloë, wat hulle oor jare heen met ywer op Gemeentebou toegespits het, al meer tot die besef kom dat die kerk agteruitgaan ten spyte van al hulle navorsing, publikasies en inspanning. As gevolg van hierdie *verleentheid* word nuwe weë gesoek, tradisionele vorme van kerkwees agtergelaat en nuwe vorme van kerkwees geskep (De Groot 2007:41).

A Hirsch verwoord die verleentheid met die kerk se verval soos volg:

When we reflect on the 1990s, the declared Decade of Evangelism, we are given cause for deep concern. For all the flurry and activity across the West, in particular the U.S. and U.K., church members have continued to decline. When once it was assumed that church planting was the strategy of reaching a postmodern West, church-growth

experts are now having second thoughts. Church membership had been flagging, and as the Decade of Evangelism proceeded, fewer and fewer churches were being planted.

(Frost & Hirsch 2003:17)

For the vast majority of churches, church growth techniques have not had any significant or lasting effect in halting their decline. Of the 480 000 churches in America, only a very small portion of them can be described as successful seeker-sensitive churches, and most of them have fewer than eighty members. What is more, the church in America is in decline in spite of having church growth theory predominating our thinking for the last forty or so years..... It has failed to halt the decline of the church in America and the rest of the Western world.

(Hirsch 2006:36)

Baie mense meen dat die kerklike krisis en verleentheid 'n eietydse fenomeen is en dat die kerk in die verlede rustig, koninklik en triomferend op weg was. Die feit is egter dat die kerk *altyd* verleë staan met sy eie onvermoë om empiries gestalte te gee aan dit wat die kerk reeds in Christus is.

Menslike onvermoë en verleentheid met die kerk maak die kerk nie onbelangrik nie. Inteendeel: Krisis en stryd en verleentheid pas beter by kerk as mag en rykdom en vooruitgang. Dikwels is die angskoor die kerk se oënskynlike verval eerder te wyte aan 'n lewens- en werklikheidsbeskouing waar voorspoed en mag die deurslag gee.

1.3. DIE BELANG VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE

Die kerklike krisis en verleentheid daarmee lei vanselfsprekend tot die volgende vrae:

- Hoe belangrik is die voortbestaan van die kerk en gemeentes?
- Moet die kerk en tradisionele gemeentes nie maar tot niet gaan nie?

- Moet kerke die vestiging van alternatiewe vorme van spiritualiteit en geloofsgemeenskappe duld en self daaraan deelneem ?

Daar was deur die geskiedenis talle filosowe en teoloë wat die verval van die kerk as 'n natuurlike proses beskou het. Volgens die standpunt is die kerk in sy sigbare gestalte nie so belangrik nie, want dit gaan eintlik om die 'geestelike' en 'onsigbare' kerk. Dit is ook te verwagte dat die kerk as instituut tot niet sal gaan en dat alternatiewe geloofsgemeenskappe gevestig moet word.

J Buitendag het tydens die opening van die Nasionale Colloquium oor die *Identiteit en relevansie van die NHKA² in die 21e eeu* verwys na **I Kant** wat reeds in die 18e eeu die standpunt gehuldig het dat die oorgang van 'n kerklike geloof na 'n suiwere geestelike geloof, die aanbreek van die koninkryk van God is (Buitendag 2006:7). Die uiterlike strukture van die institusionele kerk *moet* tot niet gaan. Die menslike rede dwing ons om te besef dat godsdiens slegs kan voortbestaan in die subjektiewe oortuiging van die individu om die goeie te doen. Kerkwees gaan dus eventueel op in die goeie dade van die vroom gemoed. Daarom moet die verval van kerklike strukture toegejuig word.

Buitendag het ook na **M Weber** se standpunt verwys, dat alle strukture noodwendig te gronde gaan. Dit is deel van 'n natuurlike proses wat nie gekeer kan word nie (Buitendag 2006:7). Uit die ruïnes verrys daar (volgens Weber) altyd weer 'n nuwe instituut, ooreenkomstig die waardes en omstandighede van die tyd.

Self meen Buitendag dat die kerk nie maar goedskiks tot niet kan gaan nie, maar dat die kerk moet transformeer aan die hand van bepaalde beginsels.

Deur die loop van die 20e eeu het talle teoloë tot die gevolgtrekking gekom dat bekommernis oor die kerk se verval, onnodig is. Teologiese uitsprake soos die volgende impliseer dat die kerk in sy sigbare gestalte nie belangrik is nie en dus tot niet mag gaan:

- Dit gaan nie om die kerk nie, maar om God wat in die wêreld handel (*missio Dei*).

² Wanneer na die NHKA verwys word, word bedoel die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Hierdie proefskrif fokus primêr op die NHKA as reformatoriese kerk in die Calvinistiese tradisie wat bestaan uit 307 gemeentes in Suidelike-Afrika.

- Dit gaan nie om die kerk nie, maar om die wêreld.
- Dit gaan nie om die kerk nie, maar om God se koninkryk.
- Dit gaan nie om die kerk nie, maar om sosiale geregtigheid en die verligting van mense se nood.
- Dit gaan nie in die kerk om kwantitatiewe groei nie, maar om kwalitatiewe groei.

Aan die begin van die 21e eeu word hierdie sentiment nog skerper omlyn en verwoord. Dit is opmerklik dat kritiek teen tradisionele vorme van kerkwees in felheid toeneem.

So toon **H Kuitert** aan dat nuwe vorme van spiritualiteit voortdurend ontwikkel en daarom is daar geen heil te vind in die selfhandhawing van die kerk nie. *Geen zelfhandhawing, maar oorgaan in kultuur, als eindpunt van Gods wege met die Christelike kerk, wat is daar mis mee? Van pop tot vlinder, een dergelyke gedaantewisseling is toch niet ondenkbaar?* (Kuitert 2000:279).

Sonder huiwering stel **Viola & Barna** dat 'die kerk' in stryd met die Skrif is. Die kerk het die hart uit die evangelie geruk. Tradisionele kerke is nie meer te red nie en sal tot niet gaan. Nuwe vorme van kerkwees moet tot stand kom (Viola & Barna 2008:xxix).

Aan die ander kant is daar die standpunt dat die sigbare kerk, ten spyte van sonde en gebreke, belangrik is.

Sedert die vroegste geskiedenis van die Christendom word die kerk in sy sigbare gestalte as Kerk van Christus erken. **Cyprianus van Kartago** (†258) het reeds aan die begin van die 3e eeu in sy *De ecclesiae catholicae unitate* gewys op die belangrikheid van die sigbare kerk met die volgende uitspraak: *Salus extra ecclesiam non est* en verder: *Habere non potest deum patrem, qui ecclesiam non habet matrem*. Hierdie kerkbegrip is later deur **A Augustinus** voortgesit (vgl Bakhuizen van den Brink 1979:121).

H Berkhof, in sy bespreking van die gemeente as die liggaam van Christus, verwys onder andere na **M Luther** en **M Bucer** wat die woord *Kirche* (wat dui op die sigbare kerk as instituut) vermy het en eerder die woord *Gemeinde* gebruik het (Berkhof 1973:412; sien ook Exalto 1990:97). Luther verstaan die gemeente nie as sigbare instituut nie, maar eerder as 'n geestelike gemeenskap wat gelowig rondom die Woord en sakrament vergader.

Volgens **A McGrath** het Luther voortdurend afgegrens teen die institutionalisme van die Rooms Katolieke Kerk, sonder om die belang van die sigbare kerk te ontken (McGrath 2001:481). Veral later in sy lewe, in die stryd teen die Schwärmer, het Luther weer groter waardering vir die kerk as instituut ontwikkel (Berkhof 1973:412).

Vir Luther was kerkwees tegelyk sigbaar en onsigbaar, terwyl die een nie meer of minder ware kerk is nie (vgl Kärkkäinen 2007:39-40). Daarom het hy alles in die stryd gewerp om die kerk te *hervorm*.

Beide die Lutherane en die Calviniste het die plaaslike gemeente as *ecclesia completa* beskou. Die gemeente is en bly 'n gebeure wat telkens rondom die verkondiging van die evangelie as Kerk van Christus sigbaar word. Die belang van die gemeente wat sigbaar gestalte van die Kerk is, mag dus nie onderskat word nie.

Berkhof verstaan die kerk as 'n *bemiddelingsinstansie tussen Christus en die wêreld* (Berkhof 1973:411). Juis omdat die kerk in die wêreld en vir die wêreld bestaan, is dit noodsaaklik dat die kerk sigbaar word en as instituut funksioneer.

Daar is tans heelwat teoloë wat pleit vir transformasie en kerkhervorming, sonder om die belangrikheid van die kerk te ontken of van die kerk in sy tradisionele vorm afskeid te neem. In kritiese solidariteit met die kerk, word nuwe moontlikhede van kerkwees ontgin.

So meen **De Roest & Stoppels** (2007:19-23) dat die kerk en gemeente steeds belangrik is. Hierdie standpunt word vanuit verskillende perspektiewe begrond:

- **Teologiese perspektief:** Die Christelike geloof is onlosmaaklik verbind aan gemeenskap. Geloofsgemeenskappe kom tot stand in verhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom is een van die fundamentele probleme en waarskynlik die grootste uitdaging vir die kerk in die 21e eeu, die vorming van gesonde en stimulerende vorme van geloofsgemeenskap, ook binne bestaande kerke. Verder manifesteer alle geloof (ook die Christelike geloof) in korporatiewe spiritualiteit en is sinvolle geloofskommunikasie en verdiepte liturgiese ervaring van groot belang.

- **Sosiologiese perspektief:** Sosiologiese navorsing toon aan dat daar buite die kerk (op die lange duur) nie genoeg draers van die Christelike heilsboodskap is nie. Verlies aan geloof loop hand aan hand met kerkverlating (Van der Ven 1993:140). Kultuur (soos reeds verwys na Kuitert) is onvoldoende om die Christelike geloof lewend te hou. Ook L Newbiggin het daarop gewys *there is no mission without church, and no church without mission* (vgl Kärkkäinen 2002:159).
- **Maatskaplike perspektief:** Die rol wat kerke en lidmate in die samelewing speel, kan nie onderskat word nie. Die dienskarakter van die kerk lei daartoe dat baie lidmate van die kerk betrokke raak in die gemeenskap. Christene vorm die grootste poel waaruit *social capital* geput word. Gemeenskapsontwikkeling is ten nouste verbind aan die rol wat die kerk speel en daarom is die agteruitgang van die kerk 'n ernstige bedreiging vir die algemene welstand van die samelewing.

Ook **G Heitink** praat in kritiese solidariteit oor die kerk se verval: *Is dat jammer? Voor mijn besef wel...* Hy beklemtoon dat die kerk steeds van groot belang is vir mense se persoonlike lewens, die samelewing en as draer van die evangelie. Die kerk is en bly 'n voorlopige gestalte van die koninkryk van God. Die kerk is en bly die Liggaam van Christus, selfs in sy gebrokenheid. Daarom wys hy die apatiese houding van talle kerklike leiers en gemeentes af (Heitink 2007:Voorwoord).

Wat wel nodig is, is 'n omvattende proses van radikale en ingrypende kerkhervorming. Hierdie omvattende proses word verstaan as **transformasie**, wat voortvloei vanuit 'n teologies-kritiese nadenke oor kerkwees.

Heitink kom tot die gevolgtrekking dat dit *is wel duidelik geworden dat het overwinnen van de stagnatie in de protestantse kerk meer vraagt dan een periodieke onderhoudsbeurt. Gaandeweg kregen we meer zicht op die noodzaak van transformatie van die kerk as geheel* (Heitink 2007:331).

In die huidige tydsgewrig is daar 'n groeiende konsensus dat gesonde gemeentes (klein of groot) uiters belangrik vir die voortgang en welwese van die kerk is. *As we*

move to the end of the twentieth century, there has been a growing consensus in worldwide Christianity that the local congregation is the basic unit of Christian witness (Guder 2000:145)

Die volgende teoloë beaam die standpunt:

- 'n Gemeente is die ruimte waar mense saamkom om te aanbid, waar hulle toegerus word en waarvandaan hulle uitgaan om van Christus te getuig (Smit 2007:135).
- 'n Gemeente is God se hoop vir 'n stukkende wêreld (Hybels 2002:27).
- 'n Gemeente is die instrument in God se hand met die oog op die *missio Dei* (Bosch 1991:390).
- 'n Gemeente is die ruimte waar mense iets van God se liefde ontdek (Mead 1991:57).
- 'n Gemeente is die ruimte waarbinne die kommunikatiewe geloofshandeling geskied. Daarom is ons verstaan van kerkwees (kerkbegrip) en teoretiese besinning oor die gemeente (Ekklesiologie) van uiterste belang (Pieterse 1990:61).

Hierdie standpunte verteenwoordig almal 'n benadering waarin die plaaslike geloofsgemeenskap of gemeente in die sentrum van kerkwees geplaas word. Die klem val op *plaaslik* – dit dui daarop dat die kerk op 'n baie spesifieke manier en plek konkrete gestalte aanneem. *The people of God must have a tangible, experientiable shape. This is not organizational necessity. It is essential to the missio Dei* (Guder 2000:146).

1.4. VERTREKPUNT

Die vroeë kerk, en later die 16e eeuse Hervormers, het geworstel met die sonde van Christene en die gebrokenheid van die kerk in sy sigbare gestalte. Dit is vanuit

hierdie inherente spanning en konflik dat die spreuk *ecclesia reformata semper reformanda* gebore is.

Dit sny enige vorm van 'n selftevrede handhawing van die kerk by die wortel af. Dit eis voortdurende bekering van hart en verstand asook die hervorming van kerklike strukture.

Die kerk en gemeentes leef voortdurend onder die spanningsvolle eis om te transformeer; om te word wat dit reeds in die geloof is naamlik die volk van God, die huisgesin van die Vader, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees.

Die kerk en gemeente word voortdurend Kerk in die wete dat elke menslike poging om gestalte te gee aan die Kerk, te kort skiet. Maar: Ons gebrekkige kerkwees maak die kerk nie onbelangrik nie. Teen hierdie agtergrond, dien die volgende as vertrekpunt:

- Gemeentes, as sigbare gestalte van die Kerk, is belangrik.
- Gemeentes ervaar 'n bestaanskrisis wat grootliks te wyte is aan die onvermoë om in 'n vinnig veranderende konteks gestalte te gee aan dit wat gemeentes reeds in Christus is.
- Dit lei tot stagnasie, kerklike institusionalisme en verval.
- Gevolglik moet die kerke en gemeentes 'n metamorfose ondergaan (2 Kor 3:18). Hierdie metamorfose veronderstel 'n voortdurende proses van transformasie.
- Transformasie van kerke en gemeentes sal net sinvol en standhoudend wees indien dit begelei word deur grondige teologiese nadenke oor die kerk (Ekklesiologie).

Daarmee is die belangrikheid en noodsaaklikheid van Ekklesiologie aangetoon. Die kerklike krisis, die verleentheid met die kerk, die soeke na nuwe vorme van kerkwees en spiritualiteit maak teologiese nadenke oor die kerk en kerkwees uiters belangrik.

1.5. EKKLESIOLOGIE

V **Kärkkäinen** wys daarop dat Ekklesiologie in die 20e eeu toenemend aandag gekry het. In die laaste twee dekades het 'n verbasende hoeveelheid boeke op die terrein van die Ekklesiologie verskyn (Kärkkäinen 2002:7). Hy praat selfs van 'n *eklesiologiese renaissance*.

Waarom het Ekklesiologie so belangrik en aktueel geword? Kärkkäinen voer die volgende redes aan (Kärkkäinen 2007:7-9):

- Die **internasionale ekumeniese** beweging was 'n besondere sterk stimulus tot nadenke oor die kerk. Die impak daarvan, volgens Kärkkäinen, is vergelykbaar met die Kerkhervorming in die 16e eeu.
- Die **groeï van inheemse kerke** in die Derde Wêreld het talle moeilike eklesiologiese vraagstukke geskep.
- **Nuwe benaderings tot kerkwees** het orals in die wêreld te voorskyn gekom.

Na my mening is die krisis en verleentheid met die kerk, waarna reeds verwys is, verdere redes waarom Ekklesiologie soveel aandag geniet. Deel van die krisis en verleentheid is dat mense in 'n post-christelike en post-kerklike samelewing nie meer verstaan wat die woord 'kerk' beteken nie, soos wat hulle ook nie verstaan wat die woord 'God' beteken nie. Die slytasie aan taal, woorde en betekenis het meegebring dat 'kerk' 'n bekende woord is, maar selfs meelewende lidmate nie die volle betekenis en implikasie daarvan verstaan nie.

Teen hierdie agtergrond is dit nie vreemd dat teoloë, kerke en ander instansies besondere aandag aan die kerk gee nie. Ekklesiologie kan selfs as Apologetiek verstaan word. Die kerk, as *Fremdkörper* in 'n postmoderne samelewing, se voortgesette bestaan moet verduidelik word.

Ter oriëntasie is dit belangrik dat 'n paar algemene opmerkings oor Ekklesiologie gemaak word. **A McGrath** skryf:

The area of Christian theology which deals with the doctrine of the church is usually referred to as 'ecclesiology' (Greek: 'ekklesia', 'church'), and is of major importance to anyone proposing to engage in pastoral ministry of any kind. Ecclesiological questions break into ministry at point after point. What sort of body is the church? Ecclesiology is

that area of theology which seeks to give theoretical justification to an institution which has undergone development and change down the centuries, set against an altering social and political context. To study Christian understanding of the church is to gain insights into the way in which institutions adapt in order to survive.

(McGrath 2001:476)

Aan die een kant beskou McGrath Ekklesiologie as 'n onderafdeling van Sisteatiese Teologie wat hom besig hou met die *leer oor die kerk*; aan die ander kant bring hy Ekklesiologie in verband met die *kerklike praktyk en bediening*. Kernwoorde in hierdie definisie is:

- Ecclesiology
- Theology
- Theoretical justification
- Doctrine of the church
- Institution
- Body
- Pastoral ministry
- Development
- Change
- Survival

Met die eerste oogopslag is dit reeds duidelik dat dit om drie sake gaan:

- Ekklesiologie, teologie, teoretiese begronding;
- Kerkbegrip, instituut, liggaam;
- Bediening, ontwikkeling, verandering, oorlewing.

Dit is verwarrend wanneer die term 'Ekklesiologie' na verskillende sake verwys. Kärkkäinen benut byvoorbeeld die term 'Ekklesiologie' om te verwys na (1) 'n leerstuk (*doctrine*), (2) kerkbegrip (*views of the church*), (3) die historiese gestalte wat kerklike tradisies aanneem en (4) teologiese besinning oor die kerk (Kärkkäinen 2002:15).

Ter wille van duidelikheid word die terminologie hier tot drie begrippe beperk, te wete *Ekklesiologie*, *kerkbegrip* en *kerkwees*. Dit is belangrik dat dié begrippe omskryf word:

- ***Ekklesiologie*** is 'n ***teologiese dissipline*** binne die breë raamwerk van Teologie as wetenskap. Ekklesiologie is teologies-kritiese en teoretiese nadenke oor die wese en roeping van die kerk binne 'n bepaalde konteks en historiese omstandighede.
- ***Kerkbegrip*** verwys eerstens na 'n geformuleerde ***leerstuk*** oor die wese van die kerk soos dit in 'n bepaalde geloofsgemeenskap verwoord word, gewoonlik in belydenisskrifte en kerkordes. Kerkbegrip dui tweedens op 'n bepaalde ***selfverstaan*** en ***identiteit*** van 'n bepaalde geloofsgemeenskap.
- ***Kerkwees*** verwys na die ***konkrete gestalte*** wat die kerk binne 'n bepaalde historiese konteks aanneem. Kerkwees verwys verder na 'n gemeente se lewe *coram Deo* en kerklike *praxis*.

Daar word van die standpunt uitgegaan dat insigte vanuit die Ekklesiologie bepalend inwerk op kerkbegrip. Kerkbegrip is weer bepalend vir kerkwees. Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees funksioneer interaktief en interafhanklik. Teorie en praxis ontmoet en beïnvloed mekaar in 'n dinamiese interaksie.

1.6. PRAKTIESE EKKLESIOLOGIE

Die kerklike krisis en die verleentheid daarmee, het daartoe gelei dat Praktiese Teologie met sy sub-dissiplines *Gemeentebou* en *Praktiese Ekklesiologie*, baie aandag ontvang (De Groot 2007:27). Dit is veral te sien in die hoeveelheid doktorsale proefskrifte wat jaarliks in dié vakgebiede afgehandel word.

Die aanvaarding van die kommunikatiewe handelingsteorie as matriks vir die beoefening van Praktiese Teologie, het daartoe bygedra dat Ekklesiologie, kerkbegrip

en kerkwees toenemend onder bespreking gekom het (Pieterse 1991:37-79; Dreyer 1995:792). Dit is verstaanbaar, omdat dit noodwendig konsekwensies inhou vir gemeentelike funksionering en benaderings tot kerkwees.

Hierdie proefskrif is 'n bydrae op die terrein Praktiese Ekklesiologie. Daar word pertinent by **G Heitink** aangesluit as hy skryf dat dit nie vir hom in die eerste plek om *Gemeentebou* gaan nie, maar om *Ekklesiologie as kerkopbou* (Heitink 2007:25).

Wat Heitink aantoon, is dat die kerklike krisis en verleentheid nie deur allerlei gemeentebou programme opgelos kan word nie. Programme, empiriese ondersoeke, veranderingsbestuur, sisteem analise en leierskapsontwikkeling sal nie die verval van die kerk stuit as daar nie vernuwend oor die kerk en kerkwees gedink word nie. Die belangrikste vraag is dus nie soseer wat die kerk *doen* nie, maar hoe die kerk in 'n bepaalde konteks Kerk kan *wees*.

Maar wat is Praktiese Ekklesiologie? Verskillende benaderings het oor die afgelope dekades na vore gekom:

In die Suid-Afrikaanse konteks het **HJC Pieterse** Praktiese Ekklesiologie soos volg gedefinieer: *In 'n prakties-teologiese ekklesiologie (of basisteorie oor die gemeente) gaan dit oor ons siening van die funksionering van die konkrete gemeente* (Pieterse 1990:61). Pieterse ontwikkel gevolglik die metafoor *die kerk as liggaam van Christus* as model vir die kerklike praxis.

K De Groot (2007:27ev) meen dat Praktiese Ekklesiologie, soos dit in Nederland beoefen word, vergelykbaar is met *Congregational Studies* soos dit in die VSA beoefen word. Verder identifiseer hy verskillende benaderings tot Praktiese Ekklesiologie in Nederland:

In die vyftigerjare (deur die werk van JC Kruijt) het die **pastoraal-sosiologiese benadering** veld gewen. Kruijt het leiding geneem by die *Sociologiese Instituut* wat ten doel gehad het om die Hervormde Kerk te steun in die *herkerstening van het Nederlandse volk* (De Groot 2007a:28).

Uitgebreide navorsing is gedoen oor streke, kulture, sosiale kwessies om die pastorale versorging van lidmate in die gebiede te fasiliteer.

Vanaf die sestigerjare (deur die werk van O Schreuder) het die **organisasie benadering** gewild geraak en het organisasie-analises, vraelyste, statistieke en kwalitatiewe onderhoude 'n belangrike plek ingeneem.

Vanaf die jare sewentig kom die **gemeentebou benadering** na vore. Die werk van onder andere D Lissenburg en later J Hendriks was van groot belang. Die Amerikaanse teoloog P Dietterich en die *Center for Parish Development* het ook groot invloed uitgeoefen.

In hierdie benadering was die wetenskaplike begeleiding van veranderingsprosesse en konsultasie belangrik. Die veranderingsproses het gefokus op die transformasie van institusionele vorme van kerkwees na 'n "oop" benadering (De Groot 2007a:34). Hendriks het sy denke oor kerkwees gekonkretiseer in die benadering van die *gemeente als herberg* (Hendriks 1990; Hendriks 1999; Heitink 2007:341).

Naas bogenoemde benaderings, het 'n **antropologiese benadering** ook bepaalde invloed uitgeoefen. In die benadering is religieuse, sosiale en kulturele verhoudings in Nederland ondersoek. Ondersoeke is byvoorbeeld gedoen waarom selfstandige geloofsgemeenskappe in Nederland onder immigrante tot stand kom (De Groot 2007a:42).

G Heitink wys daarop dat die basiese elemente van Praktiese Ekklesiologie reeds in 1850 deur die Nederlandse teoloog, **W Muurling**, verwoord is. Hy was ook een van die eerstes om 'n teorie ten opsigte van gemeente ontwikkeling te vestig (Heitink 1993 [2000]:263; Heitink 2007:340).

Heitink verwys instemmend na **J Furet** wat Praktiese Ekklesiologie omskryf as 'n *teologiese teorie omtrent die sosiale gestalte van die kerk, as aktualisering van 'n belofte en gegewe moontlikheid, as vervulling van 'n ontvangte opdrag in 'n bepaalde kulturele en sosiale situasie* (Heitink 2007:340). Self ontwerp hy 'n Praktiese Ekklesiologie aan die hand van die volgende beginsels:

In dit boek werk ik aan een ontwerp van een praktisch-theologies ecclesiology waarbij ik gebruik maak van een op dit vakgebied bekende drieslag die bestaan uit een analyse van de situasie (het empiries perspectief), theologiese reflektie (het hermeneuties perspectief) en suggesties voor beleid (het strategies perspectief). Het gaat mij om meer dan gemeenteopbouw; liever zou ik in dit verband spreek van ecclesiology as kerkopbouw. Ook wat in de gemeentes gebeur kan niet los gezien word van de kerk as geheel.

(Heitink 2007:25)

Die “bekende drieslag” in die Praktiese Teologie, waarna hy verwys, is volledig in sy *Praktiese Teologie* uiteengesit (Heitink 1993 [2000]:174-230). Daarop word nie verder ingegaan nie. In hierdie proefskrif word die standpunt ingeneem dat Praktiese Ekklesiology vanuit ***vier onderskeibare perspektiewe*** benader moet word. Hierdie vier perspektiewe kan soos volg beskryf word:

- Histories-vergelykende Ekklesiology
- Prakties-teologiese Ekklesiology
- Eksegeties-sistematiese Ekklesiology
- Missionale Ekklesiology

In sy ontwerp van ‘n Praktiese Ekklesiology maak Heitink van drie perspektiewe gebruik (empiries, hermeneuties en strategies), terwyl hier ‘n vierde (historiese perspektief) bygevoeg word. Die vier perspektiewe sal soos volg aan die woord kom:

- Die *historiese perspektief* is te vind in hoofstuk 2 (Histories-vergelykende Ekklesiology).
- Die *empiriese perspektief* is te vind in hoofstuk 3 (Prakties-teologiese Ekklesiology).
- Die *hermeneutiese perspektief* is te vind in hoofstuk 4 (Eksegeties-sistematiese Ekklesiology).
- Die *strategiese perspektief* is te vind in hoofstuk 5 (Missionale Ekklesiology).

In die laaste hoofstuk, wat handel oor Missionale Ekklesiologie, word die waagstuk aangegaan om enkele voorstelle te maak ten opsigte van die transformasie van die kerklike praxis en bedieningspraktyk. 'n Verandering in kerkbegrip (teorie) impliseer 'n verandering in kerklike praxis, wat beskryf word met die term *missionale bedieningspraktyk*.

Vanselfsprekend is Praktiese Ekklesiologie afhanklik van insigte wat vanuit ander vakgebiede soos Eksegese, Dogmatiek, Kerkgeskiedenis, Sendingwetenskap, Kerkreg, Praktiese Teologie, Filosofie en Bestuurswetenskappe ontgin word. Daarom word gepoog om die problematiek multidissiplinêr te benader.

In hierdie proefskrif word gefokus op die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Daar is verskeie redes vir die keuse: Enersyds beperk dit die omvang van die navorsing; andersyds dien die NHKA as voorbeeld van wat ook in talle ander kerke gebeur.

2. HISTORIES-VERGELYKENDE EKKLESIOLOGIE

Historiese Perspektief

2.1. INLEIDEND

'n Histories-vergelykende Ekklesiologie is nie 'n kliniese oefening waarin die kerk geobjektiveer word nie. Die kerk is en bly 'n misterie, 'n geheimenis wat net deur middel van metaforiese spreke opgehelder kan word.

Die Rooms-Katolieke teoloog, **A Dulles**, tipeer Histories-vergelykende Ekklesiologie as 'n *systematic reflection on the points of similarity and difference in the ecclesiologies of different denominations* (Dulles 1974:7). Hy vergelyk verskillende modelle van kerkwees, gebaseer op die amptelike dokumente van kerke asook geskrifte van teoloë vanuit bepaalde kerke.

Ook **W Brueggemann** praat van *models of church*. Hy stel dit as beginsel dat geen model van kerkwees tot die enigste 'ware' model verabsoluteer kan word nie. Intendeel: Die diversiteit op kerklike terrein is verbysterend en daarom is dit belangrik dat verskillende modelle van kerkwees beskryf word en met mekaar in gesprek tree. Hy skryf:

There is no one single or normative model of church life. It is dangerous and distorting for the church to opt for an absolutist model that it insists upon in every circumstance. Moreover, we are more prone to engage in such reductionism if we do not keep alive a conversation concerning competing and conflicting models. Or, to put it positively, models of the church must not be dictated by cultural reality, but they must be voiced and practiced in ways that take careful account of the particular time and circumstance into which God's people are called. Every model of the church must be critically contextual. Posing the question about models in this way at this time requires us to think about "Christ and culture," to think about the place where God has put us and what is an appropriate modelling for our time and circumstance.

(Brueggemann 1991:129)

Die beroemde sistematiese teoloog, **H Küng**, het dit soos volg geformuleer:

Every age has its own image of the Church, arising out of a particular historical situation; in every age a particular view of the Church is expressed by the Church in practice, and given conceptual form, post hoc or ante hoc, by theologians of the age..... the constant factor in the history of the Church and of its understanding of itself is only revealed in change; its identity exists only in constantly changing historical 'forms'. If we want to discover this original and permanent 'essence', given that it is something dynamic rather than something static and rigid, we must look at the constantly changing historical 'forms' of the Church.

(Küng 1976:4)

Ook **C Wethmar** beklemtoon dat *no single manifestation of the church reflects its essence perfectly and exhaustively. This insight is reflected by the well known Reformed expression of ecclesia reformata semper reformanda* (Wethmar 1997:418).

V Kärkkäinen volg in sy *Introduction to Ecclesiology* die werkswyse om sewe kerklike tradisies aan die orde te stel (Ortodoks, Rooms-Katoliek, Luthers, Gereformeerd, Pinkster en Vrye Kerk tradisies, met die Ekumeniese Beweging as sewende identifiseerbare tradisie).

Hy vervolg deur sewe teoloë, wat as verteenwoordigend van die tradisies beskou kan word, te bespreek. Hy noem sy werkswyse *a comparative ecclesiology*.

Hy beskryf egter nie net die belangrikste kerklike tradisies nie, maar ook *kontekstuele ekklesiologieë*, dws ekklesiologiese nadenke wat buite die tradisionele kerke te vind is (Kärkkäinen 2002:14).

Kärkkäinen wys verder daarop dat *comparative ecclesiology* veral in die ekumeniese wêreld gewild geword het. Die historiese aspek van 'n Histories-vergelykende Ekklesiologie beskryf hy soos volg: *A natural way to begin a survey of ecclesiologies is to introduce major theological and confessional traditions that have emerged during church history* (Kärkkäinen 2002:15).

'n Histories-vergelykende benadering word in verskillende teologiese dissiplines benut om groter duidelikheid oor kerkbegrip en kerkwees te bied.

Wat dit problematies maak, is dat daar uiteenlopende terminologie gebruik word. Daar is reeds verwys na Dulles en Brueggemann wat na *modelle van kerkwees* verwys, terwyl Kärkkäinen van *kerklike tradisies* praat.

Voorbeelde van die uiteenlopende wyse waarop terminologie gebruik word, is die volgende:

- **L Koffeman** verwys in sy onlangse publikasie oor Kerkreg na *vier gestaltes van kerkwees*. In aansluiting by Dombois en Picht onderskei hy tussen universele kerk, lokale kerk, partikuliere kerk en ordes (vgl Koffeman 2009:50-51).
- **G Dekker** verwys na *vier vorme van kerkwees*. Hy onderskei in sy ondersoek na gemeentes se funksionering tussen territoriale, mentale, funksionele en kategoriale vorme van kerkwees (Dekker 2003:166-175; vgl ook Heitink 2007:273).
- **L Newbiggin** identifiseer *drie kerklike strominge* (Newbiggin 1953:24-25). Die eerste stroming word gekenmerk deur die suiwer verkondiging van die evangelie en bediening van sakramente (Protestantse kerke); die tweede stroming deur die sakramentele verstaan van die histories-sigbare kerk (Rooms Katolieke Kerk); die derde stroming word gekenmerk deur die ervaring van die Heilige Gees (kerke in die Pinksterbeweging).
- **A Hirsch** onderskei tussen *three modes of church*, te wete *apostolic, christendom* en *emerging-missional* (vgl Hirsch 2006:64).
- **G Heitink** onderskei *drie tipes van kerkwees* (Heitink 2007:161-167). Die eerste kerktipe identifiseer hy as 'n *publieke kerk*, wat as volkskerke of staatskerke funksioneer. Publieke kerke wil soveel as moontlik mense van 'n bepaalde samelewing omvat. In die kerktipe staan die ampsdraer, verkondiging en sakramente sentraal. As voorbeeld van hierdie kerktipe identifiseer hy die Nederlands Hervormde Kerk, waarby ons die naam van die NHKA kan voeg. As tweede tipe identifiseer hy die *vrye kerk*, wat bestaan uit mense wat vrywillig daarby aansluit en as selfstandige kerkgenootskap of

denominasie funksioneer. Derdens identifiseer hy 'n *charismaties-mistieke* kerktipe wat die klem plaas op bekering en wedergeboorte.

Heitink onderskei verder *twee modelle van kerkwees* in die Nuwe Testament (2007:262-265). Die eerste model kan beskryf word as 'n model wat min organisasie en struktuur vertoon en wat funksioneer op die basis van gawes (*charismata*) wat in dienswerk (*diakonia*) gestalte vind. Elke gelowige deel in die gawes van die Gees (1 Kor 12-14) en is verantwoordelik om diensbaar te wees in God se koninkryk.

Die Nuwe Testament ken ook 'n tweede model, waarin meer organisasie en struktuur sigbaar word en waarskynlik deur die funksionering van die sinagoges beïnvloed is. Die tweede het gelei tot die ontwikkeling van diosees en parogieë, veral in die tyd van Karl die Grote. Daaruit het 'n pastorale grondmodel ontwikkel wat groot klem plaas op 'n amptelike, hiërargiese en territoriaal gestruktureerde geloofsgemeenskap.

Daarbenewens maak Heitink onderskeid tussen *kerklike modaliteite*, met besondere verwysing na die Protestantse Kerk in Nederland (2007:272-273). Modaliteite staan in die teken van pluraliteit en diversiteit wat in 'n spesifieke kerk manifesteer. Diversiteit word geakkommodeer, en dit is 'n illusie om te dink dat al die lidmate van 'n kerk dieselfde oor sake dink. Individualisme en persoonlike gevoel speel 'n geweldige rol in die toename in diversiteit.

Heitink dui ook aan dat daar onderskeibare *kerkgevoel* bestaan (2007:274-276). Die term sou (na my mening) vertaal kan word as *etos of identiteit*. Binne die PKN manifesteer dit in die verskille tussen Hervormde, Gereformeerde en Lutherse gemeentes en lidmate. Dit manifesteer in verskillende standpunte oor die gesag van meerdere vergaderings, die rol van die ampsdraer, die verhouding tussen die landelike kerk en plaaslike kerk en vele ander. Verskil in kerkgevoel lei tot verskille in die funksionering van die plaaslike gemeente.

Persoonlik verkies ek die term ***benadering tot kerkwees***. Die begrip 'benadering' ontleen ek aan **J Beukes** wat praat van *a Hervormd approach* (Beukes 2008:73).

Die keuse vir die begrip "benadering" berus op die veronderstelling dat dit op 'n oorkoepelende en dominante denksistiem (paradigma) dui, wat bepalend inwerk op

die makro-, meso- en mikrovlak van kerkwees en kerklike praxis. Dit gaan dus nie in die eerste plek om praktiese sake nie, maar om die denksisteem (benadering) wat lei tot bepaalde vorme of modelle van kerkwees.

Die verskillende benaderings tot kerkwees is nie denominasioneel bepaald nie, maar manifesteer in verskillende kerklike tradisies en denominasies. Die verskillende benaderings tot kerkwees manifesteer ook op mikrovlak, in die houding en optrede van lidmate in plaaslike geloofsgemeenskappe.

Elke benadering tot kerkwees maak erns met die Kerk van Christus en die Christelike geloof en poog om op 'n eiesoortige en relevante wyse in die 21e eeu die evangelie van Jesus Christus uit te dra en die opbou van die kerk te bevorder. Ons moet dus die *bona fides* van elke benadering respekteer.

Vervolgens word drie benaderings tot kerkwees onderskei en in 'n spesifieke volgorde geplaas. Die onderskeidende kriterium wat aangewend word om die volgorde te bepaal, is elke benadering se verstaan en beoordeling van die kerk as instituut.

2.2. INSTITUSIONELE BENADERING TOT KERKWEES

*Die eerste benadering tot kerkwees plaas ek onder die opskrif **institusioneel**.*

'n Institusionele benadering tot kerkwees heg groot waarde aan die uiterlike, institusionele vorm van die kerk. Dit word verder gekenmerk deur die instandhouding, bewaring en versterking van bestaande institusionele strukture asook die beskerming van ou, gevestigde rituele en praktyke. 'n Institusionele benadering heg ook baie waarde aan tradisie, geskiedenis en mag.

Dit is 'n benadering wat regoor die wêreld groot invloed uitoefen, omdat meeste kerke die neiging openbaar om bestaande strukture te versterk en uit te bou (Niemandt 2007:37-38).

As eerste voorbeeld van 'n institusionele benadering dien die standpunte wat tydens en na Vaticanum I (1869-1871) deur die **Rooms Katolieke Kerk** geformuleer is.

Vaticanum I het op grond van enkele tekste in die Bybel (bv 1 Kor 12; Ef 4; Mt 18) geoordeel dat Jesus nie net die stigter van die kerk is nie, maar dat Hy ook 'n hiërargie met 'n enkelvoudige regeerder (die pous) ingestel het. Daarvolgens is Jesus Christus ook die grondlegger van die kerklike reg en dissipline. Dit impliseer dat die kerk as instituut reeds by Christus begin het (Concilium Vaticanum 1870, sessio IV. Const. Dogm. I *De Ecclesia Christi*, Mirbt 606. Sien teks in Denzinger 1957:501-502).

Vaticanum I het die RKK hiërargies en institusioneel begrond, veral ten opsigte van die onfeilbaarheid van die pous (Kärkkäinen 2002:26). Hierdie gedagte is bevestig met die pouslike ensiklike van 1897 (*Divinum illud munus*) en 1943 (*Mystici Corporis*).

In die eerste het Pous Leo XIII verklaar dat Christus die Hoof van die kerk is en die Heilige Gees die Siel van die kerk (Kärkkäinen 2002:27). Die ensiklik verabsoluteer die kerklike strukture deur te wys op die Goddelike oorsprong daarvan.

Hierdie opvatting is voortgesit in *Mystici Corporis* (vgl teks in Denzinger 1957:679; Bakhuizen van den Brink 1979:30). Daarin verklaar Pous Pius XII dat die Rooms Katolieke Kerk (as instituut) en die Kerk van Christus as identies beskou moet word. Talle teoloë het die oordrewe institusionalisme van die RKK, soos dit in die begin van die 20e eeu na vore kom, gekritiseer (Congar 1997:154).

Met **Vaticanum II** het 'n belangrike verskuiwing in die RKK se verstaan van die kerk gekom (vgl die volledige teks van Vaticanum II in Flannery 1980). Vaticanum II se *Lumen Gentium* is een van die belangrikste dokumente wat in die 20e eeu verskyn het en verteenwoordig 'n waterskeiding in die RKK se verstaan van die kerk (Kärkkäinen 2002:28).

Lumen Gentium het ook 'n bepalende invloed op die ekumeniese beweging asook reformatoriese kerke se verstaan van die kerk uitgeoefen.

Ten spyte van al die positiewe aspekte van *Lumen Gentium*, was Vaticanum II tog van oortuiging dat die kerk deur Christus se handeling tot stand gekom het en dat die RKK die sigbare manifestasie daarvan is (Flannery 1980:353). Christus, as Hoof van die kerk, het sy magte aan die apostels en die biskoppe gedelegeer en hulle verantwoordelik gestel vir die kerk.

In hoofstuk 3 (Flannery 1980:369ev) word die hiërargiese struktuur van die kerk beklemtoon en die onderskeid tussen die amp en die leek gehandhaaf, wat 'n tipiese institusionele benadering verteenwoordig. Dit reflekteer ook tot 'n mate in Vaticanum II se verstaan van die liturgie:

In order that the Christian people may more certainly derive an abundance of graces from the sacred liturgy, holy Mother Church desires to undertake with great care a general restoration of liturgy itself. For liturgy is made up of unchangeable elements divinely instituted, and of elements subject to change...

(Flannery 1980:9)

Die ou tradisies en gebruike, met enkele aanpassings, moet bewaar word omdat dit deur God self ingestel is. Die kerk se funksie is om die Goddelik geïnspireerde liturgie te konserveer vir toekomstige geslagte.

Hierdie institusionele benadering is ook sigbaar in die **Oosters-Ortodokse Kerk**. Dié kerk het syself nog altyd beskou as die beskermer en bewaarder van die oorspronklike en suiwer leer (*orthos doxa*), soos deur die apostels aan ons oorgelewer. Die kerk beskou homself as “ortodoks”, tot so 'n mate dat dit die Ortodokse Kerk se naam en onderskeidende identiteit geword het. Die tradisie en leer van die kerk word as onveranderlik beskou (Latourette 1964:567).

Die handhawing van die Ortodokse leer reflekteer ook in die wyse waarop teologie beoefen word. Johannes van Damaskus, wat in die eerste deel van die agtste eeu geleef en gewerk het, word beskou as die laaste teoloog wat bygedra het tot die Ortodokse teologie. Dit is opvallend dat hy beroemd geword het nie vir 'n *kreatiewe of nuwe* bydrae nie, maar vir die feit dat hy die teologie soos verwoord deur die Kappadosiërs (Basilius van Caesarea en Gregorius van Nissa) *gesistematiseer* het. Sy sistematisering van hulle werk

berus op sy eie opvatting dat daar in werklikheid niks nuut te sê is nie. In sy *Beeld van God* skryf hy dat die huidige geslag die roeping het om die vaderse geloof *na te boots* (aangehaal in Frank 1991:98). Die bestaande moet net gesistematiseer en toeganklik gemaak word (Latourette 1964:292).

Ook wat kerkwees betref, beroep die Ortodokse Kerk homself op die vroeë kerkvaders (Kärkkäinen 2002:17). Die Ortodokse benadering tot kerkwees kan die beste beskryf word met die woord *paradosis* – wat vertaal word met *dit wat oorgelewer word*. Oorlewering vind plaas deur die Skrif, besluite van die konsilies, die kerkvaders en die liturgie. Die Ortodokse Kerk beskou homself as die erfgenaam van ‘n ryk tradisie wat onveranderd en suiwer na volgende geslagte deurgegee moet word (Frank 1990:98).

Die institusionele benadering in Ortodokse kringe reflekteer ook in die opvatting dat die strukture en instellings van die kerk onder leiding van die Heilige Gees tot stand gekom het (en dus onveranderlik is). Deel hiervan is die hiërargiese struktuur en die opvatting dat die biskop deur God aangestel is en God verteenwoordig (Kärkkäinen 2002:22). Volgens Ortodokse kerkbegrip is die kerk as instituut ‘n teken van - en noodsaaklik vir - die eenheid van die kerk.

Die handhawing van bestaande strukture, tradisies en gebruike is ook kenmerkend van die **Protestantisme**, ten spyte daarvan dat Protestantse kerke uit ‘n hervormingsbeweging gebore is. Talle reformatoriese kerke het belydenisskrifte, liturgie, tradisies en gebruike wat die afgelope vyf eeue onveranderd gebly het. Daarvan is die NHKA ‘n tipiese voorbeeld.

Omdat daar later besondere aandag gegee word aan die verskynsel van institusionalisme, die handhawing en konservering van strukture en hoe dit in die NHKA manifesteer, word nie nou breedvoerig daarop ingegaan nie. Genoeg is om na drie resente bronne (vanuit die NHKA) te verwys:

- **TFJ Dreyer**, Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege en voormalige voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA, kom op grond van empiriese navorsing tot die gevolgtrekking dat lidmate van die NHKA nie die kerk se identiteit, teologiese etos, spiritualiteit en liturgie wil

verander nie omdat dit aan hulle 'n bepaalde geborgenheid en tuiste bied (Dreyer 2003:1060).

- **J Buitendag**, Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria en ook voormalige voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA, het tydens die opening van die 68e AKV (2007) gewys op die spanning tussen die ongemaklike eis van *ecclesia reformata, semper reformanda* en die versugting van baie lidmate *om te bly wat ons nog altyd was* (Buitendag 2008:125).
- Die handhawing en beskerming van die bestaande kerklike identiteit is duidelik sigbaar in die besprekings en besluite van die **68e Algemene Kerkvergadering**. Dit was veral die handhawing van die NHKA as volkskerk wat baie emosie ontlok het. Dit word duidelik verwoord in die notule van die 68e AKV (NHKA 2007). Alle besluite is onderwerp aan 'n oorkoepelende en dominante denksistiem: *Behou en beskerm, bewaar die pand wat aan jou toevertrou is* (2 Tim 3:14).

Hierdie institusionele benadering tot kerkwees is vir baie lidmate en ampsdraers van die NHKA die vanselfsprekende manier om enige kerklike krisis te hanteer.

2.3. TRANSFORMERENDE BENADERING TOT KERKWEES

Die tweede benadering tot kerkwees plaas ek onder die opskrif transformierend.

Waar 'n institusionele benadering op die instandhouding en bewaring van bestaande strukture fokus, word in 'n transformerende benadering op die *transformasie* van strukture gefokus met die oog op herstel, opbou of

rekonstruksie van die kerk. In hierdie benadering tot kerkwees word die kerk as 'n gegewene aanvaar en gerespekteer, maar met die duidelike besef dat die kerk voortdurend moet transformeer.

Soos in die geval van 'n institusionele benadering, is 'n transformerende benadering regdeur die geskiedenis van die kerk onderskeibaar.

Ter wille van bondigheid word dit hier net puntsgewys aangestip:

Aan die einde van 3e eeu en begin van die 4e eeu tree die **Christelike askese** en monastieke ordes na vore. Dit was in reaksie teen die verslapping van dissipline in die kerk. Aanvanklik het dit naas die erkende kerk gefunksioneer, maar later binne die kerklike strukture en het by tye 'n belangrike bydrae tot die voortgang van die kerk gelewer. Dit was hoofsaaklik lidmate wat daaraan deelgeneem het en nie die ampsdraers van die kerk nie. Dit het veral op die herstel van egte toewyding, geloof en gehoorsaamheid gefokus (Latourette 1964:221ev).

Kerklike verval in die laat Middeleeue het nogmaals gelei tot pogings om die kerk en monastieke ordes te transformeer. Dit het onder andere gelei tot die vestiging van nuwe kloosterordes.

Teen 1414, met die **Konsilie van Konstanz**, was deur die hele Europa 'n aandrang op hervorming in die Rooms Katolieke Kerk wat op daardie stadium drie pouse gehad het. Tydens die Konsilie is die begeerte uitgespreek dat die Roomse Kerk moet transformeer. Dit het tot niks gekom nie, omdat die Konsilie erg verdeeld was (Latourette 1964:630). Teen hierdie agtergrond moet die optrede en werk van vroeë kerkhervormers verstaan word, soos Johannes Hus wat tydens die Konsilie van Konstanz veroordeel is.

Die aandrang op transformasie van die kerk is verwoord deur **individue** soos John Wycliffe, Wessel Gansvoort, Thomas à Kempis, Girolamo Savonarola en vele ander.

Verskillende **hervormingsbewegings** en groepe het na vore gekom. Enkele voorbeelde hiervan is die Gebroeders des Gemeenen Levens, die Boheemse Gebroeders asook die Italiaanse en Engelse mistici.

Die periode van 1350 tot 1500 word gekenmerk deur 'n konstante stryd tussen die wat die kerk wou transformeer en die wat die bestaande instituut en tradisies onverkort wou handhaaf (Latourette 1964:675). Hierdie vroeë pogings tot transformasie is gekenmerk deur die klem wat op die Skrif en prediking geplaas is, asook 'n toegewyde geloofslawe in navolging van Christus.

'n Klassieke voorbeeld van 'n transformerende benadering tot kerkwees is die **Kerkhervorming** in die 16e eeu. Luther, Zwingli en Calvyn se aanvanklike bedoeling was nie om 'n nuwe kerk te stig nie, maar eerder die bestaande kerk te transformeer volgens Skriftuurlike beginsels (Latourette 1964:701; Kärkkäinen 2002:50). Dit was eers nadat die Regensburg Colloquium (1541) misluk het, dat die reformatore besef het dat die breuk met Rome finaal was.

Die reformatore se transformerende benadering tot kerkwees word verwoord in die spreuk *ecclesia reformata, semper reformanda*.

Nog 'n voorbeeld van 'n transformerende benadering tot kerkwees vind ons aan die einde van die 19e eeu in Nederland. Dit het veral in die optrede van PJ Hoedemaker en A Kuyper sigbaar geword. Beide Hoedemaker en Kuyper het ingesien hoe siek en verswak die Nederlands Hervormde Kerk was (Botha 1989:14; Balke 1990:203).

P Hoedemaker het die kerklike organisasie van sy tyd (gebou op die 1816 Reglement) beskou as onwettig in oorsprong; onbybels in wese en verderflik in strekking. Hy het as oplossing vir die krisis van die kerk hom beywer om die Hervormde Kerk te reorganiseer en op te bou as belydende volkskerk wat onder die heerskappy van die Woord staan. Instrumenteel tot die rekonstruksie van die kerk was reorganisasie, dws die vervanging van die 1816 Reglement met 'n Kerkorde wat die volstrekke heerskappy van God in kerk en staat reflekteer.

Daarteenoor het **A Kuyper**, treurend (dolerend) oor die kerk, 'n afskeidingsbeweging gelei waar gemeentes deur vrye assosiasie tot stand kom.

Gemeentes is selfstandig georganiseer. Deur die plaaslike gemeente (kerk) het die Kerk van Christus konkreet gestalte gevind.

In dieselfde periode, rondom 1890, het predikante in **Duitsland** bekommerd geraak oor die onbetrokkenheid van 'n groot getal lidmate van die Duitse volkskerk (Nel 1994:9). Allerlei rekonstruktiewe maatreëls is getref. Die groot stadsgemeentes is in wyke verdeel, kontakpersone aangestel en allerlei programme (soos gereelde Bybelstudie) van stapel gestuur om nuwe lewe in die kerk te blaas.

Daar is reeds verwys na **Vaticanum II** wat beskou kan word as 'n poging tot kerklike vernuwing wat berus op 'n nuwe verstaan van die kerk.

Dokumente vanuit die **Ekumeniese Beweging** reflekteer 'n transformerende benadering tot kerkwees (vgl in die verband Faith & Order 1998 en 2005).

As laaste voorbeeld van 'n transformerende benadering tot kerkwees kan verwys word na die opkoms van **Gemeentebou** as sub-dissipline in Praktiese Teologie.

M Te Velde toon aan dat Gemeentebou teen 1930 in Nederland begin figureer, in pogings om die Nederlands Hervormde Kerk op te bou en die kerklike verval te stuit (vgl Te Velde 1992). Dit hang ten nouste saam met die werk wat Kraemer gedoen het sedert hy in 1940 deur die sinode van die Nederlands Hervormde Kerk aangewys is as voorsitter van die *Commissie voor kerkelijk overleg* (Balke 1990:221) asook die rol van die lidmaat in bediening (vgl in die verband Kraemer 1960).

G Heitink toon aan dat net in Nederland alleen, sewe benaderings tot gemeentebou identifiseerbaar is wat op een of ander wyse die transformasie van die kerk in die oog het (Heitink 2007:341). Daarop word nie verder ingegaan nie.

Self bepleit Heitink die transformasie en vernuwing van die kerk. Met transformasie bedoel hy *een radicaal veranderingsproses* (Heitink 2007:331). Dit gaan om 'n gedaanteverwisseling, om 'n *metamorphosis* (2 Kor 3:18) Sy

publikasie *Een kerk met karakter* (Heitink 2007) moet verstaan word as 'n poging tot omvattende transformasie van die kerk in die 21e eeu.

Vir Heitink (soos reeds aangetoon) gaan dit egter om meer as Gemeentebou; dit gaan eerder om *Ekklesiologie as kerkopbou* (Heitink 2007:25). Wat Heitink duidelik insien, is dat dit ten diepste om ons verstaan van kerkwees gaan. Programme, empiriese ondersoeke, bestuursprosesse en leierskap (soos te vind is in baie gemeentebou programme) sal nie die verval van die kerk stuit as daar nie vernuwend oor kerkwees gedink word nie. Enige proses van transformerende kerkopbou moet by 'n grondige Ekklesiologie begin.

In sy Ekklesiologie onderskei Heitink (soos talle ander teoloë) tussen die kerk as instituut en die kerk as gemeenskap (Heitink 2007:37-42). Dit is vergelykbaar met die bekende onderskeid tussen die kerk as instituut en die kerk as organisme wat (byvoorbeeld) by A Kuyper en H Berkhof aangetref word. Heitink meen dat transformasie van die *kerk as instituut* sowel as van die *kerk as gemeenskap* noodsaaklik is.

Op die institusionele vlak beskryf Heitink die noodsaaklike transformasie van die kerk se *doelstellings*. Hy identifiseer vier doelstellings te wete inkulturasie, integrasie, evangelisasie en organisasie.

Hy identifiseer ook vier *funksies* wat belangrik is vir die kerk as gemeenskap, te wete kontemplasie, kongregasie, partisipasie en inisiasie. Ook hierdie funksies verg ingrypende transformasie.

Aan die hand van hierdie vier doelstellings en vier funksies ontwikkel Heitink 'n konsentriese benadering tot kerkwees (Heitink 2007:338), wat manifesteer in 'n sentrifugale en sentripetale beweging.

Dit is ook belangrik om te let op die sterk pneumatologiese begroning van die kerk wat in Heitink se benadering sigbaar word. Daarin sluit hy by Moltmann, Van Ruler en Firet aan (Heitink 2007:41-42). Die kerk kan net in die kragveld van die Gees Kerk wees.

Die waarde van Heitink se bydrae is te vind in sy visie van 'n omvattende transformasie van die kerk, in teenstelling met fragmentariese benaderings wat net op enkele fasette van kerkwees fokus.

In België het **GL Goedhart** 'n belangrike bydrae gelewer met sy publikasie *Gemeente Opbouw* (Goedhart 1984). Daarin fokus hy op die gemeente as dienende, vierende, lerende en delende gemeenskap (Goedhart 1984:9). Verder fokus hy op die begeleiding van verandering, sodat die gemeente van Jesus Christus al meer kan word wat hulle reeds in Christus is (Goedhart 1984:13).

In die VSA is 'n enorme hoeveelheid navorsing op die terrein gepubliseer. Die *Church Growth Movement*, onder leiding van **D McGavran** en die *Fuller Theological Seminary* het oor dekades heen groot invloed uitgeoefen. In die *Church Growth Movement* literatuur vind ons by herhaling temas soos die plaaslike pastor as geroepe en bekeerde dienaar van Christus; die belang van die plaaslike gemeente; toerusting van lidmate en die missionêre aard van die gemeente se roeping en taak (sien as voorbeeld Miller 1986). Dit gaan om die groei, herstel, opbou en vestiging van kerke regoor die wêreld (McGavran 1955; McGavran & Wagner 1991).

Daar word deesdae sterk kritiek uitgespreek teenoor die *Church Growth Movement*. Daar is reeds verwys na A Hirsch se kritiek (Hirsch 2006:36). Volgens F Marais vertoon die *Church Growth Movement* die volgende kenmerke: Antroposentrië, modernisties, strategies, te veel klem op individuele redding en te min belangstelling in sosiale betrokkenheid (vgl epos korrespondensie aangehaal in Ungerer 2010:119-121).

Dit is veral McGavran se handhawing van klasse, tale, subkulture en kultuurgroepe as *homogenous units* wat beskou word as sosiologies, psigologies, missiologies, eties en eksegeties onhoudbaar (sien in die verband Van der Kolm 2001:122-125). Verdere kritiek word gerig teen McGavran se verstaan van kerkgroei as teken van God se seën en omgekeerd, die verleentheid by gebrek aan groei.

Ook **M Nel** handhaaf 'n bepaalde afstand ten opsigte van die *Church Growth Movement*. Vir Nel gaan dit eerder om die wese, doel en funksie van die gemeente (Nel 1994:11). Gemeentebou moet homself voortdurend aan die Ekklesiologie en *missio Dei* oriënteer.

In die VSA is talle voorbeelde van teoloë wat hulle intens besig hou met die kerk, kerklike bediening en die heropbou van die kerk. Twee van dié teoloë wat groot invloed in Suid-Afrika uitoefen, is **R Warren** met publikasies soos *Purpose Driven Church* (Warren 1995); asook die Lutherse teoloog **P Keifert** (Keifert 1992). In Suid-Afrika het talle gemeentes spontaan en op eie inisiatief Warren se benadering begin implementeer. Keifert oefen groot invloed in Suid-Afrika uit deur die werk van die **Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes** (SAVGG). Talle gemeentes behoort aan hierdie netwerk met gereelde *cluster* byeenkomste.

In Suid-Afrika het verskillende teoloë aan die transformasie van die kerk aandag gegee, veral deur (1) die unifikasieproses van verskillende kerke en (2) implementering van gemeentebou prosesse.

As voorbeeld hiervan dien **C Burger**, met sy bydrae tot die vak Gemeentebou (Burger 1991 en 1999) asook die leiding wat hy as Moderator van die NG Kerk geneem het in die pogings tot unifikasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Verenigde Gereformeerde Kerk. In die proses het talle dokumente die lig gesien wat handel oor die wese en doel van die kerk.

Verder het **M Nel** 'n groot bydrae tot gemeentebou gemaak, deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening, opleiding van studente en talle publikasies op die terrein.

Nel meen dat vernuwing in die kerk noodsaaklik is. Vernuwing is God se werk en God se wil (Nel 1994:15). Hy kwalifiseer vernuwing as vernuwing wat berus op die Woord van God, op die onderskeiding van die gemeente se identiteit in Christus en hulle roeping in die wêreld. In kort: *Die gemeente moet transformeer om te word wat dit reeds in Christus is....* Die kloof tussen die

kerk as gedefinieerde subjek en empiriese subjek moet vernou word (Nel 1994:13).

Daar is ook reeds verwys na die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes onder leiding van mense soos (onder andere) **F Marais** en **N Niemandt** wat 'n belangrike bydrae lewer tot transformerende kerkwees.

In die NHKA was dit veral **TFJ Dreyer** wat deur verskillende publikasies en as Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege leiding gegee het ten opsigte van transformasie in kerkwees en kerklike bedieningspraktyk.

Daar kan volstaan word met die waarneming dat 'n transformerende benadering tot kerkwees verskillende gestaltes aanneem. Die afgelope eeu was pogings om die kerk te transformeer uiteenlopend in benadering en resultate.

Almal wat hulle daarmee besig gehou het, het twee sake in gemeen: (1) Die kerk is steeds belangrik en moet opgebou word en (2) dit is noodsaaklik dat die kerk as instituut voortdurend transformeer, vernuwe, hervorm, verander. Dit impliseer 'n proses van de-institusionalisering maar ook weer her-institusionalisering. Soos reeds aangetoon, kan die kerk nie anders as om ook sigbaar, konkreet en struktureel gestalte te kry nie.

As dominante paradigma in hierdie benadering tot kerkwees dien die reformatoriese slagspreuk: *Ecclesia reformata, semper reformanda*.

'n Transformerende benadering tot kerkwees word deur sy eksponente beskou as wesenlik aan die kerk maar ook noodsaaklik vir die welwese van die kerk.

2.4. NIE-INSTITUSIONELE BENADERING TOT KERKWEES

*'n Derde benadering tot kerkwees plaas ek onder die opskrif **nie-institusioneel**.*

Hierdie benadering tot kerkwees se uitstaande kenmerk is 'n negatiewe beoordeling van tradisionele, institusionele vorme van kerkwees en die

standpunt dat die kerk as instituut die evangelie eerder verduister as verhelder. Daar word teruggegryp na Jesus en die vroegste, primitiewe Christelike kerk as die outentieke vorm van kerkwees.

As gevolg van hierdie benadering word daagliks nuwe Christelike geloofsgemeenskappe gevestig wat op 'n informele wyse versamel en funksioneer. Na beraming behoort reeds meer as 'n honderdmiljoen Christene aan nie-institusionele groepe.

Soos reeds aangetoon, onderskei **A Hirsch** tussen *apostolic mode of church*, *christendom mode* en *emerging-missional mode of church*. Die laaste twee is wat ek beskryf as *institusioneel en nie-institusioneel*.

Sy tipering van 'n *emerging-missional mode* is 'n goeie samevatting van 'n nie-institusionele benadering tot kerkwees.

Dit kan soos volg met mekaar vergelyk word (vgl Hirsch 2006:64):

	CHRISTENDOM MODE (313 AD TILL CURRENT)	EMERGING-MISSIONAL MODE (PAST 10 YEARS)
Locus of gathering	Buildings become central to the notion, and experience, of church.	Rejects the concern and need for dedicated "church" buildings.
Leadership ethos	Leadership by institutionally ordained clergy, thus creating a professional guild operating primarily in a pastor-teacher mode.	Leadership embraces a pioneering-innovative mode including a fivefold ministry-leadership ethos. Non-institutional by preference.
Organizational structure	Institutional-hierarchical and top-down notion of leadership and structure.	Grassroots, decentralized, movements.

Sacramental mode (Means of grace)	Increasing institutionalization of grace through sacraments experienced only “in church”.	Redeems, resacramentalizes, and ritualizes new symbols and events, including the meal.
Position in society	Church is perceived as central to society and surrounding culture.	Church is once again on the fringes of society and culture.
Missional-mode	Attractional (“etxtractional” in missional settings....)	Missional; incarnational-sending; the church re-embraces a missional stance in relation to culture.

Hirsch legitimeer sy nie-institusionele benadering tot kerkwees deur aan te toon dat dit grootliks ooreenstem met kerkwees in die tyd van die Nuwe Testament. Daarmee ontken hy nie die legitimiteit van bestaande kerke nie, maar beklemtoon dat ‘n institusionele benadering tot kerkwees is gedateer, oneffektief en *outmoded* (Hirsch 2006:65). Hy wil dus nie *anti-institusioneel* wees nie, maar beskou sy benadering as ‘n *holy rebellion* (Hirsch 2007:55).

Daarteenoor is **Viola & Barna** (2008) radikaal afwysend ten opsigte van ‘n institusionele benadering tot kerkwees. Viola se anti-institusionele benadering word duidelik wanneer hy skryf:

Not long after I left the institutional church to begin gathering with Christians in an organic way, I sought to understand how the Christian church ended up in its present state.

(Viola & Barna 2008:xiii)

So we would argue that on theological grounds, historical grounds, and pragmatic grounds, the New Testament vision of church represents the dream of God..... the beloved community that He intends to create and re-create in every chapter of the human story.

(Viola & Barna 2008:xix)

Viola & Barna gaan dan verder om *organic church* te tipeer as *a church that is born out of spiritual life instead of constructed by human institutions and held together by religious programmes. Organic churches are characterized by Spirit-led, open-participatory meetings and nonhierarchical leadership* (2008:xix).

Viola & Barna se standpunt ten opsigte van 'n institusionele vorm van kerkwees word finaal duidelik wanneer hulle skryf: *We are also making an outrageous proposal: that the church in its contemporary, institutional form has neither a biblical nor historical right to function as it does* (Viola & Barna 2008:xx). Hulle toon aan hoe kerke se gebruike en tradisies ten opsigte van kerkgeboue, kleredrag, eredienste, prediking, offergawes en ampte van die Nuwe Testament verskil.

Hirsch (soos bo aangehaal) meen dat die *missional* en *emerging* benadering tot kerkwees veral die laaste tien jaar na vore getree het. In die kerkgeskiedenis is 'n nie-institusionele benadering tot kerkwees egter nie onbekend nie. Verskeie voorbeelde daarvan kan genoem word, soos byvoorbeeld die Anabaptiste Beweging in die 16e eeu; die Morawiese Beweging (Graaf von Zinzendorf) en Evangeliese Beweging (John Wesley) in die 18e eeu; die Mukyokai Beweging in Japan (olv Kanzo Uchimura) in die 19e eeu asook die Shepherding Beweging in die 20e eeu (vgl in die verband Kärkkäinen 2002:163ev).

Dit is opvallend dat talle skrywers die geskiedenis in periodes klassifiseer en die 21e eeu aantoon as nie-institusioneel of post-christenheid (Niemandt 2007:13-15). Dit is meer korrek om in te sien dat die essensie van wat vandag as nie-institusioneel verstaan word, deur die hele geskiedenis van die kerk teenwoordig was. Die nie-institusionele benadering het veral in sektariese groepe en afskeidingsbewegings na vore gekom en is met geweld deur die kerk en owerhede onderdruk.

Met *nie-institusioneel* word dus verwys na die fenomeen van 'n nie-institusionele benadering tot kerkwees wat reeds vir eeue bestaan. Vanweë die subversiewe aard daarvan, is en word dit dikwels onderdruk en geïgnoreer.

In resente literatuur word verskillende byvoeglike naamwoorde gebruik word om 'n nie-institusionele benadering tot kerkwees te beskryf. Ek noem enkele daarvan:

- *Organic church (Organiese kerkwees)*. Die begrip *organies* word ontleen aan die biologiese wetenskappe. 'n *Organisme* is 'n lewende eenheid wat asemhaal en voortplant. Dit is deel van 'n ekosisteem, kan evolusionêr ontwikkel en voortdurend aanpas by nuwe omstandighede.
- *Emerging church (Ontluikende kerkwees)*. Die begrip *ontluikend* het te doen met plante wat uit sade voortkom, ontluik, groei en weer sade versprei sodat nuwe plate kan ontluik.
- *Liquid church (Vloeibare kerkwees)*. Die begrip *vloeibaar* het te doen met water (riviere) wat vloei en beweeg, wat lewe bring en nie stagneer nie.
- *Missional church (Missionale kerkwees)*. Die begrip *missionaal* fokus op die roeping van die kerk om die evangelie uit te dra. In hierdie benadering word die apostolaat nie as 'n funksie van die kerk gesien nie, maar word die kerk gesien as wesenlik missionaal en die produk van die *missio Dei*.
- *Free church (Vrye kerk)*. Die begrip *vrye kerk* fokus op die vrye assosiasie van gelowiges wat deur eie keuse en beslissing aansluit by 'n bepaalde geloofsgemeenskap.

Dit is nodig dat van die begrippe verder opgehelder moet word:

Die term *organies / organisme* is veral deur **A Kuyper** (1837-1920) bepleit (Trimp 1990:188ev). Hy het tussen die kerk as **organisme** en as **instituut**

onderskei (Kuyper 1870). Die gedagte word herhaal in sy *Dictaten Dogmatiek: Locus De Ecclesia* (Kuyper 1910).

Kuyper verstaan die term *organisme* as 'n lewende eenheid wat groei vanuit 'n *inwendige lewenskiem* (Trimp 1990:189). Samehangende terminologie wat Kuyper benut is woorde soos *groei, ontwikkeling, vryheid, lewensbeginsel, veelheid van vorme, skeiding van kerk en staat, onsigbare kerk, liggaam van Christus*.

Dit berus op Kuyper se oortuiging dat God die mensheid as 'n lewende organisme geskep het en dat die kerk, as nuwe en geredde mensheid, die voortsetting van die lewende organisme is.

Hierdie lewende organisme word sigbaar in die wêreld deur die lewe en optrede van gelowige, wedergebore mense.

Kuyper wys verder daarop dat die reformatoriese belydenisskrifte nie veel maak van die kerk as organisme nie, omdat die reformatore die fokus geplaas het op die gemeenskap van gelowiges wat deur die ware prediking versamel word. Die organiese eenheid met Christus is wel in verband gebring met die doop, waar die doophandeling die eenheid met Christus uitbeeld. Die samehang tussen wedergeboorte, doop, die eenheid met Christus en die kerk het egter min aandag gekry.

Die reformatore het dus (volgens Kuyper) nie 'n omvattende Ekklesiologie ontwikkel nie, maar dit beperk tot die *notae ecclesiae* van verkondiging, sakramente en tug.

Met verwysing na Ef. 4, Rom. 12 en 1 Kor. 12 bespreek Kuyper die kerk as lewende organisme en wys hy daarop dat die geskiedenis aantoon dat wanneer die kerk nie meer as organisme funksioneer nie, dit in institusionalisme verval en agteruitgaan (Kuyper 1910:26-27).

Die insig wat Kuyper bied, is dat hoe meer die kerk as instituut funksioneer, hoe minder beleef die kerk (lidmate) die organiese eenheid met Christus. Daarmee verloor die kerk sy lewenskragtigheid.

Kuyper het ook die selfstandigheid en belangrikheid van die plaaslike gemeente beklemtoon. Volgens Heitink het hy F Schleiermacher (1768-1834)

daarin nagevolg. Schleiermacher het groot waarde geheg aan die vrye kerk, gebaseer op die algemene priesterskap van die gelowige. Daarmee het Schleiermacher die aandag van die instituut na die gelowige individu verskuif (Heitink 2007:35).

Kuyper se optrede tydens die Doleansie het uiteindelik gelei tot afskeiding van die Nederlands Hervormde Kerk wat (volgens Kuyper) verval het in 'n doodse institusionalisme.

Met hierdie kort oorsig word dit duidelik dat baie van die gedagtes wat in die laaste twee dekades deur voorstanders van die organies-ontluikende benadering tot kerkwees verwoord word, reeds deur Kuyper verwoord is. Die praktiese implementering daarvan verskil egter radikaal.

N Niemandt het die gedagte van *emergent churches* of *ontluikende kerke* gedefinieer as 'n beweging wat gevoed word vanuit verskillende kerklike tradisies, wat innoverend en nuut kyk na kerkwees (Niemandt 2007:55). Dit neem organies gestalte aan en groei tot iets nuuts.

Niemandt beskou ontluikende kerkwees as 'n *prototipe vir kerkwees* in die 21e eeu.

Hy identifiseer, aan die hand Eddie Gibbs en Ryan Bolger van die *Fuller Theological Seminary* se analise nege geloofspraktyke wat tiperend is van ontluikende kerkwees (Niemandt 2007:61ev):

- Identifiseer met die lewe van Jesus Christus
- Transformeer die sekulêre lewe
- Beklemtoon kerklike gemeenskap
- Openheid teenoor vreemdelinge
- Diensbaarheid sonder bymotiewe
- Deelname deur gemeentede
- Kreatiwiteit
- Leierskap deur netwerke
- Antieke geloofswaarhede in 'n byderwetse kleed.

P Ward, in aansluiting by **Z Bauman**, verstaan *Liquid church* of *vloeibare kerk* as deel van 'n groter verskynsel wat *liquid modernity* genoem word (Bauman 2000; Ward 2002:16; De Groot 2007:240ev). Die huidige fase van modernisering word gekenmerk deur 'n vloeibare samelewing waarin vaste vorme en strukture stelselmatig verdwyn. In vloeibare moderniteit is netwerke belangrik (De Groot 2007:256).

Soliede moderniteit het 'n soliede kerk (institusionele kerk) tot gevolg gehad (Ward 2002:17ev). Soliede kerk word gekenmerk deur vaste strukture en eenvormigheid in terme van die erediens en bediening. Groot gemeentes is belangrik. Vergaderings, komitees en programme is van groot belang. Die kerk neem 'n historiese karakter aan. Dit bied herberg aan mense, waar hulle veilig kan wees en versorg kan word. Ward meen dat 'n vloeibare moderniteit na 'n vloeibare kerk vra.

Hy definieer dit soos volg:

If we are to envisage a liquid church, then movement and change must be a part of its basic characteristic. We need to let go of a static model of church that is based primarily on congregation and buildings. In its place we need to develop a notion of Christian community, worship, mission and organization that is more flexible and responsive to change. The idea of flow is central in this shift in emphasis.

(Ward 2002:41)

Ward voorsien dat 'n vloeibare benadering tot kerkwees sal berus op die konsep van *netwerke* (Ward 2002:41-43). Netwerke kan beskryf word as 'n vervlegting van sosiale eenhede wat op verskillende plekke aan mekaar vasknoop. Kommunikasie is fundamenteel belangrik vir netwerke.

Ook die kerk kan beskou word as 'n netwerk. Daarom is daar talle teoloë wat die standpunt inneem dat die kerk moet loskom van gemeentelike strukture. Christene moet volgens die opvatting in netwerke en groepe

versamel wat losweg verbind is diakonaal en missionaal in die wêreld diensbaar word en insidenteel saamkom vir lering, gebed en viering (De Groot 2007:257).

Na die Tweede Wêreldoorlog het al meer teoloë dit beklemtoon dat die kerk wesenlik *missionaal* is. Die apostolaat is nie net een van die take wat 'n kerk of gemeente verrig nie, maar is self die resultaat van die *missio Dei*.

Die term *missionaal* en *missionale kerk* het sy oorsprong in die VSA by 'n groep wat bekend geword het as *The Gospel and our Culture Network* (Hirsch 2006:81). Die GOCN het rondom die persoon van **L Newbigin** ontwikkel, wat na sy terugkeer uit Indië besef het hoe die Christelike geloof in die Westerse wêreld verval het. Missionale kerkwees het gefokus op die dialoog tussen geloof, kerk en kultuur. Die term het later baie meer vloeibaar geword en is vir 'n groot verskeidenheid van bewegings en benaderings aangewend.

Die naam van die Suid-Afrikaanse teoloog **D Bosch** moet ook in die verband genoem word. Bosch geniet wêreldwyd erkenning vir die wyse waarop hy die *missio Dei* uitgebou het tot een van die grondbeginsels van teologiese nadenke en kerkwees (vgl in die verband Bosch 1991).

Volgens Bosch was die invloed van **K Barth** van fundamentele belang om die idee van die *missio Dei* te vestig en ontwikkel. Barth het nie die presiese term gebruik nie, maar wel die inhoud daarvan verwoord. Barth se invloed op die ontwikkeling van die sending het sy hoogtepunt bereik by die Willingen Konferensie in 1952 (Bosch 1991:372).

Sending (en die roeping van die kerk) word verstaan vanuit die natuur van God, dit wil sê binne die leer oor die Triniteit. Die klassieke formulering van die *missio Dei* is dat die Vader die Seun na die wêreld stuur; die Seun stuur die Heilige Gees na die kerk en die wêreld.

Tydens en na die Willingen Konferensie is dit verder uitgebrei: God Drie-enig stuur die kerk na die wêreld. Die kerk en sending staan in die teken van God wat self met die wêreld op pad is (Bosch 1991:390).

Bosch gee die volgende definisie van die *missio Dei*: *Mission is not primarily an activity of the church, but an attribute of God. God is a missionary God* (Bosch 1991:390).

Ook Vaticanum II en die Ekumeniese Beweging het beklemtoon dat sending nie een van baie take is wat die kerk uitvoer nie; die kerk is in sy wese missionaal (Kärkkäinen 2002:151).

Eksegetiese studies wat na die Tweede Wêreldoorlog die lig gesien het, het groter duidelikheid gebied oor die missionêre karakter van die Christelike gemeente (Van Swigchem 1955:9).

Die *missio Dei* is verder deur **A Hirsch** ontwikkel. In sy missionale Ekklesiologie word die kerk verstaan as *missional-incarnational* (Hirsch 2003:17). Die kern van missionale kerkwees is te vind in die inkarnasie van die kerk (Hirsch 2003:33). Die kerk moet as liggaam van Christus in die wêreld gestalte aanneem. Die kerk moet die beeld van Christus vertoon.

2.5. HISTORIESE EKSKURS: INSTITUSIONALISERING

Die onderskeidende kriterium wat hierbo in die Histories-vergelykende Ekklesiologie aangewend is, is *institutionalisme*. Dit is vervolgens nodig, by wyse van 'n kort historiese ekskurs, om aandag te gee aan die fenomeen van kerklike institutionalisering.

Die kerk het deur die eeue 'n gedaanteverwisseling en verandering in karakter ondergaan (Koekemoer 1995:601). Dit het verander van 'n lewende gemeenskap en dinamiese beweging, tot 'n instituut wat in vaste strukture gestol het.

GJ Heering tipeer hierdie oorgang (van beweging tot instituut) as die *sondeval van die Christendom* (Heering 1928).

Daarom wys **E Brunner** daarop dat die identifikasie van die *ekklesia* van die Nuwe Testament met die kerk as instituut, op 'n groot misverstand berus (Brunner 1960:34).

Dit beteken nie dat die sigbare kerk en kerklike strukture onbelangrik is nie. Intendeel: Die Kerk van Christus *moet* in die wêreld sigbaar en diensbaar word om met Woord en daad van God se genade en liefde te getuig.

Hierdie dienswerk en getuienis word op 'n menslike wyse georganiseer. So manifesteer die Kerk van Christus in tyd en ruimte en vertoon dit in meerdere

of mindere mate die eienskappe van 'n menslike organisasie (vgl De Groot 2007:30-33). Dit word egter problematies wanneer die kerk as instituut op die voorgrond staan. In die praktyk gebeur dit dikwels dat die wesenlike van kerkwees op die agtergrond skuif en verdring word deur struktuur, organisasie, programme en finansies.

Historiese gesproke, is daar enkele faktore wat bygedra het tot die proses van institusionalisering. Die faktore is die volgende:

FAKTOR 1: VAN MAGTELOOS TOT INVLOEDRYK

Jesus Christus het verkondig dat die koninkryk van God naby is en dat die mense hulle moet bekeer. Jesus het nie die kerk as instituut - met sy geboue, strukture, kanonieke Bybel, belydenisskrifte, teologiese opleiding, kerkordes, ampte en vergaderings - gestig nie (Küng 1976:43 ev; Van Aarde 1995:626-629).

Selfs bekende tekste soos Johannes 21:15-17 waar Jesus Petrus opdrag gee om sy skape te laat wei en Matteus 16:17-19 waar Petrus verneem dat hy die rots sou wees waarop die kerk gebou sal word, dui nie op die vestiging van 'n 'kerk' nie. **A van Aarde**, asook **H Conzelmann** en **A Lindemann**, meen dat die tekste nie histories na Jesus teruggevoer kan word nie (Van Aarde 1995:631; Conzelmann & Lindemann 1980:401ev).

Daar is ook geen *historiese gronde* om die stigting van die kerk aan Jesus (of aan die apostels) toe te skryf nie (Bakhuizen van den Brink 1979:30-31; Vermes 1993:214-215). Die kerk, in sy sigbare gestalte, is dus nie "gestig" nie. Daar bestaan egter tegelykertyd 'n diskontinuiteit en kontinuïteit tussen Jesus, die vroeë Jesus-beweging en die kerk (Van Aarde 1995:632-633).

Die ontstaan van die kerk kan dus nie teruggevoer word na 'n "stigtingsgebeure" nie, maar moet eerder as 'n *proses* of *beweging* verstaan word (Schillebeeckx:1974:38). Die vroeë volgelinge van Jesus is aangegryp deur sy alternatiewe wysheid wat verwoord is in kernagtige spreuke en die metaforiese verstaan van die koninkryk van God as 'n nie-hiërargiese,

denkbeeldige huishouding waarin al die lede van die huishouding op 'n gelyke wyse toegang tot die Vader het (Van Aarde 1995:629).

Die *huishouding van God* as metafoor vir die kerk was in die vroeë kerk van besondere belang, en het sy oorsprong in Jesus se eie verstaan van God as Vader (Van Aarde 1995:634).

Van Aarde toon verder aan wat die vereistes is (aan die hand van 'n sosiologiese ondersoek) vir 'n beweging om te verander in 'n faksie, dan 'n sekte en uiteindelik 'n kerk. Hierdie voorwaardes is gunstige omstandighede, nuwe visie, verwagting op sukses en ruimte vir verandering. Wanneer die voorwaardes bestaan gaan 'n groep deur 'n vormingsfase; deur 'n stormagtige periode van grensoorskreiding; samehorigheid op grond van bepaalde beginsels kom tot stand en dit lei tot aksie. In die hele proses is daar altyd die moontlikheid van ontbinding (vgl Van Aarde 1995:633-638). Ontbinding word 'n werklike moontlikheid wanneer 'n beweging stol in strukture (institusioneeliseer).

Die eerste tekens van kerklike organisasie wat ons in die Nuwe Testament vind, staan nie in die eerste plek as *imperatief* opgeteken nie, maar as *indikatief*. Ons lees byvoorbeeld dat die dissipels reeds vroeg, in die oergemeente in Jerusalem, diakens aangewys het om die versorging van die armes te behartig (Hand 7), terwyl die apostels meer aandag aan gebed en die verkondiging van die Woord gegee het. Daardeur is nie 'n struktuur of organisasie geskep nie, maar uitdrukking gegee aan die Christelike liefde.

Ons lees ook dat die vroegste Christene vergaderings gehou het, oor leerkwessies beslis het en besluite geneem het oor verskillende werkterreine (Hand 15). Ook dit kan nie beskou word as 'n institusionele handeling nie.

Die briewe in die Nuwe Testament gee 'n vlugtige beeld van hoe die vroegste kerk diensbaar was. Die gawes van die Gees, wat sigbaar word in dienswerk, het eers later in formele ampte verander.

Spesifieke sake het in die vroegste gemeentes aandag ontvang, byvoorbeeld die erediens (1Kor 14); dissipline (1Kor 5-10); versorging van die armes en weduwees (Hand 6); sending (Fil 1:5); finansies (Fil 4:15ev) en die

verhouding met die owerheid (Rom 13). Daar was egter geen vaste vorme of voorskrifte nie. Dit het eers heelwat later, in die vroeë katolieke periode (180-250nC), op vaste bane beland.

Jesus se volgelinge het rondom die Middellandse See versprei en orals in geloofsgemeenskappe versamel. Leiers is aangewys. Gelowiges, volgens hulle gawes, het bepaalde dienswerk gelewer. Christene het in klein groepies versamel en aanbid, gewoonlik in iemand se huis.

Christene is met tye vervolgd en doodgemaak. Die bekendste vervolgings het plaasgevind tydens die regeringstyd van keiser Nero (1e eeu) asook Diocletianus (3e eeu). Dit het meegebring dat die kerk dikwels in die geheim moes funksioneer.

Dit wat ons vandag as vanselfsprekend beskou - kerkgeboue, kerklike organisasie, teologiese fakulteite en die kanonieke Bybel - was grootliks afwesig.

Ten spyte van die oënskynlike swak posisie waarin hulle verkeer het, het die getal Christene in die eerste eeue stelselmatig gegroei en toegeneem. Daar was verskeie redes waarom Jesus se volgelinge in die eerste drie eeu so vinnig vermeerder het (vgl Stark 1997:161-162; Hirsch 2006:18-22; Viola & Barna 2008:246-250):

- Die vroeë Christene het nie getwyfel aan die bestaan van God of die evangelie van Jesus Christus nie. Hulle was só oortuig daarvan dat hulle daarvoor gesterf het.
- Die Christene het verkondig dat God mense liefhet, dat ons mekaar moet liefhê en hulle het die liefde ten koste van hulleself teenoor alle mense – ongeag wie hulle is – uitgeleef.
- Die evangelie was nie 'n teorie nie, maar 'n lewenswyse. Hulle het 'n unieke lewenstyl gehandhaaf. Dit word byvoorbeeld sigbaar in die wyse hoe Christene met die huwelik en gesin omgegaan het. Mans het byvoorbeeld nie die algemene gebruik nagevolg om hulle vrouens te dwing om aborties te ondergaan of van kinders ontslae te raak nie.

- Hulle was bereid om, selfs ten koste van hulle eie lewe, mense in nood te help.
- Die eenheid met Christus in sy dood en opstanding is eksistensiële beleef.
- Die Christelike geloofsgemeenskappe was losweg versprei rondom die Middellandse See en het nog nie in vaste strukture gestol nie, maar het vloeibaar en aanpasbaar gebly.
- Daar was sinvolle en aangrypende rituele - onder andere 'n inisiasie ritueel wat in die doop sy hoogtepunt gevind het.
- Die amp was nog nie “geprofessionaliseer” nie en die verkondiging van die evangelie is hoofsaaklik deur “gewone” mense behartig, dikwels deur diakens.
- Dit het gegaan om die eenvoudige en essensiële vereistes van dissipelskap: Geloof, gebed en getuigenis deur woord en daad.

Die sosiaalwetenskaplike, **R Stark**, meen dat die getal Christene soos volg gegroei het (Stark 2007:312):

JAARTAL	GETAL CHRISTENE (BY BENADERDING)	UITGEDRUK AS % VAN DIE ROMEINSE RYK
50 nC	1 000	-
100 nC	7 000	-
150 nC	40 000	0,07
200 nC	200 000	0,35
250 nC	1 100 000	1,9
300 nC	5 900 000	9,9
350 nC	31 700 000	52,9

Opmerklik in die tabel, is hoe vinnig die kerk gegroei het na Konstantyn keiser geword het. Konstantyn het na die dood van sy vader (306 nC) die troon bestyg maar is nie onvoorwaardelik as keiser erken nie (Latourette 1964:91-

92). Die proses sou eers in 323 nC afgehandel wees. Die Romeinse Ryk is deur 'n interne magstryd verdeel en die groot getal Christene het 'n belangrike politieke faktor geword. Dit was veral só, omdat die Christene in die belangrike stede van die Romeinse Ryk gesentreer was.

As gevolg van die steun wat die Christene aan hom kon bied, het Konstantyn in 313 nC die Edik van Milaan afgekondig waarmee amptelike erkenning aan die Christelike geloof gegee is. Daarmee het 'n nuwe bedeling tot stand gekom wat die aard en karakter van die kerk onherroeplik verander het.

Na die Edik van Milaan het die getal Christene dramaties toegeneem. Die erkenning en beskerming van die Christelike geloof deur die Romeinse keiser het vinnige groei moontlik gemaak, maar tegelykertyd die kerk ingrypend verander. Teen 350 nC was die Christene die meerderheid in die Romeinse Ryk. Dit het aan die kerk mag en aansien gegee. Spoedig het die kerk volledig as instituut gefunksioneer. Deur die eeue is die kerklike organisasie en strukture al meer versterk.

Volgens **A Hirsch** (2006:59-60) het die institutionalisering van die kerk toenemend sigbaar geword in:

- die verbintenis tussen kerk en staat;
- die hiërargiese ampstruktuur en die magsposisie van die pous;
- die konsilies en kanonieke reg;
- die kerk se invloed op die owerheid en beheer oor die regbank;
- die vestiging van Sondag as heilige dag;
- die verpligte kinderdoop as teken van inlywing in die kerk en Christelike samelewing;
- die vestiging van die “ortodoksie” as die algemene geloof wat almal onderskryf;
- die onderskeid tussen die ampte en lidmate van die kerk;
- die oprigting van kloosterordes
- die kerk se ongekende rykdom wat sigbaar geword het in die oprigting van aangrypende mooi kerkgeboue en katedrale.

Dit is duidelik dat groei in getalle 'n belangrike bydraende faktor tot die proses van institusionalisering was. Die kerk het mettertyd 'n identifiseerbare entiteit binne die sosiale struktuur van die Romeinse Ryk geword. Die klein groepies Christene wat aanvanklik in grotte, katakombes en privaat huise (vgl Viola & Barna 2008:9-15) bymekaar gekom het, het 'n al groter groep geword met geboue, mag, invloed en vaste strukture.

Die kerk het verander van 'n gemarginaliseerde minderheid tot die sentrale meerderheid. Dit het politieke en sosiale konsekwensies vir die Romeinse Ryk gehad.

Daar het nie net 'n *politieke* magstryd uitgebreek nie, maar ook 'n *kerklike* magstryd. Die belangrikste kerklike sentra (Aleksandrië, Antiochië, Konstantinopel, Jerusalem en Rome) en hulle biskoppe het met mekaar gebots oor leer en invloed. Dit het gelei tot die ontwikkeling van selfstandige en eiesoortige strukture, identiteit en kerklike praktyke. Uiteindelik het Rome en Konstantinopel as twee sentra na vore getree, wat kerklike ontwikkeling in die weste en ooste van die Romeinse Ryk gedomineer het.

Onderlinge konflik is aangevuur deur leerstellige verskille. Dit het kerklike vergaderings en konsilies nodig gemaak, omdat duidelikheid oor die suiwer leer verkry moes word.

Institusionalisering was nie net die gevolg van uiterlike strukture wat belangrik geword het nie, maar ook die gevolg van 'n verskuiwing in denke. Die evangelie van Jesus Christus het sy karakter as gebeure verloor. Die evangelie is al meer verstaan in terme van 'n noukeurig geformuleerde sisteem van geloofsreëls (Bosch 1991:194ev). Die "waarheid" was nie meer 'n Persoon nie, maar is geformuleer in abstrakte idees (Guder 2000:107).

As gevolg van 'n groei in getalle, dominante magsposisie in die Romeinse Ryk, gevestigde strukture, goeie organisasie en veranderende denksisteme het die kerk teen 400 nC 'n metamorfose ondergaan: Van magteloos tot invloedryk, van 'n beweging wat Jesus as Leermeester volg tot 'n instituut met vaste strukture.

FAKTOR 2: CORPUS CHRISTIANUM

Met die Edik van Milaan begin 'n era in die geskiedenis van die kerk, waarvan die uitstaande kenmerk die verweefdheid van kerk en staat was (Hirsch 2006:59). Hierdie verbintenis is geformaliseer toe Keiser Konstantyn die Christelike geloof gewettig het en Keiser Theodosius I dit in 380 nC as staatsgodsdienst verklaar het. Die godsdienst van die keiser was ook die godsdienst van die onderdaan. Ander godsdienste is verbied (Heitink 2007:33). Die Christelike keiser het toegesien dat die evangelie deur die hele ryk versprei, selfs deur van geweld gebruik te maak.

Dit het die tydperk van die *corpus christianum* ingelei, waar die liggaam van Christus nie net die kerk omvat het nie, maar die totale Christelike samelewing onder heerskappy van die Christelike vors en die biskoppe van die kerk. As dryfkrag agter die *corpus christianum* het die Christelike godsdienst 'n dominante invloed uitgeoefen in die vorming van die Westerse kultuur en beskawing (sien in die verband Durant 1950).

Die kerk en die Christelike vors het die belangrikste instellings van die samelewing geword. Die institusionalisering van die kerk is deur eeue heen uitgebou omdat die kerk en staat al meer verstrengel geraak het (Heitink 2007:33). Die kerk het oor al meer mag beskik. By tye was die pous selfs ook die keiser van die Romeinse Ryk.

Die *corpus christianum* het sonder onderbreking vir 15 eeue bly voortbestaan. Regdeur die Middeleeue, Renaissance en Kerkhervorming het die kerk sy invloed en magposisie behou en is die kultuurchristenheid verder uitgebou. Aan die begin van die 16e eeu het die posisie van die kerk onaantasbaar gelyk. Die Rooms Katolieke Kerk as instituut het 'n dominante rol in Wes-Europa gespeel.

Binne hierdie konteks het **M Luther** in 1517 hom teen die Roomse aflaathandel verset. Teologies het Luther se verset gegaan oor die vraag: *Hoe vind ek, as sondaar, genade by God?* Kerklik (institusioneel) het dit egter om 'n ander vraag gegaan: *Wat is die mag en die reg van die pous?* Die Roomse kerk

het Luther se kritiek teen die aflaathandel nie in die eerste plek as 'n leerstellige kwessie beskou nie, maar as 'n aantasting van die pous se mag en sy reg om iets soos die aflaatbriewe beskikbaar te stel (Botha, CJ 1991:136-138). Die *kerk as instituut* was op die spel. Die gevestigde strukture en organisasie is bedreig.

Omdat Luther die instituut met sy instellings en strukture bedreig het, is hy geëkskommunikeer. Hierna het die Kerkhervorming as 'n *beweging* op dreef gekom. Duisende mense het daaraan deelgeneem. Hulle het geïdentifiseer met die waardes en die leiers van die Kerkhervorming.

Spoedig het die Kerkhervorming, wat as versetbeweging begin het en eietyd as revolusionêr beskou is, nogmaals in institusionele strukture gestol. Die Lutherse, Calvinistiese en Anglikaanse kerke het (onder voortgaande invloed van die *corpus christianum* denke) as nasionale – en volkskerke gevestig geraak. Hierdie kerke het teenoor die mag van die pous en die Rooms Katolieke Kerk stelling ingeneem. Nuwe strukture, ampte, belydenisskrifte en kerkordes is geskep.

J Calvyn het van die kerk as *moeder* en *heilsnoodsaaklike instituut* gepraat (Inst.IV.1.5.). Dit het gebou op sy onderskeid tussen die *sigbare* en *onsigbare* kerk. Die onsigbare kerk is die gemeenskap van ware uitverkorenes en gelowiges. Net God ken en bepaal die omvang van die onsigbare kerk. Daarteenoor staan die sigbare kerk as *corpus permixtum*, maar steeds as heilsnoodsaaklike instituut.

Calvyn het as regsgeleerde daarin geslaag om 'n nuwe kerkorde en ampstruktuur te skep wat tot vandag 'n wesenlik invloed op die funksionering van reformatoriese kerke uitoefen en steeds van groot waarde is. Maar dit het ook daartoe bygedra dat die institusionele denke tot in die diepste weefsel van reformatoriese kerke gevestig is en dat die *corpus christianum* in Protestantse gebiede en reformatoriese kerke bly voortleef het.

In die Calvinistiese Kerkhervorming het 'n besondere band tussen kerk, volk en owerheid ontwikkel (vgl. In die verband Dreyer 1995). Dit het gelei tot die voortsetting van die *corpus christianum* en die vestiging van volkskerke en staatskerke.

Daar word hier (ter wille van die argument) enkele voorbeelde van Calvinistiese nadenke oor die saak aangebied, aangesien dit van besondere belang is wanneer verder oor die NHKA se volkskerklike kerkbegrip gehandel word.

Haitjema (aan die hand van Bohatec se uiteensetting) beskou die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid as die kern van Calvyn se staatsbeskouing (Haitjema 1957:1137). In hierdie beskouing vorm die volk die liggaam, die owerheid die hoof en die kerk die hart van een lewende organisme. Calvyn het die totale bevolking van Genève as Christene en lidmate van die kerk beskou. Genève het bestaan uit een volk, een owerheid en een kerk. Die hele stad is in wyke opgedeel en ouderlinge moes in elke wyk huisbesoek doen om toe te sien dat almal hulle in leer en lewe gedra.

Elkeen was verplig om hom aan die burgerlike - sowel as kerklike regering te onderwerp, want almal was tegelykertyd lidmate van die kerk en burgers van die staat. Calvyn het op grond van sy verstaan van die verbond 'n teokratiese visie van die *respublica christiana* ontwikkel (Pont 1986:32)

'n Tweede voorbeeld: In 1561 het **G De Breye** 'n belydenisskrif opgestel. Dit het ooreengestem met die Franse Geloofsbelydenis waarin Calvyn 'n groot aandeel gehad het. Dit is waarskynlik in 1563 deur 'n geheime sinode van die Kerk onder die Kruis as geloofsbelydenis aanvaar. Die Sinode van Antwerpen het dit in 1565 volledig hersien en as belydenis aanvaar. In Artikel 36 van die *Confessio Belgica* lees ons *Credimus benignum illum Deum nostrum, ob generis humani depravationem, Reges, Princeps et Magistratus constituisse; ac velle, ut mundibus legibus et certa politia gubernetur ad confusionem hominum coërcendam utque omnia inter homines recto ordine gerantur.....* (vgl teks in Bakhuizen van den Brink 1940:135). Dit is duidelik dat die owerheid, deur God ingestel, nie net verantwoordelik is om goeie orde onder die landsburgers te handhaaf nie, maar ook ter wille van die kerk te regeer.

'n Derde voorbeeld: **T Beza** was Calvyn se opvolger in Genève. In sy *De iure magistratum in subitos, et officio subitorum erga magistratus* (Beza [1574]1956) bou hy die Calvinistiese staatsbeskouing verder uit. Hierdie dokument het oor eeue heen groot invloed uitgeoefen, onder andere in

Nederland en tydens die opstel van die Amerikaanse Grondwet (vgl in die verband Murray 1962).

In teenstelling met beroemde regsgeleerdes soos Andrea Alciati by wie Calvyn in 1529 in Bourges studeer het (Cottret 2000:23), verwerp Calvyn en Beza die *ius majestatis* en stel Beza dat 'n volk nie ter wille van 'n vors bestaan nie, maar regeer 'n vors ter wille van sy volk (Beza [1574]1956:30). Hierin word die vroeë demokratiese denke, wat kenmerkend van die Calvinisme is, duidelik sigbaar.

As voorbeeld gebruik hy die volk Israel, wat bestaan het lank voordat die koningskap met Saul se kroning ingestel is. Hy wys verder daarop dat koning Saul, en ook Dawid, deur die wil van die volk daargestel is. Hierdie voorrang wat die volk bo die owerheid geniet, word ook in die geskiedenis van verskillende volke bevestig, in die natuurreg en deur filosowe soos Aristoteles en Plato (Beza [1574]1956:31).

Volgens Beza is God die oorsprong van alle owerhede en magte. In die verband word na Romeine 13 verwys. Die doel waarom God owerhede daargestel het, is om die kwaaddoeners te straf en in toom te hou, en die wetsgehoorsame mense en die kerk van Christus te beskerm (Beza [1574]1956:31). Daarom moet die kerk en die volk die owerheid, as dienskneg van God, respekteer.

Die owerheid moet volgens Beza aan God onderhorig wees. God roep die owerheid in aansyn en gee die wet aan hulle. Hierdie goddelike wet is in die Heilige Skrif vervat. Die owerheid se primêre taak is dus nie om wette uit te dink nie, maar om die goddelike wet toe te pas. Daarom staan die owerheid altyd onder die wet, en kan die owerheid nooit bo die wet verhef wees nie (Beza [1574] 1956:42). Die owerheid en vorste is dus nie die bron van die wet nie, maar God self.

Met hierdie staatsbeskouing het Calvyn en Beza bygedra tot die voortsetting van die *corpus christianum*.

'n Vierde voorbeeld: Die debat oor die verhouding tussen kerk, volk en owerheid het tussen 1600 en 1660 in **Engeland** sy hoogbloei bereik. Daar het 'n

enorme hoeveelheid publikasies die lig gesien wat gepleit het vir *godly rule, godly government, godly bishop, godly nation and godly parliament* (vgl in die verband Lamont 1969).

Met hierdie enkele voorbeelde word dit duidelik dat die *corpus christianum* gedurende die 16e en 17e eeu in die Protestantse gebiede voortbestaan het en verder uitgebou is. Dit was net sommige van die radikale Doperse groepe wat die gesag van die wêreldse owerhede verwerp en probeer het om “suiwer” geloofsgemeenskappe te vestig. Die reformatore, daarenteen, het die opkomende nasionale state in Europa aan die hand van hulle teokratiese werklikheidsverstaan gestruktureer en uitgebou.

Die ideaal van *een kerk, een volk, een owerheid* (die kern van die *corpus christianum*) is nie net deur Protestante nie, maar ook deur Roomse kerk en owerhede nagestreef. In talle gebiede het dit ‘n verbete magstryd tussen Roomse en Protestantse burgers en politieke leiers tot gevolg gehad.

Die godsdiensoorloë, wat in die eerste dekades van die 17e eeu gewoed het, het gelei tot onbeskryflike lyding, armoede, hongersnood en die dood van miljoene mense in Wes-Europa (Pillay 1991:177).

Die verwoesting, geweld en armoede het gelei tot ‘n massale migrasie van mense na die Nuwe Wêreld, wat in dié tyd deur ontdekkingsreisigers toeganklik gemaak is.

Die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) het in 1652 aan die suidpunt van Afrika ‘n verversingspos vir sy skepe gevestig.

In 1688 het Franse Hugenote, wat gevlug het vir die godsdienstryd in Europa, hulle aan die Kaap gevestig. Die Hugenote was nie net bekend vir hulle godsdienstige oortuigings nie, maar ook vir hulle demokratiese en republikeinse sentimente. Dit het later duidelik geword in die geskifte en optrede van die Kaapse Patriotte (vgl Beyers 1967).

Beide die Nederlandse en Franse nedersetters was oortuigde Calviniste. Byna vanselfsprekend het die verbintenis tussen kerk, volk en owerheid - as grondpatroon van die samelewing – aan die Kaap gevestig geraak (vgl Dreyer 1995).

Soos reeds aangetoon het alternatiewe vorme van Christelike gemeenskappe, in reaksie teen kerklike institutionalisme en die verwoestende magstryd, na vore gekom. Konventikels, huisgemeentes en Bybelstudiegroepe wat los van (en somtyds teenoor) staatskerke funksioneer, het 'n bekende verskynsel geword.

FAKTOR 3: MODERNISME

Die Modernisme het (wat die kerk betref) soos 'n dreigende wolk op die horison verskyn. Die magsposisie van die kerk is ondermyn en die *corpus christianum* is stelselmatig vernietig. Die effek van Modernisme en die modernisering van die samelewing is deur **G Heitink** aangetoon (Heitink 1993 [2000]:45-52).

Een van die uitstaande kenmerke van die Modernisme, is die rol van **wetenskap en tegnologie**. Die mens het sy omgewing deur tegnologie bemeester. Die lewe word deur tegnologie veiliger en makliker gemaak. God word nie meer benodig om gelukkige te kan lewe nie. **D Bosch** kom tot die gevolgtrekking dat *the advance of science and technology and, with them, the worldwide process of secularization seem to have made faith in God redundant* (Bosch 1991:3, vgl ook 262-274). Nie net het geloof in God oorbodig geword nie, maar daarmee saam die kerk as geloofsgemeenskap.

Dit was veral tydens die **Verligting** (17e en 18e eeu) dat die kerk en geloof aan ernstige kritiek onderwerp is. Filosofe en wetenskaplikes, in modernistiese en positivistiese hubris, kon selfs tot die gevolgtrekking kom dat God dood is. **K Barth** tipeer die Verligting as *den optimistischen Versuch des Menschen das Leben mittels seines Verstandes zu meistern* (Barth 1947:16).

Hierdie rasionalistiese magsgreep op die werklikheid, wat ook in die teologie-as-wetenskap sigbaar geword het, het 'n kritiese houding teenoor enige vorm van dogma, godsdienstigheid en kerklikheid laat posvat. Die kerk en godsdien is as onredelik (en selfs belaglik) verwerp (Dreyer 1951:12). Denkers soos Voltaire (1694-1778) en Diderot (1713-1784) het op grond van rasonele oorwegings probeer aantoon dat die

Christelike geloof innerlike en logiese teenstrydighede bevat. Hierdie kritiek is in daaropvolgende eeue deur talle filosowe en akademici voortgesit.

Die eksponensiële groei in die mens se kennis en tegnologiese vermoëns, het gelei tot die modernisering van vervaardigingsprosesse en duisende nuwe fabriek wat in produksie gegaan het. Die **Industriële Rewolusie** het miljoene mense na die stede gelok (Pillay 1991:187ev). Die tipiese agrariese gemeenskappe met 'n vaste ritme van seisoene en die weeklikse besoek aan die kerk, in afhanklikheid aan God, was vir baie mense iets van die verlede.

Die kerk daarenteen, het volhard met die dieselfde patroon. Van mense is verwag om op 'n Sondag die kerk te besoek - selfs in omstandighede waar fabriek sewe dae per week in produksie was. Vaste strukture en die oortuiging dat 'n Sondag die enigste heilige dag is, het veroorsaak dat die kerk oor eeue heen die stadsmens aan sy lot oorgelaat het. Die proses van industrialisasie en verstedeliking is steeds aan die gang, veral in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika. En die kerk vind dit steeds baie moeilik om tred te hou met die mense wat noodgedwonge deel is van dié proses.

Aan die einde van die 18e eeu, na die Franse Rewolusie, het die **politieke landskap** in Europa onherroeplik verander. Die koning is vervang met 'n demokrasie en parlement. Dit het die tradisionele instellings en gesagstrukture (ook van die kerk) afgebreek. Na die Dertigjarige Godsdiensoorlog (1648), maar veral ook die Franse Rewolusie (1783) het die skeiding van kerk en staat al meer die norm geword. Die kerk het toenemend sy magposisie verloor. Godsvryheid het 'n algemeen aanvaarde beginsel geword (Pillay 1991:176ev).

Opvallend genoeg, was dit juis die verwoesting in die naam van die kerk en godsdienst wat die beginsel van geloofsvryheid aanloklik gemaak het en ook talle mense van die kerk vervreem het. Die skeiding tussen kerk en staat was die doodsklok vir die *corpus christianum*, hoewel die verband tussen kerk, volk en owerheid in verskeie lande nog vir 'n tyd voortgeleef het. Die *corpus christianum* het *de iure* tot 'n einde gekom, maar in baie gevalle *de facto* bly voortleef.

Met die opstel van 'n Handves van Menseregte, ontwikkeling van universele menseregte en 'n uitgebreide regstelsel, het mense nie meer nodig gehad om in die Bybel te soek na 'n **waardesisteem** nie. Die vraag na reg en verkeerd, na goed en

kwaad, is deur filosowe, politici, regsgeleerdes en kunstenaars beantwoord. Die deursnee burger het groot waarde aan redelikheid, ordentlikheid en die innerlike goedheid van die mens geheg. Hy het hierdie wêreld met al sy goeie gawes aanvaar en geniet. Burgerlike godsdienst het in diens van welvoeglikheid gestaan.

PS Dreyer meen die behoefte aan 'n gelukkige bestaan na die dood, was (en is) nie hoog op die agenda nie. In sulke omstandighede was baie mense eerder vanweë sosiale dwang of tradisionele gebruik lidmaat van die kerk, as vanweë oortuiging (Dreyer 1951:3-13).

Met die **sekularisering** van die samelewing en groter geloofsvryheid in die 19e en 20e eeu, het burgerlike godsdienst onder druk gekom en het die kerk begin om miljoene lidmate te verloor (Bosch 1991:3).

Ontdekkingsreisigers het nuwe wêrelddele ontdek. Kolonies is gevestig en handelsroetes geopen. Dit was die begin van 'n globale ekonomie maar meer nog - 'n omvattende **globalisering**.

Opsommend kan gestel word dat modernisering en verandering dit vir die kerk bykans onmoontlik maak om 'n toepaslike bediening in stand te hou.

Die kerk het op verskillende maniere op die Modernisme gereageer, wat verdere institusionalisering in die hand gewerk het:

- Eerstens het die kerk (en teologie) die Modernisme aangegryp en probeer om die kerk (en teologie) op wetenskaplik-positivistiese wyse te bedryf (Pillay 1991:212ev).
- Op 'n tipies modernistiese wyse is gepoog om probleme op 'n meganiese wyse op te los. Daar is gefokus op beheer, kontrole, begrotings, bestuur en strategiese beplanning. Dit het die institusionalisering van die kerk verder versnel (Niemandt 2007:39ev).
- Die kerk het die Modernisme as 'n enorme bedreiging ervaar. In sulke omstandighede is organisasies gestig wat die Christelike samelewing moes red en verdedig. Talle organisasies wat moes sorg vir Christelike onderwys, sending, maatskaplike dienste, jeug, vroue, politiek, publikasies en vele meer is gestig. Ook

dit het die verdere institutionalisering en versuiling van die kerk en samelewing bevorder (Heitink 2007:51ev).

FAKTOR 4: KONVERGENTE DENKSISTEME

Die 20e en 21e eeu word gekenmerk deur diversiteit en 'n konvergensie van verskillende denksisteme. Prakties beteken dit dat baie lidmate en ampsdraers steeds premodernisties dink, die kerk (as instituut) vasgevang is in modernistiese strukture en denke, terwyl die samelewing reeds postmodernisties is. **K Callahan** skryf:

This is not a post-Christendom time, as fortunate as that would be..... We live in a megadigm time. I invented this term to describe the remarkable time in which we live. A megadigm is a time where there is a convergence of multiple paradigm shifts, interacting simultaneously with one another and therefore creating a new age, a markedly new time in the course of human history and human development.

(Callahan 2002:2-4)

Hy identifiseer verskillende paradigmaskuiwe wat tegelykertyd plaasvind:

- *The shift from institution to movement.*
- *The shift from commitment to compassion.*
- *The shift from this planet to the stars.*
- *The shift from a solid marathon runner to an excellent sprinter culture.*
- *The shift from top-down maintenance to grassroots mission.*
- *The shift from controlling and directing to creativity and objectives.*
- *The shift from focus on the parts to the focus on the whole.*

N Niemandt, op sy beurt, beskryf die akkumulatiewe effek van konvergente denksisteme as die “perfekte storm”. Hy onderskei tussen Postmodernisme, Postchristenheid en Globalisering as drie denksisteme wat die perfekte storm veroorsaak (Niemandt 2007:10-23).

Niemandt het ook 'n baie bruikbare analise van die oorgang van Modernisme na Postmodernisme gemaak. – 'n oorgang wat dikwels geweldige spanning en konflik in die kerk veroorsaak. Dit kan (met my eie beklemtoning en enkele aanpassings) soos volg saamgevat word:

MODERNISME	POSTMODERNISME
<p>BEHEER</p> <p>Dinge moet ordelik geskied. Die Kerkorde is belangrik.</p> <p>Gemeentes word gekontroleer aan die hand van verslae want sentrale beheer en bestuur is belangrik.</p>	<p>SAMEWERKING</p> <p>Eie inisiatief word geduld.</p> <p>Lidmate aanvaar verantwoordelikheid en speel 'n groot rol.</p> <p>Elke gemeente funksioneer in terme van eie konteks.</p>
<p>MEGANIES</p> <p>Vertrou op wetenskap en masjinerie om die wêreld te verbeter.</p> <p>In die kerk is daar groot vertroue in programme en resepte vir kerkgroei.</p>	<p>ORGANIES</p> <p>Fokus op ekosisteme en sien die samelewing as lewende en dinamies veranderende organisme.</p> <p>Die kerk word organies verstaan.</p>
<p>ANALITIES EN KRITIES</p> <p>Alles word in kleiner eenhede opgebreek met die doel om dit te verstaan en beheer.</p> <p>Die Bybel en geloof word krities-rasioneel hanteer en daar is min ruimte vir emosionele belewenis van geloof.</p>	<p>KONTEKS</p> <p>Klem op sisteemdenke en 'n holistiese benadering.</p> <p>Die Bybel word in konteks verstaan en geloof word as emosie verstaan, eerder as denke.</p>
<p>OBJEKTIEF</p> <p>Die oortuiging bestaan dat met genoeg navorsing absolute waarhede te vind is. Dit lei tot 'n objektivering van die Bybel en geloof. Lei tot radikale ongeloof en kerkverlating.</p>	<p>RELASIONEEL</p> <p>Intersubjektiviteit en verskillende perspektiewe is waardevol.</p> <p>Waarheid is kollektief en kontekstueel.</p> <p>Geloof gaan om die skep van nuwe verhoudings met God en ander mense.</p>



<p>NORMALITEIT</p> <p>Onsekerhede word uit die weg geruim en alles is voorspelbaar.</p> <p>Deur wetenskap en tegnologie kan die toekoms onder beheer gebring word.</p>	<p>CHAOS</p> <p>Die norm is eerder chaos as normaliteit.</p> <p>Onsekerheid is kenmerkend en word nie bedreigend beleef nie, maar as nuwe geleenthede.</p>
<p>ORGANISASIE</p> <p>Strukture, goeie organisasie en korrekte prosedures is belangrik want dit sal sukses waarborg. Die instandhouding van strukture word 'n doel opsigself.</p>	<p>NETWERK</p> <p>Klem val eerder op netwerke en plat strukture.</p> <p>Leierskap en spanwerk is belangrik.</p> <p>Min waarde word geheg aan 'n hiërgie en belangrike mense.</p>
<p>INDIVIDUALISME</p> <p>Menseregte en die vryheid van die individu is belangrik.</p> <p>Dit gaan om persoonlike geloof en betrokkenheid by 'n gemeente is onbelangrik.</p>	<p>GEMEENSAP</p> <p>Nuwe waarde word aan groepe en geloofsgemeenskappe geheg.</p> <p>Verantwoordelikheid teenoor ander en gemeenskapsprojekte is belangrik.</p>
<p>POLEMIEK</p> <p>Verkeerdhede word uitgewys.</p> <p>Leersuiwerheid is 'n deug. Verskille tussen gelowiges moet ten alle koste uit die weg geruim word. Diversiteit word nie geduld nie.</p>	<p>KONVERGENSIE</p> <p>Integrasie en konvergensie. Waardering vir ander se standpunte en diversiteit is waardevol. Eenheid in verskeidenheid.</p> <p>Ooreenkomste word gesluit.</p>
<p>VERBRUIKERSMENTALITEIT</p> <p>'n Mens se waarde word bepaal volgens wat hy besit (Materialisme). Die kerk voldoen aan mense se verbruikersbehoefes.</p> <p>Godsdiens is 'n kommoditeit.</p>	<p>RENTMEESTERS</p> <p>Rentmeesterskap en sosiale verantwoordelikheid. Omgewingsbewaring is belangrik.</p> <p>Kritiek teen kerke se oënskynlike materialisme en klem op finansies.</p>
<p>KOLONIALISME</p> <p>Mense word beheer en gedomineer.</p> <p>Inheemse kultuur en taal is onbelangrik.</p> <p>Die sendeling se kleredrag en gewoontes word nagevolg.</p>	<p>IDENTITEIT</p> <p>Verwerping van oorheersing en die waardering van eie, inheemse kultuur en identiteit.</p> <p>Sending maak erns met inheemswording en inkulturasie.</p>

In 'n vreesagtige reaksie teen die opkomende diversiteit in denksisteme en gepaardgaande konflik, asook die ervaring van dreigende chaos en agteruitgang, poog kerke om bestaande strukture te versterk en in stand te hou. Die bestaande is die norm en die verlede word geïdealiseer. Dit versterk die dominante institusionalisme in kerke nog verder.

Samevattend: Ons het gesien dat die groei in die getal Christene, die vestiging van die *corpus christianum*, die opkoms van die Modernisme en konvergente denksisteme tot die institusionalisering van die kerk gelei het. In die proses het die kerk toenemend gestol in formele strukture en gebruike.

Vervolgens moet, vanuit 'n histories-vergelykende perspektief, aangetoon word hoe hierdie proses ook in die NHKA manifesteer.

2.6. SISTEEMVERHAAL VAN DIE NHKA

A Hirsch het daarop gewys dat 'n omvattende transformasie van kerke net moontlik is wanneer 'n akkurate analise van 'n kerk se sisteemverhaal gedoen word. Hy sê onder andere:

Restructure the organization and leave the systems story in place and nothing changes within the organization. It is futile to revitalize the church, or a denomination, without first changing the system.....

(Hirsch 2006:50-54)

Omdat hierdie proefskrif spesifiek na die NHKA verwys, is dit nodig om dit wat hierbo oor verskillende benaderings tot kerkwees en institusionalisme geskryf is, op die NHKA toe te spits.

Daar is reeds die opmerking gemaak dat die NHKA 'n dominante institusionele benadering tot kerkwees vertoon. Die *sisteemverhaal* van die NHKA wat hier aangebied word, sal bevestig dat die NHKA as *institusioneel* getipeer kan word.

Vanaf 1652 het die gemeentes aan die Kaap van Goeie Hoop onder toesig en beheer van die VOIC (as plaaslike owerheid) en die Klassis van Amsterdam gestaan. Die eerste sinodale vergadering het eers in 1824 in Kaapstad sitting geneem. Daarmee het 'n selfstandige kerk in Suid-Afrika tot stand gekom en is die formele band (klassikale toesig) tussen die Nederlands Hervormde Kerk en die Kaapse gemeentes opgehef.

Die verbintenis tussen die Nederlandse- en Kaapse kerke, het sedert die 17e eeu meegebring dat die *corpus christianum* in Afrika sy voortgang gevind het. Ook aan die Kaap was kerk, volk en owerheid organies verweef en was die onderhorigheid van die kerk aan die owerheid as vanselfsprekend aanvaar (vgl Dreyer 1999:9-56).

Die Groot Trek van grensboere na die binneland van Afrika het in 1836 begin. Teen 1852 het die Voortrekkers ten noorde van die Vaalrivier politieke selfbeskikking van die Britse owerheid ontvang. Met die Konvensie van Sandrivier het die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) tot stand gekom.

Met die eerste Algemene Kerkvergadering in die ZAR (1853) is besluit om die kerk los van die Kaapse kerk te organiseer, op grond van (1) praktiese redes; (2) land- en kerkgrense het ooreen geval en (3) die invloed van die Britse regering in die Kaapse kerk. Sedert 1853 bestaan daar dus twee gereformeerde/hervormde kerke in Suid-Afrika, grootliks te wyte aan die deurwerking van die *corpus christianum* met die gepaardgaande verbintenis tussen kerk en owerheid. Staatkundig vry, wou die Voortrekkers ook kerklik onafhanklik wees (vgl in die verband Dreyer 1999:90; Storm 1989:692).

Die eerste taak wat die burgers van die ZAR ter hand geneem het, was om 'n Grondwet op te stel. Die Grondwet is een van die vroegste amptelike dokumente waarin die eenheid tussen kerk, volk en owerheid sigbaar word.

Die Grondwet van die ZAR, wat in 1858 gepubliseer is, omskryf die NHKA se voorregte en posisie in die ZAR breedvoerig. Een voorbeeld daarvan vind ons in Artikel 26: *Het (volk) erkent geen ander kerkelyk gezag dan dat, wat door kerkeraden zyner Ned. Hervormde gemeenten is of wordt goedgekeurd, aangenomen en vasgesteld* (SA Argiefstukke Tvl.no.3:382).

In die 1858 Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek word die NHKA as 'n bevoorregte staatskerk beskou. Dit was in wese niks anders as 'n voortsetting van die *corpus christianum* nie. Die NHKA was organies een met die owerheid en die volk. Die ideaal van een kerk, een volk en een owerheid het in wetgewing gestalte gevind - maar in die praktyk was daar steeds enorme politieke en kerklike verskille wat bykans op burgeroorlog uitgeloop het.

Die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid wat in wetgewing verwoord is, sou spoedig vernietig word met die afskeiding van die Gereformeerde Kerk in 1859.

Daarbenewens was daar altyd lidmate wat die verbintenis met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaap wou behou. Vanaf 1866 het hulle begin om gemeentes in die ZAR te vorm. Die proses is versnel met die koms van ds FL Cachet na die ZAR. Hierdie gemeentes het om verskillende redes (o.a. beweerde teologiese liberalisme) geweier om onder die opsig van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA te staan.

Die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in die ZAR het probeer om hulle onder die opsig van die Kaapse Sinode te stel. Die wetlike situasie het dit egter onmoontlik gemaak. Na die uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof dat die Kaapse kerk geen jurisdiksie buite die grense van die Kaapkolonie het nie, het die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n selfstandige sinode in die ZAR gevorm.

In 1877 het Groot Brittanje die ZAR beset en politieke beheer geneem. Na die Slag van Amajuba en die afloop van die Eerste Anglo-Boere Oorlog, het die ZAR in 1882 weer sy politieke selfstandigheid verkry.

Die oorwinning oor die Britse besettingsmag het 'n opwelling van nasionalisme in die ZAR veroorsaak. In die branding van 'n nasionale eenheidsgevoel, is gepoog om die gereformeerde kerke in die ZAR te verenig. Die poging tot kerkvereniging in die ZAR is grootliks beïnvloed deur die ideaal van één kerk, één volk en één owerheid in een land.

Die verenigingsproses het om verskillende redes misluk. Na afloop van die mislukte kerkvereniging (1885-1886), het die Algemene Kerkvergadering in 1888 'n *Broederlijke Schrijve* na al die gemeentes en lidmate van die NHKA gestuur. In hierdie dokument word onder andere gesê die NHKA is *de Kerk onzer vaderen, de Kerk van het volk dat de Republiek heeft gesticht.... De mannen die de Republiek in het staatkundige*

gesticht hadden, gevoelden zich in staat ook een eigen Kerk op te richten: Voor het volk, om het volk en door het volk (Handelinge van die Algemene Kerkvergadering 1888:91).

Só 'n uitspraak is net moontlik wanneer die *corpus christianum* die vanselfsprekende (alhoewel versweë) bestaanswyse van die kerk is. Kerk, volk en owerheid was een organisme.

Hoewel die eenheid tussen kerk, volk en owerheid met die vestiging van verskillende kerke en die finale oorname van die ZAR deur Brittanje (na die Tweede Anglo-Boere Oorlog 1899-1902) versplinter het, het dit binne die teologie, etos en praktyk van die NHKA bly voortleef. Dit is op verskillende maniere in die Kerkwet verwoord (vir 'n meer volledige oorsig oor hierdie geskiedenis sien Dreyer, WA 2006).

Daarom is dit nie vreemd dat die begrip *volkskerk* na die Tweede Wêreldoorlog so maklik inslag in die NHKA gevind het nie. Teoloë van die NHKA het die Nederlandse debat oor die apostolaat en die volkskerk gevolg en die terminologie benut om uitdrukking te gee aan 'n eiesoortige kerkbegrip en kerklike bedieningspraktyk.

Die begrip volkskerk is om verskeie redes in die NHKA benut:

- Dit is aangewend om die *apostolaat* te bevorder. Op grond daarvan is 'n inheemse kerk vir swart mense gestig.
- Dit is aangewend om uitdrukking aan God se heerskappy oor kerk en samelewing te gee, dus 'n *teokrasie*. 'n Voorbeeld hiervan was die kerk se ondersteuning aan en bevordering van Christelik-nasionale onderwys.
- Die begrip was ook ideologies gelade. Dit het deel geword van die groter politieke en nasionalistiese diskoers en het op 'n stadium deel uitgemaak van die verdediging van afsonderlikheid (Apartheid).

Die Kerkwet wat die NHKA in 1951 aanvaar het (NHKA 1951), het dit baie duidelik in Artikel III en Artikel VII verwoord. Artikel III het gelees:

Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar beoog die stigting van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – “Maak dissipels van alle nasies” Matteus 28:19, die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so ‘n werkverdeling nie geskaad sal word nie. Tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort daarom net blanke persone.

(NHKA 1951 Art. III)

Uiteraard het die NHKA se formulering van Artikel III, met sy verwysing na volkskerke, etnisiteit en ras, aanleiding gegee tot skerp kritiek vanuit verskillende oorde. Dit was veral die internasionale ekumeniese liggame wat die NHKA se standpunt gekritiseer het.

As gevolg van die kritiek, het die Kommissie van die AKV ‘n Komitee aangewys wat die hele saak moes ondersoek. Die verslag van die Komitee beslaan bykans 300 bladsye (Handelinge van die Kommissie van die AKV, April tot Junie 1979: 297-565). Die Komitee het homself pertinent verbind aan die denke van Hoedemaker en Van Ruler, teenoor Kuyper se opvatting oor die vrye kerk. Die volgende definisie word gegee:

Met volkskerke word bedoel die kerk van Jesus Christus binne ‘n bepaalde volk ten behoeve van daardie volkDie bedoeling is dat die evangelie en kerk volkome inheems sal word onder die nie-blanke volkere om in intensiewe katolesiteit (Van Ruler) elke moment van die lewe van die volksgroep te probeer kersten en so op te eis vir die koninkryk van God.

(Handelinge van die Kommissie van die AKV 1979:306)

Dit is duidelik uit die Komitee se verslag dat:

- Die teokratiese- en apostolêre volkskerkdenke, soos dit in Nederland gemanifesteer het, het die NHKA se kerkbegrip bepaal (vgl in die verband Dreyer 2006).

- Die rassepolitiek van die tyd, politieke ideologie en Afrikaner nasionalisme het die kerk se kerkbegrip en kerklike praktyk beïnvloed. Die skeiding tussen rasse op politieke en maatskaplike terrein, wat na die Tweede Wêreldoorlog in wetgewing vasgelê is, is op die kerklike terrein voortgesit.
- Die *corpus christianum* en die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid het steeds die kerk in sy funksionering beïnvloed.

Die NHKA het in die sewentigerjare nie net die vestiging van etniese volkskerke bepleit nie, maar was ook uitgesproke in sy ondersteuning van afsonderlike ontwikkeling (Apartheid). Eventueel sou dit lei tot die suspensie van die NHKA se lidmaatskap van die *World Alliance of Reformed Churches* (WARC) tydens die organisasie se vergadering te Ottawa in 1982 (vgl in die verband Dreyer, WA 2006 vir 'n meer volledige oorsig van die geskiedenis).

Dit was eers in 1997 dat die NHKA 'n nuwe Kerkorde aanvaar het waarin Artikel III met Ordereël 4: vervang is: *Die Kerk is 'n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelykertyd aan alle mense* (NHKA 1997:69).

Die belangrike verandering wat in 1997 aangebring is, is die verwydering van die klousule wat lidmaatskap tot blankes beperk en die begronding van lidmaatskap op die *doop*. Die gedagte van die volkskerk en die uitdruklike verbintenis aan die Afrikanervolk het egter behoue gebly.

Daar is reeds verwys na die 68e (2007) en die 69e (2010) Algemene Kerkvergaderings waar die handhawing van die NHKA as volkskerk ter tafel was. Die vergaderings het in 2007 en 2010 besluit dat die term *volkskerk* uit die Kerkorde verwyder moet word. Omdat die besluit nie met die vereiste tweederde meerderheid geneem is nie, is Ordereël IV onveranderd gelaat en funksioneer die NHKA *de iure* as volkskerk.

Uit hierdie historiese analise word dit na my mening duidelik dat die dominante sisteemverhaal van die NHKA in sy volkskerklike kerkbegrip te vind is. Dit hou bepaalde gevolge vir die kerk in, onder andere 'n dominante institusionele verstaan van kerkwees.

PL De Jong neem (vanuit 'n Nederlandse perspektief) die standpunt in dat die tyd van die volkskerk finaal verby is (De Jong 2002:156). Die toenemende mondigheid van lidmate, ineenstorting van formele gesagstrukture, die opkoms sekularisme, individualisme en godsdiens as privaat aangeleentheid veroorsaak dat die volkskerk 'n ontoepaslike benadering vir die 21e eeu is. Die tipiese volkskerk, waar mense vanweë geboorte en verblyf in 'n bepaalde geografiese gebied lidmaat van 'n bepaalde gemeente is, is verby.

De Jong stel ook 'n kritiese vraag (De Jong 2002:160): *Wat kom na die volkskerk?* Hy meen dat hoewel die tradisionele volkskerk verby is, enkele fasette wel kan en moet voortbestaan:

- 'n Kerk waar die grense nie te skerp getrek is nie.
- 'n Christusbelydende kerk.
- 'n Kerk wat nie willoos die heersende kultuur volg nie, maar tog weet van sy plek binne die samelewing.

Indien die oortuiging bestaan dat die volkskerk nie meer gehandhaaf kan word nie, is De Jong se vraag van uiterste belang vir die NHKA. Wat, inderdaad, kom na die volkskerk?

2.7. CORPUS CHRISTIANUM, VOLKSKERK EN DIE KERK AS INSTITUUT

Die verbintenis tussen die *corpus christianum*, volkskerk en die kerk as instituut word dikwels misgekyk of ontken.

AA van Ruler, wat groot invloed op die NHKA se kerkbegrip uitgeoefen het, skryf dat Buskes en De Graaf tot die gevolgtrekking kom dat *de visie van Wormser en*

Hoedemaker, de theocratische volkskerkidee dus – in onderscheiding van de natuurlijk hooggeroemde apostolaire volkskerkidee van Kraemer – in de Hervormde Kerk wel geduldt wordt en ook te dulden is, maar zeer stellig nie de eigenlijke visie van de Hervormde Kerk is (Van Ruler 1958:3).

Daarteenoor stel Van Ruler dat die volkskerk die vanselfsprekende uitvloeisel is van die Westers-Latynse Christendom is. Op grond hiervan bepleit hy die voortsetting van die Nederlands Hervormde Kerk as volkskerk. In hierdie argumentasie verbind hy op 'n positiewe wyse die *corpus christianum* (Konstantynse en Westers-Latynse Christendom) en die volkskerk.

Die ideaal van die teokraties-volkskerklike denke, soos bepleit deur Van Ruler in navoring van Hoedemaker en Wormser, was dat die kerk elke onderafdeling van die gemeenskap sou bereik met die evangelie. Opvoeding, onderwys, gesinslewe, regeringsinstellings en die openbare lewe moes in die lig van die evangelie staan. Van Ruler beklemtoon dat die kerk nie te vreemd in die wêreld moet wees nie.

Die verband tussen kerk, volk en owerheid in Van Ruler se denke is veral duidelik in sy *Religie en Politiek* (Van Ruler 1945). Daarin neem hy teenoor Barth standpunt in, dat die verhouding tussen kerk en samelewing beperk word tot die kerk se getuienis wat 'n krities-profetiese stem laat hoor (Van Ruler 1945:106).

Van Ruler stel onder andere: *De burgerlijkheid der kerk is van theologisch belang. Een staat kan christelik zijn..... Kerkelijke en burgerlijke overheid houden tezamen het volksleven in de heilige orde..... Onder het gezichtpunt van de tucht zou men zelfs zoo ver kunnen gaan en zeggen: niet de staat is er terwille van de kerk; maar de kerk is er terwille van den staat* (Van Ruler 1945:108).

Volgens Van Ruler is die owerheid se plig die uitbreiding van die *censura morum*, wat ook die taak van die kerkraad is. Dit gaan in sy teokrasie om politieke vormgewing en die ordening van die wêreld en gemeenskap (vgl Velema 1962:72-76).

Hoewel hierdie benadering vreemd op die oor val aan die begin van die 21e eeu, was Van Ruler se betoog is in lyn met die reformatoriese teokratiese tradisie en 'n voortsetting van die *corpus christianum*. Uit Van Ruler se standpunte is die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid ('n tipiese Calvinistiese standpunt), die teokrasie (ook Calvinisties) en gevolglike handhawing van die volkskerk baie duidelik 'n

voortsetting van die *corpus christianum* en lei dit ook tot 'n sterk institusionele verstaan van kerkwees.

Die soort benadering blyk ook uit Van Ruler se verstaan van huisbesoek, teenoor die van K Barth. Van Ruler grens homself af teen Barth se verstaan van huisbesoek as 'getuienis' en stel kategorieë dat huisbesoek die karakter van 'opsig' moet behou (Van Ruler 1945:102-104).

Van Ruler se standpunte is (en word steeds) benut in die debat oor kerkbegrip wat in die NHKA gevoer word. Na my mening is dit die soort teologie wat in die NHKA daartoe gelei het dat die volkskerklike kerkbegrip as dominante sisteemverhaal in die NHKA funksioneer en die kerk vasval in 'n institusionele benadering tot kerkwees.

Teenoor dié standpunt het iemand soos **JC Hoekendijk** aangetoon dat die tyd van die *corpus christianum* en die volkskerk finaal verby is (Hoekendijk 1964:13-35). Volgens hom het die begrip volkskerk 'n anachronisme geword. Dit dien nie meer die werk van die kerk nie, en nog minder die apostolaat.

Hoekendijk is van mening dat die kerk volhard het met die ideaal van 'n *corpus christianum* en volkskerk, omdat "die volk" vir baie eeue as die primêre sosiale eenheid beskou is. Met tyd het daar 'n verskuiwing plaasgevind: Die eers gewilde Etnologie (Volkekunde) is met Sosiologie vervang (Hoekendijk 1964:32).

Die kerk het egter in sy kerkbegrip en verstaan van die apostolaat, rustig met die volk as vertrekpunt voortgegaan hoewel dit sosiologies en teologies onhoudbaar geword het. Dit het by die kerk verbygegaan, dat die tyd van die *corpus christianum* onherroeplik verby is. Intendeel: Die selfbedrog is gekontinueer, waar die kerk van gedagte was dat dit enigsins moontlik is om die een samehangende en totale groep (die volk) te bereik en te kersten.

Benewens die invloed van die Etnologie, was dit ook die Romantiek se waardering van die volk en kultuur wat gelei het tot die ideaal van *Volkschristianisering* (Graul).

Die legitimering van burgerlike godsdiens (Warneck) en die verheerliking van die Westerse beskawing (Livingstone) het ook die kerk daartoe verlei om die *corpus christianum* en die volkskerk in stand te hou (Hoekendijk 1964:17). Hy toon verder aan dat die kerk die *corpus christianum* in stand gehou het omdat dit 'n beskermende dop en skokbreker vir die kerk was.

Verder skryf hy oor institusionalisering: *De zendeling pionier is een zeldzaam fenomeen geword. Ons werk is zozeer geïnstitutionaliseerd geworden dat beweeglijkheid en spontaneiteit in het gedrag komen* (Hoekendijk 1964:13). Dit lei daartoe dat selfs jong sendingkerke baie vinnig vasval in *een onbeweeglijk structuur*.

Hy wys verder daarop dat die Kerkhervorming in die sestiende eeu die *corpus christianum* as vanselfsprekend beskou het. Die nou verbondenheid tussen kerk, volk en owerheid en die *corpus christianum* is kritiekloos voortgesit.

Hy meen (soos Kuyper) dat dit die rede is waarom die reformatore nie 'n omvattende kerkbegrip ontwikkel het nie. Die Kerkhervorming het, in die stryd teen Roomse dwaalleer, die kenmerke van die ware kerk gereduseer tot die suiwer verkondiging van die Woord en die regte bediening van die sakramente. Hy is dus van mening dat die reformatoriese kerkbegrip, as gevolg van 'n voortgesette handhawing van die *corpus christianum*, eensydig en gedateer is. Die reformatoriese kerkbegrip is nie voldoende ontwikkel om die uitdagings van die 20e (en 21e) eeu die hoof te bied nie (Hoekendijk 1964:17).

Die kerkbegrip van die reformatore is, in getrouheid aan die Belydenisskrifte, deur volgende geslagte voortgesit, hoewel die Modernisme (en Postmodernisme) asook die opkoms van die sekulêre staat dit ontoereikend gemaak het.

Veertig jaar nadat Hoekendijk bogenoemde geskryf het, in die branding van die Postmodernisme, worstel die kerk steeds met die reste van die *corpus christianum*.

Die onbeweeglikheid, die gestolde strukture en oordrewe institusionalisme wat orals sigbaar is, getuig daarvan.

2.8. ENKELE GEVOLGTREKKINGS

Heitink is van mening dat die Konstantynse Christendom (of *corpus christianum*) teen 1960 finaal tot 'n einde gekom het (Heitink 2007:36). Daarmee het 'n nuwe era in die kerkgeskiedenis aangebreek. Berkhof het dit soos volg beskryf:

De periode van heerschappij die met Constantijn de Grote voor de kerk is begonnen, wordt afgesloten.... De weerloosheid waarin de gemeente van Christus overal in die wereld te leven heeft, strookt meer met sy aard dan gemakkelijke staatsteun of volksgunst.

(Berkhof 1955:33)

Ten spyte daarvan dat die Konstantynse Christendom *in die gemeenskap* tot niet gegaan het en die kerk gemarginaliseer is, het baie van die voorveronderstellings en denkbeelde daarvan *in die kerk* bly voortbestaan. Niemandt skryf:

Die kerk is in sy wese en optrede vasgevang in die Christenheids-paradigma..... Ons leef asof die Christelike geloof steeds die amptelike geloof van die amptelike kultuur is.

(Niemandt 2007:15)

Hirsch formuleer dit soos volg:

The problem we face is that while as a socio-political and cultural force the Christendom is dead, and we now live in what has been aptly called the post-Christendom era, the church still operates in exactly the same mode.

(Hirsch 2006:61)

In die postmoderne era staan mense skepties teenoor groot organisasies met hulle institusionele denke en funksionering. Hulle wil deel word van 'n beweging, nie van 'n organisasie nie, want bewegings fokus op mense terwyl organisasies op beleid en programme fokus (Callahan 2002:12).

Wanneer 'n mens sterf, laat hy 'n boedel na. Reformatoriese kerke het 'n institusionele konfigurasie geërf (Hirsch 2006:55). Die nalatenskap van die *corpus christianum* is dat die kerk as instituut funksioneer. Dit blyk 'n bankrotboedel te wees wat die kerk met moeite bestuur en nog moeiliker van

ontslae kan raak. Die bestuur van hierdie bankrotboedel neem soveel tyd en energie in beslag, dat die kerk nie behoorlik aan sy eintlike taak en roeping aandag kan gee nie.

Die kerk gaan in die proses agteruit. Daar is krampagtige pogings om die posisie van die kerk te herstel. Allerlei programme en vernuwing word ingevoer. Die kerk probeer om dieselfde as in die verlede te doen, net beter. Hierteen het Hirsch skerp kritiek uitgespreek:

Most efforts at change in the church fail to deal with the very assumptions on which Christendom is built and maintains itself. The change of thinking needed in our day as far as the church and the mission are concerned must be radical indeed; that is, it must go to the roots of the problem. Restructure the organization and leave the systems story in place and nothing changes within the organization. It is futile to revitalize the church, or a denomination, without first changing the system.....

A prophetically consistent Christianity means that we must remain committed to a constant critique of the structures and rituals we set up and maintain. Perhaps rather than calling this anti-institutionalism, a rather negative frame of mind, we should rather understand it as “holy rebellion” based on the loving critique of an institution modelled by the original apostles and prophets.....

(Hirsch 2006:51 & 55)

Dit gaan om radikale en ingrypende kerkhervorming, om transformasie. Heitink formuleer dit soos volg: *Wanneer ik spreek over transformasie kan dat niet anders betekenen dan dat de kerk een radicaal veranderingsproces moet doormaken om in een postchristelijk tijdperk dienstbaarte kunnen zijn aan “die sache Jesu”* (Heitink 2007:331).

Transformasie is (of behoort) nie vreemd aan reformatoriese kerke nie. Die hervormingsbeweging van die 16e eeu was effektief omdat dit die kerklike

instituut tot op die been oopgevelek het en die fokus op bepaalde kernsake in die Christelike geloof geplaas het: Jesus Christus alleen, die Skrif alleen, geloof alleen.

Die histories-vergelykende ondersoek het aangetoon dat die NHKA 'n sterk institusionele benadering tot kerkwees handhaaf, veral as gevolg van die kerk se historiese ontwikkeling as volkskerk.

Dit is na my mening 'n belangrike oorsaak van die NHKA se agteruitgang en onvermoë om by nuwe omstandighede aan te pas.

3. PRAKTIES-TEOLOGIESE EKKLESIOLOGIE

Empiriese Perspektief

3.1. INLEIDEND

Prakties-teologiese Ekklesiologie fokus primêr op empiriese navorsing oor die kerk. Ten opsigte van hierdie proefskrif, word die empiriese ondersoek beperk tot die NHKA met enkele verwysings na ander kerke.

Die gegewens en voorbeelde wat in hierdie hoofstuk aangebied word berus op navorsing, ongepubliseerde verslae en dokumente wat in die Kerkargief bewaar word. Daar is dus metodologies gekies om 'n literatuur soektog te doen en gebruik te maak van resente empiriese navorsing, eerder as om self 'n empiriese ondersoek te loods.

Die inligting hier vervat berus verder op persoonlike ervaring. Die afgelope 25 jaar in diens van gemeentes en sinodale rade en 10 jaar se betrokkenheid by die NHKA Moderamen het gelei tot 'n dwingende behoefte om dit wat in konsultasie met gemeentes ervaar word, te verwoord.

Vanselfsprekend, wanneer dit gaan om 'n empiriese ondersoek, is die kerk as instituut ter sprake. Dit is immers die kerk in sy konkrete gestalte wat ondersoek word.

In 'n empiriese ondersoek gaan dit om meer as objektiewe waarneming en beskrywing van 'n bepaalde kerk. Dit gaan ook om die interpretasie en die sistematisering van inligting en die aanbieding daarvan binne 'n bepaalde konteks.

Die konteks waarbinne hierdie empiriese ondersoek gedoen word is (1) die reeds genoemde kerklike krisis en (2) die dominante institusionele aard van die NHKA. Daarom word begin met 'n kort oorsig en beskrywing van kerklike institutionalisme soos dit in die huidige tydsgewrig manifesteer.

3.2. INSTITUSIONALISME

Daar is in die Histories-vergelykende Ekklesiologie heelwat aandag geskenk aan die kerk as instituut. Hier word institutionalisme vanuit 'n Prakties-teologiese perspektief belig, met besondere verwysing na die NHKA.

Daar is wêreldwyd heelwat navorsing gedoen wat duidelik aantoon hoe 'n institusionele benadering tot kerkwees kerke se funksionering beïnvloed.

K. Callahan het in sy empiriese navorsing by tientalle gemeentes die volgende kenmerke van die kerk as instituut (teenoor 'n beweging) geïdentifiseer (Callahan 2002:13):

MOVEMENT	INSTITUTION
Relational	Functional
Informal	Formal
Relaxed	Systematic
Being	Doing
Spontaneous	Organised
Flexible	Bylaws
Loosely developed	Planned
Casual gatherings	Regular meetings
Love	Obligation
Encouraging	Correcting
Forgiving	Duty
Sharing	Loyalty
Hope	Memory
New life	Old ways
Present	Past
Forward	Back
Grace	Law
Possibilities	Policies
Yea-saying	Nay-saying

Nog 'n kenmerk van kerke wat vasgeval het in institusionele denke, is die onderskeid wat gemaak word tussen ampsdraers en die gewone lidmate:

In an institutional, organizational, bureaucratic church, much is made of the caste system between clergy and laypeople. Much is made of the distinctive

character of ordination. There is a subtle, hierarchical tendency in an institutional church.

(Callahan 2002:16)

Callahan se navorsing het aangetoon dat by swak en sterwende gemeentes institusionele denke dominant is. Waar die kerk primêr as instituut funksioneer, kwyn dit (Callahan 2002:15-16). Daling in lidmaatgetalle is dus 'n belangrike aanduiding dat 'n kerk as gevolg van 'n institusionele konfigurasie sy groeikrag verloor het. Dit is dieselfde gevolgtrekking waartoe iemand soos Kuyper al 'n honderd jaar gelede gekom het (Kuyper 1910:26-27). Indien dit die geval is, plaas dit die NHKA (soos talle ander reformatoriese kerke) op risiko.

G Heitink (2007:21) wys weer daarop dat *stagnasie* een van die belangrike oorsake van Westerse kerke se agteruitgang is, veral na die Tweede Wêreldoorlog. Stagnasie dui op 'n stilstaande poel water, waar daar geen beweging is nie, geen suurstof nie en mettertyd sterf. 'n Mens kan daar byvoeg: 'n Poel water wat geen bydrae tot die ekologie lewer nie en van geen nut in die omgewing is nie.

Stagnasie (volgens Heitink) lei tot 'n massale daling in lidmaatgetalle, jeug wat die kerk verlaat en die feit dat die kerk nie 'n greep op die religiositeit van 'n postmoderne samelewing kan kry nie. Hy wys ook daarop dat baie mense meen dit is 'n onomkeerbaar situasie en die kerk is gedoem om te sterf.

Heitink gaan dan verder en verbind die verskynsel van *stagnasie* met die kerk as instituut (Heitink 2007:43).

N Niemandt (2007:38-41) het weer aangetoon dat institusionalisme sigbaar word in kerke se behepthed met strukture. Kerke se verknogtheid aan strukture kom te voorskyn in hulle houding ten opsigte van geboue, kerklike organisasie, die funksionering van die ampte, teologiese opleiding en handhawing van denominasionele strukture.

B Easum het aangetoon dat institusionele denke dit vir kerke bykans onmoontlik maak om uit hulle tradisionele bestaanswyse te tree en (byvoorbeeld) nuut te begin in die sendingveld (Easum 2001:31).

Transformasie en kerkhervorming is onmoontlik indien die denksisteem of sisteemverhaal (*systems story*) nie verander word nie. Dit is eers wanneer die dominante denksisteem in 'n kerk ontbloom word, dat die eerste tree gegee word in die rigting van kerkhervorming.

Wanneer die NHKA aan 'n kritiese ondersoek onderwerp word, word dit meteens duidelik dat die kerk hoogs geïnstitusioneel funksioneer. Dit word vervolgens met verskillende voorbeelde aangedui.

3.3. GEBOUE

Regoor die wêreld staan kerkgeboue in die sentrum van stede. Baie stede het rondom 'n kerkplein ontwikkel. Kerkgeboue het daarmee die kenmerkende simbool van die Christendom geword. Dit gee vastigheid, sekuriteit en permanensie aan die kerk.

Viola & Barna het daarop gewys dat in die Nuwe Testament die woord *ekklesia* nooit na 'n gebou verwys nie, maar na 'n geloofsgemeenskap.

Inteendeel: Die vroegste Christene het nie van kerkgeboue gebruik gemaak nie maar merendeels in mense se huise bymekaar gekom. Vir die eerste drie eeue het Jesus se volgelinge geen heilige plekke of kerke opgerig nie, soos gemeld deur die apologet van die derde eeu, Minucius Felix (sien in die verband verwysings deur Viola & Barna 2008:14).

Volgens **Ferguson** se navorsing (aangehaal in Viola & Barna 2008:15) word die vroegste Christelike “kerkplek” deur argeoloë gedateer 232 nC. Die “kerk” is te vind in Dura-Europos in die hedendaagse Sirië. Dit bestaan uit 'n woonhuis waarvan een vertrek vergroot is en ongeveer sewentig mense kon akkommodeer.

Die vroeë kerk het weinig waarde aan geboue geheg. Dit is eers na Keiser Konstantyn die Edik van Milaan in 313 nC afgekondig het, dat Christene begin het om groot kerkgeboue op te rig soortgelyk aan die tempels wat in die heidense godsdienste te vind was. Kerkgeboue het al belangriker geword. Hoe belangriker 'n dorp, kerklike setel of biskop was, hoe groter was die kerkgebou wat opgerig is.

Kerkgeboue (al groter, mooier en luukser) is simptome van 'n kerk wat groot waarde aan strukture, stabiliteit en vooruitgang heg. Daarteenoor veg sterwende gemeentes vir die behoud van hulle geboue asof dit die laaste vesting van die gemeente is. Wanneer 'n kerkgebou as gevolg van finansiële redes verkoop moet word, sterf die gemeente finaal – hoewel dit nie die geval hoef te wees nie (De Roest 2007:199-204).

Die moontlikheid dat 'n gemeente sonder 'n kerkgebou of voltydse predikant kan voortbestaan, word selde ernstig geneem. Dit is asof gemeentes se identiteit, bestaan en funksionering aan 'n gebou verbind word. Wanneer die gebou verdwyn, verdwyn die gemeente.

Tussen 1950 en 1990 het die NHKA meer as 100 gemeentes gestig. Dit is dikwels gedoen sonder kerkgeboue en predikante. Dikwels het gemeentes vir jare in skole eredienste gehou. Tog is dit opvallend dat al die gemeentes se eerste prioriteit die oprigting van 'n kerkgebou was. Dit hou verband met die opvatting dat 'n gemeente net kan bestaan indien 'n kerkgebou en predikant beskikbaar is. Dié opvatting het in die laaste drie dekades daartoe bygedra dat die stigting van nuwe gemeentes tot stilstand gekom het.

Nie net is die verkoop van eiendomme 'n krisis vir die kerk nie, maar ook die oprigting van nuwe geboue. Dikwels word die kerk se verwagte onvermoë om 'n kerkgebou te kan bekostig, die rede waarom daar nie in nuwe uitbreidings en woongebiede begin word met gemeentestigting nie.

In die NHKA het gemeentestigting en kerkbou 'n rariteit geword – aan die een kant omdat die Kerk besig is om kleiner te word, maar aan die ander kant omdat gemeentestigting onmiddellik geassosieer word met kerkbou - en dit is te duur.

Uit eie ervaring, tydens begeleiding van gemeentelike prosesse, is dit opvallend hoe dikwels lidmate vertel dat terwyl die kerkgebou in aanbou was, daar energie en groei in die gemeente was. Lidmate vertel ook deurgaans dat sodra die bouprojek afgehandel is en die skuld betaal is, kom daar 'n laksheid en onbetrokkenheid na vore. Die implikasie hiervan is dat kerkwees dikwels verbind word aan geboue en die instandhouding van strukture.

Die belangrike rol wat geboue speel reflekteer 'n dominante institusionele kerkbegrip en bedieningspraktyk wat na binne gerig is en afhanklik is van die instandhouding of skep van kerklike strukture. Dit is 'n kerkbegrip wat daartoe lei dat gemeentes net binne vaste strukture kan funksioneer. Die feit dat die kerk altyd *en via* is, altyd op reis is en altyd die karakter van 'n pelgrimstog vertoon, speel geen rol nie.

3.4. STRUKTURE, BEHEER EN KONTROLE

N Niemandt skryf dat kerke, in reaksie teen die veranderinge wat in die samelewing aan die gang is, neig om sy strukture te versterk. Ou strukture word krampagtig in stand gehou, asof strukture identies is met die wese van die kerk (Niemandt 2007:38-41). Dit poog om die kerk as instituut te beskerm en in stand te hou.

Die verskansing en versterking van strukture bevorder nie net institusionalisme nie, maar beperk ook die vermoë van kerke om verandering te hanteer. Die realiteit is dat alle organisasies, kerke ingesluit, deurlopend verander (Smit 2007:213-214). Verandering is te wyte aan eksterne- sowel as interne faktore waarvoor niemand (ook nie kerke) beheer kan uitoefen nie. ***Verandering gebeur teen wil en dank.*** Dit verg konstante aanpassing in struktuur en leiers wat vaardig is om verandering te bestuur.

Een van die belangrikste redes vir stagnasie en agteruitgang, is die onvermoë van organisasies om struktureel aan te pas by nuwe omstandighede en verandering te bestuur. Bekende strukture, bestuursbeginsels en funksionering word kritiekloos voortgesit met 'n gepaardgaande verlies aan effektiwiteit.

Omgekeerd baat organisasies by verandering, as dit reg bestuur word. Insig in veranderingsprosesse en die onderskeidingsvermoë (*discernment*) van wanneer en hoe om bepaalde strukturele – en bestuursaanpassings te implementeer is uiters belangrik.

Niemandt wys verder daarop dat *meganistiese beheer- en kontrole meganismes* vir baie kerke van groot belang is (Niemandt 2007:39). Sinodale strukture word uitgebou, organigramme en vloiediagramme word opgestel en sinodale komitees en kommissies word geskep wat buitengewoon groot verantwoordelikhede, seggenskap en mag in die kerk het.

Kerklike strukture en beheer word deur middel van kerkordes gereguleer. Dit word gebou op 'n interpretasie van die Skrif en verkry daarmee 'n onaantasbare gesag, asof dit uit die hemel self kom.

Reformatoriese kerke bely dat Christus sy kerk deur die Woord en Gees regeer. Die proses van institusionalisering lei egter tot oordrewe kerklike bestuur, beheer en kontrole. Dit berus meer op modernistiese bestuursbeginsels as op die leiding van die Woord en Gees.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het in 2003 opdrag gegee dat 'n organisasie analise van die NHKA uitgevoer word. Eksterne konsultante is gekontrakteer om 'n empiriese ondersoek te doen en verslag te lewer (Le Roux & Ludik 2003). Uit die empiriese ondersoek word die omvangryke sinodale struktuur van die NHKA, die gefragmenteerdheid daarvan en die gebrek aan interne kommunikasie duidelik.

Afgesien van dit wat in die verslag van Le Roux & Ludik aangetoon word, dien die Kerkorde van die NHKA (NHKA 1997), asook notules van die Kommissie van die AKV, sinodale rade en ringsvergaderings as bron waaruit 'n beeld van sentraliserende beheer en kontrole sigbaar word. Die verslae en notules is te vind in die Argief van die NHKA in Pretoria.

Die instandhouding van strukture asook sentrale bestuur en beheer kan met enkele voorbeelde aangetoon word:

Die Algemene Kerkvergadering (AKV), wat elke drie jaar sitting neem, word saamgestel uit predikante en ouderlinge wat deur elke gemeente afgevaardig word. Dit beteken dat ongeveer 600 ampsdraers in die AKV sitting neem. Die AKV het dus die karakter van 'n volksvergadering wat alle gemeentes en

lidmate verteenwoordig. Afgevaardigdes neem ook dikwels sitting met die gedagte dat hulle die gemeente verteenwoordig en oor sake moet stem volgens die verwagtinge van die gemeente. Die AKV neem op 'n demokratiese wyse besluite, deur meerderheid van stem.

Die weerstand teen verandering en die instandhouding van strukture manifesteer ook baie duidelik in die funksionering van die AKV. Oor baie jare heen (feitlik by elke AKV) word die verkleining van die AKV bespreek op basis van 'n trapsgewyse afvaardiging. Dit word telkens afgestem. Bestaande strukture word versterk en in stand gehou. Verlies aan mag, beheer en inspraak word onder geen omstandighede prysgegee nie.

Met die opstel van die 1997 Kerkorde (vgl NHKA 1997) is pogings aangewend om die hiërargiese tendens in die struktuur van die kerklike regeervergaderings te verwyder, deur dit *bykomende* vergaderings te noem in plaas van die gebruiklik *meerdere* vergaderings en elke bykomende vergadering se bevoegdheid en verantwoordelikheid te omskryf. Ten spyte daarvan word die AKV (in die praktyk) steeds as die hoogste gesag in die kerk beskou en verwag gemeentes dat die AKV formele goedkeuring moet gee vir bykans alles wat in die Kerk gebeur.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, wat deur die AKV verkies word, vervul 'n baie belangrike rol in die NHKA. Die Kommissie behartig byvoorbeeld alle tugsake teen predikante en keur die jaarlikse sinodale begroting goed. Verder moet die Kommissie 'n groot verskeidenheid sake hanteer wat met elke faset van die Kerk se funksionering te doene het, selfs tot op gemeentevlak. Die Kommissie funksioneer in baie opsigte soos 'n *synodus contractus* wat (volgens die Kerkorde) in die drie jaar tussen Algemene Kerkvergaderings verantwoordelikheid vir die Kerk dra en alle sake ten behoeve van die Kerk hanteer (Ordinansie 3.10.2.xx). Dit skep *de iure* en *de facto* 'n sterk gesentraliseerde bestuurstelsel met buitengewone bevoegdhede en magte wat aan die Kommissie van die AKV toevertrou word. Dit lei tot sterk sentrale beheer en kontrole.

Die sentraliserende tendens, die oprigting van strukture en sisteem van beheer en kontrole manifesteer verder in die 27 sinodale rade wat aan die einde van die tagtigerjare in die NHKA operasioneel was. Meeste van die sinodale rade is deur die Kommissie van die AKV aangewys. Rondom die Kommissie het uitgebreide strukture tot stand gekom wat 'n bepalende rol gespeel het in die wyse hoe gemeentes moes funksioneer. Die rade is mettertyd verminder tot die huidige elf sinodale rade (vgl *Die Almanak*, NHKA 2011:120-125).

Dit het hand aan hand geloop met die vestiging van die NHKA se Hoofkantoor in Pretoria (1959). Die algemene opvatting het ontstaan dat die NHKA vanaf Pretoria, deur die Kommissie van die AKV en die Hoofkantoor bestuur word. Dit word verder bevestig deur die buitengewone groot rol wat die Administrateur, as Hoof van die Hoofkantoor, in die kerk speel – veral op die terrein van finansies en batebestuur. Dit alles het daartoe gelei dat die NHKA oor dekades heen gewoond geraak het aan 'n sentraliserende, van bo-na-onder bestuurstelsel wat die instandhouding van strukture en finansiële welstand van die Kerk moes verseker.

Die belangrikheid van opsig (kontrole) blyk duidelik uit die jaarverslae wat gemeentes oor dekades heen aan ringsvergaderings moes voorlê. Dit het uit honderde vrae bestaan wat deur sinodale rade aan die hand van die Kerkorde en die usansie in die kerk opgestel is. Die sisteem van opsig en sentrale kontrole het van die voorveronderstelling uitgegaan dat al die gemeentes van die kerk identies is en dus identiese verslae moet inhandig.

Dit was eers in 2008 dat die NHKA besluit het om hierdie sisteem te verander deurdat elke gemeente jaarliks 'n bedieningsplan by die ringsvergadering moet inhandig. Daarmee word ruimte gelaat vir die diversiteit wat in die kerk bestaan en verskuif dit die verantwoordelikheid van die sinodale rade na die plaaslike gemeente. So 'n sisteem bevestig die verantwoordelikheid van plaaslike gemeentes om in gehoorsaamheid aan God oor hulle roeping te besin en binne hulle eie konteks die evangelie te verkondig.

Die belangrike rol wat finansies in die kerk speel word nie net op sinodale vlak nie, maar ook in die funksionering van gemeentes sigbaar. In baie gemeentes funksioneer die Finansiële Komitee as 'n soort dagbestuur. Besluitneming op plaaslike vlak word grootliks bepaal deur die beskikbaarheid van geld. Hierdie meganiese en materialistiese benadering waarop begrotings bestuur word, laat min ruimte vir 'n "bedieningbegroting".

Wanneer gemeentes kleiner word en die bekostiging van bediening problematies word, word bediening afgeskaal tot op die vlak wat bekostigbaar is. Vir die doel maak die Kerkorde van die NHKA voorsiening vir voltydse, deeltydse en deelsorg bediening. Wanneer deeltydse bediening nie suksesvol is nie, word die gemeente op grond van finansiële redes opgehef.

'n Kombinasie van faktore (die swaar heffingslas, die vermindering van lidmate en die algemene agteruitgang van baie lidmate se finansiële vermoë na 1994) het die finansiële oorlewing van baie Hervormde gemeentes bemoeilik.

Dit het die tendens om kerklike bediening op grond van finansiële oorwegings te beoordeel, verder bevestig. Gemeentes se lewensvatbaarheid word beoordeel op grond van hulle volhoubare vermoë om sinodale heffings te betaal en 'n standplaas te befonds – met ander woorde – strukture in stand te hou. Min oorweging word geskenk aan die potensiaal van die gemeente of die belang van die evangelieverkondiging in 'n sekere gebied.

Swaar sinodale strukture en die tendens om alles te sentraliseer het oor dekades die institusionele karakter van die NHKA versterk. Tegelykertyd, toe die befondsing daarvan problematies word, het dit 'n ernstige bestaanskrisis vir die Kerk geskep. Sinodale strukture sal noodwendig moet verklein.

Swaar sinodale strukture, oormatige organisasie, die fokus op finansies en sentrale beheer demp die kreatiwiteit en ywer waarmee lidmate die evangelie uitdra. **N Niemandt** verwys in die verband na **M Buber** se waarskuwing: *Die sentralisasie en kodifikasie wat juis in belang van godsdiens onderneem word, is lewensgevaarlik vir die hart van die godsdiens* (Niemandt 2007:41).

DL Guder kom tot die gevolgtrekking dat *as we come to the turning of the century, the growing emphasis on local congregation is accompanied, in*

churches of the Western tradition, by the diminishing significance of regional and national church structures. They are both getting smaller and are being redefined. This is a complex process.... increasingly affirm the local congregation as the prime unit of mission (Guder 2000:147).

3.5. ONDERSKEID TUSSEN AMP EN LIDMAAT

Soos bo aangetoon, is een van die uitstaande kenmerke van 'n kerk wat as instituut funksioneer, die onderskeid wat tussen ampsdraers en lidmate gemaak word.

Die ontwikkeling van die amp in die vroeë katolieke kerk (180-250nC) hang saam met die omlýning en definiëring van die kerklike dogma, die handhawing van dissipline en formalisering van die erediens (Dreyer 2011:62-64).

Die biskop is al meer beskou as die een wat die gawes van die Gees ontvang het. Die biskop word die bemiddelaar van die heil, die vader van die gelowiges, die *vicarius Christi*.

Teenoor die ampsdraers word die gewone lidmate as *onmondig* gesien. Die opvatting dat elke Christen 'n priester is (I Pet. 2:5-9) wat nog deur Justinus, Ireneanus en selfs Tertullianus geleer is, het al meer op die agtergrond geraak. Die prediking en bediening van die sakramente het die eksklusiewe voorreg van die geordende klerus geword (vgl in die verband Viola & Barna 2008:105ev).

Een van die groot strydpunte tydens die Kerkhervorming in die 16e eeu, was juis oor die mag en posisie van die pous en biskoppe. Calvyn het daarop gewys, aan die hand van Ef 4:11-12, dat die ampsdraers en die vergadering van die ampte hulle gesag van Christus ontvang. Die ampsdraer het dus slegs afgeleide gesag. Die kerklike en amptelike gesag berus op die roeping van Christus en die gehoorsaamheid aan die Woord. Wanneer die ampsdraer in gehoorsaamheid aan Christus en die Woord sy roeping uitleef, is dit asof Christus self daar teenwoordig is (Koffeman 2009:152).

Dit is 'n tipies reformatoriese beginsel dat die amp nie een of ander belangrike *officium* is nie, maar eerder 'n *ministerium* (Pont 1981:197). Ampsdraers behoort diensbaar te wees, want daarin word hulle die amp waardig. Hierin was Christus self tot voorbeeld: Hy het gekom as dienskneg en het diensbaar geword tot in die dood. Jesus kniel voor sy dissipels om hulle voete te was, en gee dan aan hulle die opdrag dat hulle mekaar ook moet dien.

Beide Luther en Calvyn het groot klem geplaas op die dienswerk van elke Christen. Die feit dat vanuit die geleedere van die "leke", op roterende basis, lidmate tot die amp verkies is beklemtoon die feit.

In die 20e eeu was dit veral Kraemer en Van Ruler wat weer met erns gewys het op die belang van die algemene priesterskap van die gelowige, die belang van algemene amp in verhouding met die besondere amp (vgl Van Ruler 1952; Kraemer 1960).

Meer onlangs meen Koffeman dat die amp (en die rol van lidmate) tans 'n sentrale probleem vir kerke en ekumeniese verhoudings inhou (Koffeman 2009:137). Gevolglik staan die amp sentraal in die problematiek waarmee Kerkreg as wetenskap homself besig hou.

Dingemans meen ook dat ampsbegrip 'n belangrike rol in kerklike vormgewing en die opstel van nuwe kerkordes speel (Dingemans 1992:220ev). Die verskansing van die amp in sy huidige vorm is volgens hom 'n soort kompromis met die verlede, wat daartoe lei dat kerklike transformasie of vernuwing bykans onmoontlik geword het.

Die Kerkorde van die NHKA verwoord die belangrike rol wat die lidmate in bediening behoort te speel soos volg:

Ampte is gawes en dienste waardeur God mense wat Hy in en deur Christus verlos het tot geloof in Hom bring. Deur die ampte rus Hy die gelowiges toe vir hulle dienswerk in die wêreld en vir die opbou van die kerk tot die werklike eenheid in Christus.

NHKA 1997:6

Ten spyte van alles wat gesê word oor die lidmaat se rol in die kerk, het die amp in die reformatoriese kerke (en die NHKA) 'n baie prominente plek ingeneem. Die ampsdraer is primêr verantwoordelik vir die bediening van die evangelie, terwyl lidmate bedien word.

Ten spyte van korrekte teologiese fundering van die amp, het ampsdraers die subjek en lidmate die objek van bediening gebly. Die onbetrokkenheid van lidmate in die bediening en die onderskeid tussen amp en lidmaat, is 'n klassieke voorbeeld van die institusionalisering van die amp en die kerk.

In die NHKA is daar die algemene opvatting dat die kerk 'n "domineeskerk" is (Van Wyk 1991:1). In 'n redaksionele artikel in *Die Hervormer* skryf Van Wyk: *Ons Kerk maak dikwels nog die indruk van 'n domineeskerk in plaas daarvan dat die Kerk in die wêreld die beeld vertoon van 'n lewende, dienende gemeente, werklike liggaam van Christus...*

Die bediening van die evangelie is in die NHKA die verantwoordelikheid van die predikant. Lidmate se verantwoordelikheid is om hulle te laat bedien deur die ampsdraers tydens die erediens en huisbesoek.

Hierdie struktuur is nie net 'n simptoom van 'n institusionalisme nie, maar is ook nadelig vir die kerk om deur middel van sy lidmate die evangelie te bedien.

3.6. TEOLOGIESE OPLEIDING

Vervolgens is dit nodig dat ook aandag gegee word aan die teologiese opleiding wat predikante ontvang. Die teologies-wetenskaplike opleiding dra myns insiens (onbedoeld) by tot die institusionalisering van die kerk.

Niemandt verwys na uitgebreide navorsing wat deur die *Hartford Institute of Religious Research* in die VSA gedoen is. Daar is bevind dat predikante met 'n baie sterk akademiese agtergrond in die teologie, juis die minste gereed is om aan te pas by nuwe omstandighede. Hulle vind dit ook moeilik om gemeentelike transformasie te begelei (Niemandt 2007:40).

Baie kerke en teologiese fakulteite gaan van die veronderstelling uit dat beter teologiese opleiding die kerk sal laat groei en vooruitgaan. So 'n ingesteldheid berus op 'n modernistiese en positivistiese beskouing van wetenskap wat aan die mens vooruitgang en groei moet waarborg. Die ontnugtering wat die kerk sedert die laat 20e eeu ervaar, is dat die akademiese opleiding van predikante baie min bydra tot die groei van die kerk.

Volgens *Die Almanak* (NHKA 2011:135-185) het 16% van diensdoende predikante van die NHKA doktorsale studies in die teologie voltooi en reeds 'n PhD of DD graad ontvang. Daarbenewens is 'n beduidende aantal predikante besig met nagraadse studies en word geen predikant tot die bediening toegelaat indien hy of sy nie ten minste 'n MDiv graad voltooi het nie. Die kerk se statistieke (soos later aangetoon) toon egter 'n volgehoue agteruitgang in die getal lidmate.

Dit is dus duidelik dat predikante met 'n hoogstaande akademiese opleiding geen waarborg vir gemeentes se groei inhou nie.

Dit is verder opvallend dat die kerk sy sterkste groei getoon het in die tydperke toe daar 'n akute tekort aan predikante was (1950-1970). Dit word hieronder in die statistiese analise aangetoon. Die rol wat lidmate, ouderlinge en diakens in die groei van die kerk gespeel het, kan nie onderskat word nie.

Dit bevestig die vermoede dat opgeleide en geordende predikante nie noodsaaklik vir die kerk se voortbestaan is nie. In baie kerke wat wel groei, speel bediening deur lidmate 'n deurslaggewende rol.

In die Suid-Afrikaanse konteks is die Angus Buchan-fenomeen ook ter sake. Buchan is 'n boer wat as evangelis optree. Sy *Mighty Men Conference* en beweging trek skares van tot 250 000 per keer (vgl berigte en foto's in *Rapport* 2009). Sy byeenkomste trek meer aandag as die grootste sportbyeenkomste in Suid-Afrika.

Lidmate van verskillende kerke woon die geleenthede by. Ook mense wat min tot geen verbintenis met die kerk het nie, woon dit by. Talle getuig van die hartsverandering en transformasie wat daar in hulle lewens plaasvind.

Die vraag is: Hoe beoordeel 'n mens die verskynsel? Sonder om in besonderhede in te gaan of 'n oordeel uit te spreek, kan ten minste die volgende waarnemings gemaak word:

- Buchan is nie 'n opgeleide teoloog nie, maar 'n boer. Duisende lidmate van tradisionele reformatoriese kerke het geen probleem daarmee dat 'n 'onopgeleide' prediker aan hulle die evangelie verkondig nie.
- Die *Mighty Men Conference* toon al die kenmerke van 'n beweging. Daar is die minimum strukture en organisasie. Eredienste word in sport stadions en op Buchan se plaas in die veld gehou.
- Sy prediking word gekenmerk deur die beklemtoning van God se mag, outydse moraliteit en gesinswaardes, die leiding van die Heilige Gees en fundamentalistiese Skrifgebruik. Daar is geen twyfel oor basiese geloofswaarhede of kritiese vrae oor die Bybel nie.

In 'n ondersoek na kenmerke van die top 1% van '*suksesvolle predikante*' in die VSA (dws die wat ongeveer 17% jaarlikse groei in lidmaatgetalle handhaaf), blyk dit dat 37 van die respondente nie 'n formele teologiese opleiding ontvang het nie (Salter 1990:17).

Die kritiese vraag wat dit aan die kerk stel is: Hoe belangrik is opgeleide en geordende predikante werklik vir die voortgang van die kerk? Wat is die rol van teologiese opleiding? Hoe benut die kerk lidmate in die verkondiging?

Waarskynlik het kerke (soos die NHKA) met hulle beklemtoning van hoogstaande teologiese opleiding 'n elitistiese kerk geskep waarmee Jan Alleman moeilik assosieer.

Teologie as wetenskap, soos dit aan teologiese studente van die NHKA geleer word, het inherente swakhede. Dit skep 'n kritiese ingesteldheid teenoor die Skrif, die kerk en bepaalde aspekte van die Christelike geloof. 'n Rasioneel-kritiese beoefening van die teologie lei dikwels tot 'n meganiese en tegniese benadering tot verkondiging en kerklike bediening in die algemeen.

Indien dit nie reg hanteer word nie, lei dit tot 'n verlies aan spiritualiteit, motivering en gebrekkige funksionering by predikante. Dit het weer uiters negatiewe implikasies vir 'n tipiese reformatoriese gemeente, waar die prediking, die rol van die predikant en die amp oorbeklemtoon word.

Daarom pleit Heitink tereg vir 'n "vereenvoudigde teologie" (Heitink 2007:344-346). Hy wys op die omvangryke ensiklopedies uitbreiding wat die teologie ondergaan het, met talle dissiplines en sub-dissiplines. Spesialisering vind toenemend plaas.

Die bydrae wat die teologie-as-wetenskap tot die institusionalisering van die kerk maak, kan waarskynlik getemper word indien teologie verstaan word as 'n *sistematiese geloofsbesinning ten dienste van geloof en die lewe vanuit die geloof* (Furet 1987:29).

3.7. STATISTIESE ANALISE

Vermindering van lidmate

Statistiese gegewens dui daarop dat die NHKA (as denominasie) nie daarin slaag om te groei nie, hoewel individuele gemeentes wel groei. Dit is deel van 'n wêreldwye verskynsel.

Talle nasionale kerke, volkskerke of staatskerke regoor oor die wêreld is besig om vinnig lidmate te verloor. In meeste lande bestaan die tradisionele 'hoofstroom' kerke nog net as klein minderheidsgroepe. In Suid-Afrika (en spesifiek die NHKA) is dieselfde tendens waarneembaar.

In **Nederland**, byvoorbeeld, het die getal buitekerklikes in 1947 op 17,1% van die bevolking gestaan; in 1979 het dit op 27% gestaan en teen 1993 het dit reeds op 52% gestaan (Heitink 1993:14). Lidmate van die Nederlands Hervormde Kerk het in 1900 ongeveer 90% van die Nederlandse bevolking uitgemaak. In 2000 was dit slegs 14%. Die verwagting is dat heelwat gemeentes in Nederland in die volgende dertig jaar sal

verdwyn. Na beraming sal slegs 4% van die Nederlandse bevolking teen 2020 deel wees van die Protestantse Kerk (De Roest en Stoppels 2007:12).

Die *Barna Research Group* se 2005 verslag, *The State of the Church* (Barna 2005) het vasgestel dat die getal volwassenes in die **VSA** wat nie meer eredienste bywoon nie sedert 1991 verdubbel het – van 39 miljoen na 75 miljoen. Van hierdie getal mense wat die kerk die afgelope 15 jaar verlaat het, is 55% mans. Daarbenewens wys die verslag daarop dat 12,5% (16 miljoen) van dié wat die kerk verlaat het, geklassifiseer kan word as belydende Christene - met ander woorde - mense wat steeds in Jesus Christus as Verlosser glo.

Barna voorspel dat teen die huidige koers, plaaslike kerke en denominasies teen 2025 die helfte minder lidmate sal hê en dat hulle erediensbywoning drasties sal daal (<http://www.barna.org>).

Dit toon verder dat nóg die tradisionele hoofstroom kerke; nóg die plaaslike gemeenskapskerke; nóg mega kerke of die sogenaamde *Evangelical Movement* die vermoë het om die styging in ongeloof en kerkverlating te stuit. Ook die *Church Growth Movement* van McGavran, met al die navorsing wat deur die *Fuller Theological Seminary* oor kerkgroei gedoen is, kon nie daarin slaag om meer mense in die VSA “Christene” te maak nie (Hirsch 2006:36).

Soortgelyke statistiek vind ons in **Brittanje**, waar daar ‘n algemene verlating van bestaande denominasies en afname in erediensbywoning plaasvind (vgl <http://www.jesus.org.uk>).

Een van die lande in Wes-Europa waar die vermindering van lidmate meetbaar is, is **Duitsland**. Die statistieke is beskikbaar aangesien lidmaatskap van die kerk en die persoon se belastingaanslag hand aan hand loop. Die staat kan dus rekenskap gee van elke persoon se amptelike lidmaatskap (vgl Herbst 2005 en 2008). ‘n Paar miljoen lidmate het die Duitse kerke die afgelope twee dekades verlaat en kerklike meelewing het ‘n laagtepunt bereik.

Die volgende tabel toon aan hoeveel lidmate die *Evangelische Kirche* en die *Rooms Katolieke Kerk* die afgelope jare verlaat het. Die vermindering van lidmate word in intervalle van twee jaar aangetoon:

JAAR	EKD	RKK
1991	320,635	16,933
1993	284,699	153,753
1995	296,782	168,244
1997	196,602	123,813
2003	177,162	129,598
2005	119,561	89,565
2007	131,000	93,667

In 1991 (pas ná die hereniging van Duitsland), was daar nog 29,2 miljoen Protestante in Duitsland. In 2001 was daar slegs 26,45 miljoen lidmate. Tussen 1991 en 2001 het die EKD dus 'n verlies van 2,75 miljoen lidmate gehad.

In 2007 was daar 24,832,110 lidmate oor. Tussen 2001 en 2007 was daar dus 'n verdere verlies van 1,62 miljoen. Dit is 'n totale verlies van 4,37 miljoen lidmate tussen 1991 en 2007.

Volgens die staat se sensus was die totale bevolking van Duitsland in 2007 op 82,217,837 gestel. Daarvan het ongeveer 1 miljoen gereeld eredienste bygewoon terwyl 'n verdere 1 miljoen gereeld na godsdienstige TV uitsendings kyk. Daarbenewens het 9 miljoen Kersdienste bygewoon.

Dit is duidelik dat kerke in Duitsland in die laaste dekades miljoene lidmate verloor het. Van 'volkskerk' is daar nie meer sprake nie, slegs van 'sendingkerk' (Herbst 2008:13).

Erediensbywoning volgens lande

#1	Nigerië	89%
#2	Ierland	84%
#3	Filippyne	68%
#4	Suid-Afrika	56%
#5	Pole	55%

#6	Puerto Rico	52%
#7	Portugal	47%
#8	Slowake	47%
#9	Mexiko	46%
#10	Italië	45%

Hieruit blyk dat Suid-Afrika een van die min lande is waar ongeveer die helfte van die bevolking aantoon dat hulle redelik gereeld eredienste bywoon. Dit is ook opvallend dat die lande wat in die “top 10” verskyn, oorwegend Rooms Katoliek is.

Europese en oorwegend Protestantse lande is baie laag op die indeks. Protestantse kerke vaar wêreldwyd deurgaans die swakste in terme van hulle lidmate se erediensbywoning (<http://www.religioustolerance.org/reirate.htm>). Daar is steeds beduidende getalle mense wat “gereeld” eredienste bywoon, maar dit neem stelselmatig af.

Navorsers is lank reeds bewus van die feit dat mense wat vraelyste antwoord of aan ‘n meningspeiling deelneem, die vrae nie altyd eerlik antwoord nie. Die antwoorde reflekteer dikwels wat die deelnemers meen dat hulle behoort te antwoord. Dit staan bekend as die *social desirability bias*. Die algemene aanvaarde norm in marknavorsing is dat slegs 1 uit 2 deelnemers *alle* vrae eerlik antwoord (vgl http://www.religioustolerance.org/rel_rate.htm).

Dit beteken dat die getal persone wat gereeld eredienste bywoon, aansienlik verminder kan word. Toegepas op ‘n land soos die VSA, kan die persentasie van die bevolking wat eredienste bywoon verminder word van 44% na ongeveer 26%.

Hierdie statistieke word bevestig deur die navorsing wat Sally Morgenthaler in 2003 gedoen het (vgl <http://easumbandy.com> en soos aangehaal in Hirsch 2006:35). Sy het bevind dat die werklike bywoning van eredienste in die VSA op 18% staan, waarvan Protestantse kerke slegs 3 % uitmaak. Charismatiese groepe trek 9% van die bevolking na hulle eredienste en die Rooms Katolieke Kerk 6 %.

Indien dieselfde tendens in Suid-Afrika voorkom, naamlik dat minder mense eredienste bywoon as die 56% wat aangedui het dat hulle dit wel doen, kan aanvaar word dat slegs 30% redelik gereeld eredienste bywoon.

Verspreiding van lidmate

Vervolgens word gekyk na die belangrikste Christelike groeperings in Suid-Afrika en verspreiding van lidmaatgetalle volgens kerklike groepering:

Inheemse Kerke (Insluitend ZCC)	52,1%
Pinkster Kerke	8,5 %
Rooms Katolieke Kerk	7,1%
Metodiste Kerk	6,8%
Gereformeerde Kerke	6,7%
Anglikaanse Kerk	3,8%
Geen kerklike verbintenis	15,0%

Dit is duidelik dat die gereformeerde kerke in Suid-Afrika oor jare heen 'n verkeerde aanname gemaak, naamlik dat dit die grootste godsdienstige groepering in Suid-Afrika is. Die teendeel is eerder waar. Gereformeerde kerke is 'n uiters beperkte groep binne die breër Suid-Afrikaanse samelewing (http://www.religioustolerance.org/rel_rate.htm). Hieruit kan die volgende afleidings gemaak word:

- Gebaseer op hierdie statistiek maak die NHKA slegs 0,2% van die Suid-Afrikaanse bevolking uit.
- Ongeveer 15% van alle Suid-Afrikaners het geen kerklike verbintenis nie.
- Dit is verder opvallend dat die gereformeerde kerke wat oor dekades heen verskillende bevolkingsgroepe bedien, minder as 7% van die bevolking uitmaak.

- Dit is duidelik dat die gereformeerde kerke, na sendingwerk wat oor dekades en selfs eeue strek, nie naastenby dieselfde invloed as die inheemse, onafhanklike kerke of charismatiese kerke uitoefen nie.
- In 1911 het die gereformeerde kerke van Suid-Afrika se lidmate 57,1% van die Blanke bevolkingsgroep uitgemaak. Teen 1996 het dit gedaal tot 48,1% (Dreyer 2003:1050).
- In die ooreenstemmende tydperk het die persentasie gereformeerdes onder die Swart bevolkingsgroep konstant gebly op 6,8%. Daar was dus geen groei (as persentasie uitgedruk) oor 'n periode van 80 jaar nie. Daarteenoor het die onafhanklike, inheemse kerke se “markaandeel” in dieselfde periode met bykans 40% en die Pinksterkerke met 10% gegroei.

Die NHKA het sedert 1910, op 'n jaarlikse basis met enkele uitsonderings, in elke gemeente sensus gedoen. Die statistieke wat van gemeentes ontvang word, word in *Die Almanak*, die Jaarboek van die NHKA, gepubliseer. Die afgelope eeu se uitgawes is ter insae in die Kerkargief.

Die volgende tabel bied 'n oorsigtelike beeld van tendense in die laaste dertig jaar:

Gemeentes, lidmate en predikante van die NHKA 1980–2008

Jaar	Totale lidmate	Belydende lidmate	Belydenisgedoen	Gedoop	Vertrek met bewys	Oorgeko m met bewys	Aantal gemeente predikante
1980	193 521	126 661	5 378	4 818	1 821	1 917	220
1982	193 091	127 346	5 119	5 083	2 031	2 066	225
1984	193 144	129 426	5 506	5 191	1 852	2 265	250
1986	195 299	132 016	5 192	4 936	2 028	2 313	263

1988	193 484	131 466	4 769	4 812	2 536	3 449	285
1990	192 541	132 483	5 926	4 280	2 280	2 848	280
1992	192 759	134 160	5 022	4 004	1 804	2 490	289
1994	184 601	130 710	4 900	3 667	4 426	4 331	324
1996	176 338	129 759	4 764	1 622	5 184	4 751	343
1998	170 011	123 538	3 756	2 423	9 383	8 161	365
2000	162 526	120 937	3 592	1 958	4 744	4 587	358
2002	154 687	116 829	2 834	1 872	3 798	3 198	346
2004	143 457	112 756	3 150	1 877	6 166	5 040	323
2006	143 463	111 799	2 003	1 207	6 999	6 576	302
2008	136 045	107 202	2 212	1 457	3 502	2 201	254
2010	129 326	103 048	1 913	1 591	3 656	2 013	252

Die betekenis van hierdie statistieke kan soos volg opgesom word:

- Totale lidmaatgetalle het in die laaste dertig jaar met 30% verminder.
- Die getal dopelinge het met 75% afgeneem. Dit is ten nouste verband aan die lae geboortesyfer en veroudering wat in die gemeenskap aan die gang


is. Dit dui ook daarop dat talle jongmense die Kerk verlaat deur na ander kerke te gaan, te emigreer of buitekerklik te word.

- Op die huidige stadium is die getal sterftes in die Kerk reeds meer as die getal geboortes.
- Dit beteken dat die Kerk geen groei sal beleef deur natuurlike aanwas en deur die normale proses van doop, kategese en belydenis nie.
- Die vermindering van lidmate is oor die laaste twee dekades konstant. Daar is dus geen aanduibare rede waarom die proses nie sal voortgaan nie.
- Dit beteken dat gemeentes dit toenemend moeilik sal vind om predikante te versorg, dat gemeentes sal saamsmelt of dat predikante meer as een gemeente sal bedien.
- Al meer predikante sal gemeentes deelyds bedien.
- Die kerk se sinodale aktiwiteite gaan toenemend onder druk kom.

Een van die statistieke wat ernstige aandag verdien, is die getal predikante wat in gemeentes diens doen. Die getal het in 1999 sy hoogtepunt bereik met 369 predikante wat in gemeentes gewerk het. In een dekade het die getal geval tot 252, 'n 32% vermindering. Dit kan simptome wees van die kerk wat verklein en dus minder predikante benodig; dit kan ook (myns insiens) dui op dieperliggende probleme soos vrees vir die toekoms, onsekerheid oor finansiële sekuriteit, onbevredigende werksomstandighede en ontnugtering met die kerk as instituut. In 'n volgende paragraaf sal verder op die saak ingegaan word.

Een van die interessante en moontlik baie belangrike waarnemings, is die feit dat die NHKA in die periode voor 1980 'n akute tekort aan predikante beleef het - juis omdat die kerk so vinnig gegroei het. Dit beteken dat gemeentes, ten spyte daarvan dat hulle lang periodes vakant was en sonder bediening deur voltydse predikante moes klaarkom, gegroei het. Lidmate het self leiding geneem, en veral ouderlinge het 'n uitsonderlike groot rol gespeel in die voortgang van die kerk. Dit korreleer met die opvatting dat kerke groei wanneer lidmate verantwoordelikheid vir gemeentes aanvaar.


Omgekeerd: Dit is opvallend dat die oorfloedige beskikbaarheid van predikante (na 1980) nie die daling in lidmaatgetalle voorkom of verminder het nie. Die tendens in die NHKA ten opsigte van lidmaatgetalle, stigting van gemeentes asook ontbinding van gemeentes, ten opsigte van die laaste eeu, kan soos volg uitgebeeld word:



Dit kan soos volg opgesom word:

- Die NHKA het tussen 1910 en 1970 groot groei in die getal lidmate en gemeentes beleef, van ongeveer 20,000 tot sowat 190,000.
- Die NHKA het tussen 1970 en 1990 gestabiliseer op net onder 200,000 lidmate. In die periode het die Kerk se infrastruktuur geweldig uitgebrei en is talle gemeentes gestig.
- Die NHKA het tussen 1990 en 2010 'n skerp daling in lidmate begin ervaar.

Sedert 1980 lyk die grafieke soos volg:



Die vraag is: Wat is die langtermyn implikasies as die Kerk konstant en beduidend kleiner word? Mead het aangetoon dat die effek van 'n konstante daling in lidmate ernstige gevolge vir die kerk in die VSA gehad het (Mead 1994:1-17 en 128). Dit sluit in verswakking van die kerk se finansiële posisie, rasionalisering van sinodale poste, teologiese opleiding raak te duur, voltydse predikante raak te duur en kleiner gemeentes sluit hulle deure.

A Mann se navorsing het aangetoon het dat die grootte van 'n kerk die prosesse, struktuur en dinamika wat in die kerk werkzaam is, grondig beïnvloed: *When organisms change significantly in size, they must also change in form* (Mann 1998:1).

Hierby kan gevoeg word: As organisasies in grootte verander, verander nie net die vorm nie, maar ook die identiteit en funksionering van die organisasie. Dit beteken onder andere dat die opleiding van predikante, die funksionering van gemeentes en die manier hoe gemeentes moet bestaan ingrypend aangepas sal moet word. Dit het implikasies vir die identiteit van die kerk.

Vergelykende statistiese gegewens

Dit is belangrik om vas te stel of die daling van lidmaatgetalle net in die NHKA voorkom. As dit die geval sou wees, sou dit dui op ernstige interne,

systemiese probleme. As soortgelyke kerke as die NHKA dieselfde tendense vertoon, beteken dit dat dit nie net interne faktore is wat die daling in lidmate veroorsaak nie, maar ook eksterne faktore. In die Suid-Afrikaanse konteks is die naaste vergelykbare voorbeelde die Afrikaanse susterkerke, te wete die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) en die NHKA.

In die volgende tabel word dié drie kerke se lidmaatgetalle vergelyk, aan die hand van amptelike statistieke wat in die onderskeie kerke se jaarboeke gepubliseer word. Dit is opvallend hoe identies die drie kerke se statistieke van die laaste twintig jaar, uitgedruk in persentasies, vertoon (aangehaal uit Labuschagne 2009:107-108):

Jaartal	NG KERK LIDMAATTAL		NHKA LIDMAATTAL		GEREFORMEERDE KERKE VAN SA	
	Doop	Belydend	Doop	Belydend	Doop	Belydend
1988	455,846	970,366	62,018	131,466	36,998	78,417
1990	427,194	959,366	60,058	132,483	35,036	78,945
1992	403,180	956,794	58,599	134,160	33,478	78,935
1994	374,358	936,508	53,891	130,710	33,023	80,037
1996	358,063	930,774	46,579	129,759	30,589	78,254
1998	346,460	915,575	46,473	123,538	28,409	76,359
2000	329,047	918,790	41,589	120,937	26,241	74,952
2002	303,868	897,067	37,858	116,829	24,340	73,748
2004	282,256	889,839	30,701	112,756	21,927	71,969
2006	265,463	889,538	31,564	111,799	20,514	70,345
2008	248,506	880,761	28,892	107,205	18,988	68,842
% Afname 1988-1998	24%	5,5%	25%	6%	23%	3%
% Afname 1999-2008	20%	4,5%	20%	12%	23%	9%
Reële afname	199,083	98,943	27,610	23,446	16,953	9,128

As die kerke en die twee dekades met mekaar vergelyk word, is die volgende opvallend:

- Die drie kerke se verlies aan dooplidmate, as persentasie uitgedruk, is feitlik identies.
- Lidmate van die drie kerke het die afgelope 20 jaar met 375,163 verminder waarvan die dooplidmate gedurende hierdie periode die grootste verlies verteenwoordig (65%).
- Die NG Kerk het die kleinste daling van belydende lidmate. Dit kan daarop dui dat die NG Kerk, as grootste kerk, nog nie die volle impak van demografiese veranderinge vertoon nie; of dat die vlak van tevredenheid in die NG Kerk hoër is as by die ander twee kerke en minder lidmate die kerk verlaat.
- Die NHKA se verlies aan belydende lidmate het in dekade 2 (1999 tot 2008) verdubbel (van 6% tot 12%), in vergelyking met dekade 1 (1988 tot 1998). Hierdie versnelling sal na alle waarskynlikheid toeneem omdat kleiner kerke groter blootstelling het aan demografiese veranderinge.
- Dit word bevestig deur die daling van belydende lidmate van die Gereformeerde Kerke, wat drievoudig toeneem het (van 3% tot 9%).

Die Raad vir Apostolaat het in sy voorlegging aan die 68e Algemene Kerkvergadering van die NHKA (Agenda 68e AKV 2007) tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n verskeidenheid faktore is wat aanleiding gee tot die daling in die getal lidmate.

Die verslag identifiseer die volgende faktore wat bydra tot die daling in die getal lidmate:

- Emigrasie van baie lidmate na die buiteland
- Lae geboortesyfer
- Veroudering van lidmate
- Gebrekkige geloofsopvoeding van kinders deur ouers

- Gebrekkige opsig en bearbeiding van bestaande lidmate
- Oneffektiewe bedieningstrukture
- Eredienste wat nie altyd inspirerend is of die jeug bereik nie.
- Ingrypende sekularisasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap
- Die rol van die media
- Die aanvaarding van ander godsdienste of ateïsme as legitieme alternatiewe.
- Die invloed van ander kerke op die NHKA (konkurrente)
- Die tyd van “tradisionele lidmaatskap” is verby.
- Beweeglikheid van lidmate
- Min lojaliteit ten opsigte van een kerk of gemeente
- Jonger lidmate skakel by kerke en gemeentes in waar daar groter vryheid en variasie is, waar hulle voel dat hulle geestelik versorg word en ‘n sinvolle bydrae kan lewer.

Wanneer bogenoemde statistieke verder ontleed word, kan die volgende afleidings ten opsigte van die NHKA gemaak word:

- Die NHKA het minder as 30 000 lidmate tussen die ouderdom 0-17 jaar.
- 78% is belydende lidmate (ouer as 17) en 22% is dooplidmate.
- Indien dit in gedagte gehou word dat ongeveer 1400 kinders per jaar in 306 gemeentes gedoop word (4 kinders per gemeente), is dit duidelik dat die verhouding tussen belydende- en dooplidmate progressief swakker gaan word.
- Die NHKA sal reeds op die korter termyn ‘n situasie ingaan waar die getal jongmense wat belydenis van geloof aflê, minder as ‘n duisend per jaar sal beloop aangesien daar ‘n aanwysbare tendens is dat van die dooplidmate tussen doop en belydenis uit die Kerk wegraak. Minder as 75% van kinders wat in die NHKA gedoop word, doen uiteindelik belydenis van geloof in die NHKA.
- Die afleiding kan gemaak word dat die NHKA binne die volgende 10 jaar ‘n inploffing van lidmaat getalle kan beleef.

- Die implikasie daarvan is dat talle gemeentes sal moet sluit, al meer predikante uit die bediening sal tree en dat die Kerk, veral op sinodale vlak, moeilik sal oorleef .

Dit is ook belangrik om te peil wat die koers van kerkverwisseling is. Onderstaande statistiek is effens misleidend, omdat dit lidmate wat tussen gemeentes van die NHKA verwissel, kan insluit. Tog is dit opmerklik dat jaarliks meer lidmate van NHKA gemeentes met bewys van lidmaatskap vertrek as wat by NHKA gemeentes aansluit.

Teoreties sou die verskil opgemaak word uit lidmate van die NHKA wat met bewys van lidmaatskap by ander kerke aansluit:

Lidmate oorgekom/vertrek en getal ampsdraers

Die praktyk om by vertrek van lidmate uit 'n gemeente attestate of bewys van lidmaatskap uit te reik is ook 'n bron van inligting en gee 'n goeie aanduiding hoe en of lidmate van die kerk by 'n volgende gemeente aansluit.

Die volgende tabel gee vir ons 'n aanduiding:

Jaar	Lidmate (1) oorgekom en (2) vertrek met bewys van lidmaatskap		Diensdoende (1) ouderlinge en (2) diaken	
	2006	6 576	6 999	
2007	3 304	4 975	5 097	4 011
2008	2 201	3 502		
2009	2 203	3 493	4776	3608
2010	2 013	3 656	4092	3185

Afleidings wat uit hierdie inligting gemaak kan word is die volgende:

- Meer lidmate verlaat gemeentes van die Kerk met bewys van lidmaatskap as wat oorkom na gemeentes van die NHKA. Dit dui daarop dat talle lidmate met verwisseling van gemeente nie weer by 'n gemeente van die NHKA aansluit nie.
- Daar is jaarliks 'n vermindering van ongeveer 500 diensdoende ouderlinge en 500 diensdoende diakens in die kerk.
- Daar is 'n 1 000 meer ouderlinge as diakens. Dit beteken dat die tradisionele werkswyse van 'n ouderling en diaken per wyk onder druk is.

Gemeentes se verslae aan ringsvergaderings dui daarop dat hulle nie voldoende lidmate vind wat bereid is om as kerkraadslede te dien nie. Dit het die verdere implikasie dat die tradisionele pastoraal-geografiese bediening, waar ouderlinge en diakens gereeld 'n wyk besoek, uitgedien raak en op die langer termyn nie gehandhaaf sal kan word nie.

Benewens die lidmate wat die kerk verlaat (hetsy deur emigrasie, deur na ander kerke te gaan of gewoon buitekerklik te word), is die demografiese profiel van die kerk uiters negatief, met talle gemeentes wat rapporteer dat die gemiddelde ouderdom van lidmate 50 en ouer is. Wanneer die bejaardes in die kerk sterf, gaan die kerk dramaties kleiner word.

Op grond van die statistiese inligting soos hierbo uiteengesit, is ek van mening dat die NHKA in die volgende twee dekades die volgende tendense kan verwag:

- Die era (en die ideaal) van 'n gemeente met sy eie volversorgde predikant op elke dorp en in elke woongebied (die klassieke volkskerk) wat in geografiese wyke verdeel is en gereeld deur ouderlinge en diakens besoek word, is 'n verbygaande benadering van bediening.
- Die tradisionele herder/kudde gemeente gaan in groter, stedelike gemeentes toenemend onder druk kom.
- Daarmee saam sal die tipiese reformatoriese identiteit en bedieningstrukture bepaalde veranderinge ondergaan.

- Die toekoms van die kerk is waarskynlik te vind in makrogemeentes (sentralisasie, met gepaardgaande tot niet gaan van omringende gemeentes), of in mikrogemeentes (desentralisasie, met gepaardgaande proliferasie van huisgemeentes).
- Indien hierdie scenario realiseer, sal dit uiteraard groot uitdagings aan die kerk stel in terme van opleiding van lidmate en 'n radikale hervorming in kerkbegrip en kerkpraktyk. Op plaaslike vlak sal die verandering in grootte (groei of verkleining van gemeentes) eiesoortige eise stel.
- Gemeentes sal waar nodig saamsmelt.
- Op die platteland kan gemeentes van verskillende kerke saamsmelt en bediening deel.
- Teologiese opleiding, barmhartigheidsdiens en ander sinodale dienste moet interkerklik plaasvind.
- Op 'n makrovlak is die samesmelting van kerke 'n moontlikheid.
- Omgekeerd, as die strategie van desentralisasie gevolg word, kan klein gemeentes (huisgemeentes) onder leiding van lidmate of ouderlinge funksioneer.
- As laasgenoemde realiseer, het dit die implikasie dat die rol van die predikant ingrypend sal verander. Predikante sal meer aandag moet gee aan die opleiding en toerusting van lidmate.
- Die NHKA sal sy dominante pastorale bedieningsmodel moet uitbrei tot 'n omvattende missionale bedieningsmodel.
- Die tradisionele teologiese opleiding sal ingrypend moet verander, aangesien predikante van die NHKA tans nie in staat is om in 'n missionale omgewing te funksioneer nie.

Bogenoemde opmerkings oor predikante, vereis dat aandag gegee word aan die funksionering van predikante.

3.8. PREDIKANTE SE FUNKSIONERING

In kerke waarin institusionele denke dominant is, speel die geordende predikant 'n buitengewoon groot rol. Soos reeds aangetoon is die institutionalisme wat in kerke manifesteer, deels te wyte aan die formalisering van die amp.

Hoe belangrik die rol van die predikant is, kan mens sien in die geskiedenis van die pastorale teologie (Heitink 1993:293). Dit is dus nie sonder rede dat Heitink sy *Praktische Teologie* afsluit met 'n hoofstuk oor die predikant nie. Veral in die huidige tydsgewrig word die eise wat aan predikante gestel word, al groter.

Veral in die gereformeerde kerklike tradisie, met 'n sterk ontwikkelde ampsbegrip, is die rol van die predikant van uiterste belang. Waar van predikante verwag word om feitlik alle verantwoordelikheid vir die bediening van die evangelie te aanvaar, kan die onderprestasie of gebrek aan kompetensie van 'n predikant lei tot verval in sy of sy gemeente.

Uit bogenoemde statistiek het dit duidelik geword dat daar in die NHKA 'n ernstige krisis ten opsigte van die kerk se predikante ontwikkel het. Die erosie aan predikante het reeds enorme afmetings aangeneem. In 1992 alleen, het 17 Hervormde predikante uit die bediening bedank. In die laaste tien jaar het die getal predikante in die NHKA met 32% verminder.

In die lig hiervan het die 63e Algemene Kerkvergadering opdrag gegee dat die verlies aan predikante empiries, deur middel van vraelyste en onderhoude, ondersoek moes word. Die Kommissie van die AKV 'n navorsingspan aangewys wat in Mei 1996 'n verslag ingehandig wat bekend geword het as die *Ondersoek na die krisis in pastorieë* (NHKA 1996).

Die navorsingspan het uit deskundiges van verskillende dissiplines bestaan en het met hulp van die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) data versamel. Op grond van die data wat versamel is, is sekere aanbevelings gedoen. Hoewel die verslag gedateer is, is dit die mees resente bron oor die

NHKA wat beskikbaar is. In die inleiding stel die verslag drie sake aan die orde (NHKA 1996:1):

- Die verlies aan predikante verminder die getal mense wat beskikbaar is om die evangelie te verkondig.
- Dit veroorsaak 'n verlies aan inkomste vir die Kerk.
- Dit beskadig die beeld van die Kerk in die gemeenskap.

Die gevolgtrekkings waartoe die ondersoek kom, waarom so baie predikante die bediening verlaat, kan soos volg saamgevat word:

Predikante het aangedui dat hulle nie *oor al die teologiese en nie-teologiese vaardighede beskik wat nodig is vir hulle rol as predikant nie* (Verslag bl. 4). Reeds in 1996 is dus kennis geneem van ernstige leemtes in die teologiese opleiding, wat nie tred gehou het met die veranderinge in die samelewing nie. Die teologiese opleiding van die NHKA predikante is steeds geskoei op die klassieke Europese benadering. In so 'n benadering word maksimum tyd aan die kennis van klassieke tale, teksvaardighede en eksegetiese spandeer, asof die werk van die predikant net om die prediking draai. Daarbenewens is die eksegetiese van die teks oordrewe krities en intellektualisties hanteer, sodat predikante met meer vrae as antwoorde na die praktyk beweeg het.

Die *strukture van die kerk* (Kommissie van die AKV, Ringskommissie en Kerkraad) bied onvoldoende steun aan die predikant (Verslag bl. 5). Predikante verdink die Kommissie van die AKV (in 1996) van politieke- en teologiese onverdraagsaamheid. Opsighoudende liggame word daarvan beskuldig dat hulle min begrip toon vir die werkdruk en spanning waaronder predikante funksioneer en dat die predikante verdink word dat hulle net 'lui' is. Die NHKA word verder beleef as te konserwatief in sy bediening van die evangelie. Die persepsie word vererger deur negatiewe beriggewing in die kerklike media. Dit lei tot 'n gebrek aan vertrouwe tussen die opsighoudende liggame en die predikant.

Werkomstandighede is van so 'n aard, dat predikante nie die mas opkom nie (Verslag bl. 6). Die diverse rolle van teoloog, prediker, pastor, bestuurder en organiseerder van allerlei projekte en programme lei tot spanning, omdat min

predikante die vermoë het om aan al die verwagtinge te voldoen. Wanneer die predikant nie alles reg doen nie, lei dit tot konflik in die gemeente. Min predikante het verder die vermoë om konflik konstruktief aan te wend en te bestuur.

Isolasie van die predikant en sy gesin van normale sosiale aktiwiteite en vriende speel 'n groot rol.

Finansiële druk lei tot heelwat bedankings van predikante, veral in kleiner gemeentes.

Geloofskrisisse speel 'n groot rol in die bedanking van predikante (Verslag bl. 8). Die fundamentele probleem is dat dit wat 'n *geloofskonteks* behoort te wees, vir baie predikante 'n *werkskonteks* met talle frustrasies geword het.

Huwelikspanning en gesinsprobleme plaas die predikant onder geweldige druk. Dit is die grootste enkele rede dat predikante bedank - in die periode 1985 tot 1993 het 20 predikante as gevolg van huweliksprobleme bedank. Dit hang ook saam met die ouderdomsverspreiding: In dieselfde periode was die grootste getal predikante wat bedank het tussen 30 en 40 jaar oud, na 6 tot 10 jaar in die bediening.

Persoonlikheidsprobleme by die predikant skep dikwels probleme en konflik, wat lei tot bedankings. Hierdie probleme wissel van ernstige patologiese toestande soos bipolêre steurnis en akute depressie tot swak leierseienskappe en gebrekkige selfkennis.

'n Studie wat in 2003 deur die *Instituut vir Biokinetika* van die PU vir CHO (Noordwes Universiteit) op Potchefstroom gedoen is, is ook van belang (vgl Botha, CR e.a. 2003). In hierdie studie navorsing gedoen oor die fisieke-, gesondheid, en psigo-emosionele welstand van manlike predikante in die NG Kerk.

Die studie is gedoen op versoek van die NG Kerk se Kommissie vir Predikantebediening. In totaal is 340 vraelyste wat deur manlike predikante voltooi is, ontvang en verwerk. Dit is dus baie verteenwoordigend van die predikante in die NG Kerk (en *mutatis mutandis* ook van die NHKA).

Die verslag wys verder op statistieke uit die VSA, wat aantoon dat meer as 30% van geordende predikante binne die eerste 3 jaar die bediening verlaat.

Die verslag toon onder andere aan dat 15,09% predikante in hulle menswees uiters ongelukkig is; 28,78% se 'geluk' is swak; 27,42% se 'geluk' is gemiddeld en slegs 30% se 'geluk' is goed of baie goed.

Die verslag toon verder aan dat 14,63% van die predikante 'n hoë vlak en 39,94% 'n matige vlak van uitbranding vertoon.

Die studie kom tot die gevolgtrekking dat predikante swak fisieke en psigo-emosionele kwaliteit van lewe handhaaf. Dit lei tot buitengewone hoë vlakke van stres en uitbranding, met gepaardgaande uittrede uit die amp.

In 'n ongepubliseerde studie van **G Roux** (Roux, G sa.) word dieselfde bevinding gemaak. Die verslag is gebou op mondelingse onderhoude wat met predikante gevoer is. Die verslag dui op die volgende stressore in die bediening:

- Werkslading (24 uur aan diens, 7 dae 'n week)
- Onrealistiese rolvoorskrifte en rolverwagting.
- Onbetrokkenheid en ongemotiveerdheid van lidmate en kerkradslede.
- Maatskaplike veranderinge / Postmoderniteit
- Die rol van die eggenoot
- Finansies
- Reaktiewe en pleks van proaktiewe optrede / krisisbestuur
- Ontoereikende opleiding
- Kwynende lidmaatgetalle

In bogenoemde ondersoeke manifesteer dieselfde faktore, wat lei tot die oneffektiewe funksionering van predikante, deurlopend. Dit is hierdie faktore wat lei tot die eventuele uittrede uit die amp.

Die drie verslae maak, elk vanuit 'n eie invalshoek, bepaalde voorstelle oor die hantering van die saak:

- Eersgenoemde verslag (van die NHKA) hanteer die saak *meganies*, deur aanbevelings te maak oor verandering in opleiding, funksionering van strukture en begeleiding van predikante.

- Die tweede verslag (van uit die perspektief van die Biokinetika) plaas die klem op 'n gesonde lewenstyl as die gepaste hantering van uitbranding en stres.
- Die derde verslag plaas die klem op die persoonlike geloofslewe (byvoorbeeld gebed) as die aangewese metode om die krisis te hanteer.

Hierdie situasie, ten spyte van ingrype deur die Kommissie van die AKV en terapeutiese begeleiding deur 'n multidissiplinêre span, het in die NHKA tot op hede nie verbeter nie. Die kantoor van die Kommissie van die AKV het ten opsigte van 2008 die volgende inligting oor Hervormde predikante beskikbaar gestel:

- 12 predikante het geëmeriteer, sommige voortydig.
- 3 predikante het Suid-Afrika verlaat.
- 14 predikante het as predikant bedank en is uit die amp onthef.
- 6 predikante is oorlede.

Gedurende die tydperk 1 November 2007 tot 1 November 2008 is 72 beroepe uitgebring, wat impliseer dat 72 standplase in een kalenderjaar vakant geraak het.

Dit blyk dus dat die uittredes uit die amp nie gestuit word nie. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat predikante steeds met 'n ontoepaslike opleiding 'n situasie tegemoet tree wat nie ooreenstem met die reformatoriese ideaalbeeld van die kerk nie.

Dit is nie net in die Suid-Afrikaanse konteks waar predikante onder druk verkeer nie. Navorsing wat die *Barna Group* onder predikante in die VSA gedoen het, dui daarop dat depressie, uitbranding, stres en emosionele probleme teen 'n abnormaal hoë koers onder predikante voorkom. Van die gevolgtrekkings waartoe Barna kom is die volgende (vgl <http://www.barna.org>) :

- Meer as 50% predikante voel hulle is onvoldoende toegerus vir die werk wat hulle moet doen.
- Meer as 80% ervaar voortdurend moedeloosheid oor hulle bediening.
- Meer as 70% het geen vriende nie.
- Ongeveer 33% beskou die bediening as nadelig vir gesinslewe en die huwelik.

- Ongeveer 40% van alle bedankings is die resultaat van uitbranding.

Predikante word as gemeentelike pastors opgelei, maar betree in werklikheid 'n situasie waar die tradisionele pastorale gemeente én die kerk as instituut in duie stort. In baie gevalle beteken dit dat 'n predikant met 'n ontoepaslike opleiding binne ontoepaslike kerklike strukture sy of haar roeping moet uitleef, sonder die nodige begrip en ondersteuning van lidmate en amptelike kerklike vergaderings. Op die langer termyn skep dit 'n geloofskrisis by die predikant, verlies aan geroepenheid, ongelukkigheid, stres, depressie en gepaardgaande persoonlike trauma en verbittering teen die kerk. Gelyklopend versnel die oneffektiwiteit van die predikant die agteruitgang van die gemeente waar hy of sy dien.

Dit is uiters noodsaaklik dat die NHKA moet herbesin oor die rol van die predikant, die kerk se ampsbegrip en die algemene priesterskap van die gelowige.

In die NHKA vervul predikante in baie opsigte nog die tradisionele rol van die *pastor loci*, volgens tradisionele Calvinistiese beginsels. Die Calvinistiese kerk- en ampsbegrip word aan studente in die vak Kerkreg geleer en gekonkretiseer in die Kerkorde van die NHKA.

Die probleem is egter dat die reformatoriese ampsbegrip wat in die 16e eeu teenoor die Rooms Katolieke Kerk ontwikkel is, in die 21e eeu onveranderd gehandhaaf word. Dit dien ook as basis van die teologiese opleiding. Die gevolg daarvan is dat predikante opgelei word vir 'n kerk wat nie meer bestaan nie en met valse verwagtinge van hulle rol as predikant.

Iemand soos **H Kraemer** het reeds in 1960 daarop gewys dat die kerk staan en val by die algemene priesterskap van die gelowige, en nie met die amp van die predikant nie. Hy beklemtoon dat die primêre amp die van die lidmaat is, en nie die predikant nie (vgl Kraemer 1960). Die kerk het egter min aandag hieraan gegee en die onbetwiste standpunt gehandhaaf dat die voortgang van die kerk afhanklik is van die beskikbaarheid van opgeleide predikante.

Selfs toe **JC Hoekendijk** die saak nog meer radikaal gestel het, het die kerk geen ag daarop geslaan nie. Hy skryf dat die predikant as *beroeps-kerkmens* in die postkerklike era nie meer die geskikte instrument is om die evangelie uit te dra nie (Hoekendijk

1964:63). Die kerk (as instituut) en die professionele predikant het 'n hindernis vir die evangelie geword. Hoekendijk kom tot die gevolgtrekking dat die apostolaat net sy voortgang sal vind wanneer dit los van die kerk as instituut funksioneer.

In die praktyk beleef predikante dikwels hierdie oneffektiwiteit waarvan Hoekendijk praat, intens. Dit vererger die onsekerheid onder predikante, laat hulle ernstige vrae vra oor hulle roeping en lei toenemend tot bedankings.

Meer resent beklemtoon **A Hirsch** dat kerke se volharding met die professionele predikant en tegelykertyd hulle onvermoë om lidmate te begelei op die pad van dissipelskap, die grootste rede is waarom kerke kleiner word en selfs moet sluit (Hirsch 2006:24). Kerke se voortgesette fokus op die instituut en die amp wat daarby pas (die predikant), is juis die grootste struikelblok om die evangelie na die wêreld te neem.

Die oorbeklemtoning van die amp van die predikant kan in baie gevalle voor die deur van die Praktiese Teologie gelê word. Die opleiding van teologiese studente fokus op vaardighede wat van hulle goeie, tradisionele dominees maak om 'n gemeente pastoraal te versorg.

Die huidige teologiese opleiding blyk ontoereikend en ontoepaslik te wees. Studente word opgelei vir 'n bediening wat in baie gevalle moeilik volhoubaar is.

3.9. BEDIENING IN GEMEENTES

Die manier hoe predikante van die NHKA gemeentes bedien, vertoon gebrek aan kreatiwiteit. Die 16e eeuse Geneefse bedieningstrukture (met die klem op die erediens en huisbesoek) word nog voluit in die NHKA gehandhaaf (Van Staden 2007:22-23).

Gemeentelike bediening vind plaas binne 'n betreklike rigiede sisteem wat deur die Kerkorde (NHKA 1997) voorgeskryf word en deur toesighoudende vergaderings afgedwing word. Dit lei eerder tot die instandhouding van die kerk as instituut, as die begeleiding van die gemeente as 'n lewende en dinamiese geloofsgemeenskap.

Die Kerkorde van die NHKA omskryf predikante se werk soos volg:

KERKORDE ORDONANSIE 2.1.5

PREDIKANTE IN GEMEENTES

- (i) verkondig die Woord en bedien die sakramente soos bepaal deur die Kerkorde*
- (ii) besoek jaarliks al die lidmate van die gemeente soos met die ouderlingevergadering ooreengekom*
- (iii) besoek nuwe intrekkers*
- (iv) vertroos beproefdes en sien om na siekes, verswaktes en almal in nood*
- (v) doen voorbidding vir alle mense*
- (vi) rus kategete toe vir hulle taak en gee self kategese*
- (vii) neem die openbare belydenis van geloof af*
- (viii) help ouderlinge met die geloofstoerusting van jongmense*
- (ix) neem leiding in die gemeente met die bestudering van die Bybel*
- (x) bevestig ampsdraers*
- (xi) rus ampsdraers en lidmate toe vir hulle sending- en evangelisasietaak en doen dit ook self*
- (xii) bevestig huwelike*
- (xiii) lei vergaderings*
- (xiv) lei begrafnisdienste*
- (xv) doen planmatige studie in die teologie*
- (xvi) hou saam met die kerkraad toesig oor die stoflike belange van die gemeente*
- (xvii) is saam met die ouderlinge verantwoordelik vir opsig en tug oor lidmate*
- (xviii) is saam met die diakens verantwoordelik vir die versorging van hulpbehoewendes*
- (xix) doen verslag aan die ouderlingevergadering oor sy ampswerk.*

(NHKA 1997:24-25)

Wanneer hierdie Ordonnansie krities bekyk word, is dit opvallend dat slegs Ordinansie 2.1.5.xi verwys na die predikant se missionêre verantwoordelikheid. Die Kerkorde skep in effek 'n situasie waar 99% van 'n predikant se tyd opgeneem word deur die instandhouding en pastorale versorging van die gemeente.

Hierdie soort van bediening lei (indien dit optimaal funksioneer) tot die instandhouding van 'n gemeente met weinig moontlikhede vir groei.

'n Pastorale grootte gemeente (volgens gebruik in die NHKA) bestaan uit 300 tot 400 lidmate, wat opgedeel word in wyke en bedien word deur die predikant asook 'n ouderling en diaken in elke wyk. Die gemeente word hoofsaaklik bedien deur middel van eredienste en huisbesoek.

Die jaarverslae wat gemeentes by ringsvergaderings inhandig, bied 'n goeie beeld van die bedieningspraktyk in gemeentes van die NHKA. Opsommings van die verslae word jaarliks gemaak en is ter insae by die Kerkargief te Pretoria.

Om die bedieningspraktyk te kwantifiseer kan uiters misleidend wees, omdat elke predikant volgens eie omstandighede en aanleg sy bediening struktureer. Tog is dit sinvol om die oefening van kwantifisering te doen, bloot om aan te dui waarop hulle fokus.

Met die nagaan van enkele gemeentes se jaarlikse verslag aan ringsvergaderings, word die volgende beeld van predikante se dienswerk sigbaar, aangedui as gemiddeldes per jaar:

A. WOORDVERKONDIGING	
Eredienste (Sondag)	43
Huweliksbevestigings	4
Begrafnisse	10
Openbare woordverkondiging (skole ens.)	10

B. AMPTELIKE VERGADERINGS	
Gemeentelik	60
Ringsverband	4



C. INDIVIDUELE PASTORALE BESOEKE	
Algemene huisbesoek by gesinne	140
Nuwe intrekkers	20
Siekebesoek	36
Dood / Sterwensbegeleiding / Rousmart	18
Bejaardes	25
Huwelik en gesinsberading	28
Opsig gesprekke	4

D. TOERUSTINGSGELEENTHEDE	
Bybelstudie	22
Doop en Huwelikskategese	5
Ouderlinge en diakens	11
Diensgroepe	4
Beampes van die gemeente	5

E. MISSIONÊRE GESPREKKE	
Volwasse kategese	4
Evangelisasie gesprekke	3

F. JEUGBEDIENING	
Kategese	24
Jeugbyeenkomste	14
Jeugpastoraat	8
Toerusting van jeugwerkers	5

Met inagneming van die vereistes wat die Kerkorde aan 'n predikant stel, en deur tydswaardes aan elke tipe bediening toe te ken (onder andere 12 uur per week per erediens en 1 uur per besoek, insluitend voorbereiding en reistyd), kan 'n beeld gevorm

word van die persentasie tyd wat predikante aan die verskillende aspekte van bediening spandeer word.

As persentasie uitgedruk kan die volgende opsomming gemaak word:

Woordverkondiging	23,7%
Pastoraat	36,9%
Toerusting	10,3%
Missionaat	0,8%
Jeugbediening	6,9%
Vergaderings	21,6%

Hierdie opsomming spreek vanself:

- Ongeveer dieselfde tyd word aan vergaderings spandeer as aan Woordverkondiging. Dit dui op 'n Kerk waar 'n vergaderingskultuur dominant is.
- Minder as 1% tyd word aan missionêre of diakonale aksies spandeer.
- Min tyd word aan toerusting van lidmate spandeer.
- Die oorwig van tyd word spandeer aan die pastoraat. Dit dui op 'n Kerk waar die bediening fokus op die instandhouding van die bestaande gemeente.
- Dit is in lyn met wat die Kerkorde verwag - dus sou 'n opsighoudende vergadering nie ontevrede wees met die bediening in so 'n gemeente nie.
- Die Kerkorde skep 'n model van bediening wat fokus op (a) instandhouding van die gemeente d.m.v. pastoraat en prediking en (b) vergaderings. Dit is in lyn met die klassieke Calvinistiese kerkreg, waar die kerk regeer word deur die ampte en die vergaderings van die ampte.

Juis die twee elemente wat sou kon bydra tot die groei van die Kerk, te wete missionale ontwikkeling en toerusting van lidmate, kry verreweg die minste aandag.

In 'n onlangse studie toon **JM Van Staden** aan hoe belangrik huisbesoek in die geskiedenis van die NHKA was. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit wat huisbesoek bedoel was om te bereik, naamlik die bewaring en die opbou van die gemeente, nie realiseer nie aangesien praktiese omstandighede huisbesoek toenemend bemoeilik (Van Staden 2007:7-9).

Ten spyte van 'n bedieningsmodel wat bou op die erediens en huisbesoek deur predikante, ouderlinge en diakens verlaat lidmate steeds die kerk. Huisbesoek is dus (veral in stedelike gebiede) nie 'n effektiewe vorm van bediening nie.

Historiese gesproke, het huisbesoek soos wat dit in die NHKA toegepas word, sy wortels die Geneefse reformasie wat in die 16e eeu onder leiding van Calvyn deurgevoer is, met die spesifieke doel van onderwysing, vermaning, vertroosting en opwekking en bestraffing van die lidmate (Van Staden 2007:22). Dit was dus 'n kerklike praktyk wat gefokus was op die dissipline, opsig en tug.

In 'n era waar bestraffing en tug feitlik nie meer toegepas word nie, is die vraag dus of dit enigsins sin het om met 'n 16e eeuse model voort te gaan, as dit oneffektief blyk te wees?

Predikante ontkom egter nie aan oneffektiewe bediening nie, omdat die Kerkorde bepaalde eise ten opsigte van bediening stel en lidmate dit daarom van die hulle verwag.

Die kerk het met hierdie tipe bediening van lidmate passiewe ontvangers gemaak en die kerk self het verander in die verskaffer van godsdienstige verbruikersitems. Benewens oneffektiewe bediening het 'n dominante institusionalisme (Hou die strukture in stand...), materialisme (Klop die begroting?) en verbruikersmentaliteit (Wat beteken die Kerk vir my?) oor dekades die agteruitgang van die kerk versnel (Hirsch 2006: 46).

Bestaande strukture en lidmate se verwagtings maak dit vir 'n predikant feitlik onmoontlik om buite die grense van sy gemeente te werk. Die

dominante institusionele denke maak dit ook moeilik vir predikante om kreatief aan nuwe bedieningsmoontlikhede te werk. Dikwels laat die plaaslike kerkraad dit gewoon nie toe nie. In so 'n situasie *kan* die kerk nie groei nie.

3.10. LEIERSKAP

'n Laaste voorbeeld: Institusionele denke beïnvloed ook die manier hoe kerkleiers dink en besluite neem. Die feit is dat kerkleiers geneig is om in modernistiese en meganiese denke vas te val, in hulle poging om die instituut te beskerm en strukture in stand te hou.

As 'n voorbeeld hiervan dien die werkswinkels wat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, as verkose leiersgroep van die NHKA, sedert 2001 aangebied het. Tydens die werkswinkels is analises van die swakpunte, sterkpunte, geleenthede en bedreigings (*SWOT analysis*) ten opsigte van die NHKA gedoen.

Die resultate is nie gepubliseer nie, maar is te vind in die handeling en notules van die Kommissie van die AKV (NHKA 2005:15 ev).

Amptenare en predikante in sinodale diens, asook voorsitters van sinodale rade het saam met die Kommissie aan die werkswinkels deelgeneem. Die analises is dus verteenwoordigend van die insigte van kerkleiers wat betrokke was by al die verskillende afdelings van die kerk.

In die analise is handeling wat vir die kerk van kritieke belang is, geïdentifiseer. Daarvolgens is dit vir die NHKA lewensnoodsaaklik om te fokus op:

- Die gehoorsame uitlewing van die Woord;
- Deurleefde en eietydse prediking;
- Entoesiastiese uitdra van die Evangelie;
- Visioenêre leierskap op alle terreine;
- Liefdevolle ondersteuning van mense in nood;
- Die uniekheid van Christus en sy Kerk.


Met bogenoemde kan op geen manier verskil word nie. Dit reflekteer uiters belangrike fasette van kerkwees, wat juis anti-institusioneel is. Die probleem kom egter wanneer die ideaal met die praktyk vergelyk word. Die werkswinkels het aangetoon, na die opinie van die deelnemers, dat die NHKA op kritieke punte ver te kort skiet.

Die volgende tabel poog om dit te kwantifiseer:

	BEDIENING	GEWIG	PRESTASIE	TOTAAL
1	Gehoorsame uitlewing	0.14	20%	0.28
2	Deurleefde prediking	0.19	60%	0.11
3	Entoesiastiese uitdra	0.18	15%	0.03
4	Visioenêre leierskap	0.15	60%	0.09
5	Fokus op uniekheid	0.12	75%	0.09
6	Liefdevolle ondersteuning	0.19	30%	0.06

- Die gewig is die relativering daarvan in terme van mekaar uitgedruk as 'n breuk van 1.0 (afgerond).
- Die prestasie is wat die toetsgroep gemeen het die huidige vlak van uitset in die Kerk is.
- Die laaste kolom verteenwoordig dan die werklike prestasie van die Kerk in terme van die gewig.
- Die verskil tussen die ideaal en die werklikheid is 'n aanduiding waarop die Kerk strategies moet fokus.

Die verskil kan grafies soos volg aangetoon word:



Die krisis is dat die kerk nie daarin slaag om sy ideaal met die praktyk te konvergeer nie. Dit wat kerkleiers (en lidmate) van die kerk verwag, realiseer nie. Daarmee is ons midde in die sentrale problematiek: Daar bestaan 'n spanning tussen die gedefinieerde subjek en die empiriese subjek; tussen die kerk as gemeenskap/organisme en die kerk as instituut.

Wat opmerklik is, is dat die leiersgroep kies om deur 'n *SWOT analyses* die spanning te verwoord. Dit is tekenend van 'n institusionele benadering tot kerkwees.

Die dominante institusionele verstaan van kerkwees word ook uit die resultate van die werkswinkels duidelik. Die analise wat deur die Kommissie gedoen is, dui op die volgende:

S	STERKPUNTE
1	Relevante teologie
2	Goed toegeruste ampsdraers en lidmate
3	Innoverende denke
4	Eenheid strukture

Die sterkpunte is in volgorde van belangrikheid geplaas. Die volgende kritiese vrae moet egter gestel word:

- Is die teologie van die NHKA regtig relevant in die 21e eeu? Daar is reeds aangetoon hoedat die manier hoe die kerk teologie beoefen, juis deel van die probleem is en bydra tot institusionalisering.
- Is ampsdraers en lidmate werklik goed toegerus om die uitdagings van die 21e eeu die hoof te bied, as in gedagte gehou word dat die NHKA vinnig kleiner word?
- Die gebrekkige deelname van lidmate aan die bediening van die evangelie dui op 'n kerk waar die amp oorbeklemtoon word ten koste van die algemene priesterskap van die gelowige. Dit is een van die klassieke merktekens van 'n kerk wat primêr as instituut funksioneer.
- Hoe innoverend is die NHKA regtig in sy denke, as in gedagte gehou het dat die kerklike strukture en bedieningspraktyke vir bykans vyf eeue onveranderd gebly het?
- Is eenheid strukture nie juis die groot probleem nie? Is dit nie juis die strukture wat die diversiteit misken en die kerk in vaste vorme laat stol nie?

Die feit dat die Kommissie die sterkpunte van die kerk in die institusionele aspekte van die kerk vind, toon hoe dominant die institusionele verstaan van die kerk is. Selfs diegene wat aan die kerk leiding gee en transformasie moet begelei blyk moeilik los te kom van institusionele denke.

Die volgende swakpunte is geïdentifiseer:

#	SWAKPUNTE
1	Onvermoë om jongmense te behou
2	Gees van kontra-spiritualiteit
3	Verknogtheid aan tradisie
4	Gebrekkige offervaardigheid
5	Gemeente sentrisme
6	Gebrek aan liefdesdiens
7	Na binne gerigtheid

Soos reeds bo aangetoon, is hierdie swakpunte, tipies van 'n kerk wat as instituut funksioneer en gestol het in strukture. Die analise van die NHKA se swakpunte bevestig onomwonde dat die kerk vasgeval het in institusionele denke en strukture wat gestol het.

In 'n analise wat gedoen is van die geleenthede en bedreigings vir die NHKA, is tot die volgende gevolgtrekking gekom:

#	GELEENTHEDE
1	Bedieningstrukture
2	Samewerking tussen kerke en instansies
3	Postmoderniteit
4	Tegnologie
5	Geldbronne

Geleenthede is geplaas in volgorde van belangrikheid. Weereens moet kritiese vrae gestel word, indien die geleenthede en bedreigings met mekaar vergelyk word:

- Is die bestaande bedieningstrukture werklik toepaslik vir die 21e eeu?
- Kan die NHKA werklik Postmoderniteit tot sy voordeel benut?

- Is geldbronne voldoende om oor die lang termyn duur gemeentelike en sinodale strukture in stand te hou, in die lig van die vermindering van lidmate?
- Maar meer nog: Geleentheid wat aangedui word, is juis die wat met die kerk as instituut te doen het en met die versterking van strukture.

Die volgende bedreigings is aangetoon:

#	BEDREIGINGS
1	Demografiese verskuiwings
2	Stigmatisering van kerk
3	Tydsgees van materialisme & neorassisme
4	Wetgewing
5	Kerkorde & Liturgie
6	Armoede van lidmate

Die bedreigings spreek vanself.

As hierdie analise krities beskou word, is dit duidelik dat leiers in die NHKA nie die volle omvang van die problematiek besef nie en 'n onrealistiese beeld van die kerk se vermoëns openbaar. Daar is ook geen duidelike strategie hoe verandering bestuur moet word nie.

3.11. ENKELE GEVOLGTREKKINGS

Daar is in die hoofstuk op grond van 'n empiriese ondersoek aangetoon hoe dominant die institusionele benadering tot kerkwees in die NHKA is. Indien hierdie benadering tot kerkwees in die toekoms onveranderd sou voortduur, staan die NHKA enorme probleme in die gesig.

Daarmee word nie beweer dat die kerk in sy sigbare gestalte onbelangrik is of dat die kerk nie ook institusioneel mag bestaan nie. Dit gaan om die regte balans te vind tussen dit wat die Kerk is, en dit wat die kerk geword het. Dit gaan daarom dat die kerk al meer Kerk moet word. Dit impliseer 'n transformasie in denke, ons verstaan van kerkwees en bedieningspraktyk.

4. EKSEGETIES-SISTEMATIESE EKKLESIOLOGIE

Hermeneutiese Perspektief

4.1. INLEIDEND

G Heitink meen dat hermeneutiek die belangrikste teologiese vraagstuk van die moderne tyd is (Heitink 1993 [2000]:175). Teologiese hermeneutiek het veral te doen met die manier hoe ons die Skrif verstaan.

In 'n Eksegeties-sistematiese Ekklesiologie gaan dit om die interpretasie en verstaan van skriftuurlike gegewens oor die Kerk van Christus en watter betekenis dit inhou vir kerkbegrip en kerkwees.

Omdat daar op die NHKA gefokus word, word in hierdie hoofstuk 'n oorsig aangebied van verskillende Hervormde teoloë se interpretasie van die Skrif en hulle nadenke oor die kerk (Ekklesiologie), kerkbegrip en kerkwees.

Die omvangryke bydrae wat Europese en Amerikaanse teoloë op die terrein van die Ekklesiologie gemaak het, sal slegs op 'n indirekte wyse aan die orde gestel word.

Soos elders in die wêreld, het Hervormde teoloë in Suid-Afrika na die Tweede Wêreldoorlog heelwat aandag aan Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees gegee. Daar is verskillende redes daarvoor, wat net kortliks genoem word:

- Die NHKA is gekonfronteer met standpunte vanuit die **ekumeniese beweging** wat talle kritiese vrae aan die kerk gestel het, onder andere oor kerkeenheid en rassesseiding in die Afrikaanse kerke.
- Die NHKA het intens geworstel met die **apostolaat en die roeping van die kerk**. Dit het gelei tot die vestiging van 90 gemeentes in Swart gemeenskappe. Die verhouding tussen Wit en Swart gemeentes was altyd ter sprake.
- Die NHKA het na die Tweede Wêreldoorlog besondere aandag aan **kerkordelike ontwikkeling** gegee. In 1951 is 'n nuwe Kerkwet in gebruik geneem. Die

Kerkwet is in 1997 vervang met die huidige Kerkorde. Die 69e AKV het in 2010 opdrag gegee dat die Kerkorde nogmaals hersien moet word.

- Die NHKA het homself doelbewus as **volkskerk** geïdentifiseer. In die gesprek oor ekumene, apostolaat, diakonaat en kerkregtelike ontwikkeling het die gesprek telkens teruggekom op die NHKA se identiteit as volkskerk.
- Sedert die tagtigerjare het **nuwe bedieningstrukture** onder bespreking gekom. Dit was te danke aan die invloed van die gemeentebou benadering wat sedert die tagtigerjare groot invloed uitgeoefen het.
- Die laaste twintig jaar het **die NHKA dramaties kleiner geword**. Dit het die bestaan van talle gemeentes, sinodale strukture en die teologiese opleiding onder druk geplaas.
- Daarbenewens het kerke in die Suid-Afrikaanse konteks heelwat **aansien verloor**. Die Afrikaanse susterkerke het 'n randverskynsel in die gemeenskap geword wat min invloed het en dikwels in die media gekritiseer word.

Met die nagaan van die gepubliseerde materiaal vanuit die gelede van die NHKA, word dit duidelik dat daar groot diversiteit bestaan ten opsigte van kerkbegrip. Die uiteenlopende standpunte kan gereduseer word tot twee benaderings:

- 'n **Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip** wat op die tradisionele Calvinistiese Ekklesiologie bou en via die Kerkorde van die NHKA groot invloed uitoefen. Die kerkbegrip (en kerklike praxis wat hieruit voortvloei) bou op die reformatoriese verstaan van die amp, verkondiging en dissipline (*notae ecclesiae*). Dit lei tot 'n institusionele benadering tot kerkwees.

- 'n **Organiese kerkbegrip** wat bou op verskillende perspektiewe en metafore wat in die Nuwe Testament gevind word. Die diversiteit in kerkbegrip en kerkwees wat deur eksegeese van die Nuwe Testament aangetoon word, lei tot 'n transformerende benadering tot kerkwees.

Hierdie twee denkrigtings het sedert die 1995 Algemene Kerkvergadering duidelik sigbaar geword. Tydens die AKV was daar skerp meningsverskil wat na die vergadering gelei tot die stigting van 'n *Verbond vir die handhawing van die belydenis in die Ned. Hervormde Kerk van Afrika*.

Die Verbond het op Hervormingssondag (4 November 1995) 'n byeenkoms gehou wat deur talle predikante en lidmate bygewoon is. Tydens die byeenkoms is 'n *vrk in die pad en teologiese weë* aangedui en 'n *getuienis* teenoor die kerk gelewer.

In hierdie *Getuienis op Hervormingsdag* (vgl in die verband Pont et al 1995) word die klassieke Calvinistiese kerkbegrip, die handhawing van die belydenisskrifte, die behoud van die NHKA as volkskerk en Artikel III van die Kerkwet bepleit.

Daarteenoor het heelwat Hervormde teoloë gepleit vir vernuwing, groter openheid en aanvaarding van diversiteit in die kerk.

Vervolgens word hierdie twee strominge kortliks bespreek.

4.2. PRESBITERIAAL-SINODALE KERKBEGRIP

Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip in die NHKA word telkens gedefinieer in terme van die **gereformeerde belydenisskrifte** en **Calvinistiese teologie**. Die bekende *notae ecclesiae*, te wete die suiwer verkondiging van die Woord, die regte bediening van die sakramente en die toepassing van die kerklike tug word onverkort gehandhaaf.

In die teologiese begroning en uitbou van 'n Calvinistiese en presbiteriaal-sinodale kerkbegrip het **AD Pont** 'n groot aandeel gehad. Pont was van 1957

tot 1992 hoogleraar in Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria.

Dit was veral sy baanbrekerswerk op die terrein van die Kerkreg en sy kennis van Calvyn se teologie wat onthou sal word. Sy twee bande *Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg* (Pont 1981 en Pont 1991), waarin hy die belangrikste kerkordes in die Calvinistiese, Nederlandse en Suid-Afrikaanse geskiedenis bespreek het, het veel gedoen om in die NHKA 'n baie sterk presbiteriaal-sinodale kerkbegrip te vestig. Dit is duidelik merkbaar in die Kerkorde wat in 1997 deur die AKV aanvaar is (NHKA 1997).

Pont het aangetoon dat die reformatoriese kerkbegrip nie op 'n geslote sisteem berus nie (Pont 1995:771). Die feit dat die reformatore die verband tussen die 'kerk van die geloof' en die 'kerk in sy sigbare vorm' behou het, het daartoe gelei dat die kerkordes aan die belydenis verbind is.


Pont beklemtoon dat die kerkbegrip van Calvyn rigtinggewend vir die NHKA was en is. Die NHKA se verstaan van kerkwees kan nie anders as Calvinisties wees nie (Pont 1995:772).

Calvyn het die ware kerk gevind waar die Woord suiwer gepreek word, die sakramente reg bedien word en die dissipline toegepas word. Hierdie kerkbegrip is via die reformatoriese belydenisskrifte in die NHKA gevestig en moet, volgens Pont, onverkort as basis van die Kerkorde dien.

Vanuit hierdie kerkbegrip kom 'n bepaalde bedieningspraktyk voort wat (1) sterk fokus op die ampte in die kerk en (2) die erediens (met prediking en sakramentsbediening as die hart daarvan).

Die Calvinistiese ampsbegrip berus op Calvyn se kerkbegrip wat weer lei tot 'n bepaalde inkleding van die Kerkorde wat vervolgens 'n bepaalde bedieningspraktyk reguleer. Dit manifesteer konkreet in die predikant wat preek, die ouderling wat opsig uitoefen en die diaken wat verantwoordelik is vir die barmhartigheidsdiens.

Dit kan soos volg voorgestel word:



Twee van Pont se studente, SJ Botha en BJ van Wyk, het sy gedagterigting verder uitgebou. Beide het as dosente aan die Fakulteit Teologie en by geleentheid as voorsitter van die Raad vir Regsadvies gedien. Beide was ook betrokke by die opstel van die 1997 Kerkorde.

As voorbeeld hiervan dien die publikasie van **BJ Van Wyk** met die titel *Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip* (Van Wyk 1991) waarin hy die kerkbegrip in die NHKA histories en kerkregtelik ondersoek en interpreteer.

Van Wyk aanvaar vanselfsprekend dat die NHKA op 'n presbiteriaal-sinodale grondslag berus. Daar is geen verwysing na enige resente Ekklesiologie nie, hoewel hy breedvoerig die verband tussen kerkbegrip, kerkreg en kerkorde aantoon (Van Wyk 1991:1-7).

Van Wyk beklemtoon deurlopend dat die kerk nie in die eerste plek as instituut of in strukture manifesteer nie, maar as lewende organisme wat onder die heerskappy van Jesus Christus leef. Die basis hiervan vind hy in Calvyn se verstaan van die verbond (Van Wyk 1991:11).

Hoewel Van Wyk in sy publikasie poog om weg te bly van kerklike institutionalisme, ontkom 'n mens nie aan die indruk dat 'n sigbare, goed geordende, gestruktureerde kerk belangrik is nie. Die presbiteriaal-sinodale

kerkbegrip lei bykans noodwendig tot 'n beklemtoning van orde, dissipline, tug en vaste strukture gegrond op die Woord. Institutionalisering van die kerk is en bly dus 'n wesentlike element van 'n kerk wat bou op die fondament van 'n Calvinistiese kerkbegrip.

Hierdie vanselfsprekendheid van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip in die NHKA is ook te vind by **SJ Botha** (Botha 1995:753-754). Botha was voorsitter van die komitee wat die 1997 Kerkorde moes opstel. Ook hy, soos Van Wyk, beklemtoon die verband tussen Ekklesiologie, kerkbegrip, kerkreg en kerkorde.

Wanneer hy bepaalde vertrekpunte uitspel vir die opstel van 'n nuwe kerkorde, beklemtoon hy die kerkbegrip van Calvyn en kies hy om die Geneefse Kerkorde van 1541 te behandel en as vertrekpunt te neem (Botha 1995:762) .

Dit is dus duidelik dat in voorbereiding vir die opstel van die 1997 Kerkorde, die kerkbegrip van Calvyn en die klassieke presbiteriaal-sinodale kerkbegrip deurslaggewend was.

Die struktuur van die 1997 Kerkorde, met die fokus op verkondiging en kerkregering deur middel van die ampte en vergaderings van die ampte, is volledig presbiteriaal-sinodaal bepaald.

Hervormde teoloë wat die handhawing van die Calvinistiese Ekklesiologie en presbiteriaal-sinodale kerkbegrip bepleit het, het normaalweg ook die handhawing van die NHKA as volkskerk bepleit.

Soos reeds aangetoon, is die NHKA as volkskerk begrond met gebruikmaking van ekklesiologiese insigte van Calvyn, Hoedemaker, Van Ruler en ander Calvinistiese teoloë.

Die kerkbegrip uit hierdie kring van Hervormde teoloë het die volgende as boustene:

- Die presbiteriaal-sinodale kerkreg
- Die *notae ecclesiae*
- Die kerkbegrip soos verwoord in die Belydenisskrifte
- Die volkskerk

Teen hierdie agtergrond moet mens die opmerking van **JP Oberholzer** verstaan, dat die NHKA Kerkorde van 1997 nie werklik vernuwing gebring het nie (Oberholzer 1999). Hy baseer sy kritiek daarop dat die Kerkorde in Ordereël IV steeds 'n volkskerklike kerkbegrip handhaaf (Oberholzer 1999:457) en lynreg teruggryp na die klassieke presbiteriaal-sinodale stelsel soos it in die 16e eeu in Genève verwoord is.

Hy sluit af deur te pleit dat afskeid geneem word van allerlei teorieë oor die kerk en dat die NHKA net eenvoudig kerk sal wees sonder allerlei byvoeglike naamwoorde (Oberholzer 1999:460).

4.3. ORGANIESE KERKBEGRIP

Daar is reeds gewys op die onderskeid wat teoloë soos Kuyper, Berkhof en andere tussen die *kerk as instituut* en die *kerk as organisme* gemaak het. Kenmerkend van 'n organiese kerkbegrip is dat daar nie op die uiterlike en organisatoriese dimensie van die kerk gefokus word nie, maar op die kerk as lewende en dinamiese gebeure, as 'n lewende organisme wat leef, groei en selfs kan sterf. Die kerk is die lewende liggaam van Christus.

In die gereformeerde tradisie is die institusionele dimensie van kerkwees dikwels beklemtoon. Iemand soos Bavinck het slegs terloops, aan die hand van Kuyper se opmerking oor die kerk as organisme, oor die kerk as gemeenskap en as liggaam van Christus gehandel (Bavinck 1906 par. 53). Dit is ook die geval met Weber (Weber 1955 II,X). Gedurende die twintigste eeu was daar ook teoloë soos Trillhaas, Prenter en Althaus wat die kerk as instituut beklemtoon het.

Dit was eers in die tweede helfte van die twintigste eeu dat die kerk as gemeenskap (as lewende organisme) volle aandag ontvang het. In die verband het veral Küng, Berkhouwer, Schweitzer, Minear en Schnackenburg belangrike bydraes gelewer (vgl Berkhof 1973:413).

Dit is verder ontwikkel deur **J Moltmann** met sy "messiaanse en relasionele Ekklesiologie" (Bauckham 2005:153-154). Daarvan vorm sy eskatologiese

Christologie die basis. Die kerk kan nooit iets anders wees as 'n Geesvervulde gemeenskap wat op weg is nie. Die kerk is 'n eskatologiese beweging. Daarmee het Moltmann gepoog om die kerk se institusionalisme te deurbreek.

In 'n organiese kerkbegrip en Ekklesiologie is Bybelse metafore belangrik en word baie moete gedoen om dit eksegeties en sistematies te behandel.

Dit is hierdie vernuwende denke op die terrein van die Ekklesiologie wat Hervormde teoloë sedert die begin van die negentigerjare beïnvloed het en gelei het tot 'n meer organiese verstaan van kerkwees.

Enkele voorbeelde hiervan word vervolgens bespreek:

GC Velthuysen was een van die eerste Hervormde teoloë wat met 'n sogenaamde 'eksperimentele ekklesiologie' vorendag gekom het (Velthuysen 1988:489). Nadat Velthuysen 'n dogmenhistoriese oorsig gegee het van Ekklesiologie sedert Tertullianus, Augustinus en die Reformasie, wend hy hom tot belangrike teoloë van die 20e eeu.

In aansluiting by **H Ott** en **H-J Kraus** grond Velthuysen die Ekklesiologie in die Christologie. Die kerk kan alleen verstaan word in verhouding met Christus. Daar bestaan 'n onbreekbare en wesenlike eenheid tussen die kerk en Christus.

Hy sluit ook by **K Barth** aan wat na die gemeente verwys as die aards-historiese bestaanswyse van Christus (Barth 1953:738). Dit beteken egter nie dat Barth die kerk verstaan as *Christus prolongatus* nie, want op 'n tipiese dialektiese wyse onderskei hy tegelykertyd baie skerp tussen die kerk en Christus. Dit gaan dus vir Barth nie om 'n wesensidentifikasie nie, maar om 'n identifikasie tussen die Eienaar en dit wat aan Hom behoort. Hierdie identifikasie is nie minder radikaal as 'n wesensidentifikasie nie, maar funksioneer wel op 'n ander vlak.

Velthuysen sluit ook by die Ekklesiologie van **D Bonhoeffer** aan. Bonhoeffer het van die gemeente gepraat as *Christus existierend als Gemeinde* (Velthuysen 1988:501). Die gemeente is dus *apriori* 'n openbaringsgestalte. Die kerk is Christus op aarde. Om kerk te wees, beteken om een met Christus te wees, om

in Christus te wees. Bonhoeffer temper egter sy uitsprake deur die kwalifikasie dat Christus die Hoof en die Heer van die kerk is.

Velthuysen kom tot die gevolgtrekking dat die kerk nie die geïnkarnearde *Christus prolongatus* is nie, maar dat die kerk ook nooit sonder Christus is nie (Velthuysen 1988:502). Die eenheid tussen Christus en die kerk is 'n werklikheid wat in die geloof ervaar en beleef word.

Velthuysen sluit af deur te waarsku teen verstarring en gearriveerdheid. Die kerk moet altyd rekening hou met die reformatoriese slagspreuk: *Ecclesia reformata, semper reformanda* (Velthuysen 1988:512).

As gevolg van uiteenlopende standpunte en verskille in kerkbegrip wat al sterker na vore gekom het, is daar besluit dat die Hervormde Predikantevergadering van 1995 en 'n volledige uitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* (HTS 51/3 1995) aan Ekklesiologie gewy moes word.

JP Oberholzer, voormalige voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, Dekaan van die Fakulteit Teologie en bekende Bybelvertaler het tydens die 1995 Predikantevergadering die gedagte uitgespreek dat die skielike belangstelling in Ekklesiologie dui op 'n *skuldbelydenis*, 'n erkenning dat die kerk met baie dinge besig was sonder om werklik na die Here te luister (Oberholzer 1995:852).

Oberholzer het met hierdie toespraak 'n wending in kerkbegrip en kerkwees bepleit. Dit spreek van ongeduld met 'n uitgediende model van kerkwees. 'n Hunkering na 'n meer prinsipiële en eietydse besinning oor kerkwees, wat kan lei tot transformasie en vereenvoudigde vorme van kerkwees, word sigbaar en hoorbaar.

Hy meen dat dit opvallend is dat daar *skielik so baie oor die kerk gepraat word* (Oberholzer 1995:851). Hy wys daarop dat die NHKA in die verlede veral op sy geskiedenis en identiteit gefokus het, maar verblydend genoeg word *nou ook die wesensvrae aan die orde gestel*. Hy wys ook daarop dat historiese argumente aangewend is om die identiteit van die NHKA as volkskerk te bestendig en te verdedig. Oberholzer kritiseer die politieke en ideologiese verlamming van die kerk, wat lei tot 'n onvermoë om in gehoorsaamheid aan God en sy Woord kerk te wees (Oberholzer 1995:852). Hy pleit vir 'n gehoorsame luister na die Woord en gee dan 'n oorsig van

die verskillende Bybelse metafore wat iets van kerkwees verwoord (Oberholzer 1995:854).

Hierdie kritiese woord van Oberholzer word nog skerper wanneer hy in 1999 skryf *die wisseling van die eeu (...en die millennium) konfronteer (ons) met die mislukking van so byna alles waarmee die kerk hom besig gehou het. Die groei van die kerk het negatief geword, ekonomies worstel hy om te bestaan, sy teologiese voorraad is in baie opsigte onbruikbaar, sy politieke erfenis in skerwe....* (Oberholzer 1999:449). Hy wys verder daarop dat die geskiedenis van 'n kerk, waar mense van die kerk hulle eiendom maak, noodwendig 'n geskiedenis van mislukking is.

APB Breytenbach analiseer die Deuteronomistiese geskiedenis en toon aan dat die *verbond* as teologiese oriëntasiepunt dien (Breytenbach 1995:704). Hy beklemtoon in sy gevolgtrekking dat die geloofsgemeenskap alleen in verbondenheid met die lewende God kan bestaan (Breytenbach 1995:709). Die verbondenheid berus op die genade en liefde van God. God se liefde gee nie net hoop vir die toekoms nie, maar rig 'n voortdurende appél tot elke gelowige om in gehoorsaamheid en diensbaarheid aan God te leef. Dit word veral sigbaar in die gemeente se optrede teenoor swak en weerlose mense.

Ten slotte wys hy daarop dat omdat daar net een God is, daar wesenlik net een geloofsgemeenskap is. Hierdie wesenlike eenheid moet ten spyte van alle politieke en kulturele verskille gehandhaaf word.

GMM Pelsner toon aan dat daar verskeie benaderings tot kerkwees in die Nuwe Testament onderskeibaar is. Daarom kan daar nie van *die kerk* in die Nuwe Testament gepraat word nie, omdat daar nie 'n enkelvoudige kerkbegrip in die Nuwe Testament te vind is nie.

Pelsner doen 'n ondersoek na die verskeidenheid in kerkbegrip aan die hand van die verskillende korpusse wat in die Nuwe Testament te vind is. Sy uiteensetting word hier kortliks en opsommend weergegee. Sy uitgebreide bronverwysings word nie herhaal nie. Daar word volstaan met sy eie insigte wat hy bou op sy eksegetiese insigte (vgl in die verband Pelsner 1995:647-673):

Paulus

Paulus verstaan die kerk as 'n *saamwees van mense* wat met die Heilige Gees vervul is, deur die Gees beheers word en deur die Gees toegerus word vir hulle dienswerk. Die werking van die Gees hang ten nouste saam met die gelowiges se verbondenheid aan Christus, hulle *in-Christus-wees*. Die partisipasie aan en deel wees van Christus gebeur deur die krag van God, deur die werking van die Gees.

Dit is tweedens duidelik dat Paulus die kerk ook as die *Godsvolk* verstaan. Die konsep dui op die kontinuïteit in God se handeling. Dit is dus heilshistories van aard, waar die kerk van die Nuwe Testament gesien word as die voortsetting van die Godsvolk van die Ou Testament. Daarom noem Paulus die gelowiges *kinders van Abraham* en kan hy Israel die *mak olyfboom* noem waarop die kerk ingeënt is.

Markus

Volgens Markus bestaan die kerk uit diegene van wie verwag word om te midde van vervolging, vrees en lyding steeds bereid is om met die volle prysgawe van eie belange volgelingen van Jesus te wees. Die kerk word dus verstaan as volgelingen, as dissipels, as mense wat by Jesus leer en bereid is om dit wat Jesus aan ons geleer het in die wêreld uit te leef.

Lukas-Handelinge

In die korpus word die kerk verstaan as die *Godsvolk op weg deur die geskiedenis*, vanaf Jerusalem (sentrum van die Jodedom) na Rome (verteenwoordigend van die wêreld). Hierdie Godsvolk is deur die Heilige Gees vervul en word deur die Gees op sy pad gelei. Jode en nie-Jode is gesamentlik op weg. Hier tree vroegste tekens van Christelike apokaliptiek na vore en word die heilsgeskiedenis in drie fases onderskei: Die tyd van Israel, die tyd van Jesus en die tyd van die kerk. Die kerk is dus 'n eskatologiese gemeenskap.

Openbaring

In Openbaring word die kerk voorgestel as onderworpe aan baie gebreke. Die kerk is egter in sy gebrokenheid steeds *getuie* van die koningsheerskappy van Christus.

Christus heers oor die geskiedenis en oor die kosmos. Die kerk sal triomfeer en sal as die voleindigde Godsvolk by God wees in die hemelse Jerusalem.

Hebreërs

Die kerk is 'n gemeenskap wat in solidariteit met Jesus leef. Hierdie solidariteit tussen mense en Jesus is te vind in die menswording van Jesus. Dit wat Jesus as Hoëpriester gedoen het, bring hoop en bring die geloofsgemeenskap in beweging. Die kerk is in beweging en op pad van toekoms waarin die heil van God beleef en ervaar sal word. Die kerk is volk van God wat *swerf* deur die wêreld. Die kerk is nie net *Godsvolk* nie, maar ook *swerfvolk*. Die kerk is soos Israel op reis deur die woestyn, op pad na 'n nuwe vaderland.

Jakobus

In die brief van Jakobus word daar nie oor die kerk as sodanig gepraat nie. Tog is dit duidelik dat armoede 'n belangrike rol gespeel het en dat die geloofsgemeenskap verstaan word as een wat omsien na mense in nood. Die temas van *arm* en *ryk* figureer prominent.

Kolossense

In die brief aan die Kolossense word 'n ideaalbeeld van die kerk aangebied. Hier word reeds na *die kerk* verwys. Die kerk word aangebied as die *liggaam van Christus*, waarbinne die heerskappy van Christus reeds sigbaar word.

Die kerk is 'n gemeenskap wat 'na bo' gerig is vanweë die nuwe lewe in Christus. In Kolossense word ook 'n sterk identifikasie van die kerk met die koninkryk van God gevind.

Efesiërs

Efesiërs het net een tema, en dit is die kerk. Dit is 'n vroeë teologiese traktaat oor hoe ons kerkwees moet verstaan. Die kerk is, volgens Efesiërs, die sfeer waarin die heil in Christus realiseer. Dit is die ruimte waar versoening tussen God en mens moontlik is en tegelyk uitmond in versoening tussen mens en mens. Dit is 'n inklusiewe (Jood en

nie-Jood) *huishouding van God die Vader, die liggaam van Christus* wat as 'n eenheid na die Hoof toe groei en 'n *tempel* wat opgebou word tot eer van God. Dit is in Efesiërs waar die universele kerk na vore tree, die kerk wat een (4:4), heilig (5:26-27), algemeen (1:22-23) en apostolies is. Die kerk het reeds 'n kosmiese karakter aangeneem. Die kerk was en is en sal altyd wees. Die kerk is egter nie net 'n idealistiese en hemelse grootheid nie, maar moet gestalte vind in die manier waarop gelowiges optree (byvoorbeeld in die huwelik) en in hulle getuienis teenoor die wêreld.

Matteus

Daar is wye eenstemmigheid dat die begrip 'dissipel' die sentrale ekklesiologiese begrip in die evangelie van Matteus is. Dissipelskap word sigbaar in 'navolging'. Navolging word sigbaar in die persoonlike verbintenis met Jesus wat tot uitdrukking kom in die vermoë om by Jesus te leer en sy woorde verder uit te dra. Die dissipels staan onder die verpligting om die norme wat Jesus gestel het uit te leef en deur diensbaarheid die koninkryk van God laat sigbaar word.

Hoewel die kerk die sfeer van God se koningsheerskappy betree, word die kerk nie daarmee geïdentifiseer nie maar wel daarmee geassosieer. Die kerk bestaan uit mense wat respondeer op die uitnodiging om deel te wees van die komende koninkryk.

Johannes

In die geskrifte van Johannes staan die kerk op die agtergrond. Die tradisionele beelde en metafore vir die kerk kom nie in die Johannese geskrifte voor nie. Daar kan dus hoogstens van 'n 'implisiete Ekklesiologie' gepraat word. Johannes plaas die fokus op die individuele gelowige wat in en deur Jesus Christus in verhouding met God leef. Waar daar wel sprake is van eenheid tussen die gelowiges (Johannes 17), berus die horisontale eenheid op die vertikale eenheid met God. Johannes beklemtoon verder die inwoning van die Heilige Gees in elke gelowige. Waar Johannes wel kollektiewe beelde gebruik (soos die wingerdstok) is dit duidelik dat die verbondenheid met Christus en die inwoning van die Heilige Gees die voorwaarde is om deel te wees van die gemeenskap van gelowiges.

Johannes vermeld ook nie die instelling van die sakramente of die ampte wat tipies is van 'n organisatoriese kerk nie. Hy praat eerder van Christene as mekaar se vriende, as broers, as dienaars en as dissipels van die Here Jesus.

Daarom kan die kerk verstaan word as 'n *leergemeenskap*, waar gelowiges by mekaar leer. Die kerk bestaan uit leerlinge van Jesus, wat onder leiding van die Parakleet ook vriende van Jesus en van mekaar geword het.

Pastorale briewe

Soos in die brief aan die Efesiërs is die kerk die sentrale tema. Die kerkbegrip in hierdie briewe staan in direkte verband met hulle verstaan van die heil, naamlik dat Jesus Christus gekom het om mense te red. Die heil is blywend teenwoordig in die wêreld, en die kerk is die teken daarvan.

Die sentrale ekklesiologiese metafoor in die korpus, is die van die *huisgesin*. Die kerk word verstaan as God se huisgesin wat ordelik funksioneer en bestuur word deur die gesinshoofde. Ampsdraers tree na vore as Gees vervulde draers van die waarheid. Hulle word die draers van die apostoliese erfenis en interpreteerders van die heilige tradisie. Die amp tree so sterk na vore, dat die gawes wat deur die Gees geskenk word heeltemal op die agtergrond staan.

Dit is ook opmerklik dat die eskatologiese spanning en die verwagting van die wederkoms op die agtergrond staan. In die lig van die uitgestelde parousie word die menslike organisasie van die kerk al belangriker. Die fokus verskuif ook van apostolaat na die pastoraat. Die kerk moet homself versorg en in stand hou en verskans teen die gevare van die wêreld.

In die Pastorale briewe het die kerk reeds sy karakter as wordende gebeure begin verloor en staties geraak. Daar is selfs sprake van 'n 'verburgerliking' in moraal en lewe.

1 Petrus

Die opvallende kenmerk van die geloofsgemeenskappe waaraan 1 Petrus gerig was, is dat hulle 'vreemdelinge' en 'tydelike besoekers' genoem word. Dit dui op die werklike situasie van die Christene aan wie die brief gerig was: Hulle is vervolgt, het hulle besittings verloor en is uit gemeenskappe verdryf. Gesinne is in die proses

verwoes. Daarom word die kerk as die huisgesin van God uiters belangrik, want dit is waar die gelowiges geborgenheid kan vind.

Die kerk word verstaan as 'n gemeenskap van uitgeworpenes, maar tegelykertyd 'n gemeenskap wat deur God uitverkies is (ingenooi is) en nuut gebore is in die huisgesin van God. Ook die breër verband is belangrik en daarom word die gelowiges ook die nuwe *volk van God, die uitverkore priesterdom*. Dit laat gelowiges wat geostraseer was besef dat hulle nie meer *outsiders* is nie, maar *insiders*.

In die vakgebied Dogmatiek en Etiek was dit veral prof JH Koekemoer (Departementshoof en Dekaan van die Fakulteit) en sy opvolger prof J Buitendag (voormalige voorsitter van die AKV, Departementshoof en huidige Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria) wat 'n nuwe rigting ingeslaan het.

JH Koekemoer sluit by H Ott aan deur te wys dat die bestaan van 'n kerklike instituut en kerklike organisasie bepaalde vrae ten opsigte van kerkordelike struktuur en kerklike bediening oproep. Hierdie vrae sal (volgens Ott) net beantwoord kan word aan die hand van die kerk se selfverstaan (vgl Koekemoer 1995:595-603).

Met dit as vertrekpunt, definieer Koekemoer die kerk as *creatura verbi*, as 'n geloofsgemeenskap waar die Woord, verkondig, gehoor verstaan en geglo word. Dit impliseer dat die kerk nie as instituut verstaan kan word wat in bepaalde strukture stol nie, maar as dinamiese gebeure wat telkens weer kerk word.

Aansluitend by die *Barmer Theologische Erklärung*, H Ott en E Brunner verstaan Koekemoer die kerk as gebeure, wat handelend in die bediening van die Woord en Sakrament en onder leiding van die Heilige Gees, kerk word. Die kerk as gebeure kan nooit in selftevrede isolasie verval nie; kan nooit rustig arriveer nie.

Hy verwys ook instemmend na **E Brunner** se opvatting dat die kerk nooit iets anders as *coetus electorum, corpus Christi* en *communio sanctorum* kan wees nie (Koekemoer 1995:596). In hierdie drie kenmerke is die waarborg teen 'n vernietigende institusionalisme te vind.

Brunner het daarop gewys dat die kerk in 'n leweloze instituut verander wanneer wette en bepalings in die kerk die deurslag gee en dat 'n juridiese en outoritêre struktuur vreemd is aan dit wat die kerk behoort te wees. Die gevolg is

verstarring en doodsheid. Dit alles gebeur wanneer die empiriese kerk losgemaak word van die kerk as gebeurtenis (Brunner 1960:43-45).

In terme van die kerk as *corpus Christi*, verwys Koekemoer instemmend na **D Bonhoeffer** wat die kerk verstaan as *Christus eksisterend as gemeente* (vgl Koekemoer 1995:598). Dit is die wyse waarop Christus in die wêreld teenwoordig is. Die kerk is egter nie *Christus prolongatus* nie, want op 'n dialektiese wyse is Christus ook Hoof en Heer van die kerk en staan Hy selfs teenoor die kerk. Wat bedoel word, is dat die lewende Christus in die lewende kerk teenwoordig is. As die kerk hierdie bewussyn van die werklike teenwoordigheid van Christus verloor, is dit met die kerk verby.

K Barth (1953:738) het dieselfde gedagte verwoord met sy onderskeid tussen Christus as Hoof van die kerk (verwysend na *seiner himmlischen Existenzform*) en die gemeente as die liggaam van Christus (verwysend na sy *irdisch-geschichtliche Existenzform*).

LJS Steenkamp, Direkteur van die destydse Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting, het 'n belangrike en rigtinggewende artikel in *HTS 51/3* gepubliseer (Steenkamp 1995:604-622). Na 'n historiese en teologiese oorsig, maak hy die stelling dat dit van uiterste belang is dat 'n **nuwe paradigma vir kerkwees** in die 21e eeu ontwikkel moet word. Die paradigma van die Christendom is verby. Hy pleit dat die kerk weer erns sal maak met die apostoliese paradigma van die eerste eeue van die kerk se bestaan.

Steenkamp pleit daarvoor dat in enige besinning oor die toekoms van die kerk, erns gemaak moet word met die wesenlike van kerkwees. Hy wys daarop dat kerkwees om eenvoud in onderlinge sorg, liefde en 'n gerigtheid op God gaan (Steenkamp 1995:618).

Hy ontgin Bybelse metafore soos die kerk as die *lede van God se huisgesin*, 'n *gebou waarvan Christus die hoeksteen is*, 'n *uitverkore volk*, die *liggaam van Christus* en vele ander en wys daarop dat die kerk op weg na die 21e eeu nood het aan *bekering* en transformasie (Steenkamp 1995:619).

Steenkamp vind die kern van 'n nuwe paradigma vir die 21e eeu in die kerk se apostolêre gerigtheid op die wêreld, die liefdevolle sorg aan medegelowiges en toewyding in die geloof (Steenkamp 1995:620).

Steenkamp waarsku teen verstarring, selfvoldaanheid en gearriveerdheid in ons kerkwees. Die kerk sal moet besef dat hy altyd op weg is.

In die besinning oor die kerk se wese en roeping is die vraag telkens: *Hoe kan die kerk voor God verskyn? Hoe kan die kerk coram Deo leef?* Dit is alleen *in Christus* moontlik. Die kerk moet word wat dit reeds *in Christus* is. Die ware identiteit van die kerk is *in Christus* te vind.

E van Eck toon aan dat vroeëre Hervormde Nuwe-Testamentici soos JHJA Greyvensteyn en AS Geysers, vanuit hulle eksegetiese studies, nie die 'vanselfsprekende' presbiteriaal-sinodale en volkskerklike kerkbegrip ondersteun het nie (Van Eck 1995:825-850).

Greyvensteyn was dosent in Nuwe Testament van 1917 tot 1945 aan die Universiteit van Pretoria. Van Eck doen 'n analise van Greyvensteyn se oordenkings en artikels, en kom tot die gevolgtrekking dat Greyvensteyn die geestelike aard van die kerk beklemtoon het, waar geestelike waardes en die liefde vir God en alle mense die deurslag gee. Greyvensteyn skryf onder andere in 1943 *klassevooroordeel en persoonlike en nasionale meerwaardigheidsinbeelding was nog altyd die groot struikelblokke in die weg van die liefde en algemene humaniteit* (aangehaal in Van Eck 1995:828).

Greyvensteyn het gewaarsku teen 'n noue relasie tussen kerk en volk. Daarteenoor het hy die standpunt gestel dat die gemeente van Christus uit alle geslagte en volke bestaan, dat die kerk 'n geestelike gemeenskap is wat bou op die fundamentele eenheid van die menslike geslag. Die kerk het ook geen belang by staatkundige heerskappy of politieke mag nie en moet ook nie daarna streef nie (Van Eck 1995:829).

AS Geysers het baie skerp teen enige vorm van eksklusivisme en volkskerklike denke te velde getrek. Hy het telkens posisie teenoor AD Pont ingeneem. Die tweestryd het uiteindelik tot siviele hofsake gelei.

Geysers het sterk gestaan op die standpunt dat die kerk in die Nuwe Testament 'n universele gerigtheid vertoon wat in teenstelling met die Joodse partikularisme staan (Van Eck 1995:830). Op grond van sy verstaan van die Antiogeense teologie wat in

Lukas en Handeling reflekteer, het Geysers beklemtoon dat die kerk alle nasionale en geografiese grense moet oorstyg.

Verder het Geysers konsekwent geredeneer dat die kerk ook sigbaar een moet wees. Sigbare eenheid is 'n opdrag van die Here. Sigbare eenheid gaan nie in die eerste plek om een kerklike organisasie nie, maar in onbelemmerde en vrye gemeenskap in die geloof tussen lidmate en gelowiges van verskillende rasse en volke.

Hierdie eenheid berus ten diepste op die eenheid wat daar in Christus is. Christus is die hoof van die liggaam wat organies een is met die lede van die liggaam. Die lede van die liggaam funksioneer ook in 'n organiese eenheid met mekaar en Christus.

4.4. KRITIESE BEOORDELING

Uit die bondige samevatting hierbo word dit duidelik dat daar sedert 1917, met die vestiging van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, twee duidelike benaderings ten opsigte van kerkbegrip en kerkwees te voorskyn getree het.

Hierdie verskillende benaderings ten opsigte van kerkwees is deel van dieper teologiese verskille in die NHKA, soos aangetoon deur **J Beukes**. In sy analise toon hy aan dat Hervormde teoloë invloed vanuit die Etiese-, Konfessionele- en Dialektiese Teologie vertoon (sien Beukes 2008). Daarbenewens het die Filosofie ook groot invloed uitgeoefen. Verskillende teologiese vertrekpunte het noodwendig gelei tot verskille in Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees.

Wat wel opvallend is, is dat die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip dominant gebly het as gevolg van die institusionele benadering tot kerkwees in die NHKA (soos reeds aangetoon). Die volkskerklike denke, as dominante sisteemverhaal in die NHKA, het enige vorm van vernuwing in kerkbegrip gestrem.

Ander stemme, wat op grond van nuwe eksegeties-sistematiese insigte vernuwing en transformasie van die kerk bepleit het, is merendeels geïgnoreer of selfs as subversief en dislojaal gediskrediteer. Artikels op die terrein van die Ekklesiologie (soos hierbo bespreek) het uiters beperkte invloed gehad. Dit was eers in die onlangse verlede dat 'n organiese kerkbegrip begin veld wen het.

Die dominante posisie wat die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip in die NHKA uitgeoefen het, word veral duidelik as 'n mens die **Kerkorde van die NHKA** (NHKA 1997) krities lees. Die Kerkorde begin deur 'n definisie van die kerk te gee:

Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges wat God deur sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou deurdat Hy mense in Jesus Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring om deur die Woord en die sakramente 'n heilige volk te wees en dienswerk in die wêreld te verrig.

NHKA 1997:1

In hierdie inleidende definisie word erns gemaak met die kerk as 'n lewende gemeenskap van gelowiges wat onder leiding van die Heilige Gees en die Woord diensbaar leef. Die kerkbegrip wat hierin na vore kom het nie die kerk as instituut in gedagte nie, maar die kerk as geloofsgemeenskap. Dit vertrek dus van 'n organiese kerkbegrip.

Die probleem is egter dat dit nie verder uitgewerk en toegepas word in die verskillende Ordereëls nie. Daar word onmiddellik daartoe oorgegaan om aan die hand van die klassieke presbiteriaal-sinodale kerkbegrip en kerkregering die Kerkorde te struktureer. Die Kerkorde is onder die volgende Ordereëls gestruktureer:

- **Belydenis**, met die fokus op die binding aan die ekumeniese en reformatoriese belydenisskrifte (bl 1-4).
- **Ampte**, met die fokus op die tradisionele dienswerk van die predikant, ouderling en diaken (bl 5-32).
- **Vergaderings van die ampte**, met 'n noukeurige uiteensetting van die verantwoordelikhede en bevoegdhede van die onderskeie vergaderings (bl 33-59)
- **Gemeentes en kerk**, met die tradisionele benadering van geografiese indeling van gemeentes, formele lidmaatskap en die behoud van die NHKA *as volkskerk vir die Afrikaners en tegelyk alle ander mense* (bl 60-68).
- **Verkondiging**, met die klassieke beklemtoning van die prediking en sakramente wat deur die geordende predikant bedien word (bl 70-80).

- **Verband met ander kerke**, waar die eenheid in Christus beklemtoon word en die handhawing van ekumeniese verhoudings (Bl 81-82).
- **Huwelik, gesin en opvoeding**, waar die tradisionele beskouing van die huwelik gehandhaaf word en die teokratiese visie dat die kerk op die terrein van nasionale onderwys 'n bepaalde rol behoort te speel. Die kinders van die 'volk' moet ondersteun word (bl 83-85).
- **Dissipline**, waarin die klassieke verstaan van opsig en tug volledig uiteengesit word. Die ouderlinge van die kerk en die vergaderings van die ampte is daarvoor verantwoordelik dat alles ordelik moet geskied en dat alle lidmate hulle in leer en lewe aan die Woord, belydenis en besluite van die kerk onderwerp (bl 86-93).
- **Kerklike Goedere**, waarin kontrole en beheer maatreëls uiteengesit word (bl 94-98).
- **Kerkorde**, met gepaardgaande aktes, reglemente en dokumente.

Hoewel Hervormde teoloë heelwat op die terrein van die Ekklesiologie gepubliseer het, is min van die gedagtes in die Kerkorde verwoord. Daar is gepoog om 'n klassieke Calvinistiese en presbiteriaal-sinodale Kerkorde saam te stel.

Die effek van die Kerkorde op die kerklike praxis is vanselfsprekend. Die Geneefse kerkbegrip, ampsbegrip en kerklike praxis van die 16e eeu is in die 1997 Kerkorde verskans. Daar word steeds van ouderlinge verwag om lidmate wat in geografiese wyke ingedeel is elke drie maande voor Nagmaal te besoek, oor opsig uit te oefen en indien nodig aan te kla en te tug. Daar word steeds van die predikant verwag om as herder van die kudde die gemeente met die Woord te versorg.

Dit is opvallend dat die Kerkorde 'n situasie skep wat dit bykans onmoontlik maak vir 'n predikant om sy bediening missionaal te rig. Uit 'n totaal van 114 bladsye handel slegs 2 bladsye oor die apostolaat en word dit net in die verbygaan as een van die funksies van die gemeente en die predikant genoem. Die basiese vertrekpunt van die Kerkorde is na binne gerig, met 'n baie sterk fokus op die pastorale versorging van die gemeente.

4.5. VERDERE ONTWIKKELING

Nadat die Kerkorde in 1997 goedgekeur is met die behoud van die klassieke Calvinistiese, presbiteriaal-sinodale en volkskerklike kerkbegrip, het die debat oor Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees steeds voortgegaan.

Veral **J Buitendag** het sedert 2000 in sy voordragte en doseerwerk besondere aandag aan die Ekklesiologie gegee.

In sy Ekklesiologie verbind hy hom aan die gedagtes van Berkhof, Dingemans, Küng, Moltmann, Minnear en Zizioulas asook die gedagtes soos verwoord deur *Faith and Order* (Faith and Order 1998) en die Kerkorde van die Protestantse Kerk Nederland.

Sy nadenke oor kerkwees reflekteer nie net in wetenskaplike artikels wat in die *Hervormde Teologiese Studies* verskyn het nie, maar word ook verwoord in die dokumente wat hy as voorsitter van die Kommissie van die AKV vir die *Nasionale Colloquium* voorberei het. Die Colloquium het van 27-29 April 2006 onder leiding van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering te Hammanskraal plaasgevind. Die tema van die Colloquium was *Identiteit en relevansie van die NHKA in die 21e eeu*.

In sy openingsrede (vgl Buitendag 2006) stel Buitendag die eis om kerklike vernuwing helder en duidelik, deur onder andere te verwys na die werk van P Ward:

Die kerk moet soos water wees – vloeiend en beweeglik, sê Pete Ward onlangs in 'n publikasie waarvan na my mening deeglik kennis geneem moet word. Hy oordeel ons moet wegbeweeg van 'n "soliede" kerk as bloot die bymekaarkom van uitverkorenes op 'n spesifieke plek en tyd. Kerk is eerder 'n vloeibare kommunikatiewe netwerk van verhoudinge. Dit is dinamies en veranderlik. Dit is 'n "likiede" kerk. Die Hollandse vertaling van genoemde boek noem dit somer gewoon die "waterkerk". Lidmaatskap word ook eerder bepaal deur toegewyde deelname en Geesvervulde betrokkenheid. Die likiede kerk is maw voortdurend aan die ontwikkel, dit reageer op die Woord en die Gees, op die entoesiasme en inspirasie van sy leiers en op die oortuiging en ervaring van die betrokkenes.

In die dokument *Identiteit en relevansie van die NHKA in die 21e eeu* (NHKA 2006c) verwoord hy kerkwees soos volg (wat redelik volledig weergegee word, aangesien dit ongepubliseerd is):

Vir enige kerk is die kwessie van identiteit en relevansie in die wêreld van groot belang. Wat daarmee bedoel word is dat die kerk weliswaar 'n bepaalde identiteit hét, maar dat dit altyd ook bra ongemaklik is – die gelowige stap die tweede myl, draai die ander wang, seën waar ander vervloek..... (Matt 5:38-42). Dit is die geval omdat ons in die wêreld, maar nie van die wêreld is nie. Ons is hemelse sowel as gewoon wêreldse burgers, ja burgers van twee ryke. Daarom is lidmate van die kerk “eenders” as ander mense, maar tegelyk ook radikaal “anders”. Paulus het immers al gepraat van Christus wat vir party ‘n aanstoot is en vir ander weer onsin (1 Kor 1:23). Hierdie andersheid is daar omdat die waardes van die Koninkryk van God absolute prioriteit bo enige ander wêreldse waardes, kultureel of polities, in die kerk het. Dit maak van die kerk ‘n eskatologiese gemeenskap.....

Die grond en sin van ons bestaan is alleen Christus. Die NHKA wil altyd kerk van die Woord wees. Ons bely in gehoorsaamheid aan die Skrif as die enige bron en norm van die kerklike verkondiging en diens, ons geloof in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Die NHKA sien homself pertinent, ooreenkomstig sy belydenis, as ‘n gestalte van die een, heilige, apostoliese en katolieke (algemene) kerk.....

Christus verbind ons deur sy Gees met die kerk van alle eeue. Ons leef tans in tussentyd – dit is die tyd tussen die wêreldse, menslike tyd en God se tyd wat oop is na die toekoms. Hierdie tussentyd is die kragveld van die Gees wat ons met ‘n gespanne verwagting laat uitsien na dit wat voor ons lê.....

Omdat Christus reeds die menslike tyd betree het en met sy dood en opstanding menslike tyd oorstyg en opgehef het, hét die kerk reeds die dimensie van die ewige lewe betree. Deur die doop en nagmaal kry die kerk nou deel hieraan.....

Ons glo dat God ook ons Kerk in God se genadige toewending tot die wêreld gebruik. Omdat die evangelie ons ryk maak en in beweging bring, wil en moet ons dit ook met ander deel. Die oordrag van die evangelie is vir ons die murg en vesel van kerkwees. Dit doen ons individueel en ook korporatief. Die NHKA wil in sy missionaat juis ook tasbaar uitreik en in sy diakonaat juis ook verkondig. Anders as die wêreld, reik ons na ander uit, nie om daardeur geëer of bevoordeel te word nie, maar ons doen dit sodat God daardeur geprys word.....

Ons erken ook die veelkleurigheid van die kerk van Christus. Hierdie verskeidenheid kom voort uit die konteks van elke individuele kerk en ook elke gemeente. Ons lees veral in Rom 12 en 1 Kor 12 van die verskillende gawes en die gevolglike eiesoortigheid van gemeentes en kerke. In albei hierdie gedeeltes beklemtoon die apostel dat die verskeidenheid 'n kenmerk van die verganklike, menslike bestaan is. Tog kan ons ook nie hiermee volstaan nie. Die eenheid van die liggaam van Christus bly die kenmerk van die werk van die één God en één Gees. Die eenheid van die kerk, en nie die verskeidenheid nie, is dus die goddelike eis.....

Die krisis van die kerk vandag kan nie los verstaan word van die verleentheid van ons samelewing nie. Dit is duidelik dat die samelewing vandag baie anders daar uitsien as selfs net vyf of tien jaar gelede.....

Waar 'n na-binne-gerigtheid opgemerk word, moet die Kerk weer eksterne fokus en hoop bring. Juis daarom is die gemeenskaplike visie so uiters belangrik. Dit is die ster wat op die horison flikker, die krag wat ons die toekoms in trek..... Daarom het die Algemene Kommissie ook in Maart 2005 'n visie en missie aanvaar wat hierdie hoop verwoord: Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.....

Hierdie dokument wat Buitendag opgestel het, is deur die Kommissie van die AKV as amptelike dokument aanvaar en by die Nasionale Colloquium as besprekingsdokument aangebied.

Die Nasionale Colloquium van 2006 was 'n doelbewuste poging van die Kommissie van die AKV om nogmaals die gesprek oor kerkwees op 'n konstruktiewe wyse te stimuleer en te bevorder.

Die dokument vertoon ingrypende nuwe denke en verstaan van kerkwees. Die taal wat gebruik word is tipies aan die Ekklesiologie wat na die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het. Buitendag se kerkbegrip staan teenoor die dominante presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.

Dit is vanuit hierdie agtergrond dat hy as voorsitter van die Kommissie van die AKV sterk leiding geneem het ten opsigte van die hertoetrede van die NHKA in die internasionale ekumeniese beweging en waarom daar ook heelwat weerstand teen sy leierskap opgebou het.

4.6. METAFORIESE SPREKE OOR KERKWEES

Wanneer die verskillende benaderings ten opsigte van kerkwees en kerkbegrip krities beoordeel word, blyk 'n organiese kerkbegrip meer dienlik te wees vir die ontwikkeling van 'n toepaslike en eietydse kerklike praxis.

Daar moet ook met **W Van Huyssteen** en **GDJ Dingemans** saamgestem word, dat ons nie anders kan as om in metaforiese taal oor die Kerk te praat nie, omdat alle geloofstaal metaforiese taal is (Van Huyssteen 1987:158-163; Dingemans 2005:496ev). Die oomblik as verskillende metafore wat oor die kerk handel ontgin word, lei dit tot 'n meer organiese kerkbegrip.

H Pieterse het in sy Prakties-teologiese Ekklesiologie doelbewus een metafoer benut, te wete die 'liggaam van Christus' (Pieterse 1990:61). Hy stel dit soos volg: *Ons kies vir 'n basisteorie vir die gemeente volgens die liggaam-van-Christus-tipe gemeente waarin al drie die wesenlike funksies op 'n gebalanseerde wyse geïntegreer is.*

Hy meen dat dit ook die mees geskikte model is ten opsigte van kommunikasie in die gemeente, omdat dit simmetriese kommunikasie in die

gemeente bevorder (Pieterse 1993:160). Hierdie benadering het wye navolging is Suid-Afrika gevind.

TFJ Dreyer het hierteen bepaalde kritiek uitgespreek en daarop gewys dat indien een Bybelse metafoor tot model verhef word, dit noodwendig daartoe lei dat ander Bybelse metafore op die agtergrond geskuif word. Dit lei tot 'n eensydige beklemtoning van sekere fasette van kerkwees en verskraling in kerkbegrip (Dreyer 1995:799).

'n Metafoor is 'n poging om na analogie van die bekende iets oor die onbekende te sê. Dit spreek dus vanself dat 'n analogie nie die onbekende volledig verklaar of verduidelik nie. Elke metafoor beklemtoon 'n faset van die onbekende (Dreyer 1995:800).

Dit is dus noodsaaklik dat verskillende Bybelse metafore benut word om te kom tot 'n meer omvattende kerkbegrip en kerklike praxis. Die probleem is egter dat daar sowat tagtig beelde en metafore in die Bybel is wat met die kerk verband hou (Minear 1960:24).

Benewens die diversiteit in beeldspraak en metafore, vind ons dat die kerk in die Nuwe Testament, afhangend van die plek en omstandighede, uiteenlopend gefunksioneer het. Die kerk het in *plaaslike gemeentes* (Rom16:1; Fil 1:1); *huisgemeentes* (Rom 16:5; 1 Kor. 16:19; Kol 4:15); gemeentes in 'n bepaalde *streek* Gal 1:13; 1 Kor 11:16) en in *samekomste van gelowiges* (1 Kor 11:18; 1 Kor 14:19) sigbaar geword.

Hoewel die kerk op elke plek verskillend gefunksioneer het, het die geloofsgemeenskappe nie los van mekaar bestaan nie. Daar is maar *net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal....* (Ef 4:4,5). Plaaslike gemeentes, huisgemeentes en samekomste van gelowiges was alles 'n verskyningsvorm van die een, heilige en algemene kerk van Christus.

4.7. 'N NUWE KERKBEGRIIP EN NUWE KERKORDE

Die 68e Algemene Kerkvergadering het in 2007 soos volg besluit:

Die Algemene Kerkvergadering gee opdrag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om 'n komitee van deskundiges uit al die teologiese dissiplines te benoem om die ekklesiologiese kontoere te omlyn waarbinne 'n Kerkorde geskryf kan word.

(NHKA 2007:196)

Die besluit is geneem op voorstel van die Raad vir Apostolaat. Die Raad het in 'n voorlegging aangetoon dat die Kerkorde 'n sterker missionale gerigtheid moet vertoon.

Die belang van hierdie besluit moet nie onderskat word nie. Die transformasie van kerkwees en die vestiging van 'n missionale bedieningspraktyk moet gedra word deur 'n Kerkorde wat dit moontlik maak. Die Kerkorde in sy huidige gestalte, soos reeds aangetoon, bevorder 'n pastorale bedieningspraktyk wat al die klem op die instandhouding van die gemeente plaas.

Die Kommissie van die AKV het die besluit van die AKV uitgevoer en 'n Komitee aangewys wat 'n Memorandum opgestel het met die titel *Enkele ekklesiologiese kontoere vir die opstel van 'n nuwe Kerkorde*³. Dit het by die 69e AKV gedien en die volledige teks is in die Agenda te vind (NHKA 2010:522-534).

Die uitgangspunte waarvan die Komitee uitgegaan het tydens die opstel van die Memorandum, is belangrik:

³ Die Memorandum *Enkele ekklesiologiese kontoere vir die opstel van 'n nuwe Kerkorde* is deur die promovendus in samewerking met ander lede van 'n studiekommissie opgestel. Die finale teks wat voor die AKV gedien het is deur die promovendus afgehandel en dien daarom as oorspronklike bydrae in hierdie proefskrif.

- Die Komitee het deeglik kennis geneem van teoloë soos Moltmann, Dingemans, Küng, Brueggemann en Käsemann se Ekklesiologie (vgl NHKA 2009b).
- Die Memorandum moet ook geles word teen die agtergrond van Hervormde teoloë (soos hierbo aangehaal) se verstaan van kerkwees.
- Die Komitee het van die standpunt uitgegaan dat die Bybelse metafore wat met die kerk te doen het, op 'n eenvoudige, sistematiese en gestruktureerde wyse aan die orde gestel word.
- Die metafore is gesistematiseer aan die hand van die Triniteit: Die één God wat Homself openbaar as Vader, Seun en Heilige Gees.
- Die keuse vir 'n trinitariese benadering berus op die aanname dat ons *Godsbegrip* bepalend vir ons *kerkbegrip* is. Die manier hoe ons oor die kerk dink en praat, reflekteer iets van hoe ons oor God dink en praat.

Die Bybelse metafore oor die kerk word gevolglik onder die volgende vier opskrifte bespreek:

- Die Een God: Die kerk is die volk van God
- God die Vader: Die kerk is die huisgesin van die Vader
- God die Seun: Die kerk is die liggaam van Christus
- God die Heilige Gees: Die kerk is die tempel van die Gees.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat hier 'n fundamentele verskuiwing in kerkbegrip plaasvind, vanaf 'n presbiteriaal-sinodale kerkbegrip na 'n meer organiese kerkbegrip.

Die 69e Algemene Kerkvergadering het met instemming van die Memorandum kennis geneem en die opdrag om die Kerkorde te hersien, gekontinueer.

Hierdie Memorandum sal dus as vertrekpunt dien in die opstel van 'n nuwe Kerkorde, maar ook as basis van 'n missionale bedieningspraktyk (vgl hoofstuk 5).

Die teks van die Memorandum word hier volledig aangehaal (vgl 4.7.1ev). Geen verdere verwysing na bronne word gegee nie behalwe om na bepaalde Skrifgedeeltes te verwys. Alle verwysings kom uit die 1983 *Nuwe Afrikaanse Vertaling* van die Bybel (Bybelgenootskap van SA 1983: NAV).

4.7.1. Die gemeente is die volk van God

Ons is die volk van God.....

In die Ou Testament leer ons dat God uit al die volke vir Hom 'n volk (Israel) bymekaar maak om Hom te dien en eer. Deur Sy Gees en die profete openbaar God Homself aan Israel en versamel die volk om Hom te aanbid en offers aan Hom te bring.

In die Ou Testament is dit opvallend dat die volk van God in verskillende tye verskillend gefunksioneer het. Op trek deur die woestyn; in die tyd van die Rigters; met die instelling van die koningshuis en die vestiging van die tempel in Jerusalem; tydens die ballingskap en in die periode na die ballingskap moes Israel telkens aanpas by nuwe omstandighede. Wat Israel as volk van God behoue laat bly het, was hulle verstaan van die verbond en die Woord van God en die profete wat hulle vermaan het om aan God getrou te bly.

In Handeling 2, tydens die uitstorting van die Heilige Gees, word dit duidelik dat die volk van God nie meer tot Israel beperk is nie, maar uit alle volke, tale en nasies bestaan.

In Ef 1:1-14 besing die apostel die lof van God, wat uit Israel en alle ander volke vir Homself 'n nuwe volk uitverkies het. *Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit bestem het...* (Ef 1:11). Hierdie volk bestaan uit elkeen wat in Christus glo: *Deur Christus het julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor het en tot geloof gekom het....* (Ef 1:13). Dit alles gebeur deur die kragtige werking van die Heilige Gees (Ef 1:14).

Deur die Heilige Gees ontdek die volk van God hoe *wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek* (Ef 3:18). Die volk van God is geroep om te lewe as mense van die lig (Ef 5:10).

Ons as gelowiges, ons as kerk en gemeente, *is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God....* (1 Pet 2:9,10).

God regeer oor sy volk deur sy Woord en Gees. Die kerk kan dus nooit 'n demokrasie wees waar die meerderheidstem die waarheid bepaal nie. Die Waarheid is te vind in Jesus Christus en in die gehoorsame luister na sy Woord.

As volk van God moet ons leef soos Christus ons geleer het. Daardeur word Christus se heerskappy en koninkryk in hierdie wêreld sigbaar en dien dit tot getuigenis dat God leef en regeer. Daarom bid ons ook soos die Here Jesus ons geleer het: *Laat U koninkryk kom....* (Mat 6:9).

Ons is deel van die verbond.....

Ook vir die kerk geld die Ou-Testamentiese verbondswoorde – *Ek sal onder hulle woon en wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees* (2 Kor 6:16; Gal 3:15ev).

God bring in Christus 'n nuwe verbond met sy nuwe volk tot stand. Dit word onder andere verwoord tydens die instelling van die Nagmaal: *Drink almal daaruit, want dit is My bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes...* (Mat 26:28).

In die Brief aan die Hebreërs, is die volk van God en die nuwe verbond wat tot stand gekom het, 'n sentrale gedagte (vgl Hebr 8).

In elke verbond neem God die inisiatief: Hy openbaar Homself aan sy volk en roep hulle op tot gehoorsaamheid en geloof. Die Woord van God daag die volk telkens uit om op die pad van geloof en gehoorsaamheid te bly.

Ons as gelowiges, as God se volk, vind geloofsekerheid in die oortuiging dat Hy getrou is aan sy verbond, dat Hy sy beloftes gestand doen en aan ons genade skenk.

Ons weet dat God self (in Christus) in verhouding met ons kom staan het, dat ons verhouding met God daaglik deur die Heilige Gees vernuwe word en dat ons, as sondaars, ons daaglik tot God bekeer deur die kragtige werking van die Gees. Soos Israel, raak ons die pad dikwels byster.

Daarom roep God sy volk tot voortdurende skuldbelydenis, berou en bekering.

Ons is God se volk in God se wêreld.....

Een van die sentrale vraagstukke waarmee gelowiges oor eeue heen geworstel het, is die verhouding tussen die volk van God en die wêreld waarin die volk van God leef. Israel moes tussen ander volke en godsdienste getrou bly aan God. Die kerk in die Nuwe Testament is voortdurend gekonfronteer met heidense godsdienste, vyandige owerhede en 'n samelewing wat die evangelie as 'n gekkerny beskou het.

Dit het daartoe gelei dat die kerk dikwels vyandig teenoor die wêreld gestaan het, die wêreld vermy het en selfs in kloosters teruggetrek het. Die kerk het oor eeue heen *self* 'n skeiding tussen kerk en wêreld geskep. Dit het gelei tot vervreemding en die onvermoë van die kerk om die evangelie in die wêreld te verkondig.

Tog leer die Skrif ons dat die wêreld en alles wat daarop is, aan die Here behoort. God ontferm Hom dus nie net oor sy volk (die kerk) nie, maar oor die wêreld. Hy heers nie net oor sy volk nie, maar oor die wêreld. Hy sorg nie net vir die kerk nie, maar ook vir die wêreld.

In die Brief aan die Kolossense ontdek ons dat God in Christus die wêreld met Homself versoen: *God het besluit om met sy volle wese in Christus te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan*

die kruis het hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen (Kol 1:19,20).

Dit het Hy gedoen omdat God die wêreld liefhet – só lief dat Hy sy enigste Seun gestuur het, sodat die wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal erf (Joh 3:16).

Soos die Seun na die wêreld gestuur is om God se genade aan te kondig, word ons na die wêreld gestuur. Ons bestaan nie ter wille van onself nie, maar ter wille van die wêreld. Ons mag onself nie aan die wêreld onttrek nie. Die volk van God moet in die wêreld teenwoordig wees.

Ons is 'n volk onderweg.....

Die volk van God is op 'n pelgrimsreis, op pad na die nuwe Jerusalem. Die volk van God sien uit na 'n nuwe vaderland en sing van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat aanbreek (Openbaringe 21).

Die volk van God kan nooit anders bestaan as 'n gemeenskap van gelowiges wat in die eindtyd leef en die dag van die Here verwag nie. God se geskiedenis relativeer ons klein menslike geskiedenis, maar dit gee ook aan ons geskiedenis sin en inhoud.

Die volk van God leef tussen die verlede, die hede en die toekoms. Die kerk moet voortdurend sy huidige bestaanswyse bevraagteken - in die lig van God se koninkryk wat alreeds in Christus reeds aangebreek het, maar ook in die lig van die volmaakte wat ons verwag.

Omdat Christus reeds die menslike tyd betree het en met sy dood en opstanding ons menslike tyd oorstyg en opgehef het, hét ons reeds die dimensie van die ewige lewe betree (Joh 11:25). Daarom moet die bestaanswyse van die kerk en gemeente iets van die nuwe hemel en die nuwe aarde reflekteer - dat God nou by die mense is.

God se teenwoordigheid verander ons denke, ons optrede en die manier hoe ons tydens ons pelgrimsreis met ons medemens en die skepping omgaan.

Ons leef tussen die wêreldse, menslike tyd en God se tyd wat oop is na die toekoms. Die Gees laat ons met 'n gespanne verwagting uitsien na dit wat voor ons lê.

4.7.2. Die gemeente is die huisgesin van die Vader

Ons is die huisgesin van die Vader.....

Ons bely dat God ons Vader is. Jesus Christus het ons geleer om te bid: *Ons Vader wat in die hemel is...*(Mat 6:9).

Ons leef uit God se voorsienigheid. *Kyk na die wilde voëls: Hulle saai nie en oes nie en maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle..... Moet julle dus nie bekommer nie..... Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en die wil van God, dan sal Hy julle al die dinge gee...* (Mat 6:25-34).

God sorg vir sy kinders. *Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom dien* (Psalm 103:13).

Ons is God se kinders. *Kyk watter groot liefde het die Vader aan ons bewys: Hy noem ons kinders van God en ons is dit ook..... Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God* (1 Joh 3:1,2).

Ons is nie deel van God se huisgesin op grond van natuurlike geboorte nie, maar op grond van die wedergeboorte deur die krag van die Heilige Gees (Joh 3:5). Ons is ook nie uit eie reg kinders van God nie. Ons is kinders van God omdat Hy ons in Christus as kinders aangeneem en ons Christus as Verlosser aangeneem het: *Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het hy die reg gegee om kinders van God te word* (Joh 1:12). Jesus Christus is nie net die Verlosser nie, maar ook die Eersteling wat gebore is, die oudste Broer in die huisgesin van die Vader.

Ons is 'n gesin.....

Ons, as wedergebore kinders van God, leef binne die ruimte van God se liefde en sorg.

So word die gemeente 'n geestelike tuiste en gesin. As kinders van die Vader, is ons mekaar se broers en susters in die geloof. Daarom noem ons mekaar ook *broer en suster*. In die intieme ruimte van die gesin moet ons mekaar liefhê en versorg (Joh 13:34-35, 1 Joh 2:7-11; 1 Joh 4 : 7-21).

Binne die volk van God bestaan daar baie families en gesinne met uiteenlopende maniere van doen.

Hierdie gesinne en families word rondom die kruis van Christus gevorm. *By die kruis het ook nog sy moeder gestaan.... Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by sy staan, sê Hy vir sy : "Daar is u seun". Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder". Van daardie oomblik het die dissipel sy in sy huis geneem* (Joh 19:25-27). Jesus sê ook: *Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder....* (Mk 3:35).

Die gesin van die Vader word nie op 'n natuurlike wyse gevorm nie, maar deur die krag van die Gees, in die skaduwee van die kruis en in gehoorsaamheid aan die Vader.

Ons as gesin is nie 'n geslote kring nie. Vreemdelinge word met gasvryheid ontvang. Elkeen wat nuut gebore word, is welkom en word deel van die Vader se gesin. Ook vreemdelinge word kinders van God, wat Hom as eie Vader mag ken en liefhê. God se gesin deurbreek alle grense tussen mense, grense van kultuur, ras, stand en klas. Juis in die liefde vir mekaar, ten spyte van diversiteit, word die gemeente 'n gesin. *Waar daar liefde is, daar is God die Heer...* (Ges 526).

Ons sorg vir mekaar.....

Ons as gesin sorg vir mekaar. Die onderlinge sorg neem verskillende gestaltes aan. In Handeling 2:42 ev vind ons verskillende aspekte hiervan.

Allereers word daar verwys na die *leer van die apostels*. Binne die ruimte van die gesin voed ons mekaar op. Hierdie Christelike opvoeding en onderwysing begin met die regte kennis, die kennis van die Woord en die leer van die apostels. Ons ontdek saam wat die Vader van ons verwag, hoe ons as sy kinders moet leef. So voed ons mekaar op in die regte *leer en lewe*.

Tweedens verwys Handelingte ook na die *onderlinge gemeenskap (koinonia)* wat tussen die gelowiges bestaan. Hierdie gemeenskap kom tot stand waar daar saam gebid word, waar die gemeente in die erediens versamel om God te eer en te luister na sy Woord.

Ten diepste word die onderlinge gemeenskap 'n werklikheid waar die gemeente deur die krag van die Gees, *één is met Christus* in sy dood en in sy opstanding (Rom 6:5). Omdat ons met Christus één is, is ons ook één met die Vader. Jesus het gebid vir hierdie gemeenskap: *Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos ons een kan wees. Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het...* (Joh 17:11, 21).

Binne die band van onderlinge gemeenskap en liefde, *sorg ons vir mekaar (diakonia)*. Die eerste gemeente in Jerusalem het alles met mekaar gedeel. Die onderlinge sorg was so belangrik, dat hulle uit hulle geledere diakens gekies het wat die armes moes versorg (Hand 6 en 7).

Hierin het die dissipels voortgegaan met dit wat hulle by Jesus self geleer het. Jesus het mense wat arm, siek, verstote en verag was aangeraak, sodat hulle die genade van God kon ontdek en vreugde deel kon wees van God se gesin.

God se liefde en barmhartigheid wat Hy in Christus openbaar het en wat ons elke dag ervaar, noop ons as gesin om ook met liefde, deernis en barmhartigheid mekaar (en vreemdelinge) te versorg.

Ons eet saam aan tafel.....

Soos 'n vader sy kinders voed en versorg, voed en versorg die hemelse Vader sy kinders. Die Vader skenk aan ons daaglikse brood, dit wat ons nodig het om van te leef. In die woestyn het God aan sy kinders manna geskenk om te eet en water uit 'n rots om te drink (Eksodus 16).

Die Vader voed sy gesin met die Brood van die lewe, die ware Brood uit die hemel. Jesus het ons geleer: *Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie* (Joh 6:35).

Wanneer ons as gesin by die tafel van die Vader aansit, wanneer die brood vir ons gebreek en die wyn vir ons geskink word, word ons honger en dors gestil. By die Nagmaalstafel vind die gesin van die Vader konkreet gestalte, word die gemeenskap met God en met mekaar sigbaar en word ons opnuut één met Christus in sy dood en opstanding. Aan die Nagmaalstafel word die kerk wat dit altyd behoort te wees: 'n Gemeenskap van gelowiges wat met God en met mekaar één is.

Aan die Nagmaalstafel word die gesinslede opgeroep om mekaar te dien. Jesus het aan die tafel sy dissipels se voete gewas. Daarna sê Hy vir hulle: *Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen* (Joh 13:15). In solidariteit met mekaar, dien ons mekaar met ons gawes en sorg ons vir ons broers en susters.

Wanneer ons as gesin aan die tafel sit, getuig ons dat Jesus Christus met sy liggaam en bloed vir al ons skuld betaal het; dat Hy ons God se kinders gemaak het en dat ons uitsien na die heerlike feesmaal wat vir ons voorberei word. Ons nooi ook almal uit om saam met ons deel te word van God se gesin.

4.7.3. Die gemeente is die liggaam van Christus

Ons is die liggaam van Christus.....

Die gemeente is die liggaam van Christus. Hierdie unieke beeldspraak word in talle Skrifgedeeltes gevind (Rom 12:4; 1 Kor 10:17; 1 Kor 12:12-270).

Uit hierdie Skrifgedeeltes word dit duidelik dat die apostel veral die plaaslike gemeente in gedagte het wanneer hy oor die liggaam van Christus praat. In die konkrete gemeente word die liggaam sigbaar.

Elke lidmaat van die gemeente het ook gawes (*charismata*) ontvang wat tot nut van ander gebruik moet word.

Dat die gemeente die liggaam van Christus is, is 'n gegewene. Dit is 'n geloofswerklikheid. Dit het direkte en praktiese gevolge vir die manier hoe die gemeente leef en funksioneer.

Wanneer van die kerk as 'n liggaam gepraat word, dui dit op 'n lewende organisme wat saamgestel is uit 'n komplekse netwerk van ledemate, organe, sisteme en funksies. Soos enige lewende organisme, kan dit groei en voortplant. Soos enige lewende organisme, leef en bestaan dit binne 'n bepaalde ekosisteem, wat die welsyn van die organisme beïnvloed.

Christus is die Hoof van die liggaam en die gelowiges vorm saam die ledemate of liggaam. Elke ledemaat het sy eie rol en funksie (Rom 12 en 1 Kor 12). Die diversiteit in die liggaam van Christus is noodsaaklik vir die gesonde bestaan van die liggaam. Die verskillende ledemate word egter deur een Hoof regeer, en so kom die diversiteit in die liggaam ook tot eenheid.

Ons is een met Christus.....

Jesus Christus het nie 'n kerk gestig nie. Nog minder is Hy die organisatoriese Hoof van die kerk. Inteendeel: Hy is die Kerk. Elke lidmaat wat een word met Christus in sy dood en opstanding (Rom 6), konstitueer die Kerk

en gemeente. Elke ledemaat van Christus se liggaam, is organies één met Hom. So word ons, deur die krag van God, voortdurend die liggaam van Christus.

Die ledemate van die liggaam van Christus behoort één liggaam te wees, omdat hulle reeds in Christus één is. Die eenheid moet ook sigbaar wees. Die geloofswerklikheid moet lewenswerklikheid word.

Soos wat die Vader, Seun en Gees één God is, één in Wese maar tog onderskeibaar, is die gemeente en Christus één - maar tog onderskeibaar. *Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het...* (Joh 17:11, 21).

Elke gelowige - en per implikasie die gemeente - is *in Christus* (Rom 8:1; 2 Kor 5:17; Gal 2:17). Om *in Christus* te wees, is in die konteks van die Skrifgedeeltes nie in die eerste plek 'n Christologiese uitspraak nie, maar eerder 'n ekklesiologiese uitspraak. Dit verwys nie in die eerste plek na 'n mistieke eenwording van die individuele gelowige met Christus nie, maar eerder na die deel wees met die liggaam van Christus.

Alhoewel elke gelowige en gemeente *in God* is (Joh 17), *in Christus* (Rom 8) en *één met Christus in sy dood en opstanding* (Rom 6) is, mag die gemeente nie vergoddelik word nie.

Verder: Indien die eenheid met Christus oorbeklemtoon word, verval die kerk in 'n wêreldvreemde spiritisme. Indien die onderskeid met Christus oorbeklemtoon word, verval die kerk in 'n institusionalisme en word die kerk maar net nog 'n goed gestruktureerde organisasie of vereniging.

Die spanning tussen 'n institusionele en/of organiese kerkbegrip, tussen die gemeente as instituut en/of organisme, moet in die gesprek oor die kerk voortdurend aandag ontvang. Een saak bly egter konstant: Christus alleen is die Hoof en Heer van die Kerk. Hy regeer deur sy Woord en Gees oor die Kerk. Die kerk kan nooit anders as om in gehoorsaamheid aan Christus te leef nie.

Die liggaam van Christus is ***nie net*** die plaaslike gemeente nie, ***maar ook*** die kerk as geheel (Kol 1:1:15-18; Ef 1:23; Ef 2:16; Ef 4:4-16). Christus is die Hoof van alle kerke deur al die eeue.

Die verhouding tussen onderskeie kerke kan dus nie anders verstaan word as vanuit hulle gemeenskaplike eenheid met Christus en gemeenskaplike Hoofskap van Christus nie.

Ons is diensbaar.....

Die ledemate word deur die Heilige Gees toegerus word om diensbaar te wees. Die dienswerk van die gemeente word veral in *liturgiese, pastorale, missionale* en *diakonale* handeling sigbaar.

In Mat 28:19 vind ons die bekende opdrag aan die kerk: *gaan na al die nasies toe en maak mense my dissipels: Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het....* Die kerk en gemeente mag dus nooit staties wees nie, maar moet uitbeweeg om die evangelie van Jesus Christus aan alle mense uit te dra.

In die Evangelie van Lukas en Handeling word die klem geplaas op geografiese uitbreiding en groei in getalle. In die Pauliniese geskrifte val die aksent op die liggaam van Christus wat in diens van Christus, tot diens van mekaar en die wêreld leef.

God skenk deur sy Gees gawes aan die gemeente. Die gawes van die Gees word onderling aangewend tot opbou van die gemeente, tot innerlike versterking, geestelike volwassenheid en mondigheid. Die ampte en dienste waartoe God mense roep en toerus (1 Kor 12), neem verskillende vorme aan. Daar is 'n groot verskeidenheid van gawes en van dienste, almal ewe belangrik en elkeen met sy eie funksie.

Die gawes van die Gees en die dienswerk waartoe Christus mense roep, is gerig op die opbou van die gemeente en tot heil van die wêreld. Alle ledemate van die liggaam van Christus is daarby betrokke en daarvoor verantwoordelik.

Ons is gedoop.....

In die Nuwe Testament is dit duidelik dat 'n Christen se doop, wedergeboorte, geloof, vervulling met die Heilige Gees, eenwording met

Christus en verlossing wesenlik met mekaar verband hou (vgl Rom 6:1-14; Titus 3:3-5; 1 Pet 1:3; Joh 3:3-5).

Dit moet egter nie verstaan word as 'n opeenvolgende en stygende lyn wat in die doop sy hoogtepunt vind nie, maar as 'n lewenslange proses wat telkens aan die doop en Christus se verlossingswerk oriënteer.

Romeine 6:1-14 sê dat elkeen wat gedoop is, met Christus verenig is. Die dopeling sterf saam met Christus, en staan saam met Christus op tot 'n nuwe lewe. Sy sondige natuur word gekruisig, en die nuwe mens staan op tot 'n nuwe lewe (wedergeboorte). Soos Christus uit die dood deur 'n *heerlike magsdaad van God* opgewek is (Rom. 6:4), so word die dopeling deur 'n heerlike magsdaad van God opgewek tot 'n nuwe lewe, word hy/sy verenig met Jesus Christus en sy heilswerk. Die gedoopte is dood vir die sonde - dit staan in Rom 6 as indikatief, en nie as imperatief nie. Maar tegelykertyd word die indikatief 'n imperatief aan die gedoopte - dat hy moet word wat hy reeds in Christus is - 'n nuwe mens.

Wat by die doop gebeur is God se kragtige werk, nie die resultaat van menslike inspanning nie.

Die doop is ook nie net ter sake vir die individuele gelowige nie. In 1 Kor 12:13 lees ons: *Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam.....* Die doop word in die gemeenskap van die gelowiges bedien. Tydens die doop word die gedoopte deel van die volk van God; deel van die huisgesin van die Vader en deel van die liggaam van Christus. In kort: Die kerk konstitueer in die doop.

Daarom word die doop opgevolg met kerklike verkondiging, onderrig (kategese) en pastorale bearbeiding. Die gedoopte word dus binne die gemeenskap van die gelowiges deur die verkondiging begelei om te word wat hy reeds in Christus is.

Ons doop rig voortdurend 'n appél aan ons om te breek met sonde en ongelooft, en eerder 'n nuwe lewe in en deur Christus te leef. Die gedoopte leef immers in die kragveld van die Heilige Gees, en die Heilige Gees lei die gedoopte tot geloof, bekering en aanbidding.

Op daardie wyse maak die Heilige Gees ons wat ons reeds in Christus is - nuwe mense wat in Christus leef, wat dood is vir die sonde maar lewe vir God.

4.7.4. Die gemeente is die tempel van die Heilige Gees

Ons is die tempel van die Heilige Gees.....

Wanneer die apostel aan die gemeente in Korinte skryf, sê hy van die gemeente: *Julle is gebou van God.... Die fondament is Jesus Christus.... Weet julle nie dat julle die tempel van die Heilige Gees is en dat die Heilige Gees in julle woon nie?* (1 Kor 3:9-16).

Israel was van oortuiging dat God sy woonplek in die tempel gehad het. In die tempel is offers gebring. Die tempel was 'n plek vir aanbidding en lofprijsing. In die tempel is die Woord bewaar en verkondig. Dit was 'n heilige ruimte waar die Heilige God van Israel sy volk ontmoet het.

Dit is dieselfde tempel waarvan Jesus gesê het dat Hy dit in drie dae sal afbreek en weer sal opbou. Wanneer Jesus gekruisig word en op die derde dag opstaan, kom 'n nuwe tempel tot stand – die gemeente.

Die gemeente is 'n heilige ruimte waar God deur sy Gees woon. Die gemeente leef offervaardig. Die gemeente aanbid God en besing sy lof. Die gemeente luister na die Woord en verkondig dit al verder. In die gemeente ontmoet God ons deur sy Gees.

Daarom kan die waarde van die gemeente nooit onderskat word nie. Dit is 'n geestelike woning waar God ons ontmoet; waar vreemdelinge kinders en broers en susters word.

Ons het die Heilige Gees ontvang.....

Die gemeente leef in die kragveld van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is tydens Pinkster op die dissipels uitgestort (Hand 2). Dit maak die bestaan en

funksionering van die kerk moontlik. Daar is geen kerk sonder die Heilige Gees moontlik nie.

Die Heilige Gees is nou Immanuel, God met ons en in ons. *Met die doop in die Naam van die Heilige Gees, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lede van die liggaam van Christus wil maak.....* (Formulier van die Doop, Diensboek NHKA).

Die Heilige Gees wil in ons woon en werk. Te dikwels staan ons die Heilige Gees teen en bedroef ons Hom met ons ongeloof en ongehoorsaamheid.

Ons word deur die Gees toegerus en begelei.....

Soos reeds aangetoon, word ledemate van die liggaam van Christus toegerus met gawes om diensbaar word. Hierdie toerusting vind plaas deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

Tegelykertyd het elke mens ook aangebore talente en vermoëns. In Goddelike en menslike sinergisme verander die kerk in 'n lewende liggaam wat missionaal en diakonaal die wêreld toetree.

Die Gees rus die gemeente toe deur die Woord. Die Woord en Gees staan in 'n onlosmaaklike verband met mekaar. Daarom moet die gemeente voortdurend luister na die Woord. Terwyl ons in gemeenskap met mekaar in die Woord wandel en ons vreugde daarin vind (Psalm 1), ontdek die gemeente (onder leiding van die Heilige Gees) sy roeping en wat God van die gemeente verwag.

Die wat die gawe ontvang het om die Woord te verkondig en ander te onderrig, het die verantwoordelikheid om elke gelowige vir sy of sy dienswerk toe te rus.

Ons aanbid en loof die Here.....

In die erediens word die verhouding tussen God en sy kerk op 'n aangrypende manier sigbaar.

Die gemeente kan met oortuiging sing *God is hier teenwoordig.....* omdat God inderdaad deur sy Gees teenwoordig is.

Die gemeente is 'n gemeenskap van gebed. Ons praat met God omdat Hy eerste met ons gepraat het. Hy het deur sy Woord, deur die profete en die apostels, deur elkeen wat die gawe ontvang het om sy Woord te verkondig ons aangespreek. Deur die Goddelike aanspraak kom ons tot geloof. Gebed word die diepste uitdrukking en verwoording van ons geloof.

As gelowiges, getuig die gemeente van God se genade. As God se getuie, word die gemeente diensbaar aan die wêreld wat God liefhet.

4.8. ENKELE GEVOLGTREKKINGS

Die uitdaging waarvoor die kerk staan, is om dit wat die Skrif by wyse van metafore oor die kerk sê, te aktualiseer in die kerklike praxis.

Elke benadering tot kerkwees berus op keuses wat gemaak word en 'n bepaalde interpretasie van die Skrif. Byvoorbeeld: Die Calvinistiese ampsbegrip berus op die keuse van bepaalde tekste en die interpretasie daarvan. Die Nuwe Testament praat van meer gawes en dienste as die van die predikant, ouderling en diaken. Ander kerke maak weer van biskoppe, priesters, evangeliste, bediening deur lidmate en vele ander gawes en dienste gebruik.

Na my mening dien die Bybelse metafore wat oor die kerk handel, genoeg materiaal om sinvol, vernuwend en transformerend oor die kerklike praxis na te dink.

Wanneer daar dus na 'n 'organiese kerkbegrip' verwys word, het dit die ryke verskeidenheid van Bybelse metafore in die oog. Dit is veral van belang vir die ontwikkeling van 'n kerkbegrip wat kan dien as basis vir 'n missionale bedieningspraktyk.

5. MISSIONALE EKKLESIOLOGIE

Strategiese Perspektief

5.1. INLEIDEND

G Heitink wys daarop dat Praktiese Teologie kragtens sy eie aard gerig is op *verandering* deur middel van prosesmatige begeleiding en beïnvloeding. Strategie gaan om verandering, om transformasie (Heitink 1993 [2000]:195-211).

Die vraag is egter : *Wartoe word verander? Wat is die eindpunt van verandering? Op grond waarvan en hoe vind dit plaas?*

In hierdie hoofstuk gaan dit om die *verandering* van die bedieningspraktyk in die NHKA. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die gemeentelike praxis en bedieningspraktyk in die NHKA moet *transformeer*, van 'n *pastorale bedieningspraktyk* na 'n *missionale bedieningspraktyk*.

'n Missionale bedieningspraktyk berus op die insigte wat verkry word vanuit die Praktiese Ekklesiologie in die algemeen en in besonder Missionale Ekklesiologie.

Een van die beste (samevattende) definisies van Missionale Ekklesiologie, is deur **P Hooker** geformuleer:

Missional ecclesiology demands more of the church than deciding which community service projects to undertake or setting congregational priorities for the coming year. Missional ecclesiology is a way of understanding the church. It begins with the Missio Dei — God's own "self-sending" in Christ by the Spirit to redeem and transform creation.

In a missional ecclesiology, the Church is not a building or an institution but a community of witness, called into being and equipped by God, and sent into the world to testify to and participate in Christ's work. The Church does not have missions; instead, the mission of God creates the Church. The Church serves God's call to mission through its work in three broadly defined categories: the proclamation of the Word of God, the administration of the sacraments of

Baptism and the Lord's Supper, and the nurture of the covenant community of disciples.

It undertakes this mission without regard for its own agenda or survival.

(Hooker 2008:1-2)

Belangrike uitgangspunte in Missionale Ekklesiologie is:

- Dit gaan om 'n bepaalde verstaan van kerkwees (kerkbegrip), naamlik dat die kerk *as gevolg van en ter wille van die Missio Dei* bestaan;
- Dit gaan om God wat self besig is om sy skepping te transformeer en te verlos;
- Die kerk is 'n geloofsgemeenskap wat deelneem aan God se handeling deur te getuig van Jesus Christus;
- Dit gaan om die verkondiging van die evangelie deur die Woord en Sakrament;
- Dit gaan om 'n verbondsgemeenskap wat dissipels van Jesus Christus word;
- Dit gaan nie om die kerk se eie agenda of oorlewing nie.

Missionale Ekklesiologie gaan om die roeping van die kerk. Dit gaan om kerkwees in die lig van die Woord en in gehoorsaamheid aan God. Missionale Ekklesiologie wil die kerklike praxis *voortdurend* transformeer: Daar moet beweeg word van 'n selfgesentreerde instandhoudingsmodel na 'n openheid vir die wêreld as deel van God se handeling met die wêreld. Dit impliseer 'n voortdurende bekering, weg van die kerk se eie belang en oorlewing na die koninkryk van God.

Daar is reeds verwys na verskeie teoloë wat oor kerkwees nagedink en geskryf het. Elkeen van hulle het eie uitgangspunte en voorstelle oor kerkwees in die 21e eeu. Tans is die dokument van Die Wêreldraad van Kerke *Purpose and Mission of the Church* (Faith & Order 2005) van besondere belang in ons

nadenke oor Missionale Ekklesiologie. Die sentrale plek wat die missionale dimensie van die kerk inneem, word duidelik aangetoon (Faith & Order 2005:11ev)

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die *missio Dei* van sentrale belang vir kerkbegrip en kerkwees is. Teoloë is dit eens dat die hart van kerkwees in God se handeling met die wêreld te vind is. Die *missio Dei* vorm die basis en vertrekpunt van alle kerklike bediening (Bosch 1991:467ev).

Daar is reeds aangetoon dat daar nie één model of benadering is wat 'reg' is en aan alle gemeentes voorgeskryf kan word nie. *There is no normative way to organize local congregations* (Guder 2000:147). Die normatiewe lê nie op die vlak van die struktuur of organisasie nie, maar in die roeping van die kerk om te getuig van die evangelie. Die oorkoepelende en leidende beginsel waarvolgens die gemeentelike praxis getransformeer moet word, is te vind in die *missio Dei*.

Wat vervolgens aangebied word het dus nie die pretensie om 'n gedetailleerde bedieningsplan aan alle gemeentes voor te skryf nie. Daar word juis van die veronderstelling uitgegaan dat die kerklike praxis kontekstueel bepaald is en dat elke plaaslike geloofsgemeenskap biddend moet luister na wat die Gees vir die gemeente sê. Deur onderskeidend te luister en te vra na God se wil, kan gemeentes van die NHKA met groot verantwoordelikheid en roepingsbewustheid gestalte gee aan die Kerk van Christus.

Wat hier aangebied word is hoogstens enkele belangrike temas, die buitelyne van 'n skildery. Hoe plaaslike geloofsgemeenskappe dit inkleur hang af van hulle visie, van die hoop en verwagting wat hulle koester. *The gospel is always to be embodied by the people of God in a particular place. The sent-out community is sent out into the specific context in which it is located* (Guder 2000:148).

Voordat 'n missionale bedieningspraktyk bespreek word, is dit nodig om aandag te gee aan die **proses van transformasie**; aan **kerklike leierskap** wat die proses moet fasiliteer en nuwe **taal** wat in die proses geskep moet word.

5.2. TRANSFORMASIE

Transformasie is lewensnoodsaaklik vir die kerk. Transformasie is nie 'n pragmatiese aangeleentheid nie, maar is wesenlik aan die kerk.....

In die Histories-vergelykende Ekklesiologie, soos uiteengesit in hoofstuk 2, is 'n onderskeid getref tussen institusionele, transformerende en nie-institusionele benaderings tot kerkwees. In die daaropvolgende uiteensetting is aangetoon dat die NHKA 'n institusionele benadering tot kerkwees vertoon en dat dit bydra tot die kerk se stagnasie en verval.

Daar is ook aangetoon dat 'n transformerende benadering tot kerkwees eie aan 'n reformatoriese kerk is. Die Kerkhervorming van die 16e eeu was niks anders as 'n ingrypende en radikale transformasie van die kerk nie. Vir 'n reformatoriese kerk soos die NHKA behoort transformasie nie vreemd te wees nie. Die Kerkhervorming was nooit bedoel om 'n afgehandelde saak te wees nie. Die kerk moet telkens, in die lig van die Woord, hervorm en transformeer. Transformasie is 'n deurlopende proses. Vandaar die slagspreuk *ecclesia reformata semper reformanda*.

Daarom is dit ook nie vreemd dat die NHKA in sy Kerkorde, onder die opskrif "Hervorming", die volgende in Ordinansie 5.7.5 stel nie: "*Die Kerk sit sy Reformatoriese taak ten opsigte van homself en ander kerke en kerkgroepe voort*" (NHKA 1997:78). Die NHKA behoort dus voortdurend te transformeer.

Wat kerkhervorming, vernuwing of transformasie behels, is nie altyd duidelik nie. Dat daar weerstand teen transformasie is en dat dit altyd konflik veroorsaak, is baie duidelik.

Daarom is die maklike keuse om nie met 'n proses van transformasie te begin nie. Dit is die weg van die minste weerstand, behou rus en vrede maar dit is tegelykertyd 'n keuse vir stagnasie en verval.

FJ Labuschagne beklemtoon dat transformasie en leierskap 'n bepaalde rigting impliseer. As lidmate nie weet in watter rigting die kerk en gemeente

gelei word nie, is dit 'n doellose en oneffektiewe proses (Labuschagne 2009:118).

Transformasie is nie 'n neutrale handeling nie, maar is normatief bepaald. **DS Browning** wys op die belang van *theological ethics for all the strategic practical theological disciplines* (Browning 1991:96-109). Na bespreking van verskillende teorieë ten opsigte van teologiese etiek, kom hy tot die gevolgtrekking dat die geloofshandeling van 'n gemeente grootliks bepaal word deur die *praktiese rede* (Kant) in 'n poging om die kerklike praxis te rekonstrueer in die lig van die uitdagings waarvoor die gemeente te staan kom (Browning 1991:107).

G Heitink se verstaan van transformasie het ook etiese implikasies. Die Bybelse eis van bekering en wedergeboorte maak voortdurende transformasie noodsaaklik. Saam met Fietz beskou hy bekering as 'n *fundamentele verandering in die geestelike funksionering* van 'n gemeente (Heitink 1993 [2000]:197-198).

Ook hierdie hoofstuk, waar dit gaan om strategie en kerklike praxis, staan onder die opskrif van *transformasie*, wat dui op 'n omvangryke en ingrypende proses van verandering en vernuwing. Transformasie is 'n oop proses, maar tegelykertyd gebind aan sekere norme en waardes en met 'n bepaalde einddoel.

Wat is die beginsels en einddoel van kerklike transformasie? Miskien kan dit soos volg gedefinieer word:

Transformasie is 'n proses waarin die gemeente word wat dit reeds in Christus is, te wete die volk van God, die huisgesin van die Vader, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees.

In hierdie hoofstuk word van die veronderstelling uitgegaan dat kerkwees en bedieningspraktyk in die NHKA wesenlik moet transformeer, *in gehoorsaamheid aan God*. Dit is wesenlik aan die kerk om voortdurend, op grond van die Woord, te transformeer en te hervorm.

Transformasie geskied dus nie op grond van pragmatiese oorwegings of ter wille van oorlewing nie. Soos die *missio Dei* wesenlik aan kerkwees is, so is transformasie op grond van bepaalde beginsels wesenlik deel van kerkwees. Transformasie moet nie verstaan word as 'n noodmaatreël om die kerk te 'red' nie. Intendeel – transformasie het te doen met bekering, met gehoorsaamheid aan God, met roepingsbewussyn en die eer van God (Guder 2000:150).

Aan die ander kant toon **FJ Labuschagne** aan dat gebrek aan transformasie die kerk wel benadeel (Labuschagne 2009:156-157). In die empiriese navorsing wat hy deur middel van vraelyste gedoen het, dui 94% van die respondente aan dat (volgens hulle mening) transformasie van die NHKA noodsaaklik is (Labuschagne 2009:206). Dit is 'n ander gevolgtrekking as waartoe Dreyer kom in sy empiriese ondersoek (vgl Dreyer 2003). Die afleiding kan gemaak word dat omstandighede en persepsies in die NHKA in vyf jaar ingrypend verander het.

Enige poging tot transformasie van die kerklike praxis bly 'n waagstuk en sal altyd weer gekorrigeer word. Daarom bestaan daar talle voorbeelde van modelle en benaderings en word daar voortdurend nuwe voorstelle gemaak.


Weerstand teen transformasie

Dat transformasie noodsaaklik is, word algemeen aanvaar. Dat dit bykans onmoontlik is, is net so waar. Vir kerke soos die NHKA, met sy dominante institusionele benadering tot kerkwees, is transformasie 'n buitengewoon moeilike proses as gevolg van 'n natuurlike weerstand teen verandering en 'n onvermoë om nuwe geloofspraktyke aan te leer (Heitink 2007:355).

Talle gemeentes van die NHKA het hulle op die pad van transformasie begeef en hulle vasgeloop teen lidmate en ampsdraers se onwilligheid om te verander. As gevolg van konflik en spanning, word alle pogings tot transformasie gestaak met gepaardgaande wantroue en verdeeldheid.

Teleurstelling en frustrasie met die proses is dikwels die aanleidende oorsaak waarom aktiewe en meelewende lidmate, wat gehoop en gebid het vir vernuwing en verdieping, die kerk verlaat.

GR Rendle maak die volgende grafiese voorstelling van weerstand teen transformasie en die uiteindelijke aanvaarding van transformasie (Rendle 1998:110; Seed Educational Trust 2008:26):



Hierdie kurwe vertoon baie ooreenkomste met die werk wat Elizabeth Kubler Ross gedoen het oor die proses wat terminale siek pasiënte en hulle familie deurgaen (Seed Educational Trust 2008:26). Daar is inderdaad ooreenkomste in die proses, die emosies en aanvaarding van verandering. In 'n transformasie proses is daar talle lidmate wat gevoelens van verlies, ontugtering en onsekerheid ervaar. Die emosies wat ervaar word, volg ook nie kronologies nie maar kom en gaan.

Dit is ook normaalweg so dat aan die bokant van die kurwe baie energie en aktiwiteit ontstaan, terwyl die onderkant van die kurwe deur groter kalmte en selfs passiwiteit gekenmerk word. In periodes van woede en weerstand is daar baie groot aktiwiteit, wat tot intense konflik kan lei. Aan die ander kant van die kurwe is daar ook mense wat reeds deur die proses is, transformasie aangryp en integreer. Ook daar is baie aktiwiteit. Dit lei noodwendig tot polarisasie, indien dit nie behoorlik begelei word nie.

Weerstand teen transformasie funksioneer op drie vlakke (Seed Educational Trust 2008:31):

- Gebrekkige kennis en blootstelling (*I don't get it.....*)
- Psigologiese en emosionele reaksie as gevolg van 'n verlies aan mag, status en respek asook gevoelens van onvermoë, isolasie en lusteloosheid (*I don't like it.....*).
- Persoonlike verskille op grond van 'n gedeelde geskiedenis, kulturele verskille en verskille in waardes (*I don't like you.....*)

Stolling

Weerstand teen transformasie het ook te doen met 'n verskynsel wat ek **stolling** noem (in Engels: *stuckness*). Dit is 'n sterker woord as die *stagnasie* waarna Heitink verwys (Heitink 2007:20). Stolling dui op vloeistof wat verander in 'n vaste stof en dus onbeweeglik word. Die kerk stol in vaste strukture en onaanpasbare kerklike praxis.

Stolling hou verband met '*the way in which we try to solve a variety of problems with which life confronts us*' '*we tend to make use of well-intended solutions built into the rules and structure of the system - solution that create life-draining feedback loops.....*' '*we try to solve difficulties of living and working together in ways (usually the same old ways) that make things worse by creating self-enforcing vicious circles.....*' (Seed Educational Trust 2008:13).

Ironies is stolling (onder andere) die resultaat van sukses wat in die verlede behaal is. Omdat 'n bepaalde benadering of proses in die verlede suksesvol was en die gewenste resultate gelewer het, word daarmee voortgegaan selfs al sou nuwe omstandighede dit geheel en al ontoepaslik maak.

'n Tipiese voorbeeld daarvan is kerke wat met 'n bepaalde kerklike praxis voortgaan, omdat dit in die verlede doeltreffend was. Dit is vir organisasies of kerke, wat voorheen suksesvol was, baie moeilik om kreatief en buite die gewone konvensies te dink en te handel. Daarvan is die NHKA 'n klassieke voorbeeld. Die pastorale bedieningspraktyk, wat in die verlede bygedra het tot die groei en vooruitgang van die kerk, word ten alle koste voortgesit en in stand gehou.

Simptome van stolling is die volgende (vgl Seed Educational Trust 2008:13-14):

- Konflik
- Skuldiges word uitgewys
- Onvermoë om nuwe lede vanuit diverse agtergrond te betrek by die gemeente en die bediening
- Dalende getal lede
- Swak erediensbywoning
- Groepvorming
- Gebrek aan visie
- Die verlede word geïdealiseer
- Instandhouding van bestaande strukture is uiters belangrik
- Bediening het in vaste en onveranderlike vorme gestol.

KA Halstead het daarop gewys dat gemeentes wat daarin slaag om stolling te verbreek en begin met 'n proses van transformasie, ervaar stygende energie, oop kommunikasie, vertrouwe in die leiers van die gemeente en 'n gevoel van verdieping in geloof en volwassenheid in dissipelskap. Hulle vertoon ook 'n

groter vermoë om aan te pas by veranderende omstandighede (Halstead 1998:2).

Wanneer kerke of gemeentes vasval en simptome van stolling vertoon, is dit dikwels nodig om (1) eksterne fasiliteerders in te bring om die proses van transformasie verder te begelei en (2) die leiers toe te rus om deur middel van fasiliterende leierskap die proses van transformasie op 'n kundige wyse te begelei. In die hele proses is die opbou van goeie verhoudings en vertroue van kardinale belang.

Dit impliseer dat die leierskorps van 'n gemeente of 'n kerk die basiese beginsels van stolling, transformasie, konflik en veranderingsbestuur verstaan en kan implementeer.

Dit is juis waar predikante met 'n tradisionele teologiese opleiding te kort skiet. Baie min predikante verstaan die kompleksiteit van verandering en het ook nie die vaardighede om dit te hanteer nie. Dit lei daartoe dat predikante vasgevang word in 'n web van konflik, geen visie het nie en uiteindelik hoop verloor. Dit is na my mening een van die grootste oorsake van die groot getalle predikante wat die bediening verlaat.

Liniêre of aanpasbare transformasie?

Een van die belangrikste deurbrake wat op die terrein van veranderingsbestuur gemaak is, is die onderskeid tussen *liniêre* en *aanpasbare* verandering (Engels: *Linear vs. adaptive change*). Ander terminologie wat benut word is *tegniese* of *meganiese* verandering teenoor *chaotiese* verandering (Seed Educational Trust 2008:21; Niemandt 2007:52).

Tegniese of liniêre verandering kan gedefinieer word as 'n *proses van geleidelike innovasie*. Dit is 'n proses waarin die oortuiging bestaan dat oplossings binne ons vermoë is en dat dit die instandhouding van die bestaande strukture sal verseker (Niemandt 2007:52).

Chaotiese of aanpasbare transformasie kan gedefinieer word as 'n proses van skeppende innovasie. Dit vereis transformasie op die diepste vlakke en laat

niks onaangeraak nie (Niemandt 2007:52). Dit is 'n proses waar die oortuiging bestaan dat oplossings nie binne ons vermoë is nie; dat die organisasie moet verander of sterf; dat die oplossings krities belangrik is vir ons toekoms en dat dit vereis dat met die verlede gebreek word. Chaotiese en aanpasbare transformasie word gebore vanuit die pyn van 'n bepaalde situasie en die verleentheid dat ons geen oplossing daarvoor kan vind nie (Seed Educational Trust 2008:22).

In die chaosteorie word van die standpunt uitgegaan dat daar soveel veranderlikes en soveel kompleksiteit in die lewe opgesluit lê, dat dit onmoontlik is om te voorspel hoedat 'n transformasie proses sal verloop. Die mees onverwagte dinge gebeur. Chaos is dus nie 'n verleentheid nie, maar 'n geleentheid vir verandering. Chaos is die normale verloop van sake. In 'n modernistiese denksisteem behoort alle transformasie glad en volgens bepaalde reëls te verloop. Dit gebeur egter baie selde dat 'n proses van transformasie sonder momente van chaos verloop. Die belangrike insig is die besef dat *chaos normaal* is.

RA Heifetz beklemtoon verder dat aanpasbare transformasie berus op die vermoë om te kan *leer* en die vermoë om dit wat geleer word, in die praktyk te implementeer (Heifetz 1994:76). Juis dit is een van die fundamentele probleme in die transformasie van kerkwees: Predikante, kerkleiers en lidmate ontsien die moeite om nuwe vaardighede aan te leer en bly dus by die bekende.

Wanneer transformasie beperk bly tot 'n liniêre verandering van strukture, nuwe programme, beter toerustingsmateriaal of ander musiek in die erediens, bly dit transformasie wat op die institusionele vlak funksioneer. Dit is hoogstens kosmetiese verandering. In wese verander niks in die kerk nie.

In Engels is daar 'n bekende spreekwoord: *The more things change, the more they stay the same....* Dit kan met 'n praktiese voorbeeld geïllustreer word:

- Probleemstelling: Daar heers groot kommer oor jongmense wat nie meer kategese of eredienste bywoon nie.
- Oplossing: Skryf nuwe en beter kategese handboeke teen baie groot koste.

- Metodiek: Lei kategete op wat die les inhoude goed voorberei en aanbied.
- Gevolg: Kinders woon steeds nie kategese by nie.
- Emosie: Moedeloosheid

Op die oog af lyk iets soos nuwe toerustingmateriaal, kursusse en seminare na vernuwing, revitalisering en transformasie. Omdat dit gewoonlik net op die institusionele vlak funksioneer en bestuur word, is daar geen wesenlike transformasie wat plaasvind nie, lewer dit geen resultate nie en skep dit eerder 'n gevoel van moedeloosheid. **DL Guder** som dit soos volg op:

There is a tendency, especially in the North American churches, to solve problems by reorganization. What I have tried to make clear, is that the church's crisis is one of fundamental vocation, of calling to God's mission, of being, doing, and saying witness in faithfulness to Jesus Christ, our Lord. Our missional challenge is a crisis of faith and spirit, and it will be met only through conversion, the continuing conversion of the church.

(Guder 2000:150)

Uit hierdie kort opsomming word dit duidelik dat liniêre transformasie min bydra tot die wesenlike transformasie van die kerk. Die kerk sal bereid moet wees om die pad van aanpasbare transformasie te loop, met al die risiko's en konflik daaraan verbonde.

Daar sal ook die nodige kundigheid en leierskap in die kerk ontwikkel moet word, om 'n proses van aanpasbare (selfs chaotiese) transformasie te begelei.

Verander die sisteemverhaal

Aanpasbare transformasie vereis verandering op die diepste vlakke wat niks onaangeraak laat nie (Niemandt 2007:52). Aanpasbare transformasie moet

begin by die verandering van denksisteme; verandering van die sisteemverhaal of paradigma.

Aanpasbare transformasie gaan in die eerste plek om 'n transformasie van die hart en die verstand van individuele gelowiges sowel as die kerk in kollektiewe verband.

A Hirsch se uitspraak (in aansluiting by B Easum) is bekend: *Restructure the organization and leave the systems story in place, and nothing changes in the organization. It's futile trying to revitalize the church, or a denomination, without changing the system* (Hirsch 2006:54).

Hirsch (in aansluiting by R Seel) verstaan 'n *systems story* as 'n paradigma en definieer dit as *the set of core beliefs which result from the multiplicity of conversations and which maintains the unity of culture*. Toegepas op die kerk, meen Hirsch dat 'n sisteemverhaal in die volgende sake sigbaar word en ook daardeur voortgesit word (Hirsch 2006:53):

- Die wyse waarop Teologie as wetenskap beoefen word
- Mites
- Simbole
- Magstrukture
- Organisatoriese struktuur
- Sisteme van beheer
- Rituele

Toegepas op die NHKA, is daar reeds aangetoon dat die sisteemverhaal van die NHKA tot 'n groot mate oorheers word deur 'n volkskerklike kerkbegrip, 'n presbiteriaal-sinodale struktuur en pastorale bedieningspraktyk. Dit lei tot sterk strukture, sentrale beheer en 'n institusionele benadering tot kerkwees.

Die wyse waarop Teologie as wetenskap binne die geledere van die NHKA beoefen word, dra ook by tot die institutionalisering van die kerk. Die afgelope


eeu het die NHKA sonder uitsondering die keuse vir teologiese opleiding aan 'n universiteit gehandhaaf. 'n Krities-wetenskaplike en rasionele benadering tot geloof en die kerk is dus nie vreemd aan die NHKA nie.

Kerkhervorming in die 16e eeu het met vernuwing in die teologie begin. Kreatiewe teologiese denke, nuwe teologiese begrippe en die vermoë om dit tot kerklike praxis te omskep was van deurslaggewende belang. Wesenlike transformasie van die NHKA sal noodwendig by kreatief-vernuwende teologiese denke, spesifiek ten opsigte van Praktiese Ekklesiologie, moet begin.

Die NHKA sal ook ernstig moet besin oor die instandhouding van strukture en die manier waarop beheer, kontrole en mag uitgeoefen word.

'n Deurlopende proses

Interne transformasie lei tot eksterne transformasie. Transformasie van gemeentes begin met dit wat in die hart en verstand van die predikant en lidmate leef. Interne transformasie begin wanneer die regte inligting (informasie) mense bereik; hulle dit rasioneel verwerk en integreer (formasie); dit gesindhede en oortuigings verander (transformasie) en dit lei tot herstrukturering en hervorming van die sigbare kerk (reformasie). Dit kan soos volg voorgestel word:



Fasilitering van transformasie

Vanuit 'n strategiese perspektief is dit uiters belangrik dat lidmate en predikante deur middel van informasie, toerusting, voortgesette opleiding en gespreksgeleentehede begelei word in 'n proses van transformasie en 'n nuwe verstaan van kerkwees. In die NHKA is die proses reeds aan die gang deur die *Netwerk van Missionale Gemeentes* wat streeksgewys in *clusters* byeenkom om oor die kerk se wese, roeping en dienswerk te besin.

Die gesprek (diskoers) oor kerkwees word gekenmerk deur 'n egalitêre benadering, waar deelnemers (professionele teoloë sowel as gemeentelike praktisyns) mekaar as gelykes ontmoet en in gesprek tree. Die 'teoloog' het nie die antwoorde nie. Die persoon wat elke dag in die praktyk worstel met bepaalde uitdagings, kan vanuit die praktyk 'n enorme bydrae tot die gesprek lewer.

In die fasilitering van transformasie is ***agt gesprekke*** van uiterste belang (Seed Educational Trust 2008:36):

- Skep 'n gevoel van dringendheid, soveel so dat dit mense aktiveer om deel te neem aan die proses.
- Voer gesprek oor die noodsaaklikheid van transformasie met soveel as moontlik mense. Die gesprek moet so inklusief as moontlik wees.
- 'n Gesprek oor 'n gedeelde visie en strategie is van groot belang.
- Kommunikeer die inhoud van transformasie.
- Bemagtig deelnemers deur opleiding en toerusting.
- Voer gesprek oor suksesverhale, waar transformasie gelei het tot verbetering van die huidige situasie
- Konsolideer voortdurend die suksesse en gebruik dit om steeds meer mense in die proses in te bring.
- Transformasie moet in die toekoms geanker wees. Dit beteken onder andere dat personeel aangestel word wat die toekomsvisie deel en aktief bevorder.

5.3. FASILITERENDE LEIERSKAP

Transformasie en kerkhervorming sal net gebeur as die proses deur kundige en vaardige leiers gefasiliteer word. Die kerk benodig geestelike leiers.....

Tradisioneel het kerke volstaan met die gedagte dat die ampsdraers van die kerk leiding moet neem in alle sake wat die welsyn en voortgang van die kerk raak. Ampsdraers neem op grond van die Woord, onder leiding van die Gees en in amptelike vergaderings besluite oor kerkwees. Dit is dus inherent 'n outoritêre besluitnemingsproses. Die term 'leierskap' is dus vreemd aan die kerk.

Een van die kritieke punte van transformasie in die bedieningspraktyk is dat die onderskeid tussen ampsdraer en lidmaat verklein word en dat lidmate 'n groter rol in die gemeente speel – onder andere deur leiding te neem. In alle gevalle, ook waar die amp nog sterk figureer, behoort ampsdraers deeglik kennis te neem van basiese leierskapvaardighede.

Dit is nie 'n vreemde beginsel nie: In die pastoraat word jare reeds gebruik gemaak van insigte vanuit ander wetenskappe soos Psigologie. In die begeleiding van gemeentes is dit vanselfsprekend dat gebruik gemaak word van insigte vanuit die Bestuurswetenskappe.

Dit is veral belangrik wanneer daar begin word met 'n proses van transformasie. In enige proses van verandering en transformasie is leierskap van kritieke belang. Transformasie misluk omdat die persone wat dit moet begelei, (1) nie die kompleksiteit van die proses verstaan nie en (2) nie oor die nodige leierskapvaardighede beskik om 'n baie komplekse veranderingsproses te fasiliteer nie.

Daarom het die NHKA reeds in 2008 begin om predikante van die kerk uit te nooi na 'n *Kursus in Fasiliterende Leierskap*. Die kerk benodig predikante en lidmate wat oor genoeg kennis en vaardighede beskik om gemeentes in verskillende omstandighede te begelei. Hierdie omstandighede sluit in gemeentelike transformasie en gepaardgaande konflik, situasies van stolling

(*stuckness*) en ander venstergeleenthede soos wanneer gemeentes groei of agteruitgaan.

FJ Labuschagne het onlangs 'n empiriese ondersoek gedoen na die rol van leierskap in die transformasie van gemeentes (Labuschagne 2009). Dit is dus nie nodig om weer die verskillende teorieë oor leierskap of die rol van die predikant in transformasie volledig te behandel nie. Daar word volstaan met enkele kantaantekeninge wat vir ons doeleindes ter sake is:

Identiteit

A leader's role is not to make sure that people know exactly what to do and when to do it. Instead, leaders need to ensure that there is strong and evolving clarity about who the organization is. When this clear identity is available, it serves every member of the organization.

(Wheatley 1999:131)

Volgens Wheatley is die primêre verantwoordelikheid van 'n leier die konsekwente kommunikasie van die ***identiteit*** van 'n organisasie.

Toegepas op die kerk, is die kritiese vraag dus: *Wat is die werklike identiteit van die kerk?*

TFJ Dreyer, in aansluiting by RE Nelson, toon aan dat identiteit ten nouste verband hou met spiritualiteit (Dreyer 1998:301). Verlies aan spiritualiteit lei tot verlies aan identiteit en onnadenkende nabootsing van ander se spiritualiteit en identiteit. So gebeur dit somtyds dat gereformeerde gemeentes poog om charismatiese spiritualiteit na te boots.

Die saak van identiteit het (na my mening) ook te doen met die kerk as instituut en die kerk as organisme. Dikwels word identiteit gekoppel aan die uiterlike gestalte van die kerk (denominalisme) of elemente daarvan, soos om die kerk as volkskerk te verstaan. In die geval van die NHKA was 'volkskerk' vir baie lank die bepalende komponent van die kerk se identiteit.

Gevolglik is vir baie dekades van die leiers en predikante van die NHKA verwag om die NHKA se identiteit as volkskerk te beskerm en uit te bou. Wanneer dit nie gebeur het nie, het dit gelei tot marginalisering en 'n vertrouensbreuk.

Wanneer die fokus verskuif na 'n organiese verstaan van kerkwees en die kerk allereers as die liggaam van Christus verstaan word, dan word om *in Christus* te wees die werklike identiteit van die gelowige en die kerk. As dit belangrik vir gelowiges is om in verbondenheid met Christus te lewe, een te wees met Hom in sy dood en opstanding (spiritualiteit), verander dit ook die identiteit van die kerk of gemeente. **MA Bothma** formuleer dit soos volg:

Om 'in Christus' te wees, beteken dat die gelowige homself/haarself met die lewe van Jesus (en die Jesus-saak) identifiseer. Anders gestel, die gelowige leef op grond van die geloof soos Christus op grond van die geloof geleef het. Dit geskied na analogie van die lewe van Christus. Dit behels onder andere: 'n Intieme verhouding met God die Vader en 'n absolute sekerheid van God se teenwoordigheid in die lewe van die gelowige.

(Bothma 1996:43)

Opsommend kan dus gestel word dat van leiers in die kerk verwag word om die werklike identiteit van die kerk te reflekteer, dws 'n identiteit wat bepaal word deur die eenheid met Christus en roepingsbewuste diensbaarheid in God se koninkryk (spiritualiteit). Waar hierdie verdiepte spiritualiteit en kerkbegrip by predikante of kerkleiers ontbreek, reflekteer dit ook in gebrekkige leiding.

Wardes

Aansluitend hierby het leiers die verantwoordelikheid om die kerk te begelei in die handhawing van **wardes**. Op die langer termyn is die handhawing van kernwaardes van deurslaggewende belang vir 'n kerk.

Wat sou die wardes wees wat vir die kerk deurslaggewend is? Dit kan waarskynlik saamgevat word in dit wat Christus sy dissipels geleer het, die

waardes van God se koninkryk. Die waardes staan dikwels reglynig teenoor die waardes van die gemeenskap waarin die kerk leef en werk.

Dat dit buitengewoon maklik vir die kerk en kerkleiers is om onkrities die waardesisteen van die gemeenskap te handhaaf en deel te maak van die kerk se waardes, is baie duidelik in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis.

Dit laat die kerk telkens met die verleentheid, dat wanneer die gemeenskap oor sekere sake van opinie verander, die kerk vorige besluite moet herroep en nuwe standpunte moet formuleer. Daarmee verloor die kerk geloofwaardigheid en die vermoë om met integriteit teenoor die wêreld te getuig.

Die samelewing en die kerk het behoefte aan leiers wat konsistent en konsekwent die koninkryk van God voorop stel en lei soos wat Christus leiding gegee het. Dit vra dat kerkleiers partymaal ongewilde besluite moet neem. Op die langer termyn skep dit egter 'n omgewing waar 'n gemeente of kerk met integriteit kan getuig van Jesus Christus en die koninkryk van God.

Deelnemende leierskap

In die wêreld van verandering en kompleksiteit is dit nodig dat leiers hul fokus moet verskuif van 'n "bevel en beheer"-benadering na 'n ***deelnemende*** benadering. Lewin & Regine (1999:270) formuleer dit soos volg:

Rather than seeing themselves as the ultimate authority, with all the answers, their authority rested in their ability to see the wholeness of the organization and potential of the people in their organization.

In 'n komplekse sisteem soos die kerk is dit belangrik dat leierskap vertikaal en horisontaal gebeur en nie in enkele persone gelokaliseer word nie. Lewin & Regine sê verder:

A command-and-control, or mechanistic, style of management tends to shackle companies close to the static state, because it dampens interactions among its components, which impedes the emergent creativity from the level of front-line people. This model of management worked well enough in the Industrial Age economy, but is much less effective in the connected economy of the Information Age.

(Lewin & Regine 1999:54)

Leierskap het dus die verantwoordelikheid om die potensiaal in elke werknemer binne die organisasie te ontwikkel. In die verband sê Jaworski:

It is not about positional power; it's not about accomplishments; it's ultimately not even about what we do. Leadership is about creating a domain in which human beings continually deepen their understanding of reality and become more capable of participating in the unfolding of the world.

(Jaworski 1998:3)

Daar sal later aangetoon word hoe belangrik dit is dat lidmate 'n groter rol moet speel, ook in terme van leierskap in gemeentes. Dit is een van die fundamentele denkskuiwe wat nodig is, naamlik dat alle beheer en besluitnemingsbevoegdheid nie net by 'n paar ampsdraers of amptelike vergaderings berus nie, maar dat alle lidmate in die verantwoordelikheid deel.

Dit verg besondere leierskapvaardighede om afstand te doen van beheer in gemeente, maar tegelykertyd genoeg invloed uit te oefen sodat die gemeentelike prosesse in 'n bepaalde rigting beweeg. Dit berus nie net op die persoon en die vaardighede van die predikant nie, maar ook 'n onderlinge vertrouensverhouding tussen lidmate en ampsdraers.

Kerklike leiers moet die vermoë hê om 'n omgewing te skep waar lidmate met vrymoedigheid inisiatief kan neem en leiding kan gee ten opsigte van gemeentelike bediening. So word energie ontketen en ontstaan die potensiaal van groei.

Paradoksale leierskap

Die paradoksale aard van leierskap beteken dat 'n leier aan die een kant oortuig moet wees van die wese, koers en waardes wat in die kerk opgesluit is.

Aan die ander kant moet daar 'n openheid wees wat die geleentheid bied vir transformasie en dinamiese ontwikkeling.

Die paradoks is te vind in 'n benadering van "*being leaders by not leading*". Paradoksale leierskap word soos volg beskryf (Lewin & Regine 1999:272):

- ***The paradox of allowing.*** *Direction without directives; freedom without guidance; authority without control.*
- ***The paradox of accessibility.*** *Visible and invisible, mutual but not equal. Visible, as available when needed; invisible when not needed; visible, as mutual and one of the people; and yet as a leader not mutual and invisible as one of them.*
- ***The paradox of attunement:*** *Knowing and not knowing. Knowing through hunches, intuition and senses and not knowing all the facts.*

'n Paradoksale benadering tot leierskap is strydig met dit waaraan die kerk oor eeue heen gewoond is. Die tipiese kerklike model, veral binne 'n institusionele benadering tot kerkwees, is dat amptelike vergaderings en ampsdraers amptelike besluite neem. Besluite word onder leiding van die Woord en Gees geneem. Dit is 'n 'bo-na-onder' proses, wat vereis dat gemeentes en lidmate besluite eerbiedig en gehoorsaam. Die benadering lei tot onmondigheid, gebrek aan deelname, onbetrokkenheid en passiwiteit by lidmate.

Daar is oor eeue heen vasgehou aan die beginsel dat die kerk nie 'n demokrasie is nie, maar 'n teokrasie. Christus regeer self sy kerk deur die Woord en Gees, deur die ampte en die vergaderings van die ampte. Geordende

ampsdraers wat in vergaderings byeenkom is dus die 'eintlike' leiers van die kerk, wat alle besluite moet neem en moet sorg dat dit uitgevoer word.

So 'n benadering sou vanuit 'n bepaalde perspektief teologies begrond kon word, maar is beslis nie die enigste perspektief nie. Daar is ook die perspektief dat die kerk die liggaam van Christus is, waar elke ledemaat van die liggaam 'n gawe van die Heilige Gees het wat hy of sy onder leiding van die Heilige Gees aanwend tot opbou van die gemeente. Een van hierdie gawes is om 'leiding te gee' (1 Kor 12:27-30). Daar is geen aanduiding dat dit beperk is tot geordende ampsdraers nie.

Met hierdie enkele voorbeelde word dit duidelik dat die wyse waarop kerklike leierskap in die verlede gefunksioneer het, krities hersien moet word. Die uitdaging waarvoor die NHKA staan, is om (1) kennis en vaardigheid ten opsigte van leierskap te vestig en te ontwikkel en (2) dit op 'n sinvolle wyse te integreer in die bestaande strukture.

In gemeentes stel transformasie besondere eise aan predikante en ander gemeentelike leiers. Tegelykertyd is vaardighede en kennis ten opsigte van transformasie en leierskap een van die areas waarin predikante die swakste vaar, omdat dit nie deel is van die tradisionele opleiding wat teologiese studente ontvang nie.

Die oormatige beklemtoning van klassieke tale, eksegeese en prediking in die teologiese opleiding berus op die verouderde opvatting dat die predikant se primêre funksie die uitleg en verkondiging van die Woord tydens die erediens is. Vir eeue was die algemene opvatting dat dit voldoende is as die predikant Sondag die Woord verkondig en in die week die gemeente pastoraal versorg. Die Heer van die kerk sal vir die res sorg en self sy kerk laat groei.

Ongelukkig is dit nie die geval nie. Die eise wat aan kerklike leiers gestel word is baie meer as net Woordverkondiging. Dit gaan om geestelike leierskap aan 'n geloofsgemeenskap op elke denkbare terrein, waarvan die prediking en pastoraat maar twee is. Dit verg meer vaardighede as net eksegeese en prediking.

Predikante en kerkleiers ontkom nie aan die eis dat daar nuut oor kerkwees gedink moet word en dat transformasie hoog op die agenda moet staan nie. Dit

is egter onbekende terrein vir meeste predikante, en laat hulle met die frustrasie en angs dat hulle nie weet hoe om aan 'n gemeente die regte leiding te gee nie.

Indien die kerk erns maak met die krisis wat op hande is en noodsaaklikheid van transformasie, behoort die ontwikkeling van leierskap 'n basiese deel van teologiese studente se opleiding uit te maak.

5.4. NUWE GELOOFSTAAL

Transformasie en kerkhervorming vereis 'n nuwe manier van dink en praat. Dit kerk se taal is geloofstaal.....

In particular, as humans, the only world we can have is the one we also create together through our language and interactions. Even more important.....this knowledge compels us to see that our world, our communities, our organizations will change only if we change.

Jaworski 1998:175

W Brueggemann het gewys op die belang van alternatiewe vorme van spraak. Daar moet op 'n nuwe en kreatiewe manier oor God gepraat word, gepreek word en metafore geskep word (Brueggemann 1989:3).

Taal skep werklikheid. Daarom is die manier hoedat ons oor die kerk en in die kerk praat van uiterste belang. Nuwe terminologie, nuwe maniere hoe geloof verwoord word, nuwe denke agter woorde en begrippe wat gebruik word skep nuwe werklikhede en fasiliteer transformasie.

H-G Gadamer het aangetoon dat daar 'n direkte verband tussen 'n sinvolle toekoms en taal bestaan (Gadamer 1977:59). Dit is slegs deur taal dat ons 'n sinvolle toekoms kan verbeel(d). Taal skep nuwe moontlikhede. Wanneer kommunikasie verander, verander mense se uitkyk op die lewe. Dit lei tot 'n nuwe verstaan van sake wat aanleiding gee tot diep psigologiese verandering (Niemandt 2007:18).

CS De Beer skep die term *inventiewe denke* (van die Engels: *to invent*). Inventiewe denke steek nie vas by ou en vertroude metodes en kennis nie, maar put inspirasie vanuit verskillende oorde. Deur inventiewe denke (en taal wat dit tot uitdrukking bring) kan ons 'n nuwe toekoms in die vooruitsig stel en hoop vind (De Beer 2008:154). Dit is slegs deur taal dat die mens werklik mens kan wees en dit is slegs deur taal dat 'n mens 'n sinvolle toekoms kan verbeel en verwoord. Die teenoorgestelde is ook waar: Die misbruik van taal kan alle hoop vir die toekoms vernietig en in die proses degradeer dit die mens in sy wese en bestaan.

G Orwell, in sy roman *1984*, maak van die konsep 'Newspeak' gebruik om aan te toon hoe taal gebruik word om mense te beheer en hoop te vernietig deur woordeskat te verminder. Volgens Orwell is dit nie moontlik om vir jouself 'n nuwe wêreld voor te stel as jy nie woordeskat het om dit te verwoord nie. Hy skryf:

By 2003, earlier probably, all real knowledge of Oldspeak will have disappeared. The whole literature of the past will have been destroyed. Chaucer, Shakespeare, Milton, Byron – they'll only exist in Newspeak versions, not merely changed into something different, but actually contradictory of what they used to be. Even the literature of the Party will change. Even the slogans will change. How could you have a slogan like 'freedom is slavery' when the concept of freedom has been abolished? The whole climate of thought will be different. In fact, there will be no thought, as we understand it now. Orthodoxy means not thinking – not needing to think. Orthodoxy is unconsciousness....

(Orwell 1949:253)

Die Kerkhervorming van die 16e eeu is 'n klassieke voorbeeld van transformasie op grond van nuwe begrippe en taalgebruik. Tydens die Reformasie en daarna is begrippe soos *sola Scriptura*, *sola fidei* en *sola gratia* vrylik gebruik. Teologie is op 'n nuwe wyse beoefen met nuwe woorde en uitdrukkings. Dit het paradigmatische verandering te weeg gebring en 'n nuwe werklikheid geskep.

Transformasie en reformasie is net moontlik wanneer Teologie op 'n nuwe wyse beoefen word en nuwe taal geskep word waaruit 'n nuwe kerklike praxis kan voortvloei. Verandering in teologiese nadenke is die voorwaarde vir vernuwing in kerkwees.

J Furet het daarop gewys dat dit in die kerk om kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie gaan (Furet 1987:260). Kommunikasie (taal) is onderliggend aan alle geloofshandeling soos prediking, diens en viering (Pieterse 1990:49). Gebed, sang, prediking, skuldbelydenis, geloofsbelydenis, pastorale sorg, evangelisasie, vergaderings – alles berus op die onderliggende vermoë van die mens om taal te gebruik en uitdrukking te gee aan emosie, denke en geloof. Geloofstaal skep hoop en verbeel(d) God se toekoms vir die wêreld.

Ten diepste glo Christene dat die Woord skeppingsmagtig is. God het gespreek, en alles kom tot stand. Die Woord het Mens geword (Joh. 1) en onder ons kom woon. Niks het sonder die Woord tot stand gekom nie. Deur die Woord skep God 'n nuwe werklikheid. Deur die Woord kom mense tot geloof, sterf hulle saam met Christus en staan saam met Hom op tot 'n nuwe lewe. Die Woord is 'n bevrydende woord wat nuwe bestaansmoontlikhede skep.

Die enkele voorbeelde is genoeg om aan te toon dat taal van kritieke belang vir die kerk is. Taal skep werklikheid. Taal skep nuwe moontlikhede of vernietig alle hoop. Taal kan opbou of afbreek. Taal kan bind of bevry. Taal laat stagneer of transformeer. Solank as wat volhard word om ou en bekende taal te gebruik, sal niks in die kerk verander nie. Daarom is dit van uiterste belang dat die kerk **nuwe geloofstaal** praat.

Een van die kernsake is die *wyse hoe* oor God, geloof en die kerk gepraat word. Wanneer oor die kerk gepraat word, gaan dit hoofsaaklik oor die kerk as instituut; oor begrotings; oor besluite. Dit is selde dat die kerk in *geloofstaal* verwoord word.

Ons leef in 'n tyd van radikale ongeloof en kerklike verval. Ek is van mening dat predikante se teologiese nadenke en taalgebruik juis daartoe kan lei dat lidmate van God vervreemd raak. Die wyse waarop Teologie as wetenskap beoefen word, is een van die belangrike oorsake van ongeloof en kerklike verval.

Die kerk (en die taal wat die kerk praat) het die grootste struikelblok vir die evangelie geword (Niemandt 2007:38).

Die Aufklärung, moderne wetenskap en filosofie het die Teologie dermate beïnvloed dat dit 'n hiper-intellektualistiese bedryf geword het. Dit dreig voortdurend om die geloof te verduister en alle vreugde in die evangelie tot niet te maak. Geloof word voortdurend geproblematiseer. Teoloë floreer op polemieë en probeer mekaar die loef afsteek in die sug na akademiese statuur.

N Niemandt tipeer modernistiese taalgebruik as taal waarin kennis as mag verstaan word, waar dit gaan om beheer en kontrole; taal reflekteer 'n analitiese ingesteldheid waarin probleme tot in die fynste besonderhede oopgevelek word; dit problematiseer die Bybel en geloof (Niemandt 2007:16-19).

Daarmee word allermins die belang van teologiese nadenke ontken. Hoe teologiese nadenke verpak word en verwoord word in die kommunikatiewe handeling van die kerk, is egter van uiterste belang.

Predikante, op grond van hulle teologiese opleiding, verpak hulle teologiese nadenke en geloof normaalweg in rasionele begrippe. Wetenskaplike kennis en korrektheid is van uiterste belang. Geloof is egter nie 'n oefening in wetenskaplike denke nie. Dit is in die eerste plek 'n gebeurde wat ervaar en beleef word. Geloof is iets wat met jou gebeur.

A van Selms het een van die klassieke kommentare op die Belydenis van Nicea geskryf (Van Selms 1952). In sy uiteensetting maak hy op 'n kreatiewe en aangrypende wyse van metafore gebruik om oor die Christelike geloof te praat. Hy skryf onder andere dat *credo* (ek glo) op dieselfde manier funksioneer as om te sê *ek vrees.....* dit hou verband met lyding. Ek kan alleen as gekruisigde erken dat *ek glo* (Van Selms 1952:11).

- Geloof is soos om iets te bewonder. Ek word aangegryp deur skoonheid. Ek besluit nie om te bewonder nie, dit gebeur met my.
- Geloof is soos om te skrik. Jy besluit nie om te skrik nie. Dit gebeur met jou. Geloof slaan jou asem weg.
- Geloof is soos om verlief te raak. Jy besluit nie om verlief te raak nie. Dit gebeur met jou.

Geloof hou dus meer verband met lyding, met vreugde, met skoonheid, met kuns as met logika.

Ook **R Bohren** vergelyk prediking met ander handeling wat *vreugde* bring (Bohren 1980:17). Prediking is soos skilder; soos ski teen 'n sneehelling; soos om 'n boom af te kap en te sien hoe dit val.....

Daarteenoor stel hy in sy voorwoord dat hy tot die skokkende ontdekking gekom het dat prediking dikwels die Woord verduister en alle vreugde verdryf. Hy staan krities teenoor predikante wat as godsdienstige beamptes mense verveel met onophoudelike teologiese korrektheid (Bohren 1980:404).

Bohren beskryf in verskillende hoofstukke van sy *Predigtlehre* (Bohren 1980) prediking soos volg:

- Prediking is kuns
- Prediking is op weg wees, 'n pelgrimsreis
- Dit bring vreugde
- Dit bring pyn
- Dit is 'n heilige spel
- Dit is 'n waagstuk
- Dit is 'n wondergebeure
- Dit dryf duiwels uit
- Dit skep verwagting
- Dit red lewens.

Wie die evangelie nie so kan verwoord nie, moet nie preek nie. Anders word ons woorde net *bla-bla-bla*. Bohren pleit vir vernuwing in die manier hoe ons taal gebruik - dit word 'n spraakleer van hoop; 'n spraakleer van liefde; 'n spraakleer van geloof (Bohren 1980:55-56). Geloofstaal word verpak in geloof, hoop en liefde (1 Kor 13).

Dit is van uiterste belang dat gelowiges in die kerk opnuut vreugde in die Woord vind (Psalm 1). Wat nodig is, is ongekompliseerde wandel in die Woord.

Waar mense hulle in die Woord verdiep, skep dit energie en entoesiasme om in diens van die Heer van die kerk te staan.

Maar hoe praat ons oor die kerk? Ons praat oor gemeentes wat *marginaal of sterwend* is, selfs al is daar nog twee of driehonderd lidmate; gemeentes waar die *begroting* nie klop nie en daarom geen *bestaansreg* het nie en moet *sluit*. Ons praat oor die kerk in terme van *rasionalisasie*, die *aanwending van personeel* en die *herstrukturering van programme*. Ons praat oor die kerk deur gebruik te maak van terminologie wat ontleen word aan die *bestuurswetenskappe*. Ons taal reflekteer ons *institusionele benadering* tot kerkwees. Ons taal reflekteer die *polemiek* en geweld van die wêreld.

Hoe dikwels hoor ons dat van die kerk as *volk van God*, as *huisgesin van die Vader*, as *liggaam van Christus* of as *tempel van die Heilige Gees* gepraat word? Hoe dikwels verwoord ons die kerk as lewende, dinamiese organisme?

Transformasie van die kerk sal net moontlik wees indien predikante en lidmate teologiese nadenke kan internaliseer en op 'n sinvolle en aangrypende wyse in geloofstaal kan verbaliseer.

5.5. PASTORALE BEDIENINGSPRAKTYK

Die huidige bedieningspraktyk in die NHKA kan gedefinieer word as 'n pastorale bedieningspraktyk. Daar is reeds in die empiriese ondersoek na die NHKA aangetoon wat die werk van die predikant behels en dat die Kerkorde van die NHKA *de iure* 'n pastorale bedieningspraktyk skep (vgl NHKA 1997, Ordinansies 2.1.5, 2.3 en 2.4). In hierdie ordinansies word die pligte van die predikant, ouderling en diaken uitgespel. Die ampsdraers is verantwoordelik vir die pastorale versorging van die gemeente, deur middel van prediking, kategese en huisbesoek. Kenmerke van 'n pastorale bedieningsmodel is :

- 'n Pastorale bedieningspraktyk het die erediens as sentrum. Van lidmate word verwag om die erediens by te woon. Dit gaan daarom dat

mense kerk toe moet gaan. Dit is die presiese teenoorgestelde van die opdrag van Mt 28, waar die kerk die opdrag ontvang om na mense toe te gaan. Deel van die institutionaliseringsproses was die omslag van 'gaan' na 'kom'.

- Die bediening van die evangelie is die verantwoordelikheid van ampsdraers.
- Verwysings in die Kerkorde na lidmate se verantwoordelikheid is uiters beperk. Die Ordereëls en Ordinansies in die Kerkorde beslaan 126 bladsye. Daarvan verwys slegs twee Ordinansies na lidmate: *Alle lidmate moet die evangelie altyd in woord en daad aan alle mense verkondig* (Ordinansie 5.8). In Ordinansie 5.9 word die opdrag aan ampsdraers gegee om lidmate toe te rus met die *oog op die vervulling van die priesterskap van die gelowiges* (NHKA 2010b:85).
- Gesien vanuit die perspektief van die Kerkorde en die omvangryke getal Ordinansies wat oor die dienswerk van die ampsdraers handel, speel lidmate feitlik geen rol in die bediening van die evangelie nie. Dit is ook die werklike situasie in gemeentes van die NHKA. Daar is dus 'n duidelike onderskeid tussen ampsdraers en lidmate.
- 'n Pastorale bedieningspraktyk staan en val by die effektiwiteit van die plaaslike predikant.
- 'n Pastorale bedieningspraktyk is na binne gerig. Dit fokus op versorging van lidmate en die instandhouding van strukture.
- 'n Pastorale bedieningspraktyk laat min ruimte vir die apostolaat. Ook die apostolaat word slegs terloops genoem, as een van die baie take wat die predikant moet uitvoer.

Die NHKA se pastorale bedieningspraktyk word gekenmerk deur die minimale rol wat lidmate speel en 'n swak ontwikkelde missionêre bewussyn. Daarom is dit noodsaaklik dat die bedieningspraktyk transformeer om (1) groter ruimte te skep vir bediening deur lidmate en (2) 'n missionale lewenswyse te vestig.

As gevolg van die sentraliserende beleid van die kerk in die verlede, was 90% van die NHKA se missionale aktiwiteite gesentreer rondom die werksaamhede van die Sinodale Kerkkantoor en Ringskomitees wat hulp en ondersteuning gebied het aan predikante en gemeentes van die *Maranatha Reformed Church of Christ*.

Dit is 'n missionale praktyk wat bekend was in die verlede: Westerse kerke doen sendingwerk in Afrika onder Swartes. Dit is die taak van sendelinge of mense wat daarvoor afgesonder is.


Sending was dus (wat die NHKA betref) iets wat buite die gemeente plaasvind. Gemeentes het die sending aan die Superintendent van Sending en die Raad vir Apostolaat oorgelaat en hulle hoofsaaklik besig gehou met die pastorale versorging van gemeentes.

'n Pastorale bedieningspraktyk kan soos volg uitgebeeld word:

PASTORALE BEDIENINGSPRAKTYK



- 82% LIDMATE WORD DEUR 18% AMPSDRAERS BEDIEN
- INSTANDHOUDING
- INSTITUSIONEEL
- FORMELE LIDMAATSKAP
- EREDIENS SENTRAAL



7

5.6. MISSIONALE BEDIENINGSPRAKTYK: WAT IS BESLUIT?

Sedert 2007 het daar 'n kentering in die NHKA se verstaan van die apostolaat gekom. Die NHKA het tydens 68e en 69e Algemene Kerkvergaderings die belangrikheid van 'n missionale bedieningspraktyk beklemtoon (NHKA 2010:228-237).

Die 68e AKV het in 2007 op grond van memoranda wat voor die vergadering gedien het, tot die gevolgtrekking gekom dat 'n missionale bedieningspraktyk op gemeentevlak gestalte moet vind. Die implikasie daarvan is dat daar van die bekende pastorale bedieningspraktyk beweeg moet word na 'n missionale bedieningspraktyk. Dit is soos volg geformuleer:

GEMEENTES

1. *Die vergadering bevestig dat die apostolaat 'n integrale deel van gemeentelike bediening is en predikante en amptelike vergaderings behoort genoeg tyd daaraan te spandeer.*
2. *Die vergadering moedig gemeentes aan om te begin met 'n proses van gemeente ontwikkeling, waarvan die missionêre gerigtheid 'n wesentliche deel is.*

(NHKA 2007:36-38)

Die gesprek oor 'n missionale bedieningsmodel is by die 69e Algemene Kerkvergadering (2010) voortgesit. In die gesprekke voor en tydens die AKV is onderskeid getref tussen die begrippe *missionêr* en *missionaal*:

- Eersgenoemde dui op 'n *eksterne gerigtheid*, waar die fokus val op projekte en sendingwerk wat elders gedoen word.

- Laasgenoemde dui op 'n **denk- en bestaanswyse** waar die missionaat 'n integrale deel van 'n gemeente uitmaak. Dit dui dus allereers op 'n interne saak wat ten diepste met die spiritualiteit van lidmate en die gemeente te doen het, maar tweedens ook (vanselfsprekend) uitmond in diensbaarheid in die wêreld.

'n Missionale bedieningspraktyk het sy vertrekpunt in 'n gemeente se gehoorsame luister na Christus se groot opdrag. Die AKV het beklemtoon dat 'n missionale leefwyse en missionale bedieningspraktyk wesenlik belangrik vir alle Hervormde gemeentes behoort te wees.

Volgens die AKV fokus 'n missionale bedieningspraktyk op die wese en roeping van die kerk, in die lig van die Woord en geïnspireer deur die Heilige Gees. Volgens die AKV (2010:236) gaan dit in 'n missionale bedieningspraktyk om

- 'n Lewende verhouding met God
- Deurleefde Christenskap
- Die koninkryk van God
- 'n Relevante en toepaslike bedieningspraktyk
- Geloofsonderskeiding onder leiding van die Heilige Gees
- Sistemiese denke
- Mense en verhoudings
- Algemene priesterskap van die gelowiges en dissipelskap
- Rentmeesters wat belê in die bediening van die evangelie.

Wanneer gemeentes 'n gesonde missionale lewenswyse en bedieningspraktyk ontwikkel sal hulle in staat wees om hulle **gestuurdheid** uit te leef, op so 'n wyse dat groei op verskillende vlakke in die gemeente sal plaasvind.

As deel van hierdie strategie, moet gemeentes toegelaat word om op eie inisiatief, met **eie verantwoordelikheid** en aan die hand van die roeping wat hulle ontvang het gehoorsaam te wees aan die Here Jesus se opdrag.

Die AKV het verder besluit dat dit wenslik is dat **eiesoortige gemeentes** en geloofsgemeenskappe, met 'n eiesoortige bediening, gevestig word om postkerklikes en ander bekeerlinge te akkommodeer wat nie gemaklik voel binne die bedieningstrukture van die NHKA nie.

Die Kerk moet erns maak met groei, nie ter wille van die oorlewing van die Kerk as instituut nie, maar omdat dit die opdrag van die Here is. Die Kerk mag nooit doof word vir die Here se bevel om na die nasies te gaan en die evangelie te verkondig en dissipels te maak nie (Mt 28). Die AKV het meervoudige groei soos volg gedefinieer (NHKA 2010:237):

- Groei in geloofsvaardighede en lewensvaardighede
- Groei in bediening
- Inkarnierende groei
- Deelnemende groei.

In ons nadenke oor 'n missionale bedieningspraktyk in die NHKA, is dit ook nodig dat die Kerkorde in berekening gebring word. Met die nagaan van die Kerkorde is dit duidelik dat **gemeentes** die verantwoordelikheid dra vir *missio Dei* en die vestiging van 'n missionale bedieningspraktyk.

In die hersiene uitgawe van die Kerkorde bepaal Ordinansie 2.1.5.xi (byvoorbeeld) dat 'n predikant toesien dat die **bedieningsplan van die gemeente voorsiening maak vir die bearbeiding van buitekerklikes en ongelowiges** (NHKA 2010b:22).

Dit word verder duidelik uit die volgende bepalings van die Kerkorde (NHKA 2010b: 84-85):

5.7 APOSTOLAAT

5.7.1 MISSIONAAT

Die Kerk

- (i) dra die evangelie uit na alle mense van ánder, of géén godsdienstige oortuigings*
- (ii) lei evangeliste, sendelinge, predikante en werkkragte hiervoor op aan die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)*
- (iii) bring bekeerlinge op 'n ordelike wyse in kerke en **gemeentes** byeen.*
- (iv) ondersteun die kerke en **gemeentes** wat uit die Kerk se missionêre werk ontstaan het.*

5.7.2 EVANGELISASIE

*Die Kerk doen evangelisasie sodat kerkvervreemdes en kerkloses die evangelie kan glo en in **gemeentes** opgeneem word.*

5.7.5 HERVORMING

*Die Kerk sit sy **Reformatoriese taak ten opsigte van homself** en ander kerke en kerkgroepe voort.*

Ten spyte van die kerklike gesprek oor missionale bedieningspraktyk, amptelike besluite van die Algemene Kerkvergadering en die enkele ordinansies in die Kerkorde, bly dit vir gemeentes van die NHKA moeilik om 'n missionale lewenstyl en bedieningspraktyk te ontwikkel.

Die rede daarvoor is voorspelbaar: Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip en kerkregstelsel wat die struktuur en inhoud van die NHKA Kerkorde bepaal en die Calvinistiese ampsbegrip wat daarin verwoord word, verseker dat die gemeentes van die NHKA steeds 'n pastorale bedieningspraktyk handhaaf.

Daarom is die besluit van die AKV dat die Kerkorde herskryf moet word, van wesenlike belang. Die nuwe Kerkorde behoort meer aandag te gee aan 'n missionale bedieningspraktyk, gebou op 'n organiese kerkbegrip. Die AKV het (soos reeds hierbo aangetoon) die Bybelse metafore, soos volg gesistematiseer(NHKA 2010:522-534):

DIE GEMEENTE IS DIE VOLK VAN GOD

- Ons is die volk van God
- Ons is deel van die verbond
- Ons is God se volk in God se wêreld
- Ons is 'n volk onderweg

DIE GEMEENTE IS DIE HUISGESIN VAN DIE VADER

- Ons is die huisgesin van die Vader
- Ons is 'n gesin
- Ons sorg vir mekaar
- Ons eet saam aan tafel

DIE GEMEENTE IS DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

- Ons is die liggaam van Christus
- Ons is een met Christus
- Ons is diensbaar
- Ons is gedoop

DIE GEMEENTE IS DIE TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES

- Ons is die tempel van die Heilige Gees
- Ons het die Heilige Gees ontvang
- Ons word deur die Gees toegerus en begelei
- Ons aanbid en loof die Here

Die sistematiesing van Bybelse metafore help ons nie net om tot 'n bepaalde verstaan van kerkwees te kom nie, maar dien ook as vertrekpunt om inhoud aan 'n missionale bedieningspraktyk te gee.

5.7. TIEN KENMERKE VAN 'N MISSIONALE BEDIENINGSPRAKTYK

In Praktiese Teologie is die geloofshandelinge van die gemeente en gemeentelike bedieningspraktyk normaalweg aan begrippe gekoppel wat uit die Nuwe Testament ontleen is (byvoorbeeld Goedhart 1984). Die *Basiskursus in Bedieningspraktyk* wat tans in die NHKA in gebruik is en deur gemeentes benut word om hulle bedieningsplanne op te stel, formuleer dit soos volg (NHKA sa:12):

- Die ***viering (leitourgia)*** van die heil in Christus deur lofprijsing en aanbidding in gemeenskap met God en mekaar. Dit konkretiseer in die erediens van die gemeente, maar ook die lewe van gelowiges moet gekenmerk word deur lof en aanbidding as *erediens* van die lewe.
- Die *betuiging* van die heil in Christus deur ***verkondiging (kerugma)*** en ***getuienis (marturia)*** geskied deur die verstaan van die Skrif, die internalisering en oordra van die inhoudelike waarheid daarvan deur prediking, die bediening van die sakramente, persoonlike getuienis en evangelisasie/ sending.
- Die ***onderrig (didache)*** in die Woord en leer van die kerk tot geloofsopbou en lewensvorming. Dit geskied veral deur die verskillende vorme van kategetiese onderrig en toerusting.
- Die ***deling (koinonia)*** van en versorging in die heil in Christus deur geestelike versorging en ondersteuning, vermaning en tug soos nodig. Die handelingsvelde van onderlinge geestelike sorg deur alle gelowiges spontaan en in kleingroepverband, pastorale gesinsorg deur ampsdraers tydens huisbesoek en pastorale berading is hier ter sake.

- Die **bediening (diakonia)** van die heil in Christus deur liefdesdiens en hulpverlening aan alle mense. Dit gaan dus hier om die dienswerk van alle gelowiges wat toegespits word in die barmhartigheidsdiens in die gemeente en die wêreld.

In die Kerkorde van die Protestantse Kerk in Nederland het die bedieningspraktyk tot drie sake vereenvoudig, te wete die apostolaat, diakonaat en pastoraat. Artikel X van die Kerkorde verbind die missionêre opdrag met die diakonale en pastorale taak van die gemeente. Die drie is interafhanklik en interaktief, kan nie geskei word nie maar moet geïntegreerd funksioneer (vgl Van Dorssen sa:7).

Ek sou 'n vierde saak wou byvoeg, te wete die erediens (insluitend verskillende vorme van spiritualiteit en die lewe as erediens tot eer van God). 'n Missionale bedieningspraktyk sal dus tot uitdrukking moet kom in die **Liturgie, Apostolaat, Diakonaat en Pastoraat**.

Dit beteken dat elkeen van die vier fasette van bediening 'n missionale onderbou verkry. Dit impliseer ingrypende transformasie. Byvoorbeeld:

- Huisbesoek (pastoraat) word nie meer primêr as opsig verstaan nie, maar as 'n geleentheid waar lidmate toegerus word vir hulle dienswerk in die wêreld.
- Bediening kan in kleingroepe geskied, waar vreemdelinge ook verwelkom word.
- Eredienste veronderstel die teenwoordigheid van vreemdelinge en word nie net vir ingewyde lidmate aangebied nie.
- Diakonaat gaan nie net om die versorging van behoeftige lidmate nie, maar om wesenlike betrokkenheid in die gemeenskap om mense se nood te verlig.

Die vraag is: Hoe word dit in die kerklike praxis vergestalt in 'n bruikbare missionale bedieningspraktyk? Verskillende teoloë en verskillende kerke gee verskillende antwoorde.

Daar is reeds verwys na die besluite van die NHKA in die verband. Die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) het dit soos volg geformuleer:

Missionair gemeentezijn is een proces. Het is niet iets wat je bereikt door enkele activiteiten te organiseren. Het gaat om het aanleren van een houding die overal in terugkeert. Het gaat om gehoor geven aan de roeping van de gemeente om op te staan en op weg te gaan in het voetspoor van Jezus, geïnspireerd door de Heilige Geest. Dat proces is en blijft een voortdurende uitdaging en gaat niet enkelen, maar uiteindelijk ieder lid van de gemeente aan.

(Van Dorssen sa:36)

N Niemandt het aangetoon dat ontluikende kerke as *prototipe* vir tradisionele kerke kan dien (Niemandt 2007:47-51). In die sentrum van ontluikende kerke staan 'n missionale bedieningspraktyk. Omdat daar in die kringe reeds baie daarvoor geskryf is en van die bevindings reeds in die praktyk toegepas word, dien dit as waardevolle bron van inligting.

Volgens Niemandt is daar nege *geloofspraktyke* wat kenmerkend is van ontluikende kerke wat erns maak met missionale bediening (Niemandt 2007:62-163). Dit sou, na my mening, gekwalifiseerd kon dien as vertrekpunt vir 'n missionale bedieningspraktyk in die NHKA, met die byvoeging van 'n tiende: Die *Woord van God* staan sentraal in enige bedieningspraktyk.

5.7.1. Dit gaan om Jesus Christus

In 'n missionale bedieningspraktyk gaan dit in die eerste plek om Jesus Christus en ons verbondenheid aan Hom.

Niemandt wys daarop dat een van die fundamentele probleme waarmee die kerk in die 21e eeu worstel, is die feit dat mense die kerk en Jesus Christus nie meer met mekaar vereenselwig nie. Die kerk word oor die algemeen beskou as 'n klub vir godsdienstige mense, wat nie noodwendig die lewe van Jesus en die waardes van God se koninkryk verbeeld nie (Niemandt 2007:63).

Mense in die Westerse wêreld reageer positief teenoor Jesus en dit wat Hy geleer het, maar net so negatief teenoor die kerk. Sommige beweer dat hulle die kerk verlaat omdat hulle hul geloof in Jesus Christus lewend wil hou (McNeal 2003:4).

Die eerste uitdaging is dus om nie net Jesus Christus as Verlosser te verkondig deur middel van goeie eksegese en korrekte dogmatiese uiteensetting nie, maar om lidmate te begelei op die pad van dissipelskap.

Ook **A Hirsch** beklemtoon dat die hart van missionaal-inkarnasionele kerkwees is die belydenis *Jesus Christus is die Here* (Hirsch 2006:83ev). Dit is die oeroue belydenis van die kerk wat weer sentraal in die lewe van die gemeente moet staan. As Jesus Christus die Here is, beteken dit dat Hy heers en regeer. Dit gaan om die koninkryke en heerskappy van God. Om Calvyn aan te haal: Christus regeer oor sy kerk deur sy Woord en Gees.....

GDJ Dingemans wys op die inspirerende herinnering aan Jesus wat in die Woord te vind is (Dingemans 2005:420ev). Hy maan egter dat daar nie op 'n simplistiese wyse met Jesus geïdentifiseer kan word nie, aangesien ons betreklik min weet van die historiese Jesus. Ons beskik maar net oor vroeë Christene se getuienis oor Christus.

Ook ander teoloë het in die verlede daarop gewys dat Ekklesiologie en Christologie ten nouste saamhang. Ons kan nie oor kerkwees praat as ons nie in die eerste plek oor Christus praat nie. Dit gaan daarom dat ons met Christus één is, dat ons in Christus se dood en opstanding ingelyf is. Die gelowige het saam met Christus opgestaan tot 'n nuwe lewe. Dit betuig en bevestig die doop aan elke gelowige (Rom 6).

Niemandt vermy 'n simplistiese identifikasie met die lewe van Jesus deur dit in verband te bring met die *koninkryk van God*. Dit gaan daarom dat die Jesus

aangekondig het dat die koninkryk van God naby gekom het, dat gelowiges met die koninkryk van God identifiseer en in diens van God se koninkryk staan (Niemandt 2007:63).

Dit moet, meen ek, verder gekwalifiseer word: Dit gaan in kerkwees en kerklike praxis nie net om Jesus Christus nie, maar om God Drie-enig. Daar sal dus gesoek moet word na maniere om die kerklike praxis te verbind aan die Drie-eenheid.

5.7.2. Dit gaan om God se wêreld

‘n Missionale bedieningspraktyk het die wêreld as primêre fokus, en nie die kerk nie.

Een van die gevolge van die skeiding tussen kerk en owerheid en die sekularisering van die samelewing, is dat die kerk ‘n randverskynsel in mense se lewens geword het.

Die kerk was self hieraan aandadig: Deur skerp onderskeid te maak tussen kerk en wêreld, tussen Christene en heidene, tussen lidmate van die kerk en die wat buite die kerk staan, het die kerk afstand tussen kerk en wêreld geskep. Die kerk is beskou as sakrale ruimte. God is net te vind in die kerk. Die kerk het self geloof gereduseer tot Sondag se erediens. Gevolglik het die kerk dit onmoontlik gemaak om grense te oorskry en die wêreld met die evangelie te betree.

Op persoonlike vlak het godsdiens ‘n privaat aangeleentheid geword. Daar word nie in ander mense se lewens ingemeng nie, ook nie ten opsigte van wat hulle glo en nie glo nie.

Wanneer die kerk wel die grens oorskry het, was dit normaalweg op die terrein van die politiek en het dit die kerk groot skade berokken en gelei tot ‘n verlies aan integriteit.

Die verhouding tussen kerk en kultuur is dus van wesenlike belang (Hirsch 2006:81; Heitink 2007:43-73).

Niemandt bepleit 'n groter openheid teenoor die wêreld. God is reeds in die wêreld besig. Die kerk sal moet leer dat die wêreld God se wêreld is, dat God teenwoordig is waar mense leef en werk (Niemandt 2007:68-69).

Daar moet aanvaar word dat die erediens nie die enigste ontmoetingsgeleentheid tussen God en mens is nie. Sport, kuns, vermaak en die werksplek is plekke waar God teenwoordig is. Dit kan ook plekke wees waar die evangelie deur lidmate verkondig word – indien lidmate gereed en voorbereid daarop is.

5.7.3. Gemeenskap van die gelowiges

'n Missionale bedieningspraktyk heg groot waarde aan die onderlinge gemeenskap van gelowiges.

Om deel van die kerk te wees beteken om met Jesus Christus en die koninkryk van God te identifiseer, maar ook met die mense wat Hom volg (Niemandt 2007:81).

In 'n missionale bedieningspraktyk is mense sewe dae per week aan mekaar verbonde, nie net toevallig vir een uur per week in dieselfde erediens nie. Dit gaan om ondersteunende, sinvolle en gesonde verhoudings. Hoe gelowiges in gemeenskap met mekaar saam leef, moet iets van God se koninkryk vertoon.

Vanuit hierdie perspektief toon Niemandt aan dat bediening deur kleingroepe uiters belangrik geword het (Niemandt 2007:82). Vriendskappe wat binne bepaalde vriendekring uitgeleef word, is een van die kenmerke van ons tyd. Kleingroepe is ook 'n beter voertuig om mense bekend te stel aan die evangelie. Kleingroepe is dus nie meer 'n program van die kerk, of 'n groep wat deur groepshuisbesoek bedien word nie. Kleingroepe is hoe die kerk in sy missionale gestalte leef en werk.

Die geografiese wyksindeling is 'n verouderde en meganiese sisteem van bediening, waar mense deur 'n ampsdraer besoek word omdat die kerk hom

daartoe verplig. In Die afgelope jare is talle vraelyste in gemeentes omgestuur, waarin tot 80% van die lidmate aangetoon het dat hulle nie behoefte het aan sulke besoeke nie. Die kerk besluit egter dat dit moet voortgaan, omdat dit uitdrukking gee aan 'n bepaalde ampsopvatting: Die ouderling moet opsig uitoefen oor die lidmate wat aan hom of haar toevertrou is.

Ook **A Hirsch** beskou *communitas* as uiters belangrik. Hy definieer *communitas* in terme van gedeelde avontuur en selfs gevaar. Dit gaan dus nie om lidmate van die kerk wat *huddle and cuddle* nie (Hirsch 2006:277), maar gelowiges wat saam op reis gaan, wat 'n visie deel en deelneem aan die *missio Dei*.

G Heitink verstaan die kerk as 'n *doorgeefgemeenskap* (Heitink 2007:145) of ook 'n *leergemeenskap* (Goedhart 1984:80-108). Heitink illustreer aan die hand van verskillende skrywers van die Nuwe testament wat verskillende geloofsgemeenskappe en tradisies verteenwoordig het.

Die kerk is 'n gemeenskap waar die verhaal van Jesus van geslag tot geslag oorvertel word. Deur die eeue heen het gelowiges aan mekaar, aan hulle kinders en aan vreemdelinge vertel van God se groot daad. Dit is een van die universele eienskappe van alle godsdienste.

In 'n missionale bedieningspraktyk is dit belangrik dat gelowiges mekaar herinner aan dit wat God gedoen het (Deut 8-11). In die Ou Testament is een van die sentrale opdragte: *Julle moet onthou.... Julle mag nie vergeet nie.... Herinner mekaar aan wat die Here gedoen het....* Dit herinner aan die instellingswoorde van die Nagmaal waar Jesus aan sy dissipels die opdrag gee om sy dood in herinnering te roep.

In 'n modernistiese en institusionele benadering tot kerkwees het dit geformaliseer tot kategese waarin kennis aan kinders oorgedra word. Die kerk se kategeseprogram is gestruktureer volgens wat in skole gebeur. Kinders ontvang onderrig wat kennis bybring, sodat hulle 'n bepaalde vakgebied kan bemeester.

Dit hou verband met die Griekse wysgere se verstaan van *denke* en *handeling*: In die Griekse tradisie gaan dit daarom dat die regte kennis sal lei tot

die regte optrede. Daarteenoor staan die Joodse benadering, naamlik dat die regte manier van optrede lei tot die regte manier van dink. In kort: *Act your way into a new way of thinking* (Hirsch 2006:124). Dissipelskap, waar geloof prakties geleef word, is die beste leerskool vir geloof.

Kinders leer beter deur spel, deur dinge te doen, deur verhale, deur die voorbeeld van volwassenes. 'n Kognitiewe benadering tot geloof in 'n akademiese leerproses het slegs beperkte waarde. Geloof word geobjektiveer en gerasionaliseer, wat veroorsaak dat kinders dit moeilik internaliseer.

Die situasie is vererger deur die verval van huisgodsdienst, waar 'n huisgesin as klein groep gelowiges versamel en die geloofswaarhede van geslag tot geslag oortel word. Die vrymoedigheid (en vaardighede) om oor die geloof te praat het verval. Nie eers in die ruimte van 'n huisgesin is daar die geleentheid of vrymoedigheid om oor Jesus te praat nie.

Kleingroepe kan die meganisme word waar gelowiges kan leer om te praat, waar die swye oor Christus verbreek kan word.

5.7.4. Verwelkom die vreemdeling

'n Missionale bedieningspraktyk maak erns met die vreemdeling in die poorte en ontvang hulle met gasvryheid.

Die tradisionele praktyk in die kerk is dat mense wat 'van buite' in die gemeente inkom, volwasse kategese deurloop, belydenis van geloof aflê en by 'n wyk ingedeel word waar die persoon dan (hopelik) elke drie maande deur 'n ouderling besoek word. Die proses hou nie rekening met spesifieke behoeftes, vrae en veral gebrek aan interaksie met die res van die gemeente nie.

Die inskakeling van vreemdelinge by die gemeente en gasvryheid aan hulle te bewys word vergemaklik indien kleingroepe gereed is om vreemdelinge te ontvang.

Jesus se optrede was 'n toonbeeld van gasvryheid (Niemandt 2007:92). Hy het mense ingesluit in sy kring, ook die wat deur ander as onrein en onbelangrik beskou is.

Die NHKA is vanweë sy geskiedenis en dominante sisteemverhaal 'n geslote kerk. As volkskerk is dit 'n kerk wat gerig is op Afrikaners, mense van 'n bepaalde taal, volk en ras. In die verlede, soos reeds aangetoon, was juis dit ingebed in 'n bepaalde verstaan van die apostolaat. Die apostolêre volkskerk moes (volgens die opvatting) missionaal gerig wees op die volksgenote wat vervreemd geraak het van die kerk en die evangelie. Sulke mense moet met ope arms ontvang word en deel word van geloofsgemeenskap.

Dit is egter 'n selektiewe gasvryheid. Die vreemdeling in die poorte kan ook anders lyk as wat die kerk verwag.

'n Missionale bedieningspraktyk sal erns moet maak met die beginsel dat die kerk oop is (Niemandt 2007:93).

P Keifert het *gasvryheid* ontwikkel as 'n sentrale metafoer in sy uiteensetting van die verband tussen die erediens en evangelisasie (Keifert 1992). Keifert toon aan dat gasvryheid 'n bepaalde sensitiwiteit vir die vreemdeling vereis.

Die tyd en kultuur waarin ons leef, die privatisering van godsdiens, die houding dat dit ongeskik (en selfs gevaarlik) is om met vreemdelinge te praat, maak die verhouding tussen die gemeente en vreemdelinge buitengewoon kompleks. Wat die kerk meen oop en gasvry is, kan juis vir die vreemdeling bedreigend voorkom. Dit kan juis 'n gevoel van skaamte en weersin laat ontstaan. Om 'n vreemdeling in 'n erediens te laat opstaan skep dikwels 'n gevoel van angs en skaamte as van verwelkoming.

'n Missionale bedieningspraktyk sal dus deeglik kennis moet neem van die spanning wat mense ervaar wanneer hulle met die onbekende gekonfronteer word.

5.7.5. Diensbaarheid

‘n Missionale bedieningspraktyk maak erns met die versorging van mense in nood. Die evangelie moet met Woord en daad bedien word.

Augustinus het in die vroeë kerk bekend gestaan as *Doctor Caritatis* - die Leermeester van die Liefde. Jesus het ons geleer om mekaar, en die vreemdelinge, lief te hê. Jesus het sy boodskap bevestig deur mense in hulle nood aan te raak en te versorg. In die voetspoor van Jesus het Augustinus geleer: *Verkondig die evangelie en as dit nodig is, gebruik woorde.....*

Die vroegste Christelike gemeentes het besonder vinnig gegroei. Daarna is reeds verwys. Een van die redes hiervoor, was die manier waarop Christene by die nood van mense in hulle gemeenskap betrokke geraak het. Byvoorbeeld: Met die uitbreek van epidemies het Christene gehelp om siekes te versorg; na oorlog of gevegte het hulle die soldate wat gesneuwel het begrawe; hulle het hulle kos met armes gedeel; hulle het die weduwees (wat andersins op straat sou wees) versorg en ‘n heenkome gebied.

Niemandt verwys na die enorme rol wat kerke in Suid-Afrika gespeel het in die versorging van bejaardes kinders en ander mense wat spesifieke behoeftes het (Niemandt 2007:99-100). Dit was en is ook die geval met die NHKA.

Die Algemene Diakensvergadering (ADV) en Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV) bedryf talle ouetehuse, kinderhuse maatskaplike dienste. Duisende verswakte bejaardes, sorgafhanklike kinders, armes, mishandelde vroue en kinders en vele ander word begelei en versorg.

Sonder om in die minste afbreek te doen aan die werk wat oor baie jare gedoen is, is die kritiese vraag tog: Het die kerk met hierdie werkswyse nogmaals die werk van die kerk geïnstusionaliseer?

Deur groot instellings te vestig wat verantwoordelik is vir die barmhartigheidsdiens, is dit uit die hande van die lidmate geneem. Ten opsigte van lidmate en gemeentes het dit verword tot ‘n onpersoonlike handeling van

eenkeer 'n jaar 'n geldelike bydrae te maak tot die instandhouding van die diakonale instellings.

Selfs wanneer gemeentes die instellings besoek, is dit 'n eenmalige geleentheid elke paar jaar wat min te doen het met 'n deurlopende missionale leefwyse en bedieningspraktyk.

Dieselfde het gebeur deur die apostolaatsopdrag aan Sinodale - en Ringskomitees oor te laat. Volgens verslae wat van Ringsvergaderings ontvang word, is 'n beduidende persentasie van gemeentes in die NHKA se betrokkenheid by die apostolaat hulle bydrae wat hulle aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika maak. Gemeentes dra bykans dubbeld soveel by tot die werk van die Bybelgenootskap as tot die voortgang van sendinggemeentes.

Die afleiding wat gemaak word, is dat die diakonaat en apostolaat oor jare heen geïnstusionaliseer is en dat gemeentes hulle verantwoordelikheid aan sinodale instansies geabdikeer het.

Dit beteken nie dat plaaslike gemeentes nie ook diakonale projekte aan die gang het nie. Gemeentes van die kerk bedryf wonderlike projekte. Dit word oor die algemeen deur 'n paar belangstellende lidmate en diakens aan die gang gehou as 'n projek' van die gemeente.

Die transformasie van die diakonaat en apostolaat is van uiterste belang vir die kerk. Gemeentes sal hulle eersgebore reg, om as agent van God se liefde in hierdie wêreld op te tree, moet opeis. Gemeentes is verantwoordelik en geroep om mense in hulle fisiese en geestelike nood te ondersteun.

Hierdie diensbaarheid aan mense geskied sonder bybedoelings, sonder om mense te probeer 'kersten'.

Tegelykertyd kan dit ook nie die afwesigheid van die evangelie beteken nie. Dit is diensbaarheid in gehoorsaamheid aan God wat ons beveel het: *Wees barmhartig, want ek is barmhartig.....* Die liefdesdiens van gemeentes vloei voort uit die wese van God self.

5.7.6. Dissipelskap

’n Missionale bedieningspraktyk staan en val by die deelname van lidmate. Die mondige volk van God (laikos – leek) is gereed om met verantwoordelikheid die bediening van die evangelie te behartig. Daar moet beweeg word van formele lidmaatskap na dissipelskap.

Die samelewing en mens van die 21e eeu word gekenmerk deur ’n verval in magstrukture en gesag. Politici, kerkleiers, onderwysers en ander leiersfigure word nie ernstig geneem nie.

Niemandt (2007:103) verwys na L Sweet wat die huidige kultuur beskryf as *’n participatory culture*. ’n Deelnemende kultuur word gekenmerk deur mense se behoefte om self besluite te neem op grond van verskillende moontlikhede; leierskap wat ander toelaat en toerus om leiding te gee en waar mense vertrou word om met wysheid deel te neem aan die organisasie waarvan hulle deel is.

Geloof is ten diepste deelnemend van aard (Niemand 2007:104). *Missio Dei* beteken nie net dat God met die wêreld besig is nie, maar dat mense deelneem aan God se sending en handeling.

Juis dit is een van die fundamentele probleme met ’n institusionele benadering tot kerkwees. Die lidmate bly onbeweeglik, onbetrokke en toeskouers. Die beginpunt van missionale bedieningspraktyk is om lidmate te lei tot ’n nuwe verstaan van kerkwees (Niemandt 2007:107). Dit gaan om vernuwing in Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees.

Niemandt (2007:106) wys op vier vereistes vir sinvolle deelname deur lidmate aan die missionale bedieningspraktyk:

- Daar is eienaarskap en ’n langtermyn verbintenis aan die geloofsgemeenskap.
- Daar is onderlinge verantwoordbaarheid.
- Daar is gedeelde onderskeiding van dit wat belangrik is en wat God se wil vir die geloofsgemeenskap is.
- Daar is gedeelde visie.

Die gesprek oor die rol van lidmate in die bediening van die evangelie is al baie lank aan die gang, ongelukkig met min resultate.

AA van Ruler het reeds in 1952 daarop gewys dat die hele gemeente na binne en na buite diensbaar is. Elke lid van die gemeente staan in 'n algemene en allesomvattende diens, ten dienste van die groter geheel. Elke lidmaat het sy eie genadegawes ontvang. Wat met die gawes gedoen word, is nie 'n individualistiese handeling nie maar is ten diepste 'n handeling deur die gemeente (Van Ruler 1952:11). Tegelykertyd handhaaf Van Ruler die verband tussen die besondere en die algemene amp. Dit kan nie te skerp onderskei word nie (Van Ruler 1952:8).

H Kraemer het in 1958 'n reeks lesings in Cambridge aangebied waarin hy 'n *Theology of the Laity* ontwikkel het. Die lesings het in 1960 in Nederland onder die titel *Het vergeten ambt in de kerk* verskyn (Kraemer 1960). In sy 'Teologie van die Gemeentelid' wys hy op die noodsaak van 'n radikale hervorming van die kerk, selfs meer radikaal as die Kerkhervorming van die 16^e eeu (Kraemer 1960:95). Radikale reformasie is nodig omdat nie net die wêreld nie, maar ook die Heilige Gees die kerk daartoe lei. Wat nodig is, is nuwe nadenke en vormgewing aan die kerk en die wyse waarop die kerk se roeping tot uitdrukking kom.

Kraemer is van die vaste oortuiging dat die gemeentelid in die transformasie van die kerk 'n beslissende rol te speel het. Die grond van lidmate se dienswerk is te vind in 'n *theologiae obedientiae et gratitudinis* (Kraemer 1960:115). Lidmate, op grond van hulle gehoorsaamheid aan God en dankbaarheid vir hulle verlossing deur Jesus Christus, kan nie anders as om diensbaar te wees nie en mag ook nie weerhou word van die bediening van die evangelie nie. Kraemer bou sy 'Teologie van die Gemeentelid' op 'n bepaalde Ekklesiologie en kerkbegrip. Dit kan soos volg saamgevat word (Kraemer 1960:122-146):

- Die kerk bestaan ter wille van die wêreld
- Die kerk is missionaal
- Die kerk is diakonaal

Alle gedooptes is lidmaat van die kerk en verseël tot diens. Kraemer verwys met instemming na **K Barth** wat in sy *Kirchliche Dogmatik* (KD IV/2) die kerk se bestaan saamvat onder die begrip *diensbaarheid* (Kraemer 1960:147). As daar dus van die veronderstelling uitgegaan word dat die kerk in totaliteit *ministerium* of *diakonia* is, dan volg daaruit dat dienswerk nie alleen aan ampsdraers toevertrou word nie maar aan alle gemeentelede.

A Hirsch beklemtoon die rol van gelowiges deur die term *dissipelskap* te gebruik. Hy skryf:

When dealing with discipleship, and the related capacity of generating authentic followers of Jesus, we are dealing with that single most crucial factor that will in the end determine the quality of the whole - if we fail in this point we must fail in all others.

(Hirsch 2006:102)

‘n Dissipel was in die Bybelse tyd iemand wat geleer het by ‘n Leermeester of *Rabbi*. Daar het verskillende Rabbynse skole bestaan, almal met hulle eie dissipels of leerlinge. ‘n Dissipel is dus nie in die eerste plek iemand wat Jesus volg nie, maar iemand wat by Jesus leer.

Daarom gee Jesus aan sy dissipels die opdrag (Mt 28) om *mense sy dissipels te maak en hulle te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het*. Dissipelskap impliseer: *Luister na Jesus se woorde, leer by Hom hoe mens in die koninkryk van God leef en gaan vertel dit ook aan ander*.

Die enkele opmerkings is genoeg aanduiding van die belang van die lidmaat in die missionale bedieningspraktyk. Die uitdaging voor die kerk is die transformasie van die lidmaat, van die objek van bediening tot die mede-subjek van bediening. Die lidmaat neem ten volle deel aan die *missio Dei*. Ampsdraers het hoogstens die verantwoordelikheid om hulle daarvoor te help toerus.

5.7.7. Kreatiwiteit

Met die oog op 'n missionale bedieningspraktyk is die gebed: Kom, o Skepper Gees van groot belang. Die Heilige Gees maak mense nuut in die geloof, lei tot wedergeboorte en gee skeppende vermoëns om die evangelie op 'n kreatiewe wyse te verkondig.

Daar is reeds verwys na die belangrikheid van taal in die bediening van die evangelie. Kreatiewe gebruik van taal, die skep van nuwe terminologie en die gebruik van verhale, metafore en kuns is belangrik (Niemandt 2007:112).

Kommunikasie in die 21e eeu betrek al die sintuie van die mens. Mense wat gewoon is aan visuele media, werk al hoe meer met drome, metafore en beelde. Die benutting van kuns en tegnologie in die erediens, asook die gawes van lidmate, skep 'n inklusiewe erediens waaraan baie lidmate direk deelneem en leiding gee. Die erediens en die prediking is kuns, waar mense aangegryp word deur die skoonheid van die Woord.

Metafore en beelde kom veral tot uitdrukking in rituele en sakramentele handeling. 'n Herontdekking van die betekenis van sakramente soos die doop en die nagmaal lei tot nuwe insigte en verdiepte spiritualiteit.

Niemandt beklemtoon dat een van die grootste bates van 'n gemeente, is mense met kreatiwiteit; mense wat nuwe werklikhede kan verbeel(d) en verwoord; dromers wat dinge gedoen kry en mense wat radikale vrae kan vra (Niemandt 2007:120-121).

Dit is net binne 'n klimaat van kreatiewe denke dat transformasie van die kerk en 'n missionale lewenswyse en bedieningspraktyk 'n werklikheid kan word.

5.7.8. Leierskap

'n Missionale bedieningspraktyk bou op goeie verhoudings, spanwerk en leiers wat met waagmoed en roepingsbewustheid mense help om self ook leiding te gee.

Daar is reeds gewys op die belang van leierskap in die kerk. Daarop word nie verder ingegaan nie.

5.7.9. Spiritualiteit

‘n Missionale bediening maak erns met ‘n verdiepte spiritualiteit, aanbidding en ‘n lewe coram Deo.

Niemandt (2007:137ev) wys op die volgende aspekte van spiritualiteit wat belangrik is:

- ‘n Lewe onder leiding van die Heilige Gees. Die sogenaamde *Third Wave Charismatics* is iets anders as die Pentakostalisme waar die buitengewone gebeure soos spreek in tale belangrik is. Dit gaan om stilte, verwondering en aanbidding.
- Die antieke dissiplines van gereelde en deurlopende Bybellees, kontemplasie en gebed word beoefen.
- Spiritualiteit is gerig op God.
- Spiritualiteit word in gemeenskap met ander en vir ander uitgeleef.
- Openbare aanbidding, erediens en publieke getuienis is van groot belang.

TFJ Dreyer wys daarop dat spiritualiteit ‘n wesenlike deel van die Christelike geloof is (Dreyer 1998:293ev). Hy wys daarop dat die reformatoriese tradisie die volgende kenmerke vertoon:

- ***Dit gaan om God.*** God word vereer, verheerlik, geloof en aanbid. Die mens leef *coram Deo*, voor die aangesig van God.
- ***Dit gaan om die Woord.*** God kom deur sy Woord en Gees na die mens. Die gelowige lees, oordink (meditasie) en leef die Woord.
- ***Dit is 'n lewe uit genade.*** 'n Reformatoriese verstaan van die heil plaas die verlossing in die hande van God. Die heil is nie in die mens te vind nie, maar in Christus. Dit is deur genade alleen dat ons as gelowiges aan die heil deel het.
- ***Dit is 'n lewe van heiligmaking.*** Die reformatoriese beginsel van *sola gratia* lei nie tot passiwiteit nie, maar tot 'n lewe van bekering en heiligmaking. Dit is 'n lewe in vryheid, waar die wet van God nie uit dwang gehoorsaam word nie, maar uit dankbaarheid vir die verlossing wat reeds 'n werklikheid is.
- ***Dit glo God se beloftes.*** In reformatoriese kringe speel die verbond 'n groot rol, veral deur middel van die doop. Die gemeente is 'n verbondsgemeenskap. Deur die doop word ons deel van die kerk. Ons leef ook vanuit God s belofte dat Hy ons Vader is, dat Jesus Christus ons sondes afgewas het en dat die Heilige Gees in ons woon.
- ***Dit kom tot uitdrukking in die gemeente.*** Reformatoriese spiritualiteit het 'n korporatiewe dimensie. Dit gaan nie net om die individu nie, maar ook om die gemeente wat versamel om God te loof en te eer en te aanbid. Spiritualiteit hang dus ten nouste met kerkwees saam.
- ***Dit is 'n lewe deur die Gees.*** Kenmerkend van reformatoriese spiritualiteit is die oortuiging dat die Heilige Gees in ons woon nie op grond van ons eie dade of geloof nie, maar op grond daarvan dat God

sy Gees op die kerk uitgestort het. Christus woon in ons deur die Gees. Dit is die belofte van God en diepste grond van 'n Hervormde spiritualiteit.

Hierby moet gevoeg word: Spiritualiteit gaan ten diepste om **gebed**. Gebed is by uitstek geloofstaal. Daar moet ook op nuwe maniere met gebed omgegaan word (vgl Greig 2007).

Dit spreek vanself dat 'n missionale bedieningspraktyk besondere aandag sal gee aan die vestiging van 'n verdiepte spiritualiteit. Die ruimte waarin dit die beste realiseer, is binne kleingroepe. Kleingroepe leen hulle by uitstek tot geloofsgesprek, gemeenskap, dissipelskap, wandel in die Woord en gebed.

Vanuit 'n verdiepte spiritualiteit, in 'n lewende verhouding met God Drie-enig en in navolging van Christus kan die gemeente die wêreld betree om daar dienend en getuigend te leef.

5.7.10. Die Woord

Transformasie en kerkhervorming is altyd hervorming op grond van die Woord. Die kerk moet luister na wat die Gees vir die gemeente sê. 'n Missionale bedieningspraktyk maak erns met die Woord en help gelowiges om volgens die Woord te leef.

Binne die reformatoriese tradisie word erns gemaak met die beginsel *ecclesia reformata, semper reformanda*. Kerkhervorming, transformasie, bekering, opstaan tot 'n nuwe lewe en 'n lewenswyse *coram Deo* is eg Hervormd (vgl Dreyer 1998:306-307).

Dit is egter 'n gekwalifiseerde hervorming en transformasie: Dit is altyd hervorming na die eise van die Woord. Die kerk kan nie anders as om met geloofsonderskeiding na die Woord en Gees te luister nie.

Die gawe van geloofsonderskeiding is 'n gawe van God. Dit gaan gepaard met gebed en gehoorsame luister na God se Woord.

Gelowiges moet met mekaar en met ander oor God se Woord praat. Ons vind ons vreugde in die Woord (Ps 1). Ons gaan met die Woord op weg (Ps 119). Ons wandel in en met die Woord tot versterking van ons geloof.

Dit is ook in en deur die Woord dat die Heilige Gees ons lewens transformeer om waarlik kerk van Christus te wees.

5.8. GEVOLGTREKKING

Niemandt kom tot die gevolgtrekking dat 'n missionale bedieningspraktyk gemeentes help om as gestuurdes in die wêreld te leef. Hy definieer die kerk en missionale bedieningspraktyk soos volg:

Die kerk word verstaan as geroepe mense wat opnuut die wêreld ingestuur word om die goeie nuus van God se ryk te verkondig en mense uit te nooi om dissipels van Jesus te word. Die kerk word geroep uit die wêreld, deur die Gees saamgebring as liggaam van Christus en uitgestuur na die wêreld .

(Niemandt 2007:148)

Na my mening kan die definisie soos volg uitgebrei word:

Kerkwees begin by persoonlike en kollektiewe spiritualiteit en lewe coram Deo, wat uitmond in dissipelskap. Dissipels leer by Jesus en volg Hom in leer en lewe. Dissipelskap mond uit in die bediening van die evangelie deur alle gelowiges, binne en buite die gemeente. So kom 'n geloofsgemeenskap tot stand wat as volk van God, huisgesin van die Vader, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees leef. Die geloofsgemeenskap staan in diens van God, is diensbaar aan mekaar en is tot diens van die wêreld.

Die definisie kan, op 'n baie vereenvoudigde wyse, soos volg uitgebeeld word:



MISSIONALE BEDIENINGSPRAKTYK IN DIE NHKA



Soli Deo Gloria!

BRONNELYS

A

ALLEN, JW 1961. *A history of political thought in the sixteenth century.*
London: Methuen.

B

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, JN 1979. *Handboek der Kerkgeschiedenis Deel I.*
Leeuwarden. De Tille BV.

BALKE, W 1990. De kerk by Hoedemaker, Gunning, Kraemer en Van Ruler.
Bydrae in *De Kerk. Wezen, weg en werk van die kerk naar reformatoriesch opvatting.* Onder redaksie van Van't Spijker et al. Kampen: uitgeverij De Groot Goudriaan.

BARNA, G 2005. *The state of the church.* California: Ventura.

BARTH, K 1935. *De Apostolische Geloofsbelijdenis.* Lesings verwerk deur KH Miskotte. Nijkerk. G.F. Callenbach Uitgever.

BARTH, K 1947. *Die protestantische Theologie im 19. Jahrhundert.* Zürich.
Zollikon.

BARTH, K 1953. *Kirchliche Dogmatik IV/1.* Zürich: EVZ.

BARTH, K 1954. *Against the Stream.* London.

BAUCKHAM, R 2005. Jürgen Moltmann. Bydra in *The Modern Theologians.*
Oxford: Blackwell Publishing.

BAUMAN, Z 2000. *Liquid modernity.* Cambridge UK; Malden Massachusetts:
Polty Press.

BAVINCK, H 1911. *Gereformeerde Dogmatiek IV.* Kampen.

BAVNICK, JH 1955. *Inleiding tot de Zendingwetenschap.* Kampen: JH Kok NV.

BERKHOF, H 1955. *Geschiedenis der kerk.* Nijkerk: Callenbach.

BERKHOF, H 1985. *Christelike Geloof.* Nijkerk: Callenbach.

- BEUKES, J 2008.** *Voices carry: An archaeology of the Hervormd approach.* *HTS* 64/1, 73-109.
- BEZA, T 1574 (1956).** *De iure magistratum in subitos, et officio subitorum erga magistratus.* Vertaal deur HL Gonin in AH Murray (red), Cape Town - Pretoria: HAUM.
- BEYERS, C 1967.** *Die Kaapse Patriotte in die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hulle denkbeelde.* Pretoria: JL Van Schaik Bpk.
- BÖHREN, R 1980.** *Predigtlehre.* München: Chr. Kaiser Verlag.
- BOON, R 1976.** *Het Christendom op de tocht: Een onderzoek naar de opkomst van het West-Europese atheïsme.* Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok.
- BORG, MJ 2003.** *The heart of Christianity. Rediscovering a life of faith.* San Fransisco: Harper.
- BOSCH, DJ 1972.** *Gemeenteopbou in Afrika. Referate 4e Jaarkongres van die SA Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.
- BOSCH, DJ 1991.** *Transforming Mission.* New York: Orbis Books. 22nd Edition 2006.
- BOTHA, CJ 1991.** The beginning of the Protestant Reformation: Martin Luther and John Calvin. In *Perspectives on Church History*, GJ Pillay and JW Hofmeyr (Ed). Pretoria: HAUM.
- BOTHA, CR et al 2003.** *Enkele fisieke, gesondheid en psigo-emosionele welstandsprofiele van NG-predikante.* Ongepubliseerde navorsingsverslag van die Instituut vir Biokinetika, PU vir CHO.
- BOTHA, SJ 1973.** *Die Volkskerk.* Pretoria: HAUM.
- BOTHA, SJ 1981.** *Ds Marie Joseph Goddefroy 1848-1920 – sy lewe en betekenis.* HAUM. Pretoria.
- BOTHA, SJ (RED) 1989.** *Belydende Volkskerk.* Kital. Pretoria.
- BOTHA, SJ 1995.** Kerkbegrip en kerkorde. *HTS* 51/3, p. 753-770.
- BOTMA, MA 1996.** *’n Krities-realistiese ondersoek na die verskynsel pluraliteit-eenheid van die kerk.* Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- BREYTENBACH, APB 1995.** Nadenke oor kerkbegrip: Enkele perspektiewe op grond van die Deuteronomistiese geskiedenis. *HTS* 51/3, p. 702-711.

- BROUWER, R et al 2007.** *Levend lichaam. Dynamiek van christelijke geloofsgemeenskappen in Nederland.* Kampen: Uitgeverij Kok.
- BROWNING, DS 1996.** *A Fundamental Practical Theology.* Minneapolis: Fortress Press.
- BRUEGGEMANN, W 1989.** *Finally comes the poet: Daring speech for proclamation.* Minneapolis: Fortress.
- BRUEGGEMANN, W 1991.** Rethinking Church Models Through Scripture. *Theology Today* 48/2 (July 1991), p. 128-138.
- BRUNNER, E 1960.** *Die Christliche Lehre von der Kirche vom Glauben und von der Vollendung.* Zürich: Zwingli-Verlag.
- BUITENDAG, J 2006.** *Openingsrede, Nasionale Colloquium 27 April 2006.* Ongepubliseerd. Pretoria: Kerkargief.
- BUITENDAG, J 2008.** Ecclesia reformata semper reformanda – die ongemaklike eis. *HTS* 64/1, p. 122-138.
- BURGER, C 1991.** *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Kaapstad: Lux Verbi.
- BURGER, C 1999.** *Gemeentes in die kragveld van die Gees: Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die Kerk van Christus.* Stellenbosch: Buvton.
- BYBELGENOOTSKAP VAN SA 1983.** *Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling.* Wellington: NG Kerk Uitgewers.

C

- CALLAHAN, KL 1987.** *Twelve keys to an effective church.* San Francisco: Harper & Row.
- CALLAHAN, KL 2002.** *The future that has come. New possibilities for reaching and growing the grassroots.* San Francisco: Jossey-Bass.
- CALVYN, J 1559.** *Institutio christianae religionis.* Vertaling A Sizoo 1949. Delft: Naamloze Vennootschap WD Meinema.
- CHADWICK, H 1967** (16th Edition 1986). *The early church.* Harmondsworth: Pelican Books.

CHANEY, LC 1982. *Church planting at the end of the twentieth century.* Wheaton Illinois: Tyndale House Publishers Inc.

CONGAR, Y 1997. *I believe in the Holy Spirit.* New York: Crossroad Herder.

CONZELMANN, H & LINDEMANN, A 1980. *Arbeitsbuch zum Neuen Testament.* Tübingen: JCB Mohr. Vyfde Uitgawe.

COTTRET, B 2000. *Calvin. A Biography.* Grand Rapids: William B Eerdmans Publishing Company.

D

DE BEER, CS 2008. Die invensie van 'n toekoms: Taal, betekenisvolle inligting en toekomsinvensie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe 48(3)*, p. 147-158.

DE GROOT, K 2007. Onderzoek naar kerk in Nederland. Bydrae in Brouwer, R ea *Levend Lichaam. Dynamiek van christelike geloofsgemeenskappen in Nederland.* Kampen: Uitgeverij Kok. P. 27-45.

DE GROOT, K 2007. Fluïde vorme van Kerk-zijn. Bydrae in Brouwer, R ea *Levend Lichaam. Dynamiek van christelike geloofsgemeenskappen in Nederland.* Kampen: Uitgeverij Kok. P. 240-279.

DE JONG, PL 2002. De volkskerk voorbij? Gemeente – en kerkzijn vandaag. Bydrae in *Om de verstaanbaarheid. Over bijbel, geloof en kerk in een postmoderne samenleving.* Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

DEKKER, G 2003. Achter het organisatieprincipe skuil een kerkvisie. Bydrae in *Praktische Theologie 2003/2*, p. 166-175. Zwolle.

DE KRUIJF, GG 2003. The challenge of a public theology. In *Theology between church, university and society.* Assen: Koninklijke Van Gorcum BV.

DE ROEST, H 2007. Kerksluiting. Bydrae in Brouwer, R ea *Levend lichaam. Dynamiek van christelike geloofsgemeenskappen in Nederland.* Kampen: Uitgeverij Kok.

DE ROEST, H EN STOPPELS, S 2007. Levend Licchaam. Bydrae in Brouwer, R ea *Levend lichaam. Dynamiek van christelike geloofsgemeenskappen in Nederland.* Kampen: Uitgeverij Kok. P. 12-26.

- DEKKER, W & VISSER, PJ (RED) 2002.** *Om de verstaanbaarheid. Over bijbel, geloof en kerk in een postmoderne samenleving.* Zoetermeer: Boekencentrum.
- DENZINGER, H EN RAHNER, K 1957.** *Enchiridion Symbolorum Editionem 31.* Barcinone-Friburgi-Romae: Herder.
- DIJK, K 1952.** *De dienst der kerk.* Kampen: JH Kok NV.
- DINGEMANS, GDJ 1992.** Kerkorde as ecclesiologiese vormgewing. In Van Drimmelen, LC & Van't Spijker, W 1992. *Inleiding tot de studie van het kerkrecht.* Kampen: Kok. Tweede druk
- DINGEMANS, GDJ 2005.** *De stem van de roepende. Pneumateologie.* Kampen: Kok. Vierde Druk.
- DREYER, PS 1951.** *Die antropologie van Ludwig Feuerbach.* Ongepubliseerde D.Phil Verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- DREYER, PS 1957.** *Die Ned. Herv. Kerk en die sending.* Pretoria: Ring van Pretoria.
- DREYER, PS 1959.** *Die ontwerp van 'n sendingbeleid in die huidige situasie,* in Van Wyk DJC 1978:164-175. Oorspronklik verskyn in die HTS November 1959.
- DREYER, TFJ 1995.** Implikasies van die kommunikatiewe handelingsteorie vir ,n prakties-teologiese perspektief op die ekklesiologie. *HTS 51/3, 792-805.*
- DREYER, TFJ 1998.** Spiritualiteit, identiteit en die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk. *HTS 54(1&2), p. 289-314.*
- DREYER, TFJ 2003.** Statistieke vertel 'n storie – 'n Visie vir die Hervormde Kerk op pad na 2010. *HTS 59/4, p. 1045-1062.*
- DREYER, TFJ 2005.** "Kenotiese" prediking – die katalisator vir liturgiese verdieping in die huidige konteks. *HTS 61(93), p. 93 -108.*
- DREYER, TFJ 2006.** Die akkommodering en bestuur van diversiteit in gemeenteverband. *HTS 62(4), p. 1291-1309.*
- DREYER, WA 1995.** *Kerk, volk en owerheid – 'n Hervormde Perspektief.* Ongepubliseerde DD Proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- DREYER, WA 1999.** *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika - Die eerste 250 jaar 1652 tot 1902.* Pretoria: Kital.

DREYER, WA 2006. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as volkskerk – oorsig en herbesinning. *HTS 62/4*, p. 1337-1368.

DREYER, WA 2011. *Algemene Kerkgeskiedenis.* Ongepubliseerde klasaantekeninge.

DULLES, A 1974. *Models of the Church.* Garden City NY: Doubleday.

DURANT, W 1950. *The age of faith.* New York: Simon and Schuster.

E

EASUM, B 2001. *Unfreezing moves: Following Jesus into the Mission Field.* Nashville: Abingdon.

EXALTO, K 1990. De kerk bij Luther. Bydrae in *De Kerk. Wezen, weg en werk van die kerk naar reformatoriese opvatting.* Onder redaksie van Van't Spijker et al. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.

F

FAITH & ORDER, 1998. *The nature and purpose of the church.* Geneva: WCC.

FAITH & ORDER, 2005. *The nature and mission of the church.* Geneva: WCC.

FIRET, J 1968. *Praktiese teologie als theologiese futurologie.* Kampen: Kok.

FIRET, J 1987. *Spreken als een leerling.* Kampen: Kok.

FLANNERY, A 1980. *Vatican Council II. The Conciliar and Post Conciliar Documents.* Vertaling en redaksionele versorging van Vaticanum II se teks. Collegeville: Liturgical Press.

FORD, DF et al 2005 (3rd Edition 2007). *The modern theologians.* Oxford: Blackwell Publishing Ltd.

FRANK, GC 1991. The Eastern Christian tradition. Bydrae in Pillay, GJ & Hofmeyr, JW 1991. *Perspectives on Church History*, bl. 96-108. Pretoria: De Jager-HAUM Publishers.

FROST, M & HIRSCH, A 2003. *The shaping of things to come: Innovation and mission for the 21st-century Church.* Peabody MA: Hendrickson.

G

GADAMER, H-G 1977. Man and Language. Bydrae in *Philosophical Hermeneutics*, p. 255-265. Vertaal deur DE Linge. Berkeley: University of California Press.

GIBBS, E & BOLGER, RK 2005. *Emerging churches: Creating christian community in postmodern cultures*. Grand Rapids: Baker Academic.

GILMEE, H 2004. *Die Afrikaners*. Tafelberg. Kaapstad.

GOEDHARDT, GL 1984. *Gemeente Opbouw – Om dienende, vierende lerende en delende gemeente te worden*. Kampen: Uitgeversmaatscappij JH Kok.

GREIG, P 2007. *God on mute*. Eastbourne England: Survivor / Kingsway Communications Ltd.

GUDER, DL 2000. *The continuing conversion of the church*. The Gospel and our culture series. Grand Rapids: Wm B Eerdmans Publishing Co.

H

HAITJEMA, THL 1957. Calvin en de Calvinisme, in Waterink, J (ed) *Cultuurgeschiedenis van het Christendom, 1132-1175*. Amsterdam / Brussel: Elsevier.

HALL, DJ 1995. *The end of Christendom and the future of Christianity*. Harrisburg: Trinity Press.

HALSTEAD, KA 1998. *From stuck to unstuck: Overcoming congregational impasse*. Washington DC: The Alban Institute.

HEERING, GJ 1928. *De zondeval van het christendom*. Utrecht.

HEGEL, GWF 1928. *Vorlesungen über die Philosophie der Religion, 1 Band Sämtliche Werke (Jubiläum Ausgabe)*. Stuttgart.

HEITINK, G 1993 [2000]. *Praktische Theologie: Geschiedenis – Theorie – Handelingsvelden*. Kampen: Uitgeverij Kok (2^e Druk 2000).

HEITINK, G 2005. De toekomst van die kleine gemeente in *De Ouderlingsblad* 83 (954) 22-25.

HEITINK, G 2007. *Een kerk met karakter - Tijd voor heroriëntatie.* Kampen: Uitgeverij Kok.

HEIFETZ, RA 1994. *Leadership without easy answers.* Cambridge Massachusetts: Harvard University Press.

HENDRIKS, J 1990. *Een vitale en aantreklike gemeente. Benadering en methode van gemeenteopbouw.* Kampen: Kok.

HENDRIKS, J 1999. *De gemeente als herberg. De kerk van 2000 – een concrete utopie.* Kampen: Kok.

HERBST, M 2005. Minderheit mit Zukunft – Kirche zwischen Resignation und Aufbruch. *KuD* 51(1), 2-26.

HERBST, M 2008. *Wachsende Kirche: Wie Gemeinde den Weg zu postmodernen Menschen finden kann.* Giessen: Brunnen Verlag.

HIRSCH, A 2006. *The forgotten ways. Reactivating the missional church.* Grand Rapids: Brazos.

HERVORMDE KERK IN SA 2006. *Agenda of the 10th General Church Assembly.* Argiefbewaarpark. Pretoria.

HOEKENDIJK, JC 1964. *De Kerk binnenste buiten.* Amsterdam: W Ten Have N.V.

HOOKER, P 2008. *Missional Ecclesiology.* Te vind by:

<http://www.negapby.org/missionalecc.pdf>

Ander internet bronne:

<http://warc.ch/where/21gc/safrica/01.html>

<http://www.barna.org>

<http://www.easumbandy.com>

<http://www.jesus.org.uk>

<http://www.kerkrecht.nl/main.asp?pagetype=Literatuur&item=118&subitem>

<http://www.negapby.org/missionalecc.pdf>

<http://www.rapport.co.za>

http://www.religioustolerance.org/rel_rate.htm

HYBELS, B 2002. *Courageous leadership.* Grand Rapids: Zondervan.

J

JAWORSKI, J 1998. *Synchronicity: The inner path of leadership.* San Francisco: Berrett-Koehler Publishers.

K

KÄRKKÄINEN, VM 2003. *An introduction to ecclesiology. Ecumenical, historical and global perspectives.* Downers Grove: InterVarsity Press.

KEIFERT, PR 1992. *Welcoming the stranger. A public theology of worship and evangelism.* Minneapolis: Fortress Press.

KIMBERLEY, JR & MILES RH 1980. *The organizational life cycle. Issues in the creation, transformation and decline of organizations.* San Francisco.

KOEKEMOER, JH 1995. Die kerk as gebeure. *HTS 51/3*, p. 595-603.

KOFFEMAN, LJ 2009. *Het goed recht van de kerk. Een theologische inleiding op het kerkrecht.* Kampen: Uitgeverij Kok.

KOOIMAN, WJ 1957. Luther, in Waterink, J (ed) *Cultuurgeschiedenis van het Christendom*, p. 1104 - 1131. Amsterdam/Brussel: Elsevier.

KRAEMER, H 1947. *The Christian Message in a Non-Christian World.* Edinburgh House Press. London.

KRAEMER, H 1958. *From mission field to independent church.* The Hague: Boekencentrum.

KRAEMER, H 1960. *Het vergeten ambt in de kerk.* Boekencentrum N.V. 'S-Gravenhage.

KUITERT, HM 2000. *Over religie. Aan die liefhebbers onder sy beoefenaars.* Baarn.

KÜNG, H 1976. *The Church*. London: Search Press. In die proefskrif is die 1976 uitgawe (sesde druk) soos vertaal deur Ray en Rosaleen Ockenden benut.

KÜNG, H 1984. *Was meint Paradigmenwechsel?* In Küng en Tracey, *Theologie – Wohin? Auf dem weg zu einem neuen Paradigma*. Zürich-Keulen. Benziger Verlag.

KUYPER, A 1870. *Geworteld en gegrond. De kerk als organisme en instituut*. Amsterdam.

KUYPER, A 1910. *Dictaten Dogmatiek IV*. Kampen: JH Kok.

L

LABUSCHAGNE, FJ 2009. *Kerkleierskap as bemiddeling van 'n onmoontlike werklikheid. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die rol van leierskap in die transformasie van gemeentes*. Ph.D. Proefskrif. Universiteit van Pretoria.

LAMONT, WM 1969. *Godly rule. Politics and religion 1603-1660*. London: McMillan and Co.

LATOURETTE, KS 1964. *A History of Christianity*. London: Eyre and Spottiswoode Ltd.

LE ROUX, A EN LUDIK, M 2003. *Organisasie analise van die Nederduitsch Hervormde Kerk*. Pretoria: NICDAM.

LEWIN, R & REGINE, B 1999. *The soul at work: Unleashing the power of complexity science for business success*. London: Texere.

M

MANN, A 1998. *The in-between church: Navigating size transitions in congregations*. New York: Alban Institute.

MARAIS, F 2008. *Hoe verskil Gestuurde Teologie van bewegings soos die Church Growth Movement?* Epos korrespondensie aangehaal in Ungerer 2010, p. 118-121 (sien verwysing hieronder).

MARSAK, LM 1969. *French Philosophers. From Descartes to Sartre.* New York and Cleveland: Meridian Books, World Publishing Company.

MCGAVRAN, DA 1955. *Bridges of God.* London: World Dominion.

MCGAVRAN, DA & WAGNER, CP 1991. *Understanding church growth.* Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co. Third edition 1990, reprint 1991.

MCGRATH, AE 2001 (3rd Edition 2005). *Christian theology. An introduction.* Oxford: Blackwell Publishing Ltd.

MCNEAL, R 2003. *The present future: Six tough questions for the church.* San Francisco: Jossey-Bass.

MEAD, LB 1991. *The once and future church. Reinventing the congregation for a new mission frontier.* New York: The Alban Institute.

MEAD, LB 1994. Transforming congregations of the future. Bydrae in *The Once and the Future Series.* Washington DC: Alban Institute.

MILLER, CJ 1986. *Outgrowing the ingrown church.* Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

MINATREA, M 2004. *Shaped by God's heart: The passion and practices of missional churches.* San Francisco: Jossey-Bass.

MINNEAR, PS 1960. *Images of the church in the New Testament.* Philadelphia: Westminster.

MISKOTTE, KH 1935. Aantekeningen, in Barth, K *De Apostolische Geloofsbelijdenis* bl. 214-369. Nijkerk: G.F. Callenbach Uitgever.

MITSCHERLICH, A 1963. *Auf dem Weg zur vaterlosen Gesellschaft.* Munchen.

MORGENTHALER, S 1995. *Worship Evangelism: Inviting unbelievers into the presence of God.* Grand Rapids: Zondervan.

MURRAY, AH 1962. *The political philosophy of JA De Mist.* HAUM. Pretoria-Kaapstad.

N

NEDERLANDS HERVORMDE KERK 1951. *Kerkorde.*

<http://www.kerkrecht.nl/main.asp?pagetype=Literatuur&item=118&subitem>

- NEL, M 1987.** *Teologiese perspektiewe op gemeentebou.* Pretoria: NGK Boekhandel.
- NEL, M 1994.** *Gemeentebou.* Johannesburg: Orion Uitgewers.
- NEWBIGIN L 1953.** *The household of God: Lectures on the nature of the Church.* London: SCM Press.
- NEWBIGIN, L 1989.** *The gospel in a pluralist society.* Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.
- NHKA 1857.** Algemene Kerkvergadering. *Notulen.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1862.** Kommissie van die AKV. *Notulen.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1870.** *Algemeen Kerkelijk Reglement.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1888.** Algemene Kerkvergadering. *Broederlijk Schrijve.* Byvoegsel tot die Handeling van die AKV. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1928.** Algemene Kerkvergadering. *Notulen.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1945** Algemene Kerkvergadering. *Notules.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1951.** *Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria: NHKA Kerkargief
- NHKA 1961.** *Notule van die Algemene Kerkvergadering.* Pretoria: NHKA Kerkargief
- NHKA 1973.** Algemene Kerkvergadering. *Herderlike Skrywe van die AKV van die NHKA aan lidmate van die Kerk oor sy opvatting met betrekking tot volkere verhoudings in die RSA.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1976.** *Notule van die Algemene Kerkvergadering. 18-25 Mei, bl 219-220.* Pretoria: NHKA Kerkargief
- NHKA 1977.** Kommissie van die AKV. *Getuienis.* Die Hervormer se Nuusbrief, Januarie 1977. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1979.** Kommissie van die AKV. *Handeling 1979 (April tot Junie).* Pretoria: NHKA Kerkargief .
- NHKA 1982.** Kommissie van die AKV. *Korrespondensie aan WARC 06/10/1982.* Handeling van die Kommissie van die AKV Okt-Des 1982 Volume 111, Bylae P. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1985.** Kommissie van die AKV. *Kerk en wêreld 2000.* Pretoria: Kital.

- NHKA 1987.** *Diensboek.* Pretoria: Kital.
- NHKA 1990.** Kommissie van die AKV. *Kerk en politiek.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1996.** *Ondersoek na die krisis in pastorieë.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 1997.** *Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2001.** Algemene Kerkvergadering. *Besluitbundel van die 66e AKV.* Pretoria: NHKA Kerkargief
- NHKA 2002.** Kommissie van die AKV. *Basispakket vir Gemeentelike Bediening.* Ongepubliseerde toerustingsmateriaal vir gebruik in die NHKA. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2004.** *Besluitbundel van die 67e Algemene Kerkvergadering.* Pretoria: NHKA Kerkargief
- NHKA 2005.** Kommissie van die AKV. Notule van 'n buitengewone vergadering 19 Mei 2005. Bl. 15-18. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2006a.** Kommissie van die AKV. *Notule Maart 2006.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2006b.** Kommissie van die AKV. *Korrespondensie aan kerkrade 7 September 2006.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2006c.** Kommissie van die AKV. *Identiteit en relevansie van die kerk in die 21e eeu.* Memorandum opgestel deur die Kommissie vir bespreking tydens die Nasionale Colloquium, 2006. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2007.** *Besluitbundel van die 68e Algemene Kerkvergaderingbundel.* Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2009.** *Agenda van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.* 5 Junie 2009. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2009b.** *Notule van die Komitee: Ekklesiologiese kontoere met die oog op die herskrywing van die Kerkorde.* 6 Mei 2009. Pretoria: NHKA Kerkargief.
- NHKA 2010.** *Agenda van die 69e Algemene Kerkvergadering.* Pretoria: NHKA Kerkargief.

NHKA 2010b. *Kerkorde van die NHKA.* Hersiene en geammendeerde Kerkorde soos goedgekeur deur die 69e Algemene Kerkvergadering. Pretoria: NHKA Argief.

NHKA 2011. *Almanak van die NHKA.* Pretoria: SENTIK.

NHKA sa. *Basiskursus in Bedieningspraktyk.* Ongepubliseerd.

NIEMANDT, N 2007. *Nuwe drome in nuwe werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld.* Wellington: Lux Verbi BM.

O

OBERHOLZER, JP 1960. Die apostolaat van die kerk in hierdie tyd ten opsigte van die binne- en buiteland. *HTS 16/3, 239-243.*

OBERHOLZER, JP 1995. Die kerk. *HTS 51/3, p. 851-857.*

OBERHOLZER, JP 1999. *Terug op die pad.* Bydrae in *20ste Eeu Hervormde Teologie*, red, DJC van Wyk. Bl. 449-462. SENTIK. Pretoria.

ORWELL, G 1949. *1984.* London: Penguin Books.

P

PATIJN, CL 1954. *Evanston over Maatschappelijke Vraagstukken.* Bydrae in Berkhof, H e.a. 1954. Bl. 568-579.

PELSER, GMM 1995. Die kerk in die Nuwe Testament. *HTS 51/3, p. 645-676.*

PIETERSE, HJC 1990. Prakties-teologiese basisteorie van die gemeente. Bydrae in Heyns, LM & Pieterse HJC 1990:61-65. *Eerste treë in die Praktiese Teologie.* Pretoria: Gnosis.

PIETERSE, HJC 1990. Praktiese Teologie is 'n kommunikatiewe teologiese handelingswetenskap. Bydrae in Heyns, LM & Pieterse HJC 1990:49-60. *Eerste treë in die Praktiese Teologie.* Pretoria: Gnosis.

PIETERSE, HJC 1991. *Gemeente en prediking.* Pretoria: NGKB.

PIETERSE, HJC 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.*

Pretoria: RGN.

PILLAY, GJ 1991. Christianity and Enlightenment. Bydrae in Botha, CJ ea *Perspective on Church History.* Pretoria: HAUM.

PONT, AD 1969. Kerk en volk. *HTS 25/3*, p. 202-218.

PONT, AD 1981. *Historiese agtergronde van ons kerklike reg, Deel 1.* Pretoria: HAUM.

PONT, AD 1986. Verbond en Volkskerk. *HTS 42/1*, p.28-76.

PONT, AD 1991. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg, Deel 2.* Pretoria: Kital.

PONT, AD 1991. Die verhouding 'kerk en volk' in die jare 1835-1900 in die Oorvaalse: 'n Terreinverkenning. *HTS 47/3*, 783-799.

PONT, AD 1995. Die reformatoriese kerkbegrip: Enkele groot lyne op grond van Calvyn se uiteensetting. *HTS 51/3*, p. 771-791.

PONT, AD et al 1995. *'n Eietydse getuienis op Hervormingsdag.* Ongepubliseerd.

R

RASCHKE, C 2004. *The next Reformation. Why evangelicals must embrace Postmodernity.* Grand Rapids: Baker Academic.

RENDLE, GR 1998. *Leading change in the Congregation.* Washington DC: The Alban Institute.

ROOMS KATOLIEKE KERK 1870. *Concilium Vaticanum, Sessio IV.* Const. Dogm. I De Ecclesia Christi, Mirbt 606.

RUNIA, K 1990. De ecclesiologie van de Wereldraad. Bydrae in *De Kerk. Wezen, weg en werk van die kerk naar reformatorisch opvatting.* Onder redaksie van Van't Spijker et al. Kampen: uitgeverij De Groot Goudriaan. P. 246-256.

S

- SAARINEN, MF 1986.** *The life cycle of a congregation.* New York: The Alban Institute.
- SALTER, D 1990.** *What really matters in ministry.* Grand Rapids: Baker Book House.
- SCHILLEBEECKX, E 1974.** *Jezus: Het verhaal van een levende.* Tweede vermeerderde uitgawe. Bloemendaal: H Nielsen.
- SEED EDUCATIONAL TRUST 2008.** *Facilitative Leadership Training Course. Participants Manual.* Ongepubliseerde opleidingsmateriaal.
- SMIT, G 2007.** Ekklesiologie deur 'n Antiogeense lens. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika, vol 22(1)* p. 135-149.
- SMIT, PJ et al 2007.** *Management Principles.* Cape Town: Juta & Co.
- STARK, R 1997.** *The rise of christianity.* San Francisco: Harper Collins Publishers.
- STARK, R 2007.** *Discovering God. The origins of great religions and the evolution of belief.* New York: Harper Collins Publishers.
- STEENKAMP, JJ 1987.** *Die Wêreldraad van Kerk se bemoëienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika.* Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- STEENKAMP, LJS 1995.** Die kerk onderweg na die 21e eeu: 'n Kritiese besinning oor kerkwees in 'n veranderende konteks in Suid-Afrika. *HTS 51/3,* 604-622.
- STOPPELS, S et al 2007.** Rivatilisering, in Brouwer, R 2007 *Levend lichaam – Dynamiek van Christelike geloofsgemeenskappe in Nederland.* Kampen: Uitgeverij Kok.
- STORM, JMG 1989.** Die Konvense van Sandrivier as afsluiting van die Groot Trek. *HTS 45/3,* 680-695.
- SWEET, L 1999.** *Soulsunami. Sink or swim in new millenium culture.* Grand Rapids: Zondervan.
- SWEET, L 2001.** *Carpe Manana. Is your church ready to seize tomorrow?* Grand Rapids Michigan: Zondervan.

T

TE VELDE, M 1992. *Gemeenteopbouw 1*. Barneveld: De Vuurbaak.

TRIMP, C 1990. De kerk bij A. Kuypers en K. Schilder. Bydrae in *De Kerk. Wezen, weg en werk van die kerk naar reformatories opvatting*. Onder redaksie van Van't Spijker et al. Kampen: uitgeverij De Groot Goudriaan.

U

UNGERER, AG 2010. *Die verband tussen gemeentebouprosesse en missionale gemeente ontwikkeling: 'n Prakties-teologiese studie*. Ongepubliseerde PhD proefskrif. Universiteit van Pretoria.

V

VAN AARDE, AG 1986. Die Wirkungsgeschichte van Matteus 28:16-20 in die volkskerklike apostolaat. *HTS 42/1*. Bl. 77-93.

VAN AARDE, AG 1995. Die historiese Jesus en die kerk. *HTS 51/3*, p. 623-644.

VAN DER KOLM, GJ 2001. *De verbeelding van die Kerk*. Zoetermeer. Uitgeverij Boekencentrum.

VAN DER POL, WH 1969. *Het einde van het conventionele christendom*. Roermond: JJ Romen en Zonen Uitgeverij. 8^e Uitgawe.

VAN DER VEN, JA 1993. *Ecclesiology in context*. Kampen: Kok.

VAN DORSEN, sa. *Laat zien wat je bezielt. Missionair werk: Waarom, wat en hoe*. Utrecht: Protestantse Kerk in Nederland.

VAN ECK, E 1995. JHJA Greyvensteyn en AS Geyser se teologiese denke oor die volkskerkgedagte. *HTS 51/3*, 825-850.

VAN ENGEN, C [1991] 2001. Missional goals in the local church. Bydrae in *God's Missionary People: Rethinking the Purpose of the Local Church*, 133-145.

- VAN ENGEN, C [1991] 2001.** Missionary members in the local church. Bydrae in *God's Missionary People: Rethinking the Purpose of the Local Church*, 149-160.
- VAN HUUYSTEEN, W 1987.** *Teologie as kritiese geloofsverantwoording*. Pretoria: RGN.
- VAN RULER, AA 1945.** *Religie en politiek*. Nijkerk. G.F. Callencach N.V.
- VAN RULER, AA 1952.** *Bijzonder en algemeen ambt*. Nijkerk: GF Callenbach NV.
- VAN RULER, AA 1958.** *Heeft het nog zin, van "volkskerk" te spreken?* H. Veenman & Zonen. Wageningen.
- VAN SELMS, A 1952.** *Lig uit Lig*. Kaapstad – Pretoria: HAUM / JH De Bussy.
- VAN STADEN, JM 2007.** *Huisbesoek binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 'n Spanning tussen teorie en praktyk*. Ongepubliseerde MTh verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- VAN SWIGCHEM, D 1955.** *Het missionair karakter van die christelike gemeente volgens de brieven van Paulus en Petrus*. Kampen: JH Kok NV.
- VAN'T SPIJKER, W ET AL 1990.** *De Kerk. Wezen, weg en werk van die kerk naar reformatorisch opvatting*. Onder redaksie van Van't Spijker, Balke, Exalto en Driel. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- VAN'T SPIJKER, W 1990.** Uitzicht. Bydrae in *De Kerk. Wezen, weg en werk van die kerk naar reformatorisch opvatting*. Onder redaksie van Van't Spijker et al. Kampen: Uitgeverij De Groot Goudriaan.
- VAN VUUREN, M & JANSEN, J 2009.** Nuusberigte oor Angus Buchan. *Rapport* 26 April 2009 bl. 1, 8 en 10.
- VAN WYK, BJ 1991.** *Die presbiteriaal-sinadale kerkbegrip*. Pretoria: Kital.
- VAN WYK, DJC 1978.** *Stemme uit die verlede – Volkereverhoudings in Suid-Afrika*. HAUM. Pretoria.
- VAN WYK, DJC 1991.** Huisbesoek onvervangbaar. Redaksioneel in *Die Hervormer*, 1 April 1991.
- VELEMA, WH 1962.** *Confrontatie met Van Ruler. Denken vanuit het einde*. Kampen: JH Kok NV.

VELTHUYSEN, GC 1988. Die wese van die kerk: 'n Teologiese antwoord op 'n filosofiese vraag. *HTS 44/2*, 489-513.

VERMES, G 1993. *The religion of Jesus*. Minneapolis: Fortress

VIOLA, F & BARNA, G 2008. *Pagan Christianity? Exploring the roots of our church practises*. Tyndale House Publishers Inc.

VOLF, M 1998. *After our likeness: The Church as an image of the Trinity*. Grand Rapids: Eerdmans.

W

WAGNER, P [1976] 1983. To grow or not to grow - are your priorities in order? Bydrae in *Your Church can grow: Seven Vital Signs of a Healthy Church*, 22-33. Ventura: Regal Books.

WAGNER, P [1976] 1983. God wants your church to grow. Bydrae in *Your Church can grow: Seven Vital Signs of a Healthy Church*, 147-171. Ventura: Regal Books.

WARD, P 2002. *Liquid Church*. Carlisle: Paternoster Press.

WARREN, R 1995. *Purpose driven church. Growth without compromising your message and mission*. Grand Rapids: Zondervan.

WEBER, O 1955. *Grundlagen der Dogmatik II*. Neukirchen.

WETHMAR, CJ 1997. Ecclesiology and theological education. A South African reformed perspective. Bydrae in *Skrif en Kerk 18/2*, 415-430.

WHEATLY, MJ 1999. *Leadership and the new science: Discovering order in a chaotic world*. San Francisco: Berrett-Koehler.

WORLD ALLIANCE OF REFORMED CHURCHES 1982. *Resolution on Racism and South Africa. Statement adopted by the General Council*. August 25, 1982.

WARC Argief elektronies beskikbaar by

<http://warc.ch/where/21gc/safrica/01.html>

asook Handeling van die Kommissie van die AKV Oktober tot Desember 1982

Volume 111. Kerkargief. Pretoria. Vgl ook Korrespondensie met Kommissie van die AKV 2005 en 2006.